# ISRAEL

**Prof. Johan Malan**

*Die Here sal Jerusalem bevestig en maak*
*tot 'n lof op aarde! (Jes. 62:6-7)*

*Israel*, deur prof. Johan Malan. Eerste uitgawe, 1991, onder die titel *Israel in die Eindtyd*. Tweede hersiene uitgawe, 2003. Derde hersiene en uitgebreide uitgawe, 2008. Uitgegee deur Basuin Publikasies, Posbus 49, Heiderand 6511.

Skrifaanhalings kom uit die 1933 vertaling van die Afrikaanse Bybel, soos in 1953 hersien.

Vertaalde aanhalings is oorgeneem uit die boek, *The Holocaust – Where was God? An Inquiry into the Biblical Roots of Tragedy,* deur Art Katz, gepubliseer in 1998. Die aanhalings is gebruik met die toestemming van Art Katz Ministries (www.artkatzministries.org).

Sketse deur Guillaume Theron.

Geen kopiereg word op dié publikasie voorbehou nie op voorwaarde dat diegene wat dit herdruk of van die inhoud daarvan gebruik maak, erkenning aan die outeur verleen en geen veranderings aan die teks aanbring nie.

Leesstof oor hierdie en verskeie ander aktuele Christelike onderwerpe kan gratis op **Die Basuin** se webblad op die internet gelees en gekopieer word. Die adres is **www.bibleguidance.co.za** Verskeie boeke en artikels in Afrikaans, Engels, Portugees, Russies, Estnies, Fins en Swahili word hier aangebied.

**ISBN 0-620-15848-4**

# Inhoud

VOORWOORD ........................................................ 4

1. Roeping, Verstrooiing en Herstel ............................ 5

2. Bakens op die Pad Terug ....................................... 29

3. Die Gelowige Oorblyfsel ........................................ 39

4. Die Messias ............................................................ 60

5. Die Valse Messias .................................................. 86

6. Islam se Stryd teen Israel ........................................ 96

7. Tyd van Benoudheid vir Jakob ............................... 104

8. Geestelike Betekenis van Jerusalem ...................... 118

9. Jerusalem die Rotsstad ........................................... 128

10. Israel se Feeste .................................................... 136

11. Herbouing van die Tempel .................................... 156

12. Ons Verhouding teenoor Israel .............................. 165

# Voorwoord

Een van die belangrikste profesieë oor die eindtyd het die afgelope aantal dekades voor ons oë in vervulling gegaan, naamlik die herstel van die volk Israel in die land wat die Here met 'n eed aan hulle vaders beloof het. Hierdeur word die betroubaarheid en letterlike vervulling van God se beloftes aan Israel bo enige twyfel bewys, en daarmee saam die absolute geloofwaardigheid van die hele Bybel as God se geïnspireerde Woord. Terselfdertyd is die herstel van Israel, en meer spesifiek die herstel van Jerusalem as hulle hoofstad, vir ons 'n teken dat die kerkdispensasie na sy einde spoed omdat ons in die laaste geslag voor die wederkoms van Jesus Christus leef.

Dit is baie belangrik om die regte Bybelse begrip van Israel as God se volk te hê sodat die Here ons kan seën omdat ons Israel seën, hulle Bybelse aanspraak op die land Israel en die stad Jerusalem erken en hulle in hul stryd om oorlewing bystaan. Aan die ander kant bring nasies en individue 'n vloek oor hulleself as hulle Israel vervloek, verwens, vervolg en probeer om hulle uit hulle grondgebied te verdryf (Gen. 12:3). Die gees van Jodehaat is die gees van die Antichris, en sal in die komende verdrukking ingespan word om alle nasies teen Israel aan te hits en hulle te probeer verdelg (Sag. 12:2-3).

'n Studie van Israel is ook vir elke Christen uit die oogpunt van geestelike toewyding en opregtheid in ons verhouding met die Here belangrik. Israel se ervarings is 'n spieël waarin ons onsself kan sien, omdat dieselfde bitter gevolge op ons wag as ons nie die Here van harte dien nie. In hierdie opsig is hulle vir ons 'n tipe, of voorbeeld, waaruit ons verskeie godsdienstige lesse kan leer (1 Kor. 10:1-12). Ons kan dit alleen doen as ons goed met die belangrikste aspekte van Israel se geskiedenis en geestelike ervarings vertroud is.

Een van die simbole van die volk Israel is die vyeboom (Hos. 9:10). Die Here Jesus sê in sy profetiese rede vir sy dissipels dat die vyeboom as 'n teken aan hulle gegee word (Luk. 21:29-31). Wanneer die vyeboom bot, dan weet ons dat die somer van God se koninkryk naby is. Die vyeboom het reeds met Israel se herstel in 1948 begin bot, maar dit sal eers in die somer vrugte dra wanneer hierdie volk geestelik ontwaak het. Israel sal in sy volheid – wanneer die volk met die Messias versoen is en ook geestelik herleef het – 'n groot seën vir die hele wêreld wees (Rom. 11:12). God se oordele is egter oor Israel se vyande uitgespreek (Sag. 14:12-13; Joël 3:1-2).

Seën hierdie volk deur hulle aan die Messias, Jesus, voor te stel en hulle ook in ander opsigte by te staan (Jes. 40:1-2).

# 1. Roeping, Verstrooiing en Herstel

Daar is drie uitstaande reekse gebeurtenisse in Israel se vierduisend jaar lange bestaan waaraan baie aandag in die Bybel geskenk word, naamlik hulle vestiging in die Beloofde Land, hulle internasionale verstrooiing weens ongeloof, en hulle eindtydse herstel met die oog op die loutering en geestelike lewendmaking van ‘n oorblyfsel in Israel. Elkeen van hierdie belangrike gebeurtenisse vind binne die raamwerk van ‘n geslag plaas en verteenwoordig ingrypende veranderings in hulle volksbestaan. ‘n Groot deel van die Bybel handel oor Israel omdat hulle in ‘n baie besondere sin die volk van God is. Hy het hulle geroep en vir sy diens afgesonder, hulle weens hul voortgesette ongehoorsaamheid onder die nasies verstrooi, en dit is dieselfde, onveranderlike verbondsgod van Abraham, Isak en Jakob wat die volk in die eindtyd weer in die land van hulle vaders herstel.

## Roeping en volksplanting

Die roeping van Israel het by Abraham begin, wat die stamvader van hierdie volk is. Die Here het aan hom en sy nageslag die volgende, onvoorwaardelike belofte gemaak:

> Slaan tog jou oë op en kyk van die plek waar jy staan, na die noorde en suide, na die ooste en weste; want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid (Gen. 13:14-15).

Die Here het hierdie belofte aan Isak herbevestig: “…aan jou en jou nageslag sal Ek hierdie land gee: Ek sal die eed bevestig wat Ek vir jou vader Abraham gesweer het” (Gen. 26:3). Dieselfde boodskap is aan Jakob gerig: “Ek is die HERE, die God van jou vader Abraham en die God van Isak. Die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou nageslag gee” (Gen. 28:13). Dit sou egter ‘n baie lang tyd duur voordat hulle nageslag die land in besit neem, en dit het die Here ook aan Abraham gesê: “Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in ‘n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word 400 jaar lank. Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed” (Gen. 15:13-14).

Tydens hulle lang verblyf in Egipte het Israel van God vervreem geraak en uiteindelik die slawe van ‘n heidense nasie geword. In hulle ellendige toestand het hulle weer die Here onthou en dag en

nag tot Hom geroep. ‘n Kragtige ingryping deur die Here het gevolg en dit het tot die groot epog van Israel se uittog uit Egipte en hulle volksplanting in die Beloofde Land gelei.

Hierdie verlossingsdaad is simbolies deur die slag van ‘n lam uitgebeeld. Daar was redding en bevryding vir die gesinne wat hulle deurposte met die bloed van die lam bestryk en daaronder geskuil het. Israel moes hierdeur die les leer dat hulle nie uit eie krag die beloftes van God kon beërf nie. Die offerlam was ‘n heenwysing na die Messias wat die ware Lam van God is, wat deur sy offer die volk van hulle geestelike slawerny sou bevry om die koninkryk van God te kon beërf (1 Pet. 1:18-19).

*Woestynlewe*

Tussen Israel se verlossing uit Egipte en hulle vestiging in die land van belofte het ‘n 40 jaar lange trek deur die woestyn gevolg. In hierdie tyd het die Here die geestelik erg vervalle volk van voor af geleer om in die geloof te lewe. Hulle was nie gereed om dadelik hul erfenis in besit te neem nie, omdat die beginsels van die ou, sondige lewe nog diep in hulle harte gevestig was. In tye van skaarste het hulle nie na die Here opgesien en hulle vertroue in Hom gestel nie, maar baie gemurmureer en na die vleispotte van Egipte terugverlang. Selfs afgodediens was nog so wesenlik deel van hulle dat hulle spoedig die groot verlossingswerk van die Here vergeet en voor ‘n goue kalf neergebuig het. Dit het daartoe gelei dat die Here hulle 40 jaar lank in die woestyn laat rondswerf het totdat almal wat ouer as 20 jaar was toe hulle Egipte verlaat het, gesterf het. Daar was slegs twee uitsonderings, naamlik Josua en Kaleb wat nie teen die Here opstandig was nie. In Numeri 32:13 word gesê: “En die toorn van die HERE het teen Israel ontvlam, en Hy het hulle 40 jaar lank in die woestyn laat rondswerwe totdat die hele geslag verteer was wat kwaad gedoen het in die oë van die HERE.”

Gedurende hierdie swerftogte het die Here hulle deur Moses onderrig om hulle roeping as ‘n heilige, afgesonderde volk van God te kon begryp en aanvaar. Hulle verhouding met die Here sou bepaal hoedanig hulle verblyf in die Beloofde Land sou wees. As hulle die Here dien, sou dit in alle opsigte met hulle goed gaan. Indien hulle egter afvallig raak en heidense godsdienste aanhang, sou allerlei ellendes hulle tref. Die opsie tussen seën en vloek is dikwels aan Israel voorgehou, sodat hulle die nodige erns en volharding in hulle verhouding met die Here kon handhaaf. Indien hulle besluit het om nogtans van hierdie pad af te wyk, moes hulle gewaarsku wees dat ernstige probleme daarop sou volg. In ‘n toestand van moedswillige en langdurige verval sou die Here weens Israel se eie toedoen nie meer hulle helper wees nie, maar hulle teëstander.

Intensiewe onderrig is in die woestyn aan Israel gegee omdat dit hulle toekoms in die Beloofde Land ten nouste sou raak. In Deuteronómium 28:1-14 word verskeie geestelike en materiële seëninge aan die volk voorgehou indien hulle nie van die Here se weë sou afwyk nie. Die Here sou van hulle die leidende volk in die wêreld maak (hulle sou die kop en nie die stert wees nie) as hulle aan Hom getrou bly en geen kompromie met die heidense volke maak nie.

In Deuteronómium 28:15-68 word daar egter 'n skrikwekkende lys van vloeke aan die volk voorgehou wat hulle sou tref as hulle van die Here afvallig raak en agter ander gode aanloop. Hongersnood, pessiektes en natuurrampe sou hulle teister. Hulle beskutting sou van hulle wyk en hulle sou in die hande van bloeddorstige vyande oorgegee word. Die aasvoëls en roofdiere sou hulle gesneuweldes op die slagveld vreet terwyl die oorlewendes in angs van hulle vyande af wegvlug. Hierby word nog die volgende waarskuwing gevoeg: "Die HERE sal teen jou 'n nasie bring van ver… 'n nasie hard van aangesig, wat 'n grysaard nie ontsien en vir 'n seun geen genade het nie. En hulle sal die vrug van jou vee en die vrugte van jou land opeet totdat jy verdelg is… En hulle sal jou in benoudheid bring in al jou poorte totdat jou hoë en versterkte mure val waarop jy in jou hele land vertrou het… En jy sal die vrug van jou liggaam eet, die vlees van jou seuns en jou dogters wat die Here jou God jou gegee het, in die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyande jou benoud sal maak" (Deut. 28:49-53).

Israel sou uiteindelik as ballinge na al die nasies weggevoer word: "En die HERE sal jou verstrooi onder die volke, van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde… en onder dié nasies sal jy geen rus hê nie, en vir jou voetsool sal daar geen rusplek wees nie; maar die HERE sal jou daar 'n bewende hart gee en smagtende oë en 'n kwynende siel" (Deut. 28:64-65). Tydens hulle ballingskap onder die nasies sou voortgesette benoudheid hulle deel wees. Groot verval sou ook in hulle land plaasvind, en hulle vyande sou daar gaan woon. God sê: "Ja, Ek self sal die land verwoes, sodat julle vyande wat daarin gaan woon, daaroor verstom sal staan. En Ek sal julle onder die volke verstrooi en 'n swaard agter julle uittrek; en julle land sal 'n wildernis en julle stede puinhope word" (Lev. 26:32-33).

Hoe omvangryk en absoluut hierdie strawwe ook al mag klink, het die Here nooit daardeur die onvoorwaardelike beloftes wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob gemaak het, in die gedrang gebring nie. Hy sou dus deur die eeue heen 'n oorblyfsel van Israel in stand hou om die beloftes wat Hy aan hulle vaders gemaak het, te beërf. Hierdie versekering het Hy baie duidelik aan hulle gegee, en dit loop soos 'n goue draad deur hulle geskiedenis, ook in die donkerste tye daarvan:

> Maar ook dan, as hulle in die land van hul vyande is, verwerp Ek hulle nie en het Ek van hulle geen afsku, sodat Ek 'n einde aan hulle sou maak en my verbond met hulle sou verbreek nie; want Ek is die HERE hulle God. Maar Ek sal tot hulle beswil dink aan die verbond van die voorvaders wat Ek uit Egipteland voor die oë van die nasies uitgelei het om vir hulle 'n God te wees. Ek is die HERE (Lev. 26:44-45; vgl. Jer. 31:20).

Die Here self gee die versekering van die uiteindelike herstel en bekering van Israel, selfs al lyk dit ook menslik onmoontlik: "En as hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat Ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen die HERE jou God jou verdryf het, en jy jou tot die HERE jou God bekeer en na sy stem luister net soos Ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel, dan sal die HERE jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen die HERE jou God jou verstrooi het. Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal die HERE jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal. En die HERE jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders. En die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe. En die HERE jou God sal al hierdie vloeke op jou vyande en op jou haters lê wat jou vervolg het. Maar jy sal weer na die stem van die HERE luister en al sy gebooie doen wat ek jou vandag beveel" (Deut. 30:1-8).

### *Deurtog deur die Jordaan*

Gebonde aan hierdie voorwaardes en geestelike perspektief het Israel 40 jaar ná hulle uittog uit Egipte oor die Jordaanrivier getrek om die land in besit te neem wat die Here aan hulle beloof het. Sedertdien staan dié land as *Israel* bekend – nie *Palestina* nie (vgl. Eseg. 11:17). Aanvanklik het dit goed gegaan. Onder die leiding van Josua het die volk groot oorwinnings behaal en hulle grondgebied baie uitgebrei.

Geestelike verval het egter spoedig ingetree en die oorheersende kenmerk van die volgende 1500 jaar van Israel se geskiedenis geword, tot en met hulle internasionale verstrooiing in die jaar 70 n.C. Daar was wél 'n paar geestelike herlewings in Israel, maar dit het gewoonlik net een geslag lank onder die leiding van 'n godvresende koning geduur. Daarna het die verval na goddeloosheid en afgodery weer voortgegaan. Selfs die Babiloniese ballingskap van 70 jaar het nie 'n blywende hartsverandering teweeggebring nie.

Die profete wat die volk op sy sondes gewys en tot bekering opgeroep het, het 'n swaar tyd gehad. Hulle is verwerp, vervolg en selfs

doodgemaak. Ná die laaste Ou Testamentiese profeet, Maleagi, het daar vir 400 jaar lank ‘n groot geestelike duisternis in Israel geheers. As gevolg van hulle aanhoudende ongeregtighede het die stem van die Here in hulle midde stil geword.

Met die koms van die Messias, Jeshua Ha Mashiach (Jesus Christus), is die lang stilte verbreek en het die geestelike duisternis opgeklaar: "…die volk wat in duisternis sit, het ‘n groot lig gesien, en die wat sit in die land en skaduwee van die dood, vir hulle het ‘n lig opgegaan. Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Matt. 4:16-17).

## Internasionale verstrooiing (diaspora)

Die Messias was die Lam wat God vir die geestelike bevryding van sy volk gestuur het, maar ook vir die redding van alle nasies. Johannes die Doper het Hom só bekend gestel: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Joh. 1:29).

Die koms van die Messias sou vir Israel die finale toets wees – óf die volk sou hulleself op grond van sy prediking bekeer en die geprofeteerde vloeke afweer, óf hulle sou die maat van hulle vaders se ongeregtigheid vol maak en as gevolg daarvan in groot benoudheid kom en ook in ballingskap na al die nasies gaan. Die leiers van die volk het laasgenoemde weg gevolg, soos ook in die gelykenis van die landbouers in Mattheus 21:33-46 uitgebeeld word. Die Jode het hoegenaamd nie besef wat die volle implikasies daarvan was toe hulle by die Romeinse goewerneur, Pilatus, aangedring het dat Jesus gekruisig moes word nie. Pilatus het sy hande voor die skares gewas en gesê: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man; julle kan toesien! En die hele volk antwoord en sê: Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom!" (Matt. 27:24-25).

In Mattheus 23 is die Messias direk met die afvallige volksleiers in gesprek oor die feit dat hulle Hom én al die ander gesante van God wat voor Hom gekom het, verwerp het: "Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle bou die grafte van die profete en versier die grafstene van die regverdiges… Maak die maat van julle vaders dan vol! Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug? Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe, en julle sal sommige van hulle doodmaak en kruisig en sommige van hulle in jul sinagoges gésel en van die een stad na die ander vervolg, sodat oor julle kan kom al die regverdige bloed wat vergiet is op die aarde, van die bloed van die regverdige Abel af tot op die bloed van Sagaria, die seun van Berégja, wat julle vermoor het tussen die tempel en die altaar. Voorwaar Ek sê vir julle, al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom. Jerusalem, Jerusalem, jy

wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ‘n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!” (Matt. 23:29-38).

Die Here Jesus stel dit duidelik dat sy verwerping deur die volk die maat van hulle ongeregtighede vol gemaak het, en dat al die vloeke wat oor die stad en volk geprofeteer is, as gevolg daarvan in vervulling sou gaan. Omdat die Jode Hom verwerp het, sou hulle huis, Jerusalem, woes gelaat word. Toe die dissipels na die pragtige tempelgeboue gekyk het, het Jesus vir hulle gesê: “Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie afgebreek sal word nie” (Matt. 24:2). Die Here Jesus was diep ontroerd oor die traumatiese gebeure wat oor die volk en die stad Jerusalem sou kom:

> En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween en gesê: As jy tog maar geweet het, ja ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande ‘n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie (Luk. 19:41-44).

Die Messias het in Mattheus 23:36 vir die inwoners van Jerusalem gesê dat hierdie dinge oor hulle geslag sou kom. Hulle was die geslag wat die Messias verwerp het, daarom sou hulle die verwoesting van Jerusalem beleef, terwyl die oorlewende Jode in ‘n internasionale ballingskap sou gaan. Jesus het vir sy dissipels gesê:

> En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is. Dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; en die wat in die stad is, moet uitgaan; en die wat in die buitewyke is, moet nie daar inkom nie. Want dit sal dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog in daardie dae; want daar sal ‘n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk. En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is (Luk. 21:20-24).

### *Die val van Jerusalem*

Hoe letterlik is hierdie woorde nie in die geslag ná Jesus se kruisiging vervul nie! Die Joodse geskiedskrywer, Josephus, asook die vroeë kerkvader, Eusébius, het baie besonderhede oor die groot benoudheid wat Israel oorval het, verstrek. Daar was in die tyd ná Christus se hemelvaart aansienlike onrus en opstande in Israel en omliggende

gebiede, omdat die Jode nie die Romeinse oorheersing wou aanvaar en in eerbied voor die keiser se borsbeeld wou buig nie. Dit het na die donker en bloedige sestigerjare van die eerste eeu gelei toe duisende Joodse mans, vroue en kinders op die wreedste wyse deur die Romeine om die lewe gebring is.

In die jaar 66 het Cestius Gallus, die Romeinse goewerneur van Sirië, met 'n aansienlike taakmag na Jerusalem opgeruk en die stad beleër. Die Christene het Jesus se waarskuwing onthou dat Jerusalem se verwoesting naby sou wees wanneer die stad deur leërs omsingel word (Luk. 21:20), en het besef dat hulle baie gou moes vlug. Cestius het ná 'n tyd gedink dat hy nie goed genoeg vir 'n lang beleëring toegerus was nie, en besluit om die beleg te beëindig en sy magte terug te trek. Wat hy egter nie geweet het nie, was dat die Joodse magte in die stad ontmoedig en op die punt was om oor te gee. Deur hierdie skielike wending van sake het hulle opnuut moed geskep en gemeen dat God die vyand in hulle hand oorgee. Hulle het die Romeinse soldate agtervolg en 5300 van hulle om die lewe gebring. Die Messiaanse Jode het ten spyte van hierdie onverwagse Joodse oorwinning steeds die erns van die situasie besef, en volgens geskrifte van die vroeë Christelike kerk agter die terugvallende leërs die stad verlaat en na Pella oorkant die Jordaanrivier gevlug.

Keiser Nero in Rome was erg ontstoke oor die vernedering wat sy magte aangedoen is en het een van sy beste generaals, Vespasianus, gestuur om die Joodse gebiede te onderwerp en hulle dorpe en stede te verwoes. Vespasianus en sy seun Titus het 'n gesamentlike mag van 60 000 man gehad. Hulle het een na die ander dorp in Galilea en Judea ingeneem, duisende inwoners om die lewe gebring en die geboue aan die brand gesteek. Baie van die vlugtelinge het in Jerusalem skuiling gaan soek omdat hulle gemeen het dat die stad só goed deur sy dik mure beskerm was dat dit feitlik oninneembaar was. Die Christene se optrede was egter die teenoorgestelde – hulle het die stad verlaat omdat hulle geweet het dat sy verwoesting naby was.

Verskeie Joodse weerstandsbewegings het hulleself in Jerusalem ingegrawe, maar as gevolg van onderlinge verskille was hulle ook in 'n magstryd teen mekaar gewikkel. Dit het na 'n burgeroorlog gelei waarin die stad se graanskure aan die brand gesteek is om die voedselvoorrade van opposisiegroepe te vernietig. Die Jode het hierdeur hulle eie posisie in die stad aansienlik verswak en veroorsaak dat hongersnood spoedig hulle grootste vyand was.

Die Romeine was baie bly oor die interne verdeeldheid en binnegevegte, en het hulle offensief tydelik gestaak om te voorkom dat die verskillende faksies weer teen die gemeenskaplike vyand van buite verenig raak. Intussen is Vespasianus na Rome ontbied om as nuwe

keiser aangestel te word, en sy seun Titus het die bevel oor die magte in Judea oorgeneem. In die jaar 70 n.C. het hy Jerusalem 4½ maande lank beleër voordat hy deur die drie dik mure gebreek het om tot in die middelste deel van die stad te vorder en dit finaal in te neem. Gedurende hierdie tyd het 1.1 miljoen mense in Jerusalem gesterf, waarvan die meeste as gevolg van hongersnood. Die oorlewendes het later nie meer genoeg krag gehad om die dooies te begrawe nie, en oral in die stad het hope ontbindende lyke gelê. Die stank het on-uithoudbaar geraak en die rebelleleiers het opdrag gegee dat die lyke van die vesting af in die steil klowe afgegooi moes word.

Titus was só geskok toe hy sien dat die valleie vol vermaerde lyke was, dat hy God as getuie geroep het dat hy nie vir hierdie tragedie verantwoordelik was nie. Volgens Josephus is daar tussen 1 Mei en 20 Julie 600 000 lyke deur die stadspoorte uitgegooi of van die muur af in die klowe afgegooi. Deur een poort alleen is meer as 115 000 lyke uitgedra. Verhale is opgeteken van verhongerde vroue wat hulle eie kinders gekook en geëet het. Vrees, wanhoop en paniek het van almal besit geneem. Dit het alles gebeur as die letterlike vervulling van profesieë wat oor die afvallige Israeliete uitgespreek is, omdat hulle God vergeet en nie sy Woord in ere gehou het nie:

> Daarom, kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat hierdie plek nie meer sal genoem word Tofet en die dal van die seun van Hinnom nie, maar Moorddal. En Ek sal die plan van Juda en van Jerusalem in hierdie plek uitskud, en Ek sal hulle voor hul vyande deur die swaard laat val en deur die hand van die wat hulle lewe soek; en Ek sal hulle lyke gee as voedsel vir die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde. En Ek sal hierdie stad maak 'n voorwerp van verbasing en bespotting; elkeen wat daar verbytrek, sal hom verbaas en spot met al sy plae. En Ek sal hulle die vlees van hul seuns en die vlees van hul dogters laat eet, en hulle sal elkeen die vlees van sy naaste eet, in die beleëring en in die benoudheid waarmee hulle vyande en die wat hulle lewe soek, hulle benoud sal maak… So spreek die HERE van die leërskare, die God van Israel: Kyk, Ek bring oor hierdie stad en al sy stede al die onheil wat Ek daaroor gespreek het, omdat hulle hul nek verhard het om na my woorde nie te luister nie (Jer. 19:6-9,15).

Diegene wat daarin geslaag het om die ellende in Jerusalem te ontvlug, is óf deur die Romeine met die swaard gedood óf aan die bome rondom Jerusalem gekruisig. In 'n stadium is daar elke dag 500 of meer mense gekruisig – sommige onderstebo – totdat daar later nie meer genoeg bome of kruise buitekant die stadsmuur was nie. Die enkele Jode wat daarin geslaag het om uit die stad te kom en die vyand te ontwyk, is deur Arabiese struikrowers gevang, vermoor en oopgesny om vir geld in hulle ingewande te soek. Dit het bekend

geword dat sommige Jode hulle laaste besittings verkoop en dan die muntstukke ingesluk en probeer vlug het.

Die hardkoppige weiering deur die rebelleleiers om oor te gee, het daartoe gelei dat alle geboue in Jerusalem, insluitende die tempel, eers aan die brand gesteek en toe afgebreek is. Slegs drie torings en ‘n deel van die tempelterrein se westelike muur is nie afgebreek nie, sodat dit as ‘n skuiling vir ‘n eenheid Romeinse soldate kon dien wat moes toesien dat die stad nie weer herbou word nie. Die tempelmure is tot op die rotsfondasie afgebreek om die gesmelte goud te herwin wat tydens die brand by die krake in die vloer ingeloop het. Inderdaad het daar nie een klip op die ander gebly wat nie afgebreek is nie! Die laaste klompie priesters wat nog vyf dae lank op die tempelmuur uitgehou het, het bewende afgekom en by die Romeinse soldate gepleit dat hulle lewens gespaar moes word. Titus het gesê dat die tyd vir begenadiging verby was en dat hulle saam met die tempel moes sterf. Hulle is onmiddellik doodgemaak.

*Verstrooiing en verdere vervolging*

Jerusalem is totaal verwoes en 97 000 van die oorlewendes is as krygsgevangenes weggevoer, waarvan baie as slawe verkoop is. Die internasionale verstrooiing van Jode na al die nasies van die wêreld het hiermee begin. Ten spyte van die verpletterende nederlaag het die Jode nog een poging aangewend om hulle land terug te kry. Net meer as 60 jaar later het hulle sodanig herstel dat hulle in die *Bar Kochba*-rebellie (132-135 n.C.) opnuut teen die Romeinse besettingsmag in opstand gekom het. In ‘n oorlog wat 3½ jaar lank geduur het, het 580 000 van hulle gesneuwel en is feitlik al die oorlewendes uit die land verdryf. Die Romeine het selfs ‘n ploeg oor die berg Sion getrek as die letterlike vervulling van ‘n profesie wat die Here lank tevore deur Miga uitgespreek het:

> Hoor tog dit, hoofde van die huis van Jakob en owerstes van die huis van Israel! Julle wat van die reg ‘n afsku het en al wat reg is, verdraai; julle wat Sion bou met bloed en Jerusalem met onreg! Sy hoofde spreek vonnisse uit vir ‘n geskenk, en sy priesters gee onderrig vir loon, en sy profete is waarsêers vir geld… Daarom sal Sion om julle ontwil soos ‘n land omgeploeg en Jerusalem puinhope word en die tempelberg bosrante (Miga 3:9-12).

Ná hierdie slag het die verstrooide groepies Jode ‘n lang tyd in relatiewe vrede in die lande gewoon waarheen hulle gevlug het; toe breek daar ‘n tyd van verskrikking aan wat langer as 500 jaar geduur het. Dit het alles begin by die uitbreek van die eerste ‘heilige oorlog’ van die Vatikaan in 1096, wat soos ‘n woeste veldbrand deur Duitsland, Frankryk, Spanje en Engeland versprei het. Die Joodse geloof is in die Rooms-Katolieke inkwisisie tot kettery verklaar en talle Jode

is vervolg en tereggestel. Die vrees wat in die harte van Jode posgevat het wanneer die fanatieke bendes van die heilige leërs hulle omsingel het, was só groot dat sommige ouers hulle kinders doodgemaak het. Vroue en dogters het klippe aan hulleself vasgebind en in riviere gespring. Diegene wat gevang is, is brutaal vermoor nadat hulle die vernietiging van hul huise en die verbranding van skrifdele moes aanskou. Geen genade is betoon nie.


In Engeland het Edward I ná die aanvanklike vervolgings en konfiskering van eiendom, die oorblywende 16 000 Jode summier uit die land gedeporteer. In Duitsland is Jode vir die vergiftiging van die land se waterbronne verantwoordelik gehou terwyl die epidemie wat as die Swart Dood bekend gestaan het, Europa tussen 1348 en 1350 geteister het. Haat is verder teen hulle aangeblaas deur kwaadwilliglik te beweer dat hulle Christen-kinders ontvoer en tydens hulle jaarlikse Pasga gekruisig het. Die openbare reaksie teen hulle was geweldig. In Straatsburg alleen is die hele gemeenskap van 2 000 Jode op 'n reusebrandstapel tereggestel.

Die vervolging in Spanje staan as die hel van die Jode bekend. Kragtens pous Gregory IX se inkwisisie het hulle gepoog om alle vorms van Joodse kettery wortel en tak uit te roei. Duisende Jode, genaamd *mariano's* (vervloektes), het op brandstapels gesterf. Selfs die lyke van diegene wat as ketters gesterf het, is opgegrawe en verbrand, en hulle erfgename se besittings gekonfiskeer. 'n Jood uit dié tyd het geskryf: "In hierdie dae styg die rook van die martelare se brandstapels onophoudelik in alle Spaanse gebiede ten hemele. Eenderde van die vervloektes het in vlamme gesterf, nog 'n derde swerf sonder tuiste in die land rond en soek na 'n wegkruipplek, en die oorblywendes leef in gedurige vrees vir vervolging." In 1492 het alle Jode vier maande kennis gekry om Spanje te verlaat. Baie het op die pad van honger en ontberings omgekom. Die vlugtelinge se grootste probleem was om 'n land te kry waar die inwoners bereid was om hulle te ontvang. Die meeste van hulle het na Turkye, Rusland en sommige van die Oosterse lande uitgewyk, terwyl klein groepies die kus van Afrika bereik het.

In moderne tye het die steeds smeulende Jodehaat in Europa weer eens hoog opgevlam. Die onbeskryflike tragedie van die dood van ses miljoen Jode aan die hand van Hitler en sy Nazi-magte in die Tweede Wêreldoorlog is een van die afgryslikste volksmoorde van alle tye. Dit was in sy omvang nog veel erger as wat die Romeine in die eerste eeu aan Israel gedoen het.

In die twintigste eeu is daar in Rusland ook duisende Jode vervolg en tereggestel. Dit is steeds nie die einde van die swaarkry nie, want die moeilikste tyd lê nog vir hulle voor. Volgens die Bybel kom daar

aan die einde van hierdie bedeling, ná Israel se terugkeer na hul land, ‘n groot verdrukking soos wat daar nog nooit op aarde was nie (Matt. 24:21-22). Israel sal egter nie hierdeur vernietig word nie, maar ‘n oorblyfsel sal geestelik herleef sodat die volk deur hulle ‘n hoopvolle toekoms kan hê in die land wat die Here aan hul vaders beloof het. Ons sien reeds die eerste tekens van herstel en heropbou, maar dit is nog nie ‘n skaduwee van wat dit uiteindelik sal wees nie.



## Die herstel van Israel

Met die Here Jesus se aankondiging van die vernietiging van Jerusalem en die wêreldwye verstrooiing van al die inwoners wat die militêre aanslag teen hulle land en stad oorleef het, het Hy dit duidelik gestel dat hierdie toestand nie onbepaald sou voortduur nie. Hy het gesê dat Jerusalem vertrap sou word deur die nasies *totdat* die tye van die nasies vervul is (Luk. 21:24). Die voegwoord "totdat" beteken "tot op die oomblik dat..." Daar kom dus 'n besliste einde aan die wêreldwye verstrooiing van Israel en die vertrapping en vernedering van hulle hoofstad, Jerusalem. Die tyd van die volk se internasionale swerftogte en die vertrapping van Jerusalem was baie lank omdat dit met die tye van die nasies, m.a.w. die tyd van wêreldevangelisasie, saamgeval het. Paulus gebruik ook die voegwoord "totdat" wanneer hy sê:

> Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene [letterlik die etniese groepe, of nie-Joodse volke] ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en al die goddelooshede van Jakob afwend (Rom. 11:25-26).

Die Messias het ook deur die gebruik van die woord "totdat" aangedui dat Hy nie vir altyd deur die inwoners van Jerusalem (m.a.w. die Joodse volk) verwerp sou word nie. Hy het vir die volksleiers gesê: "Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" (Matt. 23:39). Hierdie seëngroet staan in Psalm 118:26, en word elke jaar tydens die loofhuttefees deur die ortodokse Jode uitgespreek in afwagting op die koms van die Messias. Die Here Jesus het duidelik vir Israel gesê dat Hy sou weggaan en dat hulle Hom vir 'n lang tyd nie sou sien nie, maar wanneer Hy weer kom, sal hulle Hom in die Naam van die Vader as 'n geseënde verwelkom. Daar kom beslis 'n tyd wanneer hierdie volk geestelik sal ontwaak.

### *Die laaste geslag van die huidige bedeling*

Daar is uiteenlopende menings oor hoe die begrip "die laaste geslag" vertolk moet word. Dui dit, soos die geslagte tydens Israel se volksplanting en internasionale verstrooiing, ook 'n periode van omtrent 40 jaar aan? Indien wel, watter gebeurtenis is die vertrekpunt vir hierdie laaste geslag – die geboorte van die moderne staat Israel in 1948, die herowering van Jerusalem in 1967 of die staatkundige herstel van Jerusalem as Israel se hoofstad in 1980? Soos wat die laaste geslag gevorder het, het daar groter duidelikheid hieroor gekom.

Die begrip "geslag" dui in die oorspronklike tale dikwels 'n groep mense aan – 'n familie, stam, volk of verskeie ander groepe, bv. 'n

bose en ongelowige geslag mense (Luk. 11:29). In ander gevalle het dit op ‘n bepaalde generasie binne só ‘n groep betrekking. In hierdie sin is daar ‘n chronologie, of opeenvolging, van geslagte soos wat die ouer geslagte deur jonger geslagte opgevolg word. Dit is in hierdie verband dat daar in Mattheus 1:17 staan: “Al die geslagte van Abraham tot Dawid is 14 geslagte.” In dieselfde volk is daar dus baie geslagte mense, afhangende van hoe oud die volk is. Hierdie geslagte oorvleuel met mekaar omdat die ouer en jonger geslagte in enige samelewing vir ‘n sekere aantal jare saam bestaan. Meesal word net die volwasse geslag deur die Here aangespreek, omdat hulle vir hulle besluite en dade verantwoordelik gehou word.

Wanneer daar na die hele leeftyd van ‘n geslag sedert geboorte gekyk word, word ‘n tydperk van 70 jaar bedoel, of dalk ‘n paar jaar meer (Ps. 90:10). ‘n Volwasse geslag, daarenteen, verteenwoordig ‘n tydperk van omtrent 40 jaar tussen die ouderdomme van 30 en 70 jaar. Die Levitiese priesters is eers op die ouderdom van 30 aangestel (Num. 4:3), so ook rabbi’s in later jare. Om dieselfde rede kon Jesus ook eers van die ouderdom van 30 af as leermeester in Israel optree. Dawid se jare van aanspreeklikheid as koning was tussen 30 en 70 jaar: “Dertig jaar was Dawid oud toe hy koning geword het; veertig jaar het hy geregeer” (2 Sam. 5:4).

In die chronologiese verloop van tyd is daar verskeie geslagte wat mekaar opvolg. So ook is daar in die kerkbedeling noodwendig ‘n eerste en ‘n laaste geslag waarna die Bybel inderdaad verwys.

In die geval van Israel se volksplanting, het die Here nie die hele volk in die woestyn laat sterf nie, maar slegs die volwasse geslag wat Egipte verlaat het. Hulle is vir hul dade van geestelike afvalligheid en murmurering teenoor die Here aanspreeklik gehou (Num. 32:11). Die volwasse geslag het 40 jaar lank geleef (Num. 32:13). Sommige van hulle het uit die aard van die saak ouer en ander jonger gesterf, maar daardie geslag in die volksbestaan, wat gewoonlik aan ‘n leier se leeftyd gekoppel word, het ‘n periode van 40 jaar verteenwoordig.

Tydens Israel se internasionale verstrooiing in die eerste eeu is die profesieë ook binne die raamwerk van ‘n volwasse geslag vervul, want dié groep mense is vir hulle daad van die verwerping van die Messias verantwoordelik gehou (Matt. 23:36). Die Here Jesus het spesifiek met die geestelike leiers van die volk gepraat, wat eers van die ouderdom van 30 jaar af in daardie hoedanigheid kon dien. Die volwasse geslag wat tydens Jesus se kruisiging in die jaar 32 begin het, het tot in die jaar 72 gestrek, en Hy het vir sy Joodse tydgenote gesê dat die vernietiging van Jerusalem en die begin van die volk se internasionale verstrooiing in hulle leeftyd sou plaasvind (Matt. 23:36). Jerusalem is in die jaar 70 verwoes, en tydens die daaropvolgende

twee jaar is duisende Joodse krygsgevangenes weggevoer en baie van hulle as slawe in ander lande verkoop. Hulle kon toe terugdink hoe merkwaardig en letterlik elke woord vervul is wat die Messias 40 jaar vroeër, kort voor sy verwerping en kruisiging, tot hulle en hul vaders (die vorige geslag) gespreek het.

Die laaste geslag voor die Messias se wederkoms sal waarskynlik weer binne ‘n tydsraamwerk van 40 jaar afspeel. In Lukas 21 word die vertrekpunt vir die terminale geslag aan die herstel van Jerusalem as Israel se hoofstad gekoppel:

> Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is. En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid wanneer see en branders dreun… En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in ‘n wolk, met groot krag en heerlikheid… Voorwaar, Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie (Luk. 21:24-32).

Dit is belangrik om te begryp dat die tye van die nasies tussen die vernietiging van Jerusalem en die herstel van Jerusalem plaasvind: “Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is” (Luk. 21:24). Die stad is in die jaar 70 vernietig. Wat die herstel van die stad betref, moet in gedagte gehou word dat met die onafhanklikheidswording van Israel in 1948 hulle nie beheer oor Bybelse Jerusalem (die Ou Stad) gehad het nie, omdat dit toe nog onder Jordaniese beheer was. Die Ou Stad en die aangrensende Wesbankgebied is eers in die Sesdaagse Oorlog in 1967 verower. In Augustus 1980 het die destydse eerste minister, mnr. Menachem Begin, Jerusalem tot die ewige en onverdeelbare hoofstad van Israel verklaar en dadelik sy kantoor daarheen verskuif. Tot in daardie stadium was Tel Aviv die administratiewe hoofstad van Israel. In Augustus 1980 was Jerusalem vir die eerste keer sedert die Babiloniese ballingskap in 586 v.C. die hoofstad van ‘n onafhanklike Israel, en het hulle vlag, die Ster van Dawid, oor die stad gewapper. In die tyd van Jesus was Jerusalem deel van die Romeinse Ryk en het ‘n Romeinse goewerneur oppergesag oor die stad én oor Judea gevoer.

Ons kan dus verwag dat eindtydse profesieë sal afspeel binne die raamwerk van ‘n volle geslag wat in 1948 begin het en ‘n volwasse geslag wat in 1980 begin het. Die volgende paar jaar sal uit ‘n profetiese oogpunt dus besonder betekenisvol wees.

‘n Verdere belangrike feit in verband met die eerste en laaste geslag van die Christelike bedeling tussen die eerste en tweede koms van Christus, is dat daar tydens hierdie twee geslagte ‘n naasbestaan tussen Israel en die kerk is. Uit die aard van die saak het die kerkbedeling nie met die vernietiging van Jerusalem in jaar 70 begin nie, maar in die jaar 32 tydens die gebeure rondom die kruisiging en

opstanding van die Here Jesus, asook sy hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees. In daardie eerste geslag het die kerk en Israel dus saam bestaan. Dit was egter ‘n transisionele fase, want die kerk was geleidelik besig om onder alle nasies ingefaseer te word, terwyl die skrif vir Israel as volk aan die muur was om weens hulle ongeloof deur die vernietiging van Jerusalem en die aanbreek van die diaspora uitgefaseer te word.

Ons is in die laaste geslag ook in ‘n oorgangsfase waarin die kerk en Israel saam bestaan. Israel is besig om ingefaseer te word met die oog op hulle loutering tot redding sodat hulle hul volle, Bybelse posisie aan die einde van hierdie geslag as die volk van die Messias kan inneem. In dieselfde tyd spoed die kerkbedeling na sy einde en moet die kerk homself gereed maak om nog voor die einde van hierdie geslag deur middel van die wegraping uitgefaseer te word.

Daar is egter sekere groepe Christene wat die belofte van die wegraping óf verwerp óf verskuif na die middel of einde van die sewe jaar van die verdrukking. Hulle sien die einde van die kerkbedeling as ‘n tyd wat deur ‘n groot oplewing van drome, gesigte en buite-Bybelse profesieë gekenmerk sal word. Hierdie mense wil dan saam met Israel deur die verdrukking gaan en die Antichris deur middel van hulle spesiale magte oorwin.

As regverdiging vir hierdie siening beroep hulle hulself op profesieë in Joël 2:27-32 waar daar staan dat daar in dié tyd drome, gesigte en wondertekens sal wees. Hierdie profesie het egter glad nie op die kerkdispensasie betrekking nie, maar op Israel tydens die komende dag van die Here (die groot verdrukking). Dit sal ‘n tyd van geweldige natuurrampe op aarde en tekens in die hemelruim wees (Joël 2:30-31). In daardie tyd sal die Woord van die Here skaars wees en mense sal oral daarna soek (Amos 8:12). Omdat Israel as volk geestelik steeds verblind sal wees, sal die Here sy Gees oor hulle uitstort om hulle geestelik te laat ontwaak en na die Messias, Jeshua, te lei (Joël. 2:28-29; Sag. 12:10). Die doel hiermee is om ‘n oorblyfsel in Israel te red en hulle ná die kerkbedeling as die Here se spesiale getuies te gebruik.

Israel sal eers reg aan die einde van die laaste geslag gered word, wat terselfdertyd die einde van die sewe jaar lange verdrukking sal wees. Die verdrukking is nie vir die ware kerk van Christus bedoel nie, daarom het ons die opdrag om gereed te maak om dit te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan (Luk. 21:36; 1 Thess. 1:10). Die Antichris kan hoegenaamd nie geopenbaar word solank die ware kerk van Christus nog hier is nie (2 Thess. 2:6-8), daarom kan die aftelling van die 70ste jaarweek van Daniël eers ná die wegraping ‘n aanvang neem. Dan moet Israel terug in hulle land wees.

*Profesieë oor Israel se herstel*

Daar bestaan hoegenaamd geen twyfel oor die feit dat die Here die Joodse volk, hulle land en hulle hoofstad, Jerusalem, ten volle sal herstel nie: "Kyk, Ek laat vir die stad genesing en gesondmaking tot stand kom en sal hulle gesond maak en aan hulle openbaar 'n oorvloed van duursame vrede. En Ek sal die lot van Juda en die lot van Israel verander en hulle bou soos tevore. En Ek sal hulle reinig van al hulle ongeregtighede waarmee hulle teen My gesondig het, en vergewe al hulle ongeregtighede waarmee hulle teen My gesondig het, en teen My oortree het. En die stad sal vir My wees 'n vreugdevolle roem, 'n lof en sieraad by al die nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie wat Ek aan hulle doen; en hulle sal bewe en ontroer word oor al die goeie en oor al die vrede wat Ek daaraan bewys" (Jer. 33:6-9). Die hele wêreld sal dit as 'n werk van die Here herken omdat Hy sy volk se harte sal verander.

Dit is duidelik dat die geestelike reiniging van Israel eers sal plaasvind nadat hulle in hul land versamel is. Hulle word dus in ongeloof herstel, maar sal in die land geestelik herleef:

> Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die HERE: …Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees (Eseg. 36:22-28).

Daar is mense wat verkeerdelik meen (én dit ook so verkondig) dat daar sonder enige beproewings of swaar verdrukking 'n herlewing in Israel sal uitbreek waarin die hele volk gered sal word. Baie van hierdie mense ontken ten sterkste dat daar 'n groot verdrukking oor Israel sal kom, en beweer dat die Joodse slagting (*Holocaust*) van die Tweede Wêreldoorlog die groot verdrukking was. Die Bybel leer egter dat die Joodse volk wat in ongeloof in hul land herstel word, eers gered sal word nadat hulle aan groot benoudheid en beproewings onderwerp is. In daardie stadium sal hulle nie meer in verstrooiing wees soos tydens die slagting van die Tweede Wêreldoorlog nie, maar terug in hulle land en hul stad, Jerusalem:

> Daarom, so sê die Here HERE: Omdat julle almal skuim geword het, kyk, daarom sal Ek julle binne-in Jerusalem bymekaarmaak. Soos silwer en koper en yster en lood en tin binne-in 'n smeltoond bymekaargemaak word om daarteen 'n vuur aan te blaas en dit te smelt, so sal Ek julle bymekaarmaak in my toorn en in my grimmigheid en julle ingooi en smelt… en julle sal weet dat Ek, die HERE, my grimmigheid oor julle uitgegiet het (Eseg. 22:19-22).

Israel sal in tye van ‘n groot nood en swaarkry hulle Messias se aangesig soek. Hosea sê die volgende oor die eerste en tweede koms van die Messias, asook Israel se uiteindelike redding deur Hom (verklarende notas tussen hakies):

> Want Ek [die Messias] is soos ‘n leeu vir Efraim, en soos ‘n jong leeu vir die huis van Juda; Ek, Ek verskeur en gaan heen [die hemelvaart van Jesus nadat Hy die vernietiging van Jerusalem en die internasionale verstrooiing van die Jode aangekondig het]… Dan gaan Ek heen, Ek keer na My woonplek [die hemel] terug, totdat hulle [die volk Israel] skuld beken en my aangesig soek. In hulle nood [in die groot verdrukking] sal hulle My soek. Kom en laat ons terugkeer tot die Here; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind. Hy sal ons ná twee dae [van ‘n duisend jaar elk – vgl. 2 Pet. 3:8] lewend maak, op die derde dag [in die derde millennium ná sy eerste koms] ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe (Hos. 5:14 – 6:2).

Dit is uit hierdie verse duidelik dat Israel as ‘n volk die Here eers “in hulle nood” sal soek. Sagaria noem die skokkende dodetal van die komende groot verdrukking waartydens ‘n oorblyfsel van Israel gered sal word: “En in die ganse land, spreek die HERE – twee-derdes sal daarin uitgeroei word, sal sterwe, maar een-derde daarin oorbly. Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt soos ‘n mens silwer smelt en hulle toets soos ‘n mens goud toets. Hulle sal my Naam aanroep, en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! En hulle sal sê: Die HERE, my God!” (Sag. 13:8-9).

Die Here Jesus sê die volgende oor hierdie verskriklike tyd wanneer die Antichris, nadat hy homself in die herboude tempel in Jerusalem tot God verklaar het, sal poog om Israel én alle ander mense wat weier om hom te aanbid, uit te wis:

> Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom… dan moet dié wat in Judea is na die berge vlug… Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word (Matt. 24:15-16,21-22).

Daar wag dus ‘n groot verdrukking vir Israel voordat ‘n oorblyfsel van die volk gered sal word om die Messiasryk te kan beërf. Jeremia verwys ook na hierdie tyd wanneer hy sê: “Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is ‘n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word” (Jer. 30:7). Die Joodse slagting van die Tweede Wêreldoorlog kon beslis nie die groot verdrukking gewees het nie, want die volk is nie daarna gered nie. Die Here het hulle ook nie in daardie stadium “in Jerusalem bymekaargemaak” om in sy toorn ‘n vuur teen hulle aan te blaas nie. Dit moet nog gebeur.

In die komende tyd van verdrukking onder die valse messias sal daar ‘n groot geestelike polarisasie in Israel plaasvind. Die leiers van Israel, sowel as die grootste deel van die volk, sal die Antichris as messias aanvaar. Die ware Messias het hulle teen hierdie tragiese oordeelsfout gewaarsku: “Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As ‘n ander een in sy eie naam kom, hom sal julle aanneem” (Joh. 5:43). Al die misleides sal dit doen.

Aan die ander kant van die spektrum sal daar ‘n God-gewerkte herlewing in Israel wees, waaruit 144 000 vreeslose getuies vir die Messias na vore sal kom. Hulle sal te midde van hewige aanslae en dreigemente verkondig dat Jeshua die ware Messias en Verlosser van die wêreld is, en dat die Antichris met sy valse vredesboodskap die groot misleier is. Die spanning tussen die volgelinge van Christus en die Antichris sal hoog loop en tot die aktiewe vervolging van die Messiaanse Jode en Christene onder alle nasies lei. Volgens Daniël 9:27, 11:36 en 2 Thessalonicense 2:3-4 sal die Antichris in die middel van die verdrukking die Allerheiligste van die herboude tempel in Jerusalem betree en homself tot God verklaar. Die geestelike stryd sal dan nog ‘n verdere en meer absolute wending neem.

Die Jode wat gemeen het dat die Antichris die Messias is, sal geskok en ontnugter wees wanneer hy homself in die middel van die sewe jaar lange verdrukking tot God verklaar, die offerdiens in die tempel opskort, ‘n beeld van homself in die Allerheiligste laat oprig en die aanbidding van alle mense opeis. Hulle sal vir die oorblywende 3½ jaar van die verdrukking heel waarskynlik na Petra in die Negefwoestyn suid van die Dooie See in Jordanië vlug waar die Here ‘n oorblyfsel van die volk in stand sal hou. Die vyandighede sal egter wêreldwyd teen Jode en Christene voortwoed. In Sagaria 12 en 14 lees ons dat al die nasies in ‘n stadium deur Jodehaat aangevuur sal word om teen Jerusalem op te trek.

Op die hoogtepunt van die slag van Armagéddon sal die omstandighede van die voortvlugtende oorblyfsel van Israel absoluut kritiek vir oorlewing wees, terwyl hulle deur vyande omsingel is. Hulle sal sê: “Dit is klaar met ons!” (Eseg. 37:11). Hulle sal nogtans in afwagting op Jeshua se koms na die Olyfberg optrek, en dan sal die Messias met sy hemelse leërskare tot die redding van sy volk kom: “In dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant… En dit sal die plaag wees waarmee die Here die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond. En in dié dag sal ‘n groot verwarring van die Here onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, en die hand van die een hom sal

verhef teen die hand van die ander" (Sag. 14:4,12-13). Te midde van 'n groot verwarring sal hierdie vyande van die aangesig van die Here Jesus af wegvlug en mekaar begin doodmaak.

Die oorblyfsel van Israel sal met onbeskryflike vreugde na hulle Verlosser en Koning opsien wat so dramaties op die toneel verskyn het. 'n Groot skok wag egter op hulle wanneer hulle die spykermerke in sy hande en voete sal sien. Volgens Sagaria 13:6 sal hulle Hom na die rede hiervoor uitvra, en sy antwoord sal wees: "So is Ek geslaan in die huis van my vriende." Onder die leiding van die Heilige Gees sal daar groot smarte en berou oor hulle kom terwyl hulle in die benoudheid van hulle harte om vergifnis sal uitroep. Hierdie gevoelvolle oomblikke word só in Sagaria beskryf:

> Oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem (Sag. 12:10-11).

Op grond van hulle opregte berou sal die Here Jesus al die volk se sondes vergewe – dit is die hele oorblyfsel wat die groot verdrukking sal oorleef. Vir Israel sal dit inderdaad 'n Groot Versoendag wees, want die hele volk sal op een dag geestelik gebore en tot nuwe lewe opgewek word. Hierna sal die oordeel oor die nasies voltrek word en die lank verwagte Messiasryk 'n aanvang neem met Jerusalem as hoofstad van die wêreld (Miga 4:2-3).

## Die bot van die vyeboom

Benewens die groot aantal letterlike uitsprake oor die verstrooiing en herstel van Israel, word daar ook van simbole soos die vyeboom gebruik gemaak om verdere aspekte daarvan toe te lig. Clarence Larkin sê in sy boek, *Dispensational Truth,* bl. 156: "Die vyeboom is 'n Nuwe Testamentiese simbool van die volk Israel, wat deur Christus self gebruik is." Hierdie simbool word in die Ou Testament ook gebruik. God sê In Hosea 9:10 van Israel: "Ek het julle vaders gesien soos voorvye aan die vyeboom in sy eerste groei." In Jeremia 24:5 sê Hy: "Soos hierdie goeie vye, so sal Ek ten goede aansien die ballinge van Juda wat Ek uit hierdie plek... weggestuur het."

In Mattheus 21:18-19 het Jesus, op pad na Jerusalem, 'n vyeboom vervloek omdat dit onvrugbaar was. 'n Vyeboom ontwikkel tegelyk vrugte en blare. Teen die tyd dat die blare groot is, behoort daar reeds ryp vrugte aan die boom te wees. Hierdie boom het wel blare gehad, maar geen vrugte nie. Dit het op die geestelike toestand van Israel gedui. Hulle was as God se volk al lank in hulle land gevestig, maar nog steeds geestelik onvrugbaar. Jesus het die boom vervloek

en gesê: “Laat daar tot in ewigheid (letterlik vir ‘n hele *aioon* lank) nie vrugte uit jou kom nie.” Die woord *aioon* verwys soms na ‘n afgebakende tydperk, soos ‘n bedeling. In Mattheus 24:3 vra die dissipels vir Jesus wat die teken van sy koms en van die einde van die *bedeling* (*aioon*) is. Die meeste Engelse Bybels vertaal *aioon* hier as *age,* (*what will be the sign of Your coming, and of the end of the age?*). Hier word dus na die einde van ‘n bedeling verwys, en nie na die einde van die wêreld, soos in die Afrikaanse vertaling vermeld word nie. Die vyeboom sou nie vir altyd nie, maar tot aan die einde van die bedeling tussen Christus se eerste en tweede koms, onvrugbaar bly. Paulus sê: “Al hierdie dinge het [Israel] oorgekom as voorbeelde en is opgeskryf as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue (*aione*) gekom het.”

In Lukas 13 is daar ‘n gelykenis van ‘n onvrugbare vyeboom: “En Hy het hierdie gelykenis uitgespreek: ‘n Man het ‘n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was, en hy het gekom en vrugte daaraan gesoek en niks gekry nie. Toe sê hy vir die tuinier: Kyk, drie jaar kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit. Waarvoor maak hy die grond nog onvrugbaar? Maar hy antwoord en sê vir hom: Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan totdat ek om hom gespit en mis gegooi het. As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan u hom anderjaar uitkap” (Luk. 13:6-9).

Hierdie boom was in die Here se wingerd (dit is die land Israel) geplant, maar het nie vrug gedra nie. Die drie onvrugbare seisoene verwys na die geestelike bearbeiding deur Jesus in Israel gedurende die drie jaar voor sy kruisiging, waarteen die volk hulleself verhard het. Daarna is hulle nog een seisoen lank onder die bediening van die apostels en die vroeë Christelike kerk gespaar, maar sonder sukses. Israel se leiers het die vroeë Christelike kerk summier verwerp en probeer uitwis: “Daar het in dié tyd ‘n groot vervolging teen die gemeente in Jerusalem ontstaan” (Hand. 8:1). Dit het die seël op die verwoesting van Jerusalem en die verstrooiing van Israel geplaas, wat in 70 n.C. plaasgevind het.

In die jaar 70 n.C. is die Romeine gebruik om hierdie vyeboom af te kap en sy takke oor die aarde te verstrooi. Die boom se wortel het egter in die grond oorgebly, en dit is hierdie wortel wat nou weer met Israel se nasionale herstel begin uitloop en groei het. Die feit dat die vyeboom sedert 1948 weer bot, is ‘n vaste aanduiding dat die somer van God se koninkryk naby is. Die Here Jesus het gesê: “Let op die vyeboom en al die bome. Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is” (Luk. 21:29-30). Die vyeboom (Israel) is die groot teken van die eindtyd, daarom word dit as ‘n aparte teken uitgesonder. Ander volke in die wêreld kom ook in

hierdie tyd sterk as onafhanklike nasies met ‘n eie identiteit na vore, maar Israel se herstel is die belangrikste teken. Die somer van God se geopenbaarde koninkryk in die millennium is nou naby. Ná nog ‘n donker nag in Israel se lang en veelbewoë geskiedenis sal die lig van ‘n nuwe dag met die koms van die Messias vir hulle aanbreek.

## Israel se lyding as oordele van God

Ons kan nie hierdie hoofstuk afsluit sonder om ‘n Bybelse verklaring vir die verskriklike lyding van Israel te gee nie – die groot ellende en lewensverlies tydens die beleg en verwoesting van Jerusalem in die eerste eeu, die vervolging van Jode onder die nasies deur die eeue heen, en veral die onbeskryflike menseslagting van ses miljoen Jode gedurende die Tweede Wêreldoorlog, asook die grootste lyding van alle tye wat in die komende groot verdrukking op hulle wag. Die vraag oor die werklike oorsaak vir hierdie haas onbeskryflike lyding word op ‘n baie eerlike manier deur ‘n Messiaanse Jood, Arthur Katz, beantwoord in sy boek: *The Holocaust: Where was God? An Inquiry into the Biblical Roots of Tragedy.* Die “Holocaust” van Wêreldoorlog II waarna die skrywer verwys, word as “die Joodse slagting” beskryf. Die volgende is vertaalde aanhalings uit Arthur Katz boek, maar die boek kan in sy geheel in Engels op die webblad **www.benisrael.org** gelees word:

> Die Joodse slagting het op ‘n skokkende wyse ingedruis teen elke gedagte dat die 20ste eeu ‘n tyd van menslike vooruitgang was – soveel te meer omdat die argitekte daarvan [Duitsland] as een van die mees verligte nasies op aarde beskou is. Die Jodendom was ná hierdie slagting só platgeslaan en gebroke dat hulle gedurende die eerste 20 jaar geen ernstige geskrifte hieroor geproduseer het nie. Eers daarna kon ons teruggaan om die tragedie te ondersoek. Ons het selfs die mening gehuldig dat die Joodse slagting nie beoordeel of verstaan kan word nie – dat dit bokant die mens se vermoë is om dit te kan begryp en verklaar. Indien dit waar is, dan is die tragedie nóg groter. Kan dit wees dat daar dinge van só ‘n omvang gebeur dat dit nie vertolk of verstaan kan word nie, en dus as betekenisloos beskou moet word? Indien dit die geval is, dan beroof sulke gebeurtenisse ons van nugtere denke en skep ruimte vir toenemende skandale en gewelddadigheid in ‘n immorele samelewing. Dit sou die lewe chaoties maak, sonder orde, betekenis of doel.
>
> Die Joodse slagting laat baie vrae ontstaan. Waarom het God nie in die midde van die onbeskryflike lyding ingegryp nie? Waar was God wat daarop aanspraak maak dat Hy alomteenwoordig is, almagtig en dat Hy alles weet? Het Hy nie die afgryslike tragedie gesien waarin sy verbondsvolk sistematies en op die mees dierlike en wreedste wyse uitgewis is nie? Hoe kon die lank-verwagte Messias waarvan die Christene praat, reeds gekom het en nogtans die grootskaalse

vermoording van sy eie mense toelaat? Waar is die genade van die Nuwe Testamentiese God, indien so-iets in moderne tye deur die bemiddeling van 'n 'Christelike' nasie – Lutherse Duitsland – kon plaasvind? Waarom was God stil?

Ek moet óf met baie skrywers saamstem dat God dood is, óf ek moet die getuienis van die Skrifte aanvaar dat God se stiltes in direkte verhouding tot ons sondes is. Uit hierdie oogpunt gesien, moet die Joodse slagting as 'n oordeel beskou word. Dit was nie 'n afwykende, onverklaarbare historiese gebeurtenis nie, maar 'n geval dat die grootte van ons lyding in direkte verhouding tot die grootte van ons sonde is. Die oordele van God het oor ons gekom omdat ons 'n volk is wat die kennis van die Here verwerp het, nie in ooreenstemming met sy verbonde leef en nie ons plig as sy getuies nakom nie. Volgens die Bybel kom hierdie oordele veral in die laaste dae oor ons, in die tydperk kort voor die vestiging van die Messiaanse koninkryk.

Dit is merkwaardig hoedat die vertolking van die Joodse slagting as 'n oordeel van God op 'n besondere wyse vir God as God verduidelik, en ook by ons die vrees vir die Here as Regter inskerp. Hierdie vrees vir die Here ontbreek pynlik in die bewussyn van die moderne mens. Ons groei op sonder om hoegenaamd 'n sin vir die ontsag en vrees vir die Here te ontwikkel. Hierdie gebrek moet met die Joodse slagting in verband gebring word.

Ons Jode het geen perspektief op God as Regter nie. Ons het gevolglik 'n hoë prys vir ons gebrek aan die verstaan van God betaal – in oordeel sowel as in genade, in gestrengheid sowel as in goedheid. Ons is nie eers bewus van God se handelinge met Israel (in die verlede, hede en toekoms) nie, en neem gevolglik nie van die mees betekenisvolle openbarings van God in die Skrif kennis nie. Daar is iets omtrent God in oordeel wat Hom openbaar soos wat Hy op geen ander manier geken kan word nie. Tóg is dit die een attribuut van God waarvan ons feitlik instinktief wegskram. Ons kan nie die God van genade, liefde en regverdigheid met die God wat oordele en lyding oor mense bring, versoen nie. Indien óns God sulke dinge doen, dan word juis dit wat vir ons pynlik en onaanvaarbaar is en wat dreig om ons godsdienssin te vernietig, een van die mees kosbare openbarings van God. Is dit nie in hierdie oënskynlike weerspreking, as ons dit goed deurdink, dat die diepste openbaring van God gevind kan word nie?

Ons kan nie die Joodse slagting uit God se oogpunt verstaan nie, omdat ons dit nie in die lig van die ewigheid beoordeel nie. Slegs 'n ewigheidsoorweging maak hierdie ramp enigsins verstaanbaar. Dit is alleen in die hoop om die ewige vuur van God se oordele te kan vryspring, dat betekenis aan hierdie vuur verleen word. Indien die een vuur ons iets van die ander een leer en help om ons daarvan te red, dan maak dit baie sin. Indien ons die ewigheid uit ons beredenerings weglaat, dan het ons ook 'n verwronge beeld van die huidige werklikheid. Vooraanstaande Joodse denkers weier egter om hierdie verklaring te oorweeg, en

verhef hulleself daardeur teen God sodat Hy nie sy doel met hulle kan bereik nie. Hulle dwing Hom om te oordeel.

God het ‘n geskil met ons omdat ons van Hom vervreem geraak het. Ons is steeds onwillig om die betekenis van ons eie geskiedenis en die ontsettende gevolge van ons vervreemding van God in die oë te kyk. Ongelukkig is die beoordeling van rampe as ‘n gevolg van (en ‘n oordeel oor) sonde geheel en al in stryd met die hedendaagse Joodse manier van selfbeoordeling.

Die wederregtelike toeëiening van die Messias se lyding as ons eie, is die noodwendige gevolg van ‘n Jodedom wat weier om Hom te aanvaar, en as gevolg daarvan verplig is om ‘n verklaring vir ons eie historiese lyding te vind. As ons die Messias, Hy wat só misvormd was dat sy voorkoms nie dié van ‘n mens was nie, as die vervulling van Jesaja 52:13–53:12 verwerp en dan vir Israel in sy plek stel, stuur ons onvermydelik op botsende verklarings af. Die uiteindelike logika van sy verwerping verplig ons dan nie net om teen die Messias gekant te wees wanneer Hy sou kom nie, maar ook om sy posisie te begeer – om *self* die Messias te wees, om *self* die lydende Kneg te wees, om *self* vergoddelik te word, om *self* die Messiaanse hoop te wees, en om *self* die ideale beskawing tot stand te bring wat die finale antwoord vir die nasies sal wees.

As ons nie onsself as die skuldige party in die oordele sien wat oor ons gekom het nie, sal ons noodwendig op die punt kom waar ons vir God daarvoor sal blameer. Hy sal dan deur ons beskuldig en veroordeel word omdat Hy nie tot ons hulp gekom het nie! Dit is lasterlik om God as magteloos of kragteloos te sien om ons te red, terwyl ons nalaat om ons eie sondes te erken en ons daarvan te bekeer. Dit is in ons eie belang om die tragedies van die verlede reg te vertolk. Ons sal dwase wees as ons dit nie doen nie, want dan verbeur ons die voordeel om uit vorige ervarings te kan voorsien wat weer sal gebeur as ons nie daarop ag slaan en onsself bekeer nie. Sulke mense sal hulleself in die groot, eindtydse oordele van God oor Israel bevind, wat in Jeremia 30 as “die tyd van benoudheid vir Jakob” beskryf word.

Ek het die oortuiging dat hierdie oordele baie naby is, en dat net die hand van die Here dit nog terughou. Die gewig van ons Joodse ongeloof en onbetrokkenheid by God móét ons tot ‘n val bring. As Hy sy hand van ons af wegneem, sal ons in ‘n kort oomblik in vernietiging en ondergang wegsink. Ons is reeds onder God se veroordeling totdat ons dié Een ontvang wat ons veroordeling op Homself geneem het, naamlik die Messias van Israel – Jesus van Nasaret. In die voortgesette verwerping van God se genadegawe verkeer alle Israeli’s onder die swaard van veroordeling, tot op dié oomblik wanneer God sy hand wegneem en die oordele nie langer sal weerhou nie.

Ek sou liewer verkeerd bewys wou word, maar ek glo dat die huidige geslag Jode vernietiging op ‘n wêreldwye skaal gaan ervaar, wat veel erger as die Nazi-era sal wees. Ons gaan geweldig gehaat, vervolg en skielik verdryf word sodat

> ons sal moet vlug met net die klere aan ons lyf – sonder om te weet waarheen ons gaan. Die Here het gesê Hy sal met ons in die gerig tree, maar Hy sal ook herstel. Hoe belangrik is dit nie om te weet dat dit dieselfde God is wat oordele beloof en dit vervul, wat ook herstel aan Israel beloof en dit sal vervul.
>
> Die nasies wag onbewustelik op ons herstel na God, omdat ons ‘n teokratiese bestemming het as ‘n ‘koninkryk van priesters’ (Ex. 19:6) en ‘n ‘lig vir die nasies’ (Jes. 42:6)... God wag op ons om die dood van ons Messias vir onsself toe te eien en sodoende ons verlossing aan die gang te sit. As ons op enige manier probeer om hiervan vrygestel te word, is ons hopeloos verlore. Die mag van ons misleiding en ons selfregverdiging wat weerspieël word deur ons voortgesette verwerping van Jesus van Nasaret, stel ons in konflik met God en moet verbreek word. Hierdie selfde God gaan aan ons ‘n historiese geleentheid bied om ons patetiese mislukking te erken. Dié van ons wat die komende verdrukking sal oorleef, sal nooit weer misluk nie, want God sal aan ons nuwe harte gee.

In die lig van dit wat Arthur Katz heeltemal tereg gesê het, is elke Christen daartoe verbind om die Bybels korrekte pad vir Israel se verdere herstel aan hulle voor te hou. Indien hulle nie teen die komende valse messias en die groot verdrukking gewaarsku word nie, hoe sal hulle ooit die vermoë hê om hierdie situasie reg te kan verstaan en in daardie tyd die regte besluite te neem? Dit sal nie help om net humanitêre hulp aan ‘n volk te bied wat steeds volhardend die Messias verwerp nie. Sonder Hom kan hulle nie gered word en in die seën van die Here oor hulleself, hulle land en hulle volk deel nie.

Dit is duidelik dat daar in Israel, soos onder alle nasies ter wêreld, in die eindtyd ‘n toenemende verwydering en stryd tussen die ongelowige meerderheid en die gelowige minderheid intree. Laasgenoemde word in die Bybel die “oorblyfsel” in Israel genoem, en hulle staan in die praktyk as die “Messiaanse Jode” bekend. Hoewel hulle ‘n klein minderheid is wat skielik sal verdwyn wanneer die hemelse Bruidegom hulle kom haal (Matt. 25:1-13; Joh. 14:2-3), sal daar kort ná die wegraping en die openbaring van die valse Messias ‘n herlewing in Israel plaasvind waarin 144 000 Jode kragdadig gered sal word (Op. 7:1-8). Hulle sal ook baie van hulle volksgenote oorreed om die valse messias te verwerp en die ware Messias, Jeshua, aan te neem en te dien. Die Messiaanse Jode sal egter nog steeds ‘n minderheid wees, omdat die meerderheid ‘n verbond met die valse messias sal sluit en die tempel in Jerusalem sal herbou (Joh. 5:43; Dan. 9:27).

Eers met die sigbare koms van die Messias aan die einde van die groot verdrukking sal die hele oorblyfsel van Israel gered word en as ‘n gelowige volk wat almal die Here van harte dien, die beloofde Messiasryk op aarde beërf. ‘n Moeilike pad wag egter op Israel voordat ‘n oorblyfsel van hulle hierdie heerlike bestemming sal bereik.

# 2. Bakens op die Pad Terug

> En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sinear en Hamat en uit die kuslande van die see; en Hy sal ‘n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde… En daar sal ‘n grootpad wees vir die oorblyfsel van sy volk wat oorbly uit Assur, soos daar een gewees het vir Israel op die dag toe hulle uit Egipteland opgetrek het (Jes. 11:11-12,16).

> Rig vir jou mylpale op, maak vir jou padwysers, let op die grootpad wat jy geloop het. Kom terug, o jonkvrou van Israel, kom terug na hierdie stede van jou! Hoe lank sal jy bly aarsel, o afkerige dogter? (Jer. 31:21-22).

Daar is verskeie belangrike bakens op die pad van Israel se eindtydse herstel uit die lande waarheen hulle verstrooi geraak het. Op hierdie pad lei die Here hulle met ‘n sterke hand en skenk elke keer die oorwinning wanneer die volk se vyande wil voorkom dat die Opperherder van Israel hulle teruglei na die land wat Hy met ‘n eed aan hulle vaders beloof het.

## Theodor Herzl – die wegbereider

Die eerste tree op die pad terug na hul land is meer as ‘n eeu gelede met die roeping van Theodor Herzl gegee. Téén die bestaande denkklimaat in, en te midde van geweldige kritiek deur sy volksgenote, het hy die saak van Israel se herstel na hulle land bevorder.

Theodor Herzl (geb. 2 Mei 1860) het in sy kort lewe van 44 jaar ‘n deurslaggewende rol gespeel om die Joodse bewussyn vir die saak van hulle nasionale herstel na die land van Israel op te wek. Ten einde hierdie idealisme by die Joodse leiers te laat posvat, het hy op 29 Augustus 1897 die eerste Sioniste-kongres in Basel, Switserland, gehou. In Oktober 1897 is ‘n verdere kongres in Londen gehou. Op albei hierdie kongresse het ‘n Messiaanse Jood en intieme vriend van Herzl, dr. William Heckler, oor die Messiaanse verwagting van Israel gepraat. Hy het toe reeds ‘n boek geskryf met die titel: *The return of the Jews to Palestine in accordance with prophecy.*

Hierna het Herzl ‘n fonds gestig waarin baie geld gestort is, en hy het met verskeie regeringsleiers oor die moontlike vestiging van ‘n Joodse staat in Palestina gepraat. Hy het ook ‘n onderhoud met die

Turkse sultan gevoer aangesien Palestina in dié stadium onder Turkse beheer was. Hoewel hy nie genoeg geld kon kry om die hele Palestina te koop nie, is groot somme geld aan Turkye gebied om okkupasieregte vir Jode in sekere dele van die land te verkry. Tydens 'n besoek aan Palestina kon Herzl net drie dae lank bly, omdat die Arabiere hom wou vermoor toe hulle gehoor het dat hy 'n Joodse staat in daardie gebied wou stig.

Theodor Herzl is in 1904 oorlede, en in die dae voor sy heengaan het hy self versoek dat sy Christenvriend en vertroueling, William Heckler, by hom moes wees. Theodor se arbeid was nie tevergeefs nie, omdat die idee van 'n eie land reeds onwrikbaar in die harte van baie van die verstrooide Israeliete gevestig was.

Daar was sedert die begin van die 20ste eeu as gevolg van Theodor Herzl se bewusmakingsprogramme 'n aansienlike toename in Joodse migrasie na die land van hulle vaders. Immigrante in die kusdorp Jaffa het baie teëstand van die plaaslike Arabiere gekry. Hulle het langs Jaffa 'n stuk grond by die Arabiere gekoop en in 1909 die grondslag vir die eerste Joodse stad in moderne tye gelê. Met hulle karige besittings het die eerste 30 gesinne na hierdie kaal heuwel buite Jaffa verhuis en dit Tel Aviv (Heuwel van Hoop) genoem. Met 'n plank het hulle die eerste straat in die gruis geskraap en dit Theodor Herzl-straat genoem. Hulle het eenvoudige kleihuisies vir hulleself gebou om in te woon.

Min het hierdie setlaars geweet dat Tel Aviv van 1948 af tot in 1980 die hoofstad van die herstelde Israel sou wees, en dat Jode uit alle uithoeke van die wêreld hier sou vestig. Gedurende die onafhanklikheidsoorlog van 1948 het baie Arabiere uit Jaffa gevlug, en in 1949 het Jaffa met die vinnig groeiende Tel Aviv saamgesmelt.

Ná Herzl se heengaan is die belangrike aanvoorwerk wat hy gedoen het, deur ander Joodse leiers voortgesit – ook die samesprekings wat hy met die Britse regering oor die vestiging van 'n tuisland vir die Jode gevoer het. Brittanje sou in die jare wat kom 'n belangrike rol vervul om die moderne Joodse staat moontlik te maak.

## Chaim Weizman – die fondamentlêer

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het Brittanje en die geallieerde magte 'n groot krisis as gevolg van 'n gebrek aan genoeg plofstof in die gesig gestaar, en as gevolg daarvan gevaar geloop om die oorlog te verloor. 'n Onverwagte wending het egter gekom toe 'n beroemde Joodse chemikus van die Manchester-universiteit, Chaim Weizman, 'n kragtige nuwe plofstof ontdek het. Dit het as TNT bekend gestaan en kon teen 'n lae koste vervaardig word. Hy het dit vir die Britse regering aangebied, en dit was een van die deurslaggewende faktore

vir die geallieerdes se oorwinning in die oorlog.

Die regering het aan Weizman gevra wat hy graag as beloning wou hê. Sy antwoord was: “Ek wil nie geld hê nie. Bevry net vir Palestina en laat die Jode toe om daar te vestig.” In reaksie hierop is die Balfour-deklarasie op 2 November 1917 uitgereik, waarin daar onder meer gesê word: “Die Britse regering is ten gunste van die skepping van Palestina tot ‘n nasionale tuiste vir die Joodse volk.”

‘n Maand later is Palestina deur die Britse weermag onder die leiding van genl. Allenby verower. Hoe verskillend was die beleg en inname van Jerusalem nie van dié van Nebukadnésar in 586 v.C., Titus in 70 n.C. en die Turke in die Middeleeue nie! In die Britse verowering is geen skoot geskiet en nie ‘n enkele lewe verloor nie. Genl. Allenby, wat ‘n ware Christen was, wou niks vernietig in die stad waar die Here Jesus tydens die laaste week van sy aardse bediening gewandel het, gekruisig en begrawe is en uit die dood opgestaan het nie. Hy het die situasie aan koning George verduidelik en advies gevra oor hoe hy moes optree. Die koning het aan hom ‘n boodskap van net een woord gestuur: “Bid!” Dit is ook presies wat die generaal gedoen het, en dit was die geheim vir sy vreedsame oorname.

Die Turke in die stad het skielik baie vreesbevange geraak en ‘n afvaardiging na die Britse magte gestuur om oor te gee. Toe hulle by genl. Allenby se tent aankom, was hy en sy offisiere juis besig om hiervoor te bid. Op 11 Desember 1917 het genl. Allenby en sy manskappe deur Jerusalem gemarsjeer en vrede en beskerming aan al die inwoners gebied. Op 24 Julie 1922 het die Volkebond aan Brittanje ‘n mandaat oor Palestina toegestaan. Turkye, wat aan Duitsland se kant in die oorlog was, het al sy regte oor dié gebied verloor.

Sedert hierdie tyd het groot getalle Jode uit alle dele van Europa, Asië en Afrika na Palestina geëmigreer. Hulle het die land begin opbou en woestynstreke in vrugbare landbou-gebiede omskep. Die Hebreeuse taal het ook weer herleef. Chaim Weizman is as die kommissaris van Palestina aangestel. Hy het ‘n stabiele regering uit die geledere van die immigrante saamgestel. Toe die Britse mandaat oor Palestina op 13 Mei 1948 verstryk, was Weizman en die ander leiers gereed om volle beheer oor die gebied oor te neem. Hy het aangekondig dat die Joodse staat gestig is, en dat dit as die staat van “Israel” bekend sou staan. Amerika was die eerste land wat die nuwe staat se onafhanklikheid erken het. Chaim Weizman was tot met sy dood in 1952 die eerste president van Israel, waarna hy deur David Ben Gurion opgevolg is, wat sedert 1948 die eerste minister was.

## ‘n Stormagtige geboorte

Die geboorte van die moderne Joodse staat in die nag van 14 Mei

1948 was ‘n wonderwerk van God, en in die jare daarna was sy reddende regterhand dikwels op ‘n dramatiese wyse in die lotgevalle van hierdie volk werksaam. Terselfdertyd het Israel se Arabiese bure wat op grond van die Moslem-geloof selfverklaarde vyande van Israel was, in woede en met geweld op hulle nuwe buurstaat in die Midde-Ooste gereageer. Daar is byna sonder ophou doodsdreigemente teen Israel uitgespreek: “Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie” (Ps. 83:5). Die meer as 40 miljoen vyandige Moslem-bure van Israel wou hierdie nuwe staat met sy 760 000 Joodse inwoners in die kiem smoor deur dit in ‘n vroeë stadium totaal te vernietig.

Op 15 Mei 1948, toe die Engelse Israel verlaat het, het ses Arabiese state oorlog teen Israel verklaar: Egipte, Jordanië, Sirië, Irak, Libanon en Saoedi-Arabië. Hulle het hulself uit die staanspoor egter met die Here se ingryping en Israel se militêre vernuf misreken. In die proses is die twee uiterstes van die tipies Arabiese mentaliteit duidelik geopenbaar. Indien hulle in ‘n magsposisie is, ontaard hulle onder die leiding van oorlogsugtige tiranne gou in wreedaards en onderdrukkers. Indien daar egter ‘n sterker mag teen hulle gemonster word, raak hulle totaal gedemoraliseer, hys die wit vlag of slaan op die vlug. Tydens Israel se onafhanklikheidsoorlog in 1948 het 600 000 Arabiere uit die land gevlug, en tydens 1949 se wapenstilstand was die grondgebied van die nuwe staat reeds heelwat groter as ‘n jaar vantevore. Jerusalem is in ‘n Jordaniese en Israelse deel verdeel met die Ou Stad (Bybelse Jerusalem) onder Jordaniese beheer.

Israel het die Palestynse vlugtelinge nie toegelaat om terug te keer nie, en hulle is in kampe in aangrensende Arabiese state (veral in Jordanië en Libanon) gehuisves. Hieruit het die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PBO) van Jasser Arafat sy oorsprong gehad, waardeur Palestyne binne én buite Israel teen die Joodse staat gemobiliseer is. Dwang is ook op Arabiere buite Israel gelê om hierheen te verhuis en sodoende die geledere van die Palestynse volk kunsmatig te verhoog ten einde sterker interne weerstand teen Israel te kan bied.

## Die 1956-oorlog

As gevolg van die onversoenlike houding van Israel se bure was die verhouding met hulle deurentyd gespanne. Hulle wou nie vrede met Israel sluit en dié staat se bestaan formeel erken nie. Van die begin af het grensbotsings aanhoudend voorgekom, die hawe van Eilat is geblokkeer en die Seuzkanaal het vir Israelse skepe gesluit gebly. Die Arabiese state wou ook verhinder dat Israel die Jordaanrivier se water met pypleidings weglei om die Negef-woestyn te besproei.

Die spanning het opgelaai totdat Israel in Oktober 1956 vir Egipte

aangeval en die hele Sinai-skiereiland beset het. Deur internasionale bemiddeling het Israel later ingestem om van die meeste van die besette gebiede afstand te doen.

## Die Sesdaagse Oorlog

In Mei 1967 het die politieke en militêre spanning tussen Israel en die Arabiese lande kritiek geraak en alle pogings deur Israel om die toestand te verlig, het misluk. Egipte se leërs het in opdrag van president Nasser aanvalstellings in Sinai ingeneem, terwyl die Verenigde Arabiese Republieke (Jordanië, Sirië en Irak) gesê het dat hulle op die punt gestaan het om Israel heeltemal te vernietig. Op 5 Junie 1967 het die Joodse staat egter tot die aanval oorgegaan in 'n dramatiese oorlog wat net ses dae lank geduur het.

Op 'n wonderbaarlike wyse het die Here aan Israel die oorwinning geskenk. Baie van Egipte se vegvliegtuie is op die grond verwoes nog voordat hulle kon opstyg, en 'n groot tenkdivisie het sonder weerstand oorgegee. Israel se Messias-verwagting het sterk opgevlam en hulle het selfs 'n stel posseëls oor "Die Komende Een" uitgereik.

In hierdie paar dae is Bybelse Jerusalem (die Ou Stad, of die Stad van Dawid) asook die aangrensende Wesbankgebied tot teenaan die Jordaanrivier, van Jordanië verower en by Israel ingelyf. Die Tempelberg is ook in die verowerde gebied van Oos-Jerusalem geleë, en beheer hieroor was 'n lank gekoesterde ideaal in Israel. Gevoelvolle tonele het hulle by die Westelike Muur van die Tempelberg (die sg. Klaagmuur) afgespeel, waar Israeli-soldate én burgerlikes gebede van danksegging aan God geoffer het. Hierdie muur is die enigste oorblyfsel van die tempel wat in die eerste eeu (70 n.C.) deur die Romeine verwoes is pas voordat Israel se internasionale verstrooiing begin het.

Die verhouding tussen Israel en sy bure het egter gespanne gebly omdat geen vrede ná die Sesdaagse Oorlog gesluit is nie – die gevegte is deur die bemiddeling van die Verenigde Nasies gestaak sonder dat 'n formele vredesooreenkoms gesluit is. Aan die begin van 1972 het die toestand sodanig versleg dat Egipte, hierdie keer onder die bewind van president Sadat, weer die vernietiging van Israel aangekondig en vir oorlog voorberei het.

## Die *Yom Kippur*-oorlog

Die *Yom Kippur*-oorlog het op 6 Oktober 1973 op die Groot Versoendag uitgebreek, wat die belangrikste godsdienstige vakansiedag in Israel is. Die weermag was op hierdie dag gedemobiliseer en dus onkant betrap. Die aanslag aan die Egiptiese en Siriese fronte was besonder hewig en die Russiese wapentuig baie gesofistikeerd. Nadat Israel aanvanklik groot verliese gely het, het hulle gaandeweg beheer oor die situasie oorgeneem en uiteindelik die oorlog gewen.

Daarna het daar weer ‘n relatiewe kalmte aangebreek. Ná enkele jare het die spanning weer begin oplaai terwyl die Arabiere hernude voorbereidings vir oorlog teen Israel getref het.

## Jerusalem as hoofstad

‘n Baie belangrike baken op die pad van Israel se herstel was die verklaring van Jerusalem tot die ewige en onverdeelbare hoofstad van Israel in 1980, toe die eerste minister sy kantoor van Tel Aviv af hierheen verskuif het. Dié stap is gedoen te midde van oproepe dat Jerusalem ‘n internasionale status moet hê waarin Jode, Moslems en Christene ewe veel regte het. Israel kon egter die druk weerstaan en by hulle besluit hou dat hierdie stad, wat sowat 3 000 jaar gelede deur koning Dawid verower is, hulle eie en onverdeelbare hoofstad is. Volgens Lukas 21:24-32 is die herstel van Jerusalem die voorspel tot die apokaliptiese gebeure wat aan die einde van hierdie laaste geslag die wederkoms van die Messias vooraf sal gaan.

Die Arabiese nasies, en veral die Palestyne in Israel, was hoogs ontsteld oor die gebeure in Jerusalem en het ‘n heilige oorlog (*jihad*) teen Israel verklaar. Deur die sterk bedingingsmag wat verskeie Arabiese lande se olierykdomme aan hulle bied, het hulle die internasionale gemeenskap beïnvloed om nie Jerusalem se nuwe status as Joodse hoofstad te erken nie. Hulle intimidasieveldtog was geslaagd, en binne enkele weke is alle internasionale ambassades wat intussen kantore in Jerusalem geopen het, weer terug na Tel Aviv verskuif.

In die kritieke tyd in September 1980, toe ‘n omstrede Jerusalem deur die nasies in die steek gelaat is, het ‘n paar honderd Christene vir die eerste keer in die geskiedenis die loofhuttefees in Jerusalem gevier. Ten spyte van die antagonisme wat ortodokse Jode teenoor Christene openbaar, is hierdie gelowiges met ope arms aanvaar op grond van ‘n Ou Testamentiese profesie dat die nasies in die eindtyd, nadat die Messias gekom het, hierdie fees in Jerusalem sal kom vier (Sag. 14:16-17). By hierdie eerste geleentheid is die Internasionale Christen-ambassade in Jerusalem gestig ten einde Christelike ondersteuning vir Israel te werf en ook Israel se Bybelse mandaat oor hulle land, asook die stad Jerusalem, te erken.

Die vyande van Israel het egter onverpoosd voortgegaan om die land se ondergang te beplan en met die hulp van moderne Russiese wapens voorbereidings vir ‘n volgende vernietigingsoorlog begin tref. Die vyandigheid teen Israel het telkens weer nuwe momentum gekry.

## Die 1982 inval in Libanon

Die gebeure wat in 1980 in Jerusalem plaasgevind het, het hernude spanning tussen Israel en die Arabiere geskep. Jasser Arafat het Moskou besoek en op hoë vlak ‘n Russiese belofte verkry om die

Palestynse Bevrydingsorganisasie (PBO) daadwerklik in sy stryd teen Israel te help. Terwyl daar in Jerusalem feesgevier is omdat die stad vir die eerste keer sedert die Babiloniese ballingskap die hoofstad van 'n onafhanklike en vrye Israel was, het die Russe in die Libanese dorp Sidon 'n geheime militêre basis van geweldige afmetings gebou. In die ondergrondse bunkers is genoeg wapens vir 'n leër van meer as 'n halfmiljoen soldate geberg – en dit in 'n stadium toe daar net 19 000 "vryheidsvegters" in die PBO was.

Israel was bewus van die magsopbou wat ook in ander plekke in Libanon aan die gang was, en het in 1982 'n militêre aanval op hierdie land gedoen. Hulle het die wapenopslagplek in Sidon ontdek en 4 000 ton wapens buitgemaak. Hierdeur is 'n Russiese plan in sy finale stadium gefnuik om Israel deur Arabiese bemiddeling in te val en die land aan die Palestyne oor te lewer.

As gevolg van Sirië se militêre besetting van Libanon, is hulle ook by Israel se aanval op hierdie land betrek. Sirië het egter in die eerste week van die oorlog 80 MIG-vliegtuie verloor wat deur Israelse vegvlieëniers afgeskiet is, terwyl Israel self nie 'n enkele vliegtuig verloor het nie. Weer eens het daar van die Arabiese volke se vernietigingsplanne teen Israel niks gekom nie. Tydens hierdie oorlog is Israel nie, soos in die vorige oorloë, van alle kante af aangeval nie. Egipte het sy wankelrige vredesooreenkoms met Israel eerbiedig, Irak was in 'n oorlog teen Iran gewikkel en Jordanië was bang om Israel sonder genoeg bondgenote aan te durf.

Ná 1982 het Israel dele van Suid-Libanon militêr beset ten einde aanvalle op sy grondgebied beter te kan bekamp. In hierdie tyd is die Hizboellah (Party van Allah) met Iranse en Siriese hulp gestig om vanuit Libanon aanvalle op Israel te doen. Hulle word van moderne wapentuig voorsien, insluitende vuurpyle wat deur Iran aan hulle gelewer word. Aanvalle deur Hizboellah-terroriste was een van die belangrike faktore wat daartoe gelei het dat Israel in Mei 2000 sy besetting van Suid-Libanon beëindig en uit die gebied teruggetrek het.

## Die *Intifada* van die PBO

Sedert 1980 het die PBO 'n binnelandse terroristestryd teen Israel gevoer, wat as die *Intifada* bekend staan. Hulle belangrikste wapen is selfmoord-bomaanvalle op Israeli's in busse, restaurante en ander openbare plekke. Die groep wat hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik is, is Hamas (die Islamitiese Weerstandsbeweging). Hulle het ná Jasser Arafat se dood 'n verkiesing teen die Fatah-party gewen en is 'n baie radikale Palestynse groep wat nie die bestaan van Israel as 'n staat erken nie. Om dié rede is hulle teen vredesooreenkomste met Israel gekant en streef na Palestynse onafhanklikheid met Jerusalem

as hoofstad. Alle Palestyne neem aan die *Intifada* deel, want die klipgooiery, mesgevegte, bomaanvalle, hinderlae en sluipmoord-aanvalle is vir hulle deel van die stryd vir die bevryding van Palestina.

In September 2000 het die *Intifada* teen Israel 'n nuwe, verskerpte fase binnegegaan wat sedertdien ook as die *Al Aksa Intifada* bekend staan. Betogings en onluste het by die Al Aksa-moskee uitgebreek toe Israelse kabinetslede 'n besoek aan die Tempelberg gebring het. Die Moslems het dit as 'n duidelike gebaar beskou waardeur Israel te kenne gee dat hulle beheer oor die Moslem-oorheerste Tempelberg wil oorneem en die Joodse tempel wil herbou. Hernude druk is daarna uitgeoefen om Moslem-beheer oor Oos-Jerusalem, en uiteindelik oor die hele Jerusalem en groot dele van die Joodse gebiede, te verkry. Die selfmoord-bomaanvallers word godsdienstig gemotiveer om 'n heilige oorlog (*jihad*) teen Israel te voer, onder die misleidende idee dat hulle hul oë in die paradys sal oopmaak indien hulle sou omkom in bomontploffings waarin Jode of Christene gesterf het.

## Leiers met voete van klei

Israel se leiers is stadig maar seker besig om onder die toenemende druk teen hulle te swig – nie soseer weens die militêre bedreiging nie, maar as gevolg van die politieke druk deur Amerika en die VN om hul land met die Palestyne te deel. Mnr. Sharon het in 2005 'n Joodse onttrekking uit die Gasa-gebied én dele van die Wesbank-gebied gelas. Sy opvolger, mnr. Olmert, het met hierdie beleid voortgegaan en selfs die verdeling van Jerusalem tussen Israel en Palestina in die vooruitsig gestel. Joodse leiers se verswakkende politieke wil word deur die vyand uitgebuit om nog groter aanvalle teen Israel te loods.

## Die bedreiging uit die noorde

Ernstige onheil besig om ten noorde en noordooste van Israel op te bou, veral in Sirië en Iran. Hierdie lande steun ook die Hizboellah-terroriste, wat in 2006 groot missiel-aanvalle op Israel gedoen en die Joodse staat gedwing het om duisende bomme op hulle skuilplekke in Libanon te laat reën – sonder veel sukses.

Iran is besig om in een van Israel se mees aggressiewe vyande te ontaard. Openbare oproepe is al by verskeie geleenthede deur hulle president vir die totale uitwissing van die Joodse staat gedoen. Iran is ook met 'n kernprogram besig om sy posisie te versterk.

## Die vuur van vervolging

Dit is verbasend dat die pad van Israel se herstel deur soveel internasionale haat, oorloë en aanvegtinge loop – asook 'n stryd van binne. Volgens die Bybel gaan dit nog veel erger word, omdat daar 'n tyd van benoudheid vir Jakob voorlê (Jer. 30:7). Die Nuwe Testament verwys

na hierdie verskriklike tyd as die groot verdrukking (Matt. 24:21).

Die feit is dat Israel in 'n ongeredde toestand na hulle land herstel word, om hier in groot benoudheid gebring te word sodat hulle ernstig om hulp tot die Here sal roep – net soos wat hulle voorvaders ook in Egipte gedoen het toe hulle erg deur Farao verdruk is. Die Here sê dat Hy hierdie ongehoorsame volk in Jerusalem bymekaar sal maak om die vuur van sy toorn teen hulle aan te blaas sodat 'n oorblyfsel gered kan word (Eseg. 22:19-20). Al die probleme is dus as 'n loutering en toetsing vir Israel bedoel. Tot dusver het hulle as volk nog nie op die toetsing en probleme gereageer nie, daarom gaan hulle probleme in die nabye toekoms nog aansienlik groter word, tot op dié punt waarin hulle in hul nood tot die Messias sal roep (Hos. 5:15).

Die benoudheid waarin Israel volgens die wil van die Here beland, is egter geen regverdiging aan hulle vyande om die volk van God te haat en te vervolg nie. Die Here sal Israel se vyande straf weens die feit dat hulle Israel nie geseën het nie, maar eerder vervloek en probeer uitwis het (Gen. 12:3). Ten spyte van al die teenkanting van die vyande, asook die ongeloof van Israel self, moet die herstel van God se volk in hulle land onverpoosd voortgaan, waar 'n groot en verhewe toekoms op 'n gelowige oorblyfsel van hulle wag.

## Die eksodus uit Rusland

Te midde van al die dramatiese gebeure in die Midde-Ooste het 'n groot vyand van die Jodendom, nl. Rusland, in 'n baie ernstige politieke en ekonomiese krisis beland. Ná bykans 'n eeu van Joodse vervolging en streng beperking op emigrasie na Israel, het die kommunistiese diktatuur in hierdie land tot 'n val gekom. As gevolg daarvan het die deur in Rusland skielik wyd oopgeswaai sodat groot getalle van die meer as twee miljoen Russiese Jode na die land van hulle vaders kon terugkeer. 'n Geweldige uittog het gevolg, en dit is 'n letterlike vervulling van die volgende profesie:

> Daarom, kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat daar nie meer gesê sal word: So waar as die Here leef, wat die kinders van Israel uit Egipteland laat optrek het nie; maar: So waar as die Here leef, wat die kinders van Israel laat optrek het uit die Noordland (Rusland, ten noorde van Israel), en uit al die lande waarheen Hy hulle verdryf het. Ja, Ek sal hulle terugbring in hulle land wat Ek aan hulle vaders gegee het. Kyk, Ek stuur baie vissers, spreek die Here, wat hulle sal vang, en daarna sal Ek baie jagters stuur wat hulle sal opjaag, van elke berg en van elke heuwel en uit die klipskeure (Jer. 16:14-16).

Die groot instroming in Israel word verwelkom, maar dit skep ook ernstige probleme om vir almal blyplek en werk te kry. Baie van die immigrante se versugting teenoor hulle regering is: "Die plek is te nou

vir my; maak vir my plek, dat ek kan woon!" (Jes. 49:20).

Die vissers wat deur die Here uitgestuur word, is evangeliste wat Jode na die Messias lei en hulle sterk onder die indruk van God se wil vir hulle herstel na die land Israel bring. Soms word ortodokse Jode ook op hulle plig gewys om na hulle land te gaan en dit te help beskerm en opbou. Hulle verhuis dan in 'n ongeredde toestand daarheen. Die jagters wat gebruik word is vyandige groepe en regerings wat die Jode vervolg en toestande vir hulle onleefbaar maak, sodat hulle onder dwang en ter wille van oorlewing na Israel vlug.

## 'n Nuwe dag

Die voleinding van Israel se herstelproses sal heerlik wees. Ná die donker nag van die komende groot verdrukking sal die hele oorblyfsel van Israel gered wees. Hulle sal dan in 'n baie besondere sin 'n seën vir die hele wêreld wees (Rom. 11:12). Die Arabiese vyande wat Israel al sedert 1948 feitlik sonder ophou probeer verdelg het, sal in die komende Messiasryk ook Christenvolke wees wat van die verdorwe invloed van Islam bevry sal wees. Hulle sal dan saam met Israel vir Koning Jesus dien:

> In dié dag [dit is die dag van die Here in die komende vrederyk] sal daar 'n grootpad wees van Egipte na Assirië en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië die Here dien. En in dié dag sal Israel die derde wees naas [saam met] Egipte en Assirië, 'n seën in die midde van die aarde, omdat die Here van die leërskare hom geseën het met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel! (Jes. 19:23-25).

Israel sal geseënd wees omdat die Messias in hulle midde as die onbetwiste Koning van die aarde uit Jerusalem sal regeer. Die geestelik herstelde volk van God sal dus hoog in aansien wees. Die Here sê vir Jerusalem en sy inwoners:

> Uitlanders sal jou mure bou, en hulle konings sal jou dien; want in my toorn het Ek jou geslaan, maar in my welbehae het Ek My oor jou ontferm. En jou poorte sal altyddeur oopstaan… om na jou aan te bring die rykdom van die nasies en hulle konings in triomftog. Want die nasie en die koninkryk wat jou nie sal dien nie, sal ondergaan, en dié nasies sal seker verwoes word… En die seuns van hulle wat jou verdruk het, sal gebukkend na jou toe trek; en almal wat jou verag het, sal hulle neerbuig by jou voetsole; en hulle sal jou noem: Stad van die Here, Sion van die Heilige van Israel… Van geweld sal daar in jou land nie meer gehoor word nie – van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie; maar jy sal jou mure Heil noem en jou poorte Lof (Jes. 60:10-18).

Die geredde Israel sal hulleself grootliks in die Here verbly en alle

nasies evangeliseer (Jes. 12:3-6; 40:9). Hierdeur sal hulle die wêreld vol vrugte maak (Jes. 27:6) en die Here sal geëer word (Jes. 28:5). Dit is die wonderlike eindbestemming van die volk van God!

# 3. Die Gelowige Oorblyfsel

Israel was sedert sy vroegste bestaan midde-in die arena waar die groot stryd tussen die ryk van God en die ryk van Satan woed. Die Here het vir Homself ‘n volk uit die heidendom geroep en hulle afgesonder om tot die eer van sy Naam heilig te leef. Hulle moes weerstand bied teen ‘n wêreld wat in die mag van die Bose lê, daarom is hulle ook “Israel” genoem, wat “Stryders vir God” beteken.

Dit is te begrype dat die duiwel, as die groot teëstander van God, alles in sy vermoë sou doen om Israel deur fisiese konfrontasies vanuit die geledere van die vyandige heidennasies te vernietig. Ook sou hy, soos met Eva in die tuin van Eden, subtiele verleidingstegnieke gebruik om die volk van God afvallig te maak. Die groot mate van sukses wat hy hiermee behaal het, het na ‘n geestelike polarisasie in Israel gelei. Deur die eeue heen het baie lede van hierdie volk geestelik afvallig geraak, die rug op die Here gedraai en hulle tot ‘n mensgemaakte vormgodsdiens en selfs afgodediens gewend.

Ten spyte van hierdie afvalligheid het daar altyd ‘n gelowige kern in Israel oorgebly wat waardig was om die beloftes van God te beërf. Selfs in die donkerste uur van die volk se bestaan, toe Elia gedink het dat hy die enigste een was wat nog aan God getrou gebly het, het die Here vir hom gesê dat daar nog seweduisend was wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie. Hierdie gelowige oorblyfsel was altyd ver in die minderheid, maar hulle is die ware Israel van God uit wie die Messias na die vlees gebore is (Rom. 9:4-5).

Verwerp en veroordeel jy Israel as gevolg van die sondes en oortredinge van die meerderheid, of bid jy steeds vir die voortsetting, bewaring en herstel van die volk ter wille van die gelowige minderheid? Paulus het gesê: “Al is die getal van die kinders van Israel soos die sand van die see, net die oorblyfsel sal gered word” (Rom. 9:27). Dit is inderdaad in elke volk op aarde die geval, dat diegene op die breë weg ver in die meerderheid is. Perspektief moet dus ten alle tye behou word, sodat daar nooit veralgemenings gemaak en as gevolg daarvan verdoemende oordele oor ‘n hele volk uitgespreek word nie.

Die moedige optrede van die gelowige minderheid in Israel loop soos ‘n goue draad deur die volk se vier duisend jaar lange geskiedenis. Abraham het gelowig weggetrek toe die Here hom geroep het, en die belofte ontvang dat uit sy nageslag ‘n Verlosser gebore sou word wat ‘n seën vir die hele wêreld sou wees (Gal. 3:8-9,13-14). In

Abraham se voetspore het Isak en Jakob as stamvaders in die volgende twee geslagte ook daartoe bygedra om die grondslag van hierdie besondere volk te lê.

In die wydverspreide afvalligheid wat daarna ingetree het, het die Here manne soos Josef, Moses, Kaleb, Josua, Dawid en die profete geroep, wat dikwels te midde van lewensgevaar die gety van goddeloosheid getrotseer en die weg terug na die Here aangewys het. Omdat hulle geweet het wat in hierdie groot stryd op die spel is, het hulle nie vir opposisie gevrees nie en was meer as bereid om die prys vir hulle optrede te betaal. Josef is in ‘n put gegooi en as ‘n slaaf aan die Midianiete verkoop. Moses moes alleen na die woestyn toe vlug omdat sy volksgenote hom verwerp het nadat hy ‘n Egiptenaar doodgeslaan het. Kaleb en Josua het ‘n minderheidsverslag ingedien toe die ander tien verspieders die volk ontmoedig het om die gevreesde Kanaäniete uit hulle erfdeel te verdryf. As gevolg van hulle vreesloosheid, volle vertroue op die Here en hulle aandrang om die vyande van God die stryd aan te sê, wou die volk hulle stenig. Dawid het ook die bitter beker van verwerping deur sy volksgenote gedrink en baie dae en nagte as ‘n voortvlugtende in spelonke deurgebring. Baie van die profete is vervolg, in gevangenisse opgesluit en selfs doodgemaak! Die Here Jesus is self meedoënloos vervolg, vals beskuldig, vir die prys van ‘n slaaf verkoop en deur die volksleiers oorgelewer om saam met rowers gekruisig te word.

Die Here het die kragtige getuienis van geloofshelde soos hierdie ryklik beloon en hulle gebruik om duisende van hul volksgenote weer uit hulle afvallige toestand na Hom terug te lei. Josef kon as vors in Egipte tydens ‘n groot hongersnood in Egipte tot die redding van al sy broers en hul gesinne kom. Moses is deur die Here gebruik om die hele volk uit hulle slawerny na vryheid te lei en hulle met groot gesag in die weë van die Here te onderrig. Josua het die twaalf stamme die Beloofde Land binnegelei en groot oorwinnings oor die heidennasies behaal vir wie hy as verspieder nie verskrik geraak het nie. Dawid het een van Israel se mees roemryke vegtende konings geword en uit sy geslag is die beloofde Messias gebore. Die profete het die volk op die koms van die Messias-Koning voorberei, en selfs in tye van groot afvalligheid daartoe bygedra dat ‘n gelowige oorblyfsel in Israel vir die Here versamel en in stand gehou word.

Jesus, die Messias, het deur sy lyding en sterwe God se genadewerk onder die oorblyfsel moontlik gemaak omdat die Messiaanse profesieë en die offerdiens van die Ou Testament almal in Hom vervul is. As gevolg van sy offer aan die kruis was geen tempeldiens en bemiddelingswerk deur priesters en profete daarna meer nodig nie. Die voorhangsel in die tempel is geskeur en die weg vir elkeen ge-

open om self in die naam van die Messias tot die genadetroon toe te tree en vergifnis van sondes te verkry. Op Pinksterdag het die kerk van die Nuwe Testament deur die bekering van drieduisend Jode tot stand gekom. Die stryd en die vervolging sou egter voortduur, en ná die uitstorting van die Heilige Gees het die opdrag van wêreldevangelisasie ‘n aanvang geneem. Die arena van die stryd tussen die godsryk en die satansryk is hierdeur na al die nasies uitgebrei omdat die ware gelowiges moet skyn soos ligte te midde van ‘n krom en verdraaide geslag. Benewens die vervolging van die kerk van Christus sou Israel steeds ‘n belangrike teiken vir aanvalle deur Satan bly omdat hulle die draers van talle verbondsbeloftes is wat nog in die toekoms vervul moet word (Lev. 26:44-45; Jer. 31:31-34; Eseg. 36:24-29; Hand. 15:16; Rom. 11:25-32).

Soos in Handelinge beskryf, was vervolging reg van die begin van die kerkgeskiedenis af ook die deel van die Messiaanse Jode, en dit sou deur die eeue heen voortduur. In die 19de eeu was daar volgens J. Gartenhaus in sy boek, *Famous Hebrew Christians,* ‘n groot oplewing in die aantal Jode wat vir Jesus as Messias aangeneem het. Wat die posisie in die 20ste eeu betref, sê ‘n Messiaanse Joodse predikant, eerw. E. Newman, dat daar onder die 16 miljoen Jode voor die Tweede Wêreldoorlog ten minste ‘n halfmiljoen was wat hulle geloof in Jesus as Messias bely het. In die laaste dekades van die 20ste eeu was daar veral in Amerika ‘n groot toename in die bekering van Jode wat Jesus as Messias aangeneem het. Selfs al is daar tans ook omtrent ‘n halfmiljoen bekeerde Jode, verteenwoordig dit slegs 3,8% van die totale Joodse bevolking van sowat 13 miljoen mense.

As gevolg van die intensiewe kosteberekening en hoë prys wat ‘n ortodokse Jood moet betaal om ‘n Christen te word, is die verskynsel van ‘n onwedergebore naamchristendom onder hulle feitlik onbekend. Wanneer hulle besluit om hulle harte vir die Here Jesus te gee, is dit gewoonlik met opregtheid en groot toewyding dat dié stap geneem word. Dit is in skrille teenstelling met die nie-Joodse nasies waarin daar ‘n geweldige groot naamchristendom is – mense wat net aan kerke behoort, maar geen getuienis van wedergeboorte het nie.

Daar moet ‘n duidelike onderskeid tussen geredde en ongeredde Israeliete getref word. Die meerderheid lede van hierdie volk is net in hulle vlees besny en nie in hulle harte nie en is dus nie in die ware, geestelike sin van die woord, Israeliete (Stryders vir God) nie. Dit is met hierdie onderskeid in gedagte dat Paulus sê: “…want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie” (Rom. 9:6). Net diegene wie se harte nuut gemaak is, is waarlik Israeliete, of Jode: “…maar hy is ‘n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie” (Rom. 2:29). Dit is die rede waarom die

Messiaanse Jode hulleself dikwels “completed Jews” noem. Hulle is geestelik lewend gemaak en behoort derhalwe aan “die Israel van God” (Gal. 6:16). Hierdie mense is die gelowige oorblyfsel in Israel. Ons moet nie vervangingsteologie beoefen deur die begrip “Israel” of “geestelike Israel” op die kerk onder die nie-Joodse nasies toe te pas nie, want hierdie begrippe het slegs op geredde Israeliete betrekking.

Die moderne geloofshelde onder die oorblyfsel van Israel het met net soveel stryd en teenkanting as hulle broeders en susters in die vroeë Christelike kerk te doen. Hieronder volg enkele getuienisse van sulke manne en vroue wat kragtig deur die Here as herders onder die groot meerderheid verlore skape van Israel gebruik is, om ook onder dié volk ‘n oorblyfsel vir sy Naam behoue te laat bly.

## Leopold Cohn

Rabbi Leopold Cohn is in die 19de eeu in Berezna in Oos-Hongarye gebore. Ná sy 13-jarige bevestiging (*Bar Mitzvah*) het hy besluit om homself as ‘n rabbi te bekwaam en ‘n geestelike leidsman onder sy eie mense te word. Gedurende sy studentejare het die brandende probleem van sy volk se internasionale verstrooiing (diaspora) en die lang wag op die Messias aan hom geknaag. Tydens sy bediening het hy baie tyd aan gebed en navorsing hieroor gewy. ‘n Deel van sy oggendgebed was ‘n herhaling van Artikel 12 van die Joodse geloofsbelydenis: “Ek glo met ‘n volkome geloof in die koms van die Messias, en alhoewel Hy vertoef, sal ek daagliks sy koms verwag.”

Die gereelde uitspreek van hierdie woorde het die begeerte van sy hart na die vervulling van God se beloftes en die spoedige herstel van die verstrooide Israel só in sy binneste laat opvlam dat hy nie langer met die formele gebede tevrede was nie. Snags het hy op die kaal vloer gaan sit om die verwoesting van die tempel te betreur en God te smeek om die koms van die Messias te verhaas. Vrae soos: “Waarom vertoef die Messias?” en “Wanneer sal Hy dan kom?” het dikwels die jong rabbi se gedagtes geteister. Op ‘n dag het hy die volgende aanhaling in die Talmoed gekry (‘n Joodse kommentaar met godsdienstige oorlewerings, etiese beskouings en leefreëls): “Die wêreld sal sesduisend jaar lank bestaan. Daar sal tweeduisend jaar van wanorde wees, tweeduisend jaar onder die Wet en tweeduisend jaar van die Messias se tyd.”

Met opgewonde belangstelling het hy hom tot die geskrifte van Rashi gewend, wat ‘n vooraanstaande Joodse verklaarder was, maar dit het nie veel gehelp nie: “Ná die tweeduisend jaar sal die Messias kom en die goddelose koninkryke vernietig.” Dit het die oplossing van sy probleem nog moeiliker gemaak, want volgens die Talmoed se berekening moes die Messias lankal reeds gekom het. In plaas daar-

van het die internasionale verstrooiing van Israel aangebreek, wat een van die bitterste feite in hulle geskiedenis is om van rekenskap te gee. Hoe moes dit verklaar word?

“Kan dit moontlik wees,” het Leopold Cohn homself afgevra, “dat die bestemde tyd vir die koms van die Messias sonder die vervulling van die belofte verbygegaan het?” Erg verward het hy besluit om die oorspronklike profesieë oor Israel se toekoms in die Ou Testament te raadpleeg. In Daniël 9 het daar vir hom lig begin opgaan, en hy het ‘n skatkamer van verborge waarhede ontdek. Uit Daniël 9:24 het hy afgelei dat die profesie oor die 70 jaarweke ‘n tydperk van 490 jaar voorstel. Gewoond aan die ingewikkelde en dikwels abstrakte redenasies van die Talmoed, is die rabbi deur die duidelike stellings in die Woord van God bekoor. Hy het spoedig die betroubaarheid van die Talmoed in twyfel getrek omdat dit in verskeie belangrike opsigte van die Skrif verskil. Sy gebed tot die Here was: “Open my oë dat ek die wonders in u Wet kan sien.”

Die Nuwe Testament was tot in daardie stadium vir Cohn nog ‘n geslote boek en hy het nie daarin na antwoorde gesoek nie. Hy het in dié tyd die hulp van ‘n ouer rabbi in ‘n naburige dorp oor sy twyfel in verband met die Talmoed gesoek. Hierdie rabbi het hom egter uitgeskel en ‘n stortvloed beledigings en lasterlike uitlatings oor hom uitgespreek. In woede het hy bygevoeg: “Het jy dan onderneem om die ondeurgrondelike bloot te lê? Jy is nog skaars uit die dop en jy het al klaar die vermetelheid om beswaar teen die leer van die Talmoed te maak! Is die leer van ons meesters nie meer vir jou goed genoeg nie? Jy praat presies soos die Amerikaanse afvalliges wat glo dat ons Messias reeds gekom het. Wees gewaarsku dat as jy met hierdie lasterlike gedagtes aanhou, jy met skande daarvan sal afkom en van jou pos onthef sal word. Miskien sal jy dan ook by daardie afvalliges in Amerika gaan aansluit.”

Teleurgesteld en verpletterd het die rabbi afskeid geneem, maar die gedagte het by hom vasgesteek: Amerika – die land van vryheid. Daar kon hy sy navorsing voortsit!

In Maart 1892 het rabbi Cohn in Amerika aangekom en spoedig met Messiaanse Jode kontak gemaak. Hy het ‘n Hebreeuse Nuwe Testament gekry, en by die lees van die eerste sin daarvan het hy diep in sy hart geweet dat die einde van sy soektog aangebreek het: “Die geslagsregister van Jesus Christus (Jeshua Ha Mashiach), die seun van Dawid, die seun van Abraham.” Vir die eerste keer het hy die beeld van die lydende Messias in Jesaja 53 verstaan. Hoewel dit aanvanklik baie sielswroegings vir hom meegebring het, het hy besef dat Jeshua, die Messias, die Een in wie Israel verheerlik sal word, dieselfde as die Jesus is wat deur die Christene aanbid word.

Hy het sy lewe aan die Here Jesus gewy en belowe dat hy Hom sou dien, ongeag wat dit sou kos. Die koste was inderdaad hoog. Die ortodokse Jode het hom as ‘n verraaier bestempel en selfs planne beraam om hom dood te maak. Vriende het hom gehelp om na Skotland te vlug waar hy sy teologiese studies oor die Bybel voortgesit het. In 1893 was hy weer terug in New York en het evangelisasiewerk onder sy eie mense gedoen. Dit was moeilike dae – die koskas was dikwels leeg en hy het ook sy vrou se juwele verkoop om die huur van die eenvoudige saaltjie te betaal. Van sy grootste beproewings het egter gekom van valse broeders wat voorgegee het om eensgesind met hom te wees. Een middag moes hy ‘n Nuwe Testament aflewer by ‘n huis waar ‘n kopie deur ‘n onbekende persoon aangevra is. Toe hy daar aankom, het ‘n sterk man hom aangeval, met die vuis geslaan, op hom getrap, daarna sy ore gegryp en sy kop herhaaldelik teen die vloer gestamp met die woorde: “Hierdie ore wat van Sinai gehoor het dat ons geen vreemde gode mag hê nie, en nou na die Christene se afgode luister, moet afgeruk word!”

Cohn het met ‘n bebloede gesig huis toe gegaan, maar dit was die bloed van een wat vir die waarheid gely het. Jesus het self gesê dat ‘n leerling nie hoër as sy meester is nie, en as die mense Hom geslaan en vervolg het, sal hulle dit met ons ook doen (Joh. 15:20). Deur sy toegewyde diens het eerw. Cohn ‘n aansienlike Joodse Messiaanse gemeente opgebou. Daar was groot waardering en erkenning vir sy werk om ‘n oorblyfsel in Israel te help versamel, en in 1930 het die Wheaton-kollege in Illinois in eredoktorsgraad in die teologie aan hom toegeken.

Leopold Cohen was ‘n onverskrokke soldaat van die kruis en een van die groot gawes van Jesus Christus aan sy kerk op aarde.

## Albert Nathan

Albert Nathan was ‘n seun van ortodokse Jode. In die gemeenskap waarin hy opgegroei het, is met die Christelike geloof gespot en Jode wat Christene geword het, is verag. Toe Nathan 19 jaar oud was, het hy op ‘n sakereis na Amerika vertrek. Hy was van plan om in die ses maande soveel as moontlik wêreldse plesier te geniet. Op een van sy wandeltogte deur die strate van New York het hy pragtige sang in ‘n saal gehoor. Hy het gedink dat dit ‘n konsert was en ingegaan en naby die koor gaan sit. Wat was sy ontsteltenis nie groot toe hy gehoor het dat die sang tot die eer van Jesus Christus was nie! Hy wou dadelik weer uitgaan, maar dit was nie so maklik nie. ‘n Paar dames en mans by die deur het vir hom gevra: “Sing ons dan só lelik dat jy nou al wil loop? Jy is baie welkom om te bly.” Hy wou naby die deur sit, maar is tot voor die koor geneem en ook ‘n Bybel en ‘n liedere-

boek gegee. Hy het soos ‘n gevangene daar gesit.

In die tyd van gebed wat aangebreek het, was Nathan baie beïndruk om te hoor hoe kinderlik intiem die mense met hulle barmhartige hemelse Vader praat. Soos weerlig het die gedagte hom getref: God is my barmhartige Vader en Hy soek my om my van my sondes en ydelheid te verlos. Ná die byeenkoms het die solosanger hom na sy kamer genooi en gevra: “Wel, broer, wandel jy in die lig van die Saligmaker?” “Hoe kan ek,” was Nathan se antwoord, “ek is nie ‘n Christen nie, ek is Joods.” “O, hoe bly is ek om dit te hoor,” het die jongman gesê, “Jesus het in die eerste plek *na* die Jode en *vir* die Jode gekom.” Hulle het saam gebid en Nathan het die Here Jesus as sy Verlosser en Leidsman aangeneem.

Hierdie besluit het met groot stryd gepaard gegaan. Hy het besef dat hy nie net van die wêreld geskei sou wees nie, maar ook van sy vader en moeder, en dat hy deur hulle sowel as sy ander familie en vriende verwerp en vervloek sou word. In antwoord op ‘n brief waarin hy sy ouers van sy besluit in verband met die Messias vertel het, het sy moeder wat hom innig liefgehad het, geskryf: “Ek sou jou liewer dood wou gesien het as om hierdie brief te ontvang.” Gedurende die maande-lange stryd wat gevolg het, het Nathan deur gebed en Bybelstudie vasgehou aan die liefde en ontferming van Hom wat in sy plek die wêreld se haat en veragting én ook die kruis gedra het.

Albert Nathan het sy Verlosser deur die doop bely en ná ‘n studie van vier jaar voltydse evangelisasiewerk gaan doen. Gedurende die 19 jaar waarin hy in Amerika, Marokko en Spanje die goeie nuus van die Messias verkondig het, het hy vele Jode, Arabiere en Spanjaarde na die Here gelei. Sy opofferende lewe en opregte liefde vir die Here Jesus het almal se harte gewen met wie hy in aanraking gekom het. Met Albert se vroeë heengaan op 43-jarige ouderdom het baie van die Marokkaanse Jode wat die lig van die Messias deur sy bediening gesien het, saam oor hom getreur.

In een van Albert se laaste preke was sy teks: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Gal. 2:20).

## Hermann Liebstein

Hermann Liebstein is in Rusland gebore. Ná sy studies het hy ‘n tyd lank in Boekarest en Konstantinopel (Istanboel) vertoef voordat hy Engeland toe gegaan het. Sy ouers was ortodokse Jode, maar hy was ‘n vrydenker wat homself nie veel aan godsdiens gesteur het nie.

In Engeland het hy onder die bearbeiding van die Joodse Sending die Nuwe Testament begin lees. Hy het dit met Ou Testamentiese

profesieë vergelyk en toe ontdek dat Jesus die Messias is. Sy finale beslissing het by die lees van Jesaja 53 gekom. Sou hy nie aan Hom, sy Messias, op wie God ook sy sonde geplaas het, en wat ook ter wille van sy oortredinge deurboor en ter wille van sy ongeregtighede verbrysel is, sy hele hart en lewe wy uit dankbaarheid vir so 'n groot offer wat ook vir hom die hemel oopgesluit het nie? Hy het wel bekommerd gevoel by die gedagte aan die leed wat hy sy ou vader en dierbare moeder sou aandoen, maar het sy Messias dan nie gesê nie: "Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie"? Satan en die Heilige Gees het om sy siel gestry, maar die groot Oorwinnaar het die oorwinning behaal.

Hermann Liebstein het homself volkome aan die Here Jesus oorgegee en hom ook laat doop. By dié geleentheid het hy gesê: "Christenvriende, ek besef dat 'n baie belangrike en plegtige oomblik van my lewe aangebreek het. Ek sal nou voor die aangesig van die Almagtige God en voor hierdie groot gemeente my geloof in die Here Jesus in die openbaar bely. Ek weet dat hierdie belydenis my ongelowige vriende kwaad sal maak, en dat ek ook my dierbare moeder se hart met smarte sal deurboor. Ek weet ook dat die weg na heerlikheid deur droefheid en stryd gaan. Tóg neem ek met vreugde die kruis op wat onse Here gedra het vir elkeen wat in Hom glo. Ook ag ek dit as 'n eer om waardig te wees om vir sy Naam te ly."

Liebstein was 'n besonder ywerige Christen, en was altyd bereid om sy hulp aan te bied. As prokureur het hy ook gratis advies oor regsake aan die broeders gegee. Baie jare lank was hy 'n aktiewe lid van die Britse Sending onder die Jode en het dikwels sonder vergoeding groot dienste aan die sending bewys. Oral het die mense van hom gehou, en ná sy vertrek was almal nog diep onder die indruk van sy edel karakter. Wat hy gedoen het, het altyd van die grootste deeglikheid getuig. Sy gepubliseerde "Verklarende aantekeninge by die Openbaring van Johannes" is 'n bewys daarvan dat hy 'n Geesvervulde geleerde en 'n praktiese Bybelverklaarder was. Hy was ook 'n goeie spreker en het dikwels op uitnodiging boodskappe gebring.

Hermann Liebstein se vertrek na die Vaderhuis het die kerk armer gemaak, maar die Here is getrou om telkens weer kragtige helde op te wek om sy Woord te volbring.

## Chaim Gurland

"Ek het in twee verskillende wêrelde geleef, eers as 'n ortodokse Jood en toe as 'n Christen – eers in 'n beperkte wêreld van vrees en bygeloof onder die vloek van die wet; toe, deur die genade van God, het ek uit die duisternis tot die lig deurgedring – uit die dood tot die lewe. Sedert dié tyd was ek bevoorreg om 'n boodskapper van die

evangelie te wees. Ek het die goeie nuus van God se genade deur die versoening van Jesus, die gekruisigde, aan Jode én nie-Jode verkondig, want ek staan in ‘n verpligting teenoor beide van hulle.”

Hierdie woorde is deur Chaim Gurland geskryf, die seun van ‘n ywerige rabbi in Litaue. Op die ouderdom van vyf jaar het hy al intensiewe onderrig in die Woord van God ontvang. Hy het die verhaal van Elia so liefgehad dat hy op ‘n dag van die huis af weggeloop het om soos Elia in die hemel opgeneem te word. Dit het dae lank geneem voordat die halfverhongerde seun opgespoor is.

Chaim se ouers wou hê dat hy ‘n rabbi moes word, wat hy ook gedoen het. Die drie jaar lange studie aan ‘n rabbynse seminarie het hom egter totaal aan die goddelike oorsprong van die Talmoed laat twyfel. Hy het geen vrymoedigheid gehad om hierdie leerstelling te verkondig nie, en oor sy bevestiging as rabbi het hy daarna geskryf: “Dit was die vreeslikste en ongelukkigste dag in my hele lewe.” In die sinagoge het hy die Talmoed openlik veroordeel en die hoorders tot ‘n debat daaroor uitgedaag. Niemand wou die uitdaging aanvaar nie, en die hoofrabbi het geëis dat hy sy negatiewe stellings oor die Talmoed moes terugtrek. Hy het geweier om dit te doen en moes toe uiteindelik twee jaar later as rabbi bedank.

As ‘n private onderwyser het Chaim ‘n karige bestaan gemaak, en op ‘n dag het ‘n smous aan hom ‘n Hebreeuse Nuwe Testament gegee. Hy het die eerste keer oor Jesus se bergpredikasie gelees, asook die briewe van Paulus en ander gedeeltes. Dit het egter nuwe twyfel gebring en groot droefheid het oor hom toegesak. Kort hierna het hy van pastoor Faltin gehoor wat kontak met Jode in Kishinef gehad het. Die pastoor het aangebied om aan hom tekenlesse en onderrig in Duits te gee, indien Chaim bereid sou wees om saam met hom deur die Hebreeuse Bybel te lees sodat hy sy kennis van Hebreeus kon verbeter. Chaim het ingewillig.

Met die leerprogram het hulle op ‘n dag by Jesaja 53 uitgekom, wat een van die wonderlikste gedeeltes oor die lydende Messias in die Bybel is. Die Jode lees nooit hierdie hoofstuk nie, omdat hulle weet dat die Christene dit as ‘n duidelike beskrywing van die Messias se lyding, sterwe en opstanding beskou. Chaim het die pastoor versoek om dit nie te lees nie, waarop hy geantwoord het: “Ek sal bid dat God u die moed sal gee om gewillig te wees en met sy waarheid en reddende genade bekend te raak.”

Die eertydse rabbi het hieroor nagedink en ingewillig om Jesaja 53 te lees. Eers het die pastoor egter van die Messias se lyding en sterwe in die Nuwe Testament gelees. Daarna het hulle toe die profetiese hoofstuk gelees wat 700 jaar voor Christus se geboorte geskryf is. Chaim Gurland het erken dat dit ‘n volmaakte weergawe van Jesus

se lyding is, asook wat op Golgota vir verlore sondaars bewerkstellig is. Ná verdere breedvoerige gesprekke het Chaim en sy vrou die Here Jesus as Messias aangeneem.

Die Joodse gemeenskap was geskok en verontwaardig toe hulle hoor dat rabbi Gurland in pastoor Faltin se kerk gedoop sou word om daarmee openlik sy geloof in Jesus te bely. Sommige van hulle was so verwoed oor sy voorneme dat hulle aan hom geskryf het dat sy doop skandelik en rampspoedig vir die Jode sou wees. Hulle het gesê dat ‘n aantal Jode ‘n eed geneem het om hom, indien hy sou waag om daarmee voort te gaan, ná die doop in die kerk te vermoor. Pastoor Faltin het hom gevra of hy nie liewer stil in die pastorie gedoop wou word nie. Sy antwoord hierop was: “Nee, Jesus Christus is ‘n lewende en magtige Redder. Hy kan my beskerm. Indien Hy dit nie doen nie, is ek ook gewillig om vir Hom te ly en te sterwe.”

Op Gurland se doopdag was daar ‘n groot beroering onder die Jode. Die kerk was stampvol Christene én Jode. Voor die doopplegtigheid het Chaim sy getuienis gegee oor hoe hy die hemelse lig deur die lees van Jesaja 53 ontvang het, en dat hy glo dat Jesus Christus die beloofde Messias en Redder is. Die diens het rustig verloop, en Jesus wat eens die stormsee laat bedaar het, het by hierdie geleentheid ook bruisende gemoedere gekalmeer. Ná die diens het ‘n bejaarde dame aan Chaim Gurland gesê: “Ek het 18 jaar lank gebid en gepleit dat God u siel sal red.”

Hierna het ‘n nuwe opleidingsfase begin. Rudolf, soos hy ná sy doopdag genoem is, het teologie in Berlyn gestudeer en is later as ‘n Protestantse leraar bevestig. Die teks vir sy intreepreek was Romeine 1:16: “Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.” Hy het medeleraar in Kishinef saam met pastoor Faltin geword. Dit het hom nie sy broers uit die huis van Israel laat vergeet nie, want hy was dikwels in gesprek met hulle en het baie van hulle na die Here gelei. Sy werk in Duitsland en Rusland het wye bekendheid verwerf.

‘n Paar jaar later is Gurland na die Sending onder die Jode beroep. In sy nuwe hoedanigheid het hy Bybelklasse vir Jode gehou en sy bediening verder deur korrespondensie uitgebrei. Die Heilige Gees het hom kragtig gebruik om baie Jode na Jesus Christus te lei. Hy het aan sy gemeentes, asook aan sinodes, van sy werk vertel ten einde in die harte van predikante ‘n belangstelling vir Israel op te wek. Hy het by geleentheid geskryf: “Die werk onder die Jode moet nie net aan ‘n paar persone oorgelaat word nie; dit is ‘n afdeling van die kerk se werk waarby ons almal betrokke moet wees.”

Daar was baie teleurstellings in die werk, baie toetse en ook hewi-

ge stryd, maar die gewese rabbi het daarin geslaag om die liefde vir die Jode en die werk onder hulle in baie Christene se harte te laat ontwaak. Hy het in twee wêrelde geleef. Keer op keer het hy Christenharte vir die bearbeiding van God se uitverkore volk aan die brand gesteek, en dan weer sy Joodse broers na die Messias genooi, deur wie Jode én nie-Jode gered kan word.

Op byna 74-jarige ouderdom is Chaim Gurland na sy ewige tuiste, maar nie voordat hy Psalm 122:1-4 vir sy begrafnisplegtigheid gekies het nie: "Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die Here gaan! Ons voete staan in jou poorte, o Jerusalem! Jerusalem wat gebou is soos 'n stad wat goed saamgevoeg is, waarheen die stamme optrek, die stamme van die Here – 'n voorskrif vir Israel! – om die Naam van die Here te loof."

## Paul en Rolande Ghennassia

Paul Ghennassia vertel self die verhaal van hy en sy vrou:

"Ons het die Messias gevind!" Wat 'n uitroep van blydskap was dit nie toe Andréas hierdie wonderlike nuus aan sy broer, Simon Petrus, meegedeel het nie (Joh. 1:41-42). Dit is met geen minder vreugde nie dat my vrou en ek aan u wil sê: Ons het die Messias gevind, die Een van wie Moses gespreek het (Deut. 18:15-20). Ons is albei Jode uit godsdienstige families, en het onder diegene getel wat Jesus gehaat en verag het omdat ons van ons kinderjare af geleer is om Hom as 'n afvallige en 'n bedrieër te beskou. In ons dwalende lewens was ons sy vyande, en Jesaja se verklaring het ons ware toestand beskryf, hoewel ons geloof in God bely het: "Wee die sondige nasie, die volk swaar van skuld, die geslag van kwaaddoeners, die kinders wat verderflik handel! Hulle het die HERE verlaat, die Heilige van Israel verag, hulle het agtertoe weggedraai. Waar wil julle nog geslaan word, dat julle voortgaan met af te wyk? Die hele hoof is siek, en die hele hart is krank. Van die voetsool af tot die hoof toe is daar geen heel plek aan nie, maar wonde en kwesplekke en vars houe! Hulle is nie uitgedruk of verbind of met olie versag nie" (Jes. 1:4-6).

In sy liefde het die Here ons opgesoek en die geseënde oomblik van sy openbaring aan ons siele het vinnig nader gekom. My vrou het ernstige ekseem opgedoen wat haar hele liggaam in een groot wond omskep het. 'n Gewas het ook aan haar een voet ontwikkel en só erg geword dat sy later nie sonder krukke kon loop nie. Iemand het ons na 'n Christelike byeenkoms genooi waar daar vir die siekes gebid is. Ek was baie skaam om daar gesien te word, maar ons was absoluut desperaat om hulp te kry.

Ek was verbaas om te hoor hoe die prediker met oortuiging verkondig wat ek nog altyd met my hele hart verwerp het, naamlik dat

Jesus die Messias is wie se koms deur die Skrifte voorspel is – die Lam van God deur wie se bloed almal gered kan word. Daarna is hande op die siekes gelê en vir hulle gebid. Die Here het my vrou aangeraak en genees. Ná 'n paar weke was haar kragte volkome herstel en kon sy ook sonder krukke loop.

Ons het die Nuwe Testament begin lees en was baie dankbaar oor wat Jesus vir ons gedoen het. Die swaarmoedigheid wat deur die siekte veroorsaak is, het verdwyn en vir 'n nuwe blydskap plek gemaak. My vrou het tot die eer van die Here gesing en ons het albei ondervind hoedat ons lewens vernuwe word. Tóg was ek as gevolg van al die vooroordele uit my jeugjare nog nie heeltemal van Jesus se godheid oortuig nie. Was Hy werklik die Messias van Israel? Was dit moontlik dat Hy kon kom en dat die mense Hom nie herken en aanvaar het nie? Ek het 'n Ou Testament gekoop en ondersoek begin instel. Ek het die Here gevra om my duidelikheid oor hierdie saak te gee, en myself bereid verklaar om my te onderwerp aan wat Hy my ook al uit sy Woord sou wys.

Ek het nie lank gesoek nie, want dit was asof die Here my na die regte plekke toe gelei het. Die gedeeltes wat oor die Messias handel, het duidelik tot my gespreek en Hom geopenbaar as die Seun van God (Ps. 2), met sy goddelike eienskappe as sterke God en Vredevors (Jes. 9:5-6), in sy wonderbaarlike geboorte as mens in Betlehem (Miga 5:1,3; Jes. 7:14), daarna in sy versoeningswerk aan die kruis om mense te red (Ps. 22; Jes. 53) en ook as die Een wat in die midde van Israel sal verskyn sodat hulle kan opsien na Hom vir wie hulle deurboor het (Sag. 12:10).

Dit was wonderlik om te ontdek hoedat al hierdie profesieë op Jesus betrekking het, en slegs op Hom betrekking kan hê. Elke vers wat in die rabbynse weergawe van die Ou Testament 'n "obskure gedeelte" genoem word, het vir my glashelder geword. Dit was só verbasend dat dit my geskud het toe al die lig in my siel inskyn. Jesus was dus werklik die Messias en sy mense het Hom nie herken nie. Wat my betref, noudat ek in my binneste daarvan oortuig was, moes ek hierdie groot waarheid verkondig. Die Here Jesus is sonder die geringste twyfel die Verlosser wat sou kom, en ek het nou ook verstaan waarom Hy op Golgota moes sterf – dit was om my deur sy bloed los te koop.

Sonder enige verdere uitstel het ek en my vrou ons geloof in die Messiasskap van Jesus bely. Kort daarna is ons op 'n kragtige wyse deur die Heilige Gees vervul en toegerus om die Here te dien. Sedert hierdie ontmoeting met die Here Jesus in 1953, en die toerusting met krag uit die hoogte, het die genade van God en sy blydskap steeds in ons lewens toegeneem. Ons was met Hom versoen deur Jesus ons

Messias, daarom begeer ons ook meer en meer om aan ons volksgenote uit die Jodendom bekend te maak wie die Een is wat die hoop van Israel is. Dit is die enigste Naam waardeur ons gered kan word.

## P.D. Weiss

P.D. Weiss gee self sy getuienis van hoe hy deur geloof in die Here Jesus 'n Messiaanse Jood geword het en van al die lyding wat dit vir hom, soos ook vir Paulus, die apostels en ander Messiaanse Jode, meegebring het (Hand. 4:29, 5:40-41, 7:59-60, 9:16, 14:22; Fil. 1:28-29):

Ek is in Pole gebore waar my vader 'n gerespekteerde rabbi was. Ek het 'n Talmoed-skool bygewoon waar my opinie omtrent baie dinge verander het. Ek het geen innerlike rus en vrede meer gehad nie. Ek was aanvanklik baie geïnteresseerd in die Talmoed en ook in ander klassieke Joodse geskrifte, totdat ek myself in 'n studie van die Ou Testamentiese profesieë begin verdiep het. Ek het weer eens die *Hagada* (Joodse tradisies) bestudeer en dit toe baie ernstig begin betwyfel. Miskien het die skrywers van die Talmoed 'n baie groot fout begaan om die terdoodveroordeling van die grootste man in Israel se volksgeskiedenis goed te praat. Miskien het hulle 'n rede gehad om die mees vergesogte stories oor Hom te versin...

Hoe meer ek die *Hagada* bestudeer het, hoe duideliker het my insig in hierdie saak geword. Uiteindelik het die verhewe maar vreesaanjaende gedagte by my posgevat dat Jesus van Nasaret inderdaad die beloofde Messias is. Ek het al die verduidelikings van die Talmoed met die Ou Testamentiese profesieë vergelyk en ontdek dat alles wat die heilige profete voorspel het, van begin tot end volmaak in die lewe van die Here Jesus vervul is.

My sielerus was daarmee heen, en tóg het ek nie die moed gehad om die geheime van my hart met enigeen te deel nie. Ek het geweet dat dit soos 'n stem sou wees wat roep in die woestyn. Op 'n dag kon ek myself nie langer bedwing nie, en het ergerlik gereageer toe daar Joodse mense gekom het wat slegte stories oor Jesus vertel. My moeder het die hewige ontsteltenis op my gesig gesien en aangehou totdat ek al my gevoelens aan haar geopenbaar het. Sy het in toorn en ontsteltenis uitgeroep: "Weet jy regtig wat jy daar sê? Die Satan het van jou besit geneem en trek jou nou van die Here af weg. Wat sal op die oordeelsdag van jou word?"

Toe sy sien dat sy met haar harde woorde nêrens met my sal kom nie, het sy by my gepleit om van al hierdie idees ontslae te raak terwyl daar nog tyd was. My antwoord was dat ek haar tot op daardie dag nog nooit teëgegaan het nie en nog altyd probeer het om haar gelukkig te maak. Die wyse waarop ek nou vir haar 'n bekommernis veroorsaak, moet 'n bewys wees van my sterk oortuiging van die

waarheid. ‘n Baie ongemaklike situasie is hierdeur geskep. My ouers was só ontsteld dat hulle soms in die nag oor my lê en praat het. Hulle het my fyn dopgehou en wanneer hulle gesien het dat ek ‘n ander boek as die Talmoed lees, het hulle dit gevat en verbrand. Verskeie onaangename gesprekke met my vader het gevolg, en ek is vir alle probleme verantwoordelik gehou wat in die huis ontstaan het.

Uiteindelik het ek van die huis af gevlug na ‘n oom toe van my in Lodz. Hy het my vriendelik ontvang, maar nadat hy ‘n brief van my pa af gekry het, het sy houding verander en moes ek weer die pad vat. Vriende het hulle oor my ontferm en ek het ‘n lewe gemaak deur onderwys te gee. In dié tyd het ek my studies voortgesit, die eksamen geslaag en ‘n rabbi geword.

‘n Vriend het my na ‘n Baptistekerk genooi waar ‘n sendeling sou praat. Hy het die groot gehoor in Gees en waarheid toegespreek. Toe ek daarna sy woorde bevestig het, was daar ‘n oproer onder die Jode. Hulle wou my doodmaak en ek moes vir hulle wegkruip.

Hierna het ek rabbi in ‘n klein Poolse dorpie geword. Op die sabbat voor die Pasga moes ek in die sinagoge praat, en het ‘n Nuwe Testament asook ‘n Hebreeuse boekie van dieselfde grootte in my sak gehad. Ek het per ongeluk die Nuwe Testament uitgehaal en dit laat val. ‘n Persoon naby my het dit opgetel en net toe hy dit aan my wou oorhandig, het hy gesien dat dit ‘n Nuwe Testament was. Hy het geskreeu asof ‘n slang hom gepik het en aan die gemeente gesê dat ek, hulle rabbi, ‘n Nuwe Testament het. Hy het gesê dat nie alleen ek nie, maar ook hulle, vir my sonde gestraf sou word. As gevolg hiervan het ek my bedanking as rabbi aangekondig. Watter lyding het ek nie in hierdie tyd deurgemaak nie! My moeder het van bekommernis gesterf en my vader het besluit om my nooit weer te sien nie.

Ek is hierna as ‘n onderwyser in godsdiens en Hebreeus in ‘n Joodse skool in Warskou aangestel, en die plaaslike gemeente het my salaris betaal. Dié pos het ek nege jaar lank beklee. Op ‘n dag was die inspekteur van sommige van my kollegas in my klaskamer besig om die droewige lot van die Russiese Jode te bespreek. Voorstelle is gemaak oor hoe om hulle te help. Ek het die mening uitgespreek dat hulle planne nie sou werk nie, en openlik gesê dat ons Jode se posisie nie sou verbeter voordat ons die geweldige fout bely wat ons voorouers gemaak het nie, en Jesus Christus as ons Messias erken wat sy bloed op Golgota gestort het om ons van ons sondes te red. Die gesprek wat hierna gevolg het, is nie deur toorn gekenmerk nie omdat my kollegas vrydenkers en die inspekteur ‘n ateïs was. Die inspekteur het my egter vir ‘n lang tyd al gehaat en nou die geleentheid aangegryp om my by die raad van die Joodse gemeente aan te kla.

Toe ek die Sondagaanddiens by die Warskouse Sending bywoon, het twee jong Joodse manne die saal binnegekom. Daarna het hulle aan die Joodse gemeente gaan vertel dat ek 'n gedoopte Jood was en saam met die ander Christene gekniel het om te aanbid. Die raad het my sonder enige verdere vergoeding ontslaan en my ook nie die geleentheid gebied om myself te verdedig nie. 'n Lang tyd daarna het hulle wel vergoeding aan my gebied. Toe ek voor die raad verskyn het om my geld te ontvang, het ek hulle gevra waarom ek ontslaan is sonder dat 'n ondersoek ingestel is. Een van die raadslede het geantwoord: "As ons jou gevra het om te kom, sou jy nie die waarheid gepraat het nie. Ons glo jou in elk geval nie verder oor hierdie saak nie omdat twee getuies, ooreenkomstig die Joodse wet, oor die waarheid van hulle bewerings voor die rabbi gesweer het. Jy het dus jou reg verbeur om geglo te word."

Ek het hierop geantwoord: "Menere, julle maak 'n fout, ek is altyd bereid om die waarheid te praat." Hulle reaksie was vinnig en op die punt af: "Het jy saam met die Christene gekniel om te bid, en is jy 'n tyd gelede gedoop?" Ek het kalm geantwoord: "Ek is nog nie gedoop nie, maar ek hoop dat dit gou sal gebeur." Dit was genoeg vir die raad, en ek is nie toegelaat om 'n verdere woord te sê nie. Hulle het my bespot en met growwe taal beledig. Te midde van dit alles het ek kalm en selfbeheersd gebly.

In die kort stilte wat hierna gevolg het, het een van die manne opgespring, na my toe gedraai en geskreeu: "Jou moeilikheidmaker, hoe durf jy daardie godsdienstige opinies van jou so kalm en uitdagend in ons teenwoordigheid uitspreek? Ons weet dat jy as 'n voormalige rabbi die Jodendom in woord en geskrif sal belaster, jou bose verraaier!" Een van die manne het na my gehardloop, sy hand gelig om my te slaan, en geskreeu: "Ja, dit sal beter wees om hom dood te maak!" My antwoord was: "Ek is in julle mag en julle is vry om my dood te maak. Ek haat julle nie; inteendeel, ek het julle almal lief. Ek betreur dit egter dat julle so hardnekkig is en nie wil erken dat baie slegte dinge al oor ons gekom het omdat ons die Verlosser belaster en gekruisig het nie."

Die emosies het weer hoog opgevlam en ek is verbied om verder te praat. Een van hulle het my ná 'n rukkie gevra: "Indien die raad jou in jou amp herstel en 'n goeie salaris aan jou betaal op voorwaarde dat jy beloof om nie weer met die sendelinge kontak te maak nie, sal jy gewillig wees om dit te doen?" Hierop het ek geantwoord: "Ek sal nooit my siel vir geld verkoop nie." Só het my openbare verbintenis met my volksgenote geëindig, asook my bron van inkomste.

P.D. Weiss het homself finaal tot die Here Jesus bekeer, laat doop en kragtig vir die Messias getuig. Hy het die Christelike geloof

bestudeer en gereeld dienste by die Warskouse Sending bygewoon. Sy mede-Jode het hom verdryf en ook baie druk op die Sending toegepas. Weiss het later ‘n waardevolle medewerker van die Sending geword en op sy sendingreise met baie Jode oor die Messias gepraat. Sy toepaslike aanhalings uit die Talmoed het hulle in verwondering gelaat, en ortodokse Jode het dit dikwels betreur dat ‘n man van sy aansien ‘n “afvallige” geword het. Baie van die plaaslike Jode het die begrafnis van hierdie getroue en moedige getuie van die Messias bygewoon om daardeur hulle respek aan hom te betoon. Deur die getuienis van sy lewe is groot eer vir die naam van die Messias gebring.

## Mitchell Seidman

Hier is Mitchell Seidman se kort en kragtige getuienis:

My opleiding en ondervinding as ‘n lugvaartkundige ingenieur het my geleer om na feite te soek, dit te analiseer en dan antwoorde te vind. Soms maak ons selfs in die ingenieurswetenskappe basiese aannames wat nie bewys kan word nie. Waarom word dit dan aanvaar? Omdat dit werk wanneer dit aan ‘n toets onderwerp word, terwyl ander aannames nie werk nie.

Ek het self die Here se beloftes in die Bybel ondersoek en getoets om vas te stel of hulle werk. Die Ou Testament beloof dat enigeen wat die Here soek, Hom sal vind as hy met sy hele hart na Hom soek. Ek het hierdie belofte getoets en gevind dat die Here Homself deur sy Seun, die Messias, aan my openbaar het. God is ‘n lewende werklikheid in my lewe. Soos Hy beloof het, het ek vrede en blydskap deur die liefde van Jesus, die Messias, gevind. Hoe kan ‘n Jood in Christus glo? Ek het Hom aangeneem omdat wat die Bybel beloof, volkome in ooreenstemming met die feite van die geskiedenis is. My persoonlike ondervinding het ook die beloftes wat oor die Messias gemaak is, bevestig.

## Albert Einstein

Die volgende is deel van ‘n onderhoud wat etlike jare gelede met die wêreldberoemde Joodse wetenskaplike, Albert Einstein, gevoer en in die *Saturday Evening Post* gepubliseer is:

Vraag: Tot watter mate is u deur die Christendom beïnvloed?

Antwoord: As kind het ek onderrig in sowel die Bybel as die Talmoed ontvang. Ek is ‘n Jood, maar ek is bekoor deur die skitterende Persoon van die Nasaréner.

Vraag: Het u Emil Ludwig se boek oor Jesus gelees?

Antwoord: Emil Ludwig se Jesus is vlak. Jesus is té majestueus vir die penne van praatjiesmakers, hoe kunstig hulle ook al mag wees. Niemand kan die Christendom met ‘n kwinkslag afskryf nie.

Vraag: Aanvaar u die historiese bestaan van Jesus?

Antwoord: Ongetwyfeld! Niemand kan die Evangelies lees sonder om die werklike teenwoordigheid van die Here Jesus te ervaar nie. Sy persoonlikheid is die polsslag van elke woord. Geen mite is met sulke lewe gevul nie.

## Richard Wurmbrand

Een van die mees prominente Messiaanse Jode van die 20ste eeu was Richard Wurmbrand, die stigter en direkteur van Christelike Sending Internasionaal. Nadat hy as gevolg van sy geloof in Jesus Christus 14 jaar in Roemeense tronke deurgebring het, is hy deur sy land se regering as 'n ongewenste persoon aan Christene in die Weste verkoop. Wurmbrand het uit Amerika 'n ondergrondse sending na die destydse kommunistiese wêreld georganiseer en oral in die Weste takke daarvan gestig. Sy sending-aktiwiteite is mettertyd ook na die Arabiese wêreld, Asië, Afrika en Latyns-Amerika uitgebrei, asook na die afgeleë eilande van die Stille Oseaan. Hoewel hy die heil van die hele mensdom op die hart gedra het, was die evangelisering van sy mede-Jode altyd vir hom 'n doel wat hy met groot toewyding en ywer nagestreef het.

Richard Wurmbrand het in sy boek, *Christ on the Jewish Road,* die belangrikheid van die Joodse volk verduidelik – nie net in 'n historiese verband nie, maar ook wat die hede en toekoms betref. Hy wys daarop dat omdat hulle so 'n buitengewoon begaafde volk is, is alles wat regtig goed én regtig sleg is, Joods in oorsprong. Daar moet dus terdeë met die rol van Jode in die wêreldgeskiedenis rekening gehou word. Selfs in die breedste moontlike sin van ons bestaan, leef ons in strukture wat deur Jode geskep is. In die Christenwêreld is ons die gaste van 'n Jood, Jesus Christus. In die kapitalistiese en Marxistiese wêrelde is die grondlêers ook Jode, en selfs uit 'n tegnologiese oogpunt is ons in die moderne kerneeu die gaste van 'n Jood, Einstein. Hoewel die Joodse volk hoogs gepolariseerd is, en die geestelik behoudende element ver in die minderheid is, gaan die rol van hierdie oorblyfsel in Israel in die nabye toekoms nog van deurslaggewende belang vir miljoene mense wees.

Laat ons egter vir Wurmbrand self oor die rol van Israel aan die woord stel, soos wat hy dit in die inleiding van sy boek, *Christ on the Jewish Road,* verduidelik:

"U het ons uit die nasies uitverkies," sê die Jode elke dag in hulle sinagoges. "Die saligheid is uit die Jode," sê Jesus in Johannes 4:22. "Die vuil Jode is die oorsaak van al ons probleme," sê die Jodehaters. Sommige mense vind in die Christendom hulle grootste vreugde; andere haat die Christendom en wil dit deur geweld vernietig. Dit is 'n Jood, Jesus, wat die oorsaak van hulle blydskap of woede is. Jesus

Christus is ‘n man uit die Joodse volk, maar Hy is ook ‘n wonderbaarlike God. Paulus sê oor hierdie volk en hulle God: “Hulle is Israeliete uit wie die aanneming tot kinders behoort… aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees – Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid!” (Rom. 9:4-5).

Ek het nie ‘n gewone sendingtaak gehad nie. Ek het onder dié mense gewerk wat in die heilige boek van die Christene die “uitverkore volk” genoem word, ‘n volk waaruit ‘n God gekom het, maar wat nogtans onkundig omtrent hierdie God is; ‘n volk wat óf geseën óf vervloek word deur miljoene mense as die oorsprong van hulle blydskap of ellende – ‘n volk wie se lotgevalle meer as enige ander volk die lot van die hele wêreld bepaal het, en in die toekoms ook nog sal bepaal (vgl. Rom. 11:11-12).

Die Joodse volk het aan die wêreld die Bybel gegee, bestaande uit die Ou en Nuwe Testamente – ‘n Boek geskryf deur Jode, maar wat terselfdertyd ook die Woord van God is, die enigste Boek wat in staat is om die geestelike behoeftes van alle mense in ‘n sondige wêreld te vervul. Dit sal eers in ‘n volle mate die geestelike honger van die wêreld versadig wanneer dit weer in die hande is van hulle wat dit geskryf het, en wanneer hulle versamel het rondom Hom wat die hoofonderwerp van die Boek is, Jesus, die Messias van die Jode en Verlosser van die nasies.

Die oorgrote meerderheid van alle mense leef in sonde en is vervreem van die ware geloof. Moord, uitbuiting, onderdrukking, ontug, sabotasie, losbandigheid en laster is wydverspreid. Die mensdom stuur op spoedige selfvernietiging af as hulle hul nie bekeer en ontwaak uit die geestelike doodslaap waarin hulle vasgevang is nie. Die Bybel sê vir ons dat die bekering van Israel lewe uit die dode sal wees (Rom. 11:15).

Jesus en die Jode is onafskeibaar aan mekaar verbonde. “Waar is die Koning van die Jode wat gebore is?” het die wyse manne gevra (Matt. 2:2). “Dit is Jesus, die Koning van die Jode,” was die inskripsie aan die kruis (Matt. 27:37). Die Ou Testamentiese profesieë het dieselfde boodskap. Moses het aan die Jode gesê: “’n Profeet uit jou midde, uit jou broers… sal die Here jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister” (Deut. 18:15). Jesaja, wat die geboorte van Jesus meer as 700 jaar voor die tyd geprofeteer het, het gesê: “Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer” (Jes. 9:5). Die “ons” aan wie hierdie Seun gegee is, verwys na die Joodse volk.

Toe Jeremia na die nuwe verbond verwys het wat Jesus deur die storting van sy bloed aan die kruis sou sluit, het hy gesê: “Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis

van Juda ‘n nuwe verbond sal sluit” (Jer. 31:31). Jesus het self gesê: “Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel” (Matt. 15:24). Hy het ook verklaar dat Hy die Verlosser van die hele wêreld is, maar in hierdie gedeelte het Hy sy besondere verhouding teenoor die Joodse volk uitgedruk.

My sendingtaak is om Israel van hulle verhouding met die onverganklike Woord van God bewus te maak – ‘n verhouding wat nooit verbreek kan word nie, selfs al word dit ook hoe erg weerstaan (einde van aanhalings uit Wurmbrand se boek).

## ‘n Val en ‘n opstanding

Uit die getuienisse en ondervindings van Joodse geloofshelde is dit duidelik dat dit geen maklike taak is om as ‘n herder vir Israel op te tree nie. Hoewel Jesus tot die heerlikheid van sy volk Israel gekom het, was Hy nogtans “bestemd tot ‘n val en ‘n opstanding van baie in Israel en tot ‘n teken wat weerspreek sal word” (Luk. 2:32,34). Die onderwerp van sy Messiasskap is steeds ‘n hoogs omstrede en ook ‘n emosiebelaaide onderwerp wat teen die vooroordele en invloed van 2000 jaar se rabbynse tradisies moet meeding.

Geen menslike argumente en oorlewerings is egter teen die oortuigingskrag van die Heilige Gees bestand nie. Hiervan getuig die groot skare Joodse verlostes wat die afgelope 2000 jaar uit alle uithoeke van die wêreld na die Messias en Opperherder van Israel gelei is. Hulle is onomstootlike bewyse van die voortgaande bemoeienis van God met sy volk van ouds. Selfs al is hulle in die verstrooiing weens hulle sondes, trek die Here hulle nog steeds met koorde van liefde en is self die waarborg vir al die onvervulde beloftes wat aan hulle voorvaders gemaak is: “Maar ook dan, as hulle in die land van hul vyande is, verwerp Ek hulle nie en het Ek van hulle geen afsku, sodat Ek ‘n einde aan hulle sou maak en my verbond met hulle sou verbreek nie; want Ek is die HERE hulle God” (Lev. 26:44).

Die Here sal op ‘n kragtige wyse in die donker dae van die verdrukking ‘n oorblyfsel van dié volk versamel wat nie die knie voor die moderne Baäl, die Antichris, gebuig het nie (Op. 7:2-8). Te midde van die hewigste denkbare stryd en vervolging sal die Here hulle staande hou en as sy spesiale getuies op aarde gebruik. Israel is ook die enigste volk ten opsigte waarvan die Here hulle voortgesette bestaan waarborg: “Want Ek sal ‘n einde maak aan al die nasies waarheen Ek jou verdryf het; maar aan jou sal Ek geen einde maak nie, maar Ek sal jou tugtig met mate, al sal Ek jou sekerlik nie ongestraf laat bly nie” (Jer. 46:28).

Met die naderende verdrukking, wat ook ‘n tyd van benoudheid vir Jakob sal wees, gaan Israel sy belangrikste tydperk van loutering, tug-

tiging en suiwering tegemoet. Die Here sal Homself in hierdie donker dae met krag en heerlikheid in die midde van die gelowige oorblyfsel in Israel betuig. Baie van hulle sal in die tyd van nood en benoudheid die aangesig van die Here soek. Ná die verdrukking sal 'n gelouterde en geredde Israel wat rondom hulle Messias vergader het, die talle beloftes van die Messiasryk op aarde beërf. Dan sal Jerusalem as die hoofstad van die wêreld hoog verhewe wees (Jes. 2:2-3).

Sal Israel as gevolg van jóú optrede nader aan hulle geestelike bestemming en 'n ontmoeting met die Messias getrek word? Die Here vra jou om dit te doen, en jy is dit in elk geval ook aan hulle verskuldig (Rom. 11:11). Ons moet onsself uitstrek na dié dag wanneer die lig van die Here weer ten volle oor sy volk Israel sal skyn.



## Beloftes van herstel

In Jeremia 31 word die volgende beloftes van herstel aan 'n gelowige oorblyfsel van Israel gemaak:

> In dié tyd, spreek die HERE, sal Ek vir al die geslagte van Israel 'n God wees, en

hulle sal vir My 'n volk wees… Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid. Ek sal jou weer bou, en jy sal gebou word, o jonkvrou van Israel! … Want so sê die HERE: Juig oor Jakob van vreugde, en juig oor die hoof van die nasies; laat dit hoor, sing lof en sê: o HERE, verlos u volk, die oorblyfsel van Israel! Kyk, Ek bring hulle aan uit die Noordland en sal hulle bymekaar laat kom uit die agterhoeke van die aarde… Hulle sal kom met geween, en met smekinge sal Ek hulle lei; Ek sal hulle bring by waterstrome, op 'n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie; want Ek is vir Israel 'n Vader en Efraim is my eersgeborene. Hoor die woord van die HERE, o nasies, en verkondig in die kuslande wat ver is, en sê: Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos 'n herder sy kudde. Want die HERE het Jakob losgekoop en hom verlos uit die hand van hom wat sterker was as hy… Is Efraim vir My 'n dierbare seun of 'n troetelkind? Want so dikwels as Ek teen hom spreek, dink Ek nog altyd aan hom; daarom is my ingewande oor hom in beroering; Ek sal My sekerlik oor hom ontferm, spreek die HERE. Rig vir jou mylpale op, maak vir jou padwysers, let op die grootpad, die pad wat jy geloop het. Kom terug, o jonkvrou van Israel, kom terug na hierdie stede van jou! … Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit… Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees… En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die Here; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Die geloofwaardigheid van hierdie letterlike uitsprake en beloftes is bo alle twyfel verhewe:

- Soos wat die volk in die tyd van Dawid en Salomo tot roemryke hoogtes opgebou is, sal die Here hulle weer bevestig en opbou na die posisie van hoof van die nasies.
- Net soos wat die volk letterlik na alle uithoeke van die aarde verstrooi is, sal hulle weer in die eindtyd uit die Noordland en die agterhoeke van die aarde in die land Israel versamel word. Hy wat Israel verstrooi het, sal die dieselfde volk weer versamel en bewaak. Ons het hier nie slegs met sekulêre geskiedenis te doen nie, maar met die ingryping van God in die bestaan van 'n volk. Israel kry ook nie in die proses 'n ander identiteit (bv. die "kerk") nie. Dieselfde volk wat uit hulle land verstrooi is, wat in die tyd van Jeremia as die koninkryke van Israel en Juda bekend was, word in die eindtyd weer in hulle land versamel.
- Israel se fisiese herstel in die Beloofde Land sal uiteindelik ook na 'n geestelike herstel en 'n blywende hartsverandering onder 'n

oorblyfsel van die volk lei – almal van hulle sal die Here van harte dien, en daar sal geen afvalliges onder hulle wees nie.

- Die Here se liefde teenoor Israel het nooit verander nie. Hy sal ‘n nuwe verbond met die herstelde oorblyfsel van die volk sluit, wat nooit sal verander of verval nie.

# 4. Die Messias

Ou Testamentiese profesieë oor die koms van die Messias kan in twee duidelike kategorieë geplaas word, naamlik die lydende Messias wat in die gestalte van 'n dienskneg en offerlam sou kom, en die regerende Messias wat in 'n koninklike gewaad van mag en majesteit op die toneel sal verskyn. Die onvermoë van die meeste Jode om profeties tussen hierdie twee bedieninge of ampte van die Messias te kon onderskei, het daartoe gelei dat hulle in die eerste eeu 'n verkeerde Messiasverwagting gehad het. Hulle het 'n magtige koning verwag wat net eenmalig sou kom om hulle van die Romeinse juk te bevry en daarna die troon van Dawid in Jerusalem op te rig. Hulle kon (of wou) nie insien dat Hy eers as die lydende Messias moes kom om versoening vir die sondes van die volk te doen nie. Om dié rede het hulle Hom nie herken nie, en was Hy ook nie aanvaarbaar nie omdat Hy nie aan die volk se populêre verwagtings voldoen het nie. (Let daarop dat "Christus" en "Messias" presies dieselfde beteken omdat Christus van die Griekse woord vir "Gesalfde" afgelei is, en Messias van die ooreenstemmende Hebreeuse term).

## Die lydende en regerende Messias

Die volgende is voorbeelde van die twee groepe Messiaanse profesieë in die Ou Testament:

### *Die lydende Messias in die Psalms*

> My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp… Ek is 'n wurm en geen man nie, 'n smaad van die mense en verag deur die volk. Almal wat my sien, spot met my; hulle steek die lip uit, hulle skud die hoof en sê: Laat dit aan die HERE oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry: Hy het mos behae in hom! … Wees nie ver van my af nie, want die nood is naby, want daar is geen helper nie… Hulle het hul mond teen my oopgespalk soos 'n leeu wat verskeur en brul. Ek is uitgestort soos water; al my beendere raak los; my hart het soos was geword; dit het gesmelt binne-in my ingewande. My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood. Want honde het my omsingel; 'n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en my voete deurgrawe. Al my beendere kan ek tel; húlle kyk, hulle sien met welgevalle op my neer! Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad (Ps. 22:2,7-9,12,14-19).

### *Die regerende Messias in die Psalms*

Psalm 2 verwys na die eindtydse oordele van die Here oor al die opstandige nasies, en ook na die Messiasryk van die Seun wat ná sy

wederkoms op aarde gevestig sal word:

> Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde (die Messias) en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle. Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik: Ék tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg. Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting. U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot. Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde! Dien die HERE met vrees, en juig met bewing. Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil! (Ps. 2:1-12).

### *Die lydende Messias in Jesaja*

> Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar? Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hý ons krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom. Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie. Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote – wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom. En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie. Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees. Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hý sal hulle skuld dra. Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die

grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir oortreders gebid het (Jes. 53).

### *Die regerende Messias in Jesaja*

Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid (Jes. 9:5-6).

En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Kom, huis van Jakob, en laat ons wandel in die lig van die HERE! (Jes. 2:2-5).

### *Die lydende Messias in Sagaria*

Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel, die vul van 'n eselin (Sag. 9:9).

### *Die regerende Messias in Sagaria*

Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem… En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê aan die oostekant… en die HERE sal Koning wees oor die hele aarde… En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier (Sag. 14:2-4,9,16).

## Geboorte van die Messias-Koning

Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem (Jes. 7:14).

Volgens die oorspronklike Hebreeuse manuskrip is die woord *maagd* (Eng. *virgin*) in hierdie teks die korrekte vertaling. Die Strong's Konkordansie vertaal die Hebreeuse woord *'almâh* soos volg: "a lass [as veiled or private]; damsel, maid, virgin". Hierdie naamwoord is af-

gelei van *'âlam* wat beteken: "to veil from sight, i.e. conceal [lit. or fig.]; hide [self], secret [thing]."

Sonder enige twyfel dui die woord *'almâh* op 'n ongetroude maar hubare meisie wat nog steeds 'n maagd is. Sy is 'geslote' en het nog nie omgang met 'n man gehad nie. Indien *jong vrou* as 'n weergawe van *'almâh* aangebied word, soos in die Nuwe Afrikaanse Bybel, dan moet dit met die uitdruklike veronderstelling wees dat sy nog 'n ongetroude maagd is, soos wat die *Amplified Bible* dit stel: "Therefore the LORD Himself shall give you a sign, Behold, the young woman *who* is unmarried *and* a virgin shall conceive and bear a son, and shall call his name Immanuel – God with us (Matt. 1:22-23; Isa. 9:6; Mic. 5:3-5)." Waarom gebruik die NAB nie die korrekte term, *maagd,* nie? Die profesie in Jesaja 7:14 word tog uitdruklik as Messiaans bevestig:

> Die geboorte van Jesus Christus was dan só: Toe sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees... En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons. En Josef... het sy vrou by hom geneem; en hy het haar nie beken totdat sy haar eersgebore Seun gebaar het nie; en sy het Hom Jesus genoem (Matt. 1:18,22-25).

Behalwe die feit dat die Messias se geboorte 'n teken moes wees wat duidelik buite die normale gang van sake is (in hierdie geval die feit dat Maria 'n maagd was), is daar ook 'n ander baie belangrike rede waarom Jesus as mens nie deur 'n man verwek kon word nie. Dit het met die oorerflike sondige natuur van die mens te doen (Rom. 5:12; 1 Kor. 15:22). Dit was noodsaaklik dat Jesus nie 'n biologiese pa gehad het nie, sodat sy bloed (en lewe) onbesmet deur die erfsonde sou wees. Die genetiese inligting waardeur die bloed in die ongebore kind gevorm word, word deur die DNA van die vader bepaal. Dit is waarom daar ook toetse oor die vaderskap van kinders gedoen kan word. Anders as alle ander mense het Jesus nie deur sy geboorte 'n sondige natuur geërf nie (Heb. 4:15; 7:26-28), en kon Hy dus as die vlekkelose Lam van God 'n volmaakte offer vir ons sonde wees. Deur die gelykvormigheid aan sy dood en opstanding kan ons deelgenote van sy goddelike natuur word (1 Kor. 15:45-49).

Daar is nog 'n verdere rede waarom Josef nie die biologiese pa van Jesus kon wees nie, omdat dit Hom sou gediskwalifiseer het om op die troon van Dawid aanspraak te maak. Volgens 'n uitspraak in Jeremia 22:28-30 kan geen afstammeling van koning Gonja op die troon van Dawid sit nie. In die geslagsregister van Jesus deur Josef, word Jegonia genoem (Matt. 1:12). Josef het egter deur aanneming

vir Jesus as sy oudste seun en hooferfgenaam aanvaar, daarom kwalifiseer Jesus as die erfgenaam van die troon van Dawid en is Hy ook algemeen as die seun van Dawid aangespreek (Matt. 9:27; 21:9).

Jesus se geslagsregister deur sy moeder, soos in Lukas 3:23-38 aangeteken, verbind Hom ook aan Dawid. Hierdie genealogie word deur Dawid se seun, Natan, bereken terwyl die een in Mattheus 1:1-17 deur Dawid se seun, Salomo, bereken word. Jesus is deur Maria dus ook die seun van Dawid, en hierdie afkomslyn word nie deur die verbod wat op Jegonia se biologiese afstammelinge rus om koning van Israel te kan wees, geraak nie.

Die skrifgeleerdes en hoëpriesters in Israel was in ‘n posisie om die aansprake oor Jesus se afkoms en erfreg in die koningshuis van Dawid te kon nagaan, en hulle het dit nooit op hierdie gronde betwis nie. Onder die volk was Hy algemeen as die seun van Dawid bekend en sonder teëspraak in dié hoedanigheid aanvaar. Voor Jesus se geboorte al het ‘n engel aan Maria verskyn en gesê: “En kyk, jy sal swanger word en ‘n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee” (Luk. 1:31-32). Hy sál nog in Jerusalem op die troon van Dawid regeer. ‘n Engel het ook aan Josef verskyn en aan hom gesê dat Jesus sy volk van hulle sonde sou verlos (Matt. 1:21). Hy sou dus ‘n Messias-Koning vir Israel wees – nie net ‘n regeerder nie, maar ook ‘n Verlosser.

Die twee geslagsregisters van Jesus beklemtoon sy twee rolle as Koning van Israel en Redder van die mensdom. Die geslagsregister in Mattheus word net tot by Abraham bereken, wat die eerste Hebreër was. Dit is ‘n Joodse geslagsregister waarin Jesus se posisie as die Koning van die Jode beklemtoon word. In Lukas word Jesus se afkoms egter verder teruggevoer tot by die eerste mens, Adam, en van hom af tot by God. Adam word as “die seun van God” beskryf (Luk. 3:38). As ‘n afstammeling van Adam is Jesus die Seun van die mens wat gekom het om onder nasate van Adam (dus alle mense op aarde) te soek en te red wat verlore was (Luk. 19:10). Hierdie gedagte sluit aan by die wêreldwye perspektief van Lukas se evangelie, teenoor die meer beperkte, Joodse perspektief van Mattheus.

Adam en Jesus word beide as seuns van God beskryf. Adam is die eerste mens wat deur God self gemaak is – hy is nie uit ‘n menslike familie gebore nie. Omdat Adam na die duiwel geluister en sy raad nagevolg het om God se bevele te verwerp, het Adam geestelik gesterwe en daardeur ‘n sondige natuur gekry. Hierdie geestelike eienskap is na al sy afstammelinge op aarde oorgedra (Rom. 5:12), sodat almal van hulle ‘n sondige natuur gekry het wat van hulle kinders van God se toorn gemaak het (Rom. 3:10; Ef. 2:3). Die vorm-

godsdienstige en ongeredde Joodse leiers het as sondaars in die kategorie van kinders van die duiwel geval (Joh. 8:44), daarom het hulle vir Jesus as Messias verwerp en probeer doodmaak.

Jesus, wat as mens deur God self gegenereer is (Hand. 13:33; Heb. 1:1-5), is die tweede Adam. Alle mense wat in Hom glo en op grond daarvan as nuwe skepsele weergebore word, word van die toekomstige toorn van God oor die sondaars verlos (1 Thess. 1:10). Hy maak mense wat dood was in hulle sonde en misdade, geestelik lewend (1 Kor. 15:45; Ef. 2:1-2).

Deur die eerste Adam, wat 'n ongehoorsame seun van God was, het die hele menslike ras in sonde geval. Deur die tweede Adam, wat die volmaakte en sondelose Seun van God is, kan almal wat glo, deel in God se nuwe skepping hê. Alle mense (Jode sowel as nie-Jode) wat hulle verlorenheid besef en die Here Jesus as hulle Verlosser ontvang, word as kinders van God aangeneem. Die Heilige Gees wederbaar hulle en word sodoende vir hulle "die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!" (Rom. 8:15). Ons word deur Jesus Christus as kinders van God aangeneem (Ef. 1:5). Alle Israeliete wat onder die wet was, moet ook deur die Messias losgekoop word sodat hulle deur die geloof die aanneming tot kinders kan ontvang (Gal. 4:5). Indien hulle deur die wet gered kon word, dan sou hulle nie 'n tweede Adam as Messias nodig gehad het nie. Hulle is egter diep van Hom afhanklik! (Hand. 15:7-11).


Om hierdie verlossingswerk te kon doen, moes Jesus nie net die Seun van Dawid en Koning van Israel wees nie, maar ook God self wat tussen mense kom wandel en die prys vir hulle verlossing betaal het. Volgens Johannes is Hy inderdaad die God en die Skepper van die wêreld wat vlees geword het om van alle mense wat Hom aanneem, kinders van God te maak (Joh. 1:1-14). Jesus het gesê: "Ek en die Vader is een" (Joh. 10:30). As iemand nie in die Here Jesus se godheid glo nie, kan hy nie gered word nie (Joh. 8:23-24).

Die Joodse skrifgeleerdes wou die feite oor Jesus se godheid nie aanvaar nie. Jesus het aan hulle die probleem gestel oor hoe die Messias tegelyk Dawid se seun én Dawid se Here kon wees (Matt. 22:41-46). Hulle kon Hom nie antwoord nie omdat hulle nie in die godheid van die Messias geglo het nie. Mense wat vir Jesus as die beloofde Messias aanvaar het, het geweet dat Hy God is. Die twyfelende Thomas het later gesê: "My Here en my God!" (Joh. 20:28).

Paulus het die groot omvang van die openbaring van God die Vader *deur* God die Seun begryp en verklaar: "In Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik" (Kol. 2:9). Jesus is *Here* (*Kurios* – Hand. 10:36) en *God* (*Theos* – Rom. 9:5). In sy brief skryf Petrus van "onse God en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Pet. 1:1). Johannes sê:

“Ons is in die Waaragtige... Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe” (1 Joh. 5:20). Oor sy wederkoms het Sagaria al lank voor Jesus se eerste koms geskryf: “Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U! (Sag. 14:5).

Baie van die moderne skrifgeleerdes glo ook nie in die godheid van Jesus nie. Die noodwendige gevolg hiervan sal wees dat hulle én almal wat soos hulle dink, in hulle sonde sal sterf. Alle mense wat die Here Jesus se maagdelike geboorte en godheid verwerp, het ‘n baie beperkte begrip van Hom vir wie alle dinge moontlik is. Jesus Christus het gekom dat ons lewe en oorvloed kan hê (Joh. 10:10). Net Hý kan vir Israel én die nasies nuwe lewe en hoop vir die toekoms bring.



## Redding én straf

Een van verskeie Messiaanse profesieë in die Ou Testament is dié in Jesaja 61. Die Messias is gestuur om die genadejaar van die Here aan te kondig, sodat daar vrylating kan kom vir almal wat gevangenes van Satan is. By sy tweede koms sal die Messias wraak uitoefen oor almal wat sy reddende genade versmaai het. In daardie tyd sal Hy die oorblyfsel van Israel red, in hulle land bevestig, en hulle sal sy lof oral op aarde verkondig:

> Die Gees van die Here HERE is op My omdat die HERE My gesalf het om die blye boodskap te bring aan ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos… (61:1-2).

Jesaja 61 verwys na aspekte van die eerste én tweede koms van die Messias. Vers 1 verwys na al drie Persone van die Drie-eenheid: "Die **Gees** van die **Here HERE** is op **My**…" Die Messias is deur die Heilige Gees gesalf (Matt. 3:16-17) om Israel se Priester-Koning te wees, én ook die Redder van die nasies (Jes. 49:5-6).

Die Here Jesus het Jesaja 61:1-2a in 'n boodskap in Násaret se sinagoge aangehaal en op Homself van toepassing gemaak: "Die Gees van die HERE is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om dié wat verbryseld van hart is, te genees; om aan die gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die HERE aan te kondig" (Luk. 4:18-19).

Dit is opvallend dat die Here Jesus net die helfte van Jesaja 61:2 aangehaal het tot by "die jaar van die welbehae van die Here." Die tweede deel van die sin, naamlik "en 'n dag van die wraak van onse God" het Hy glad nie in sy preek genoem nie. Hierdeur het Hy duidelik te kenne gegee dat sy werk tussen twee komste verdeel sou word. Tydens sy eerste koms het Hy die dinge gedoen wat in vers 2a genoem word, naamlik die redding van sondaars, en by sy tweede koms sal Hy die dinge doen wat in vers 2b-3 genoem word – dit sluit die toorn van God oor 'n bose mensdom in, asook die redding, vertroosting en opbouing van die oorblyfsel in Israel nadat hulle deur die groot verdrukking is (Jer. 30:7).

Wanneer die Messias terugkeer, sal dit die "dag van die wraak van onse God" wees. Dit dui op "die dag van die HERE se toorn" in die komende groot verdrukking, wanneer daar wraak uitgeoefen sal word op almal wat nie die boodskap van die Messias se eerste koms aanvaar het nie. Paniekbevange mense sal vir die berge en rotse sê: "Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Op. 6:16-17).

Met sy wederkoms sal die Messias die droefheid van die oorblyfsel van Israel in vreugde verander. Hy sal hulle treurigheid wegneem en aan hulle 'n gewaad van lof gee (Jes. 61:3). Hulle sal die ou puinhope van hul land herbou, en vreemdelinge sal hulle kleinvee oppas (v. 4-5). Die geredde Israel sal priesters van die Here genoem word (v. 6).

Ewige vreugde sal in hulle grondgebied heers (v. 7).

Die Here sê dat Hy in dié tyd ‘n ewige verbond met Israel sal sluit (v. 8). “Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond sal sluit… Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees” (Jer. 31:31,33).

Israel sal wêreldwyd geken en gerespekteer word as ‘n volk wat die Here van harte dien (v. 9). Sagaria sê: “In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van ‘n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is” (Sag. 8:23).

Die geredde Israel sal die lof van die Here in daardie tyd verkondig en hulle uitermate in sy genadewerk verbly: “Ek is baie bly in die HERE, my siel juig in my God; want Hy het my beklee met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel – soos ‘n bruidegom wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos ‘n bruid wat haar versier met haar juwele” (v. 10).

Die godsvrug van Israel sal ook tot ‘n seën vir al die nasies van die aarde wees, onder wie hulle met groot oortuiging die lof van die Messias sal verkondig (v. 11). “In die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet, Israel sal bloei en uitbot, sodat hulle die hele wêreld vol vrugte sal maak” (Jes. 27:6).

Is die Here Jesus ook jóú Verlosser? Indien wel, dan wag daar vir jou ewige vreugde. Oor hulle wat Hom verwerp, sal die toorn van God uitgestort word. Soek die Here terwyl Hy te vinde is, en roep Hom aan terwyl Hy naby is! Die genadejaar van God, wat die Here Jesus by sy eerste koms aangekondig het, geld nog steeds. Die pad na Gólgota en ‘n nuwe lewe is oop vir almal wat onder ‘n sondelas gebuk gaan. Geen berouvolle sondaar sal weggewys word nie, want die hemelse Herder het gekom om te soek en te red wat verlore was (Luk. 19:10). Hy het belowe: “Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie” (Joh. 6:37).

“As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig” (1 Joh. 1:9). Hy breek al jou bande van ongeregtigheid en bevry jou vir ewig van die boeie en gevangenskap van Satan. Paulus sê in Kolossense 2:14 dat Christus die skuldbrief van sonde teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael. Ons kan dus nie as slawe van sonde en gevangenes van Satan deur hom gebind, aangehou en by God aangekla word nie. Glo dit, aanvaar dit, en staan vas in die vryheid waarmee Jesus Christus jou vrygemaak het, sonder om jouself weer onder ‘n juk van diensbaarheid aan die wet of die sonde te plaas (Gal. 5:1).

## Tipes van die Messias

Benewens verskeie Messiaanse profesieë in die Ou Testament, is daar ook ‘n hele aantal tipes van die Messias. Die offerlam wat tydens die uittog uit Egipte geslag is, was ‘n tipe van die Messias wat sy bloed moes stort om die volk van die slawerny van sonde te verlos. Die analogie tussen die paaslam en Christus is duidelik. Paulus het gesê: “…want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus” (1 Kor. 5:7). “In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade” (Ef. 1:7). Johannes die Doper het Jesus aan die volk voorgestel as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29). Petrus het dieselfde beeld van die lam gebruik toe hy aan die Messiaanse Jode geskryf het: “Julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus [die Messias], soos van ‘n lam sonder gebrek en vlekkeloos” (1 Pet. 1:18-19). Hieruit is dit duidelik dat daar eers ‘n lydende Messias moes kom wat sy lewe vir die sondes van die volk aflê, voordat Hy by sy wederkoms as Koning oor sy bevryde volk kan regeer.

Die rots wat in die woestyn geklief is sodat water vir die dors van die volk daaruit kon vloei, dui op die rots Jesus Christus wat vir ons geklief is (1 Kor. 10:4). Omdat Christus, soos die rots, geslaan (gekruisig) is, het Hy vir ons deur die Heilige Gees strome van lewende water geword wat ons geestelike dors vir altyd kan les, daarom nooi Hy al die dorstiges na Hom toe (Joh. 7:37-39). Ook hierdie beeld vereis die koms van ‘n lydende Messias wat deur sy soendood die water van die lewe vir sy volk én die hele wêreld kon word.

Die manna wat in die woestyn uit die hemel geval het, was ‘n tipe van Jesus as die brood van die lewe: “Ons vaders het die manna in die woestyn geëet, soos geskrywe is: Hy het brood uit die hemel aan hulle gegee om te eet. En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel. Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee. Toe sê hulle vir Hom: Here, gee ons altyd hierdie brood. En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie” (Joh. 6:31-35). Die genadewerk van die lydende Messias wat Homself oorgegee het om die brood en water van die lewe te wees, is onontbeerlik vir enige mens. Hy moet eers geestelik gesproke jou Redder wees voordat Hy jou Koning kan wees.

Die koperslang aan die paal was ook ‘n tipe van die Messias se reddingswerk aan die kruis: “En soos Moses die slang in die woestyn

verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Joh. 3:14-15). Die volk is in die woestyn deur giftige slange gebyt, en daar was geen genesing hiervoor anders as om na die koperslang te kyk nie. Israel én alle ander mense is geestelik tot die dood toe siek as gevolg van die gif van die slang wat deur die sondeval tot die ganse menslike geslag deurgedring het. Deur te sien op die kruis waar Christus ons van die vloek van die sonde losgekoop het (Gal. 3:13), is daar redding en 'n nuwe lewe vir elkeen wat glo. Ons roem is in die gekruisigde Messias wat sy lewe vir ons afgelê het, en net op grond daarvan sal ons eendag saam met Hom in sy ryk kan regeer en in al sy heerlikheid deel.

Daar is ook baie Ou Testamentiese persone wat in sekere opsigte tipes van die Messias was, waarvan twee van die bekendstes Isak en Josef is. Isak was die lieflingseun van sy vader, en Abraham kry seker die pynlikste opdrag denkbaar: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys" (Gen. 22:2). Abraham was gehoorsaam om sy eniggebore seun oor te gee om te sterf. So ook is Jesus die eniggebore en geliefde Seun van sy hemelse Vader, en was sy Vader bereid om Hom as 'n soenoffer vir ons sondes aan die dood oor te gee.

Isak was hiervoor bereid en het selfs die hout waarop hy geoffer sou word, op sy skouers na die offerplek toe gedra. So ook het Jesus eeue later die kruishout op sy skouers na Golgota toe gedra. Isak is van die brandofferaltaar af aan sy vader teruggegee: "Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word – want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang" (Heb. 11:17-19). Baie eeue later het die Messias wat sy lewe vir almal afgelê het, uit die dood opgestaan en na sy Vader in die hemel opgevaar. Hy het die dood oorwin.

## Josef as 'n uitbeelding van die Messias

Een van die duidelikste tipes van die Messias in die Ou Testament is Josef. Uit sy lewe blyk albei die rolle van die Messias soos wat dit op sy eerste en tweede koms betrekking het, naamlik die lydende Messias wat deur sy volk verwerp en gekruisig is, en die triomferende Koning wat heerskappy op die troon van Dawid sal voer en sy volk in geregtigheid sal lei. Die volgende grepe uit Josef se lewe, soos in Génesis 37 tot 50 beskryf, het betrekking: "Israel het Josef meer liefgehad as al sy seuns… Toe sê Israel vir Josef: Pas jou broers nie

die vee op by Sigem nie? Kom, laat ek jou na hulle toe stuur. En Hy antwoord hom: Hier is ek!" (Gen. 37:3,13). Jesus is ook die geliefde Seun van sy Vader wat bereid was om na sy broers, die Jode, te gaan toe Hy gestuur is (Matt. 15:24).

Ons lees dat Josef se broers hom van ver af gesien het, "maar voordat hy naby hulle kom, het hulle listig raad gehou teen hom om hom dood te maak… En toe die Midianitiese koopmans verbykom, het hulle Josef uit die put opgetrek en aan die Ismaeliete verkoop vir twintig sikkels silwer" (Gen. 37:18,28). Die Here Jesus is ook deur sy volksgenote gevange geneem en vir die prys van 'n slaaf verkoop: "Toe kom die owerpriesters en die skrifgeleerdes en die ouderlinge van die volk… en hou saam raad om Jesus met lis gevange te neem en om die lewe te bring… Toe gaan een van die twaalf, met die naam van Judas Iskariot, na die owerpriesters en sê: Wat wil u my gee en ek sal Hom aan u oorlewer? En hulle het vir hom dertig silwerstukke afgeweeg" (Matt. 26:3-4,14-15).

Josef word op grond van valse beskuldigings deur die hofdienaar in die gevangenis gewerp. Twee ander dienaars in Farao se paleis word saam met Josef opgesluit; die een word vrygespreek, maar die ander een sterwe. Jesus word ook vals beskuldig, gekruisig en in 'n rotsgraf begrawe wat deur soldate bewaak is. Twee misdadigers word saam met Hom tereggestel – die een verkry die ewige lewe en die ander een sterf in sy sonde.

Josef word uit die gevangenis verhef om saam met die koning op sy troon te sit as tweede in bevel oor die land: "Kan ons wel iemand vind soos hierdie man in wie die Gees van God is? … Jy moet oor my huis wees, en na jou bevel moet my hele volk hulle skik" (Gen. 41:38,40). Ons weet hoedat Jesus uit die dood opgewek is en uitermate verhoog is om aan die regterhand van God te sit, waar Hy ook vir ons intree (Fil. 2:9-10; 1 Joh. 2:1).

"En toe die hele Egipteland honger gely en die volk na Farao geroep het om brood, sê Farao aan die Egiptenaars: "Gaan na Josef. Doen wat hy julle sê" (Gen. 41:55). Die hemelse Vader stuur al die mense op aarde met hulle geestelike behoeftes na Jesus toe wanneer Hy sê: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!" (Matt. 17:5). In gehoorsaamheid aan die woorde van Jesus is die geheim van die ewige lewe opgesluit (Joh. 6:63).

"En die hele wêreld het na Josef in Egipte gekom om koring te koop, want die hongersnood was swaar op die hele aarde" (Gen. 41:57). Jesus is op die troon van sy Vader die uitdeler van brood aan 'n sterwende wêreld: "Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee" (Joh. 6:33). Niemand het buite Hom enige kans op geestelike oorlewing nie.

Die groot hongersnood tref ook vir Israel: "Toe Jakob merk dat daar koring in Egipteland was, het Jakob aan sy seuns gesê: "Kyk, ek het gehoor dat daar koring in Egipte is; trek daarheen af, en koop vir ons daar koring, dat ons kan lewe en nie sterwe nie" (Gen. 42:1-2). Hulle het Egipteland toe gegaan waar Josef in die hongeriges se behoeftes voorsien het, "en Josef het sy broers herken, maar hulle het hom nie herken nie" (Gen. 42:8). Jesus en sy broers (die Jode) was in dieselfde situasie. Hoewel lede van die volk in groot getalle met hulle probleme en siektes na Jesus toe gekom het, het hulle Hom nie as die beloofde Messias en Koning van Israel herken nie.

Josef werp sy broers in die gevangenis en eis dat die jongste broer gehaal word. "Toe sê hulle vir mekaar: voorwaar, ons boet nou vanweë ons broer, omdat ons die benoudheid van sy siel gesien het toe hy ons gesmeek het en ons nie geluister het nie – daarom kom hierdie benoudheid oor ons. Daarop antwoord Ruben hulle: Het ek nie vir julle gesê nie: Besondig julle nie aan die seun nie? Maar julle het nie geluister nie. Kyk, so word dan ook sy bloed geëis" (Gen. 42:21-22). Die stamvaders van die stamme van Israel het nie die koste van hulle daad bereken toe hulle hul broer, wat ook die geliefde seun van sy vader was, in 'n put gegooi, hom dood verklaar en later vir die prys van 'n slaaf verkoop het nie. Jesus het dieselfde behandeling gekry: "En die goewerneur sê: Watter kwaad het Hy dan gedoen? Maar hulle skreeu nog harder en sê: Laat Hom gekruisig word! … En die hele volk antwoord en sê: Laat sy bloed op ons en ons kinders kom!" (Matt. 27:23,25). Die Jode het duidelik nie besef watter verskriklike vervolging vir eeue lank oor hulle en hul kinders sou kom as gevolg van die voorbedagte verraad teen hulle broer, wat die hemelse Vader se lieflingseun is nie.

Josef bemerk die benoudheid van sy broers en draai hom van hulle af weg om te ween – hy weet dat dit alles uit hulle dwase optrede teenoor hom voortspruit. So was dit ook met die Here Jesus: "En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween en gesê: As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie" (Luk. 19:41-44).

Josef verwyt nie sy broers nie, maar is innig lief vir hulle. Hierin word ook die liefde van God vir Israel weerspieël: "Is Efraim vir My 'n dierbare seun of 'n troetelkind? Want so dikwels as Ek teen hom spreek, dink Ek nog altyd aan hom; daarom is my ingewande oor

hom in beroering; Ek sal My sekerlik oor hom ontferm, spreek die HERE" (Jer. 31:20).

Die broers van Josef buig voor hom neer na die aarde toe en vervul letterlik sy droom wat in Genesis 37:6-8 beskryf is. In die Nuwe Testament lees ons dat elke knie voor Hom sal buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is (Fil. 2:10-11).

Tydens die tweede ontmoeting openbaar Josef homself aan sy broers: "Ek is Josef! Leef my vader nog? Maar sy broers kon Hom nie antwoord nie, want hulle was verskrik voor hom. Verder sê Josef vir sy broers: Kom tog nader aan my. En toe hulle nader kom, sê hy: Ek is julle broer Josef vir wie julle na Egipte verkoop het. Maar wees nou nie bedroef nie, en laat daar geen ontstemming by julle wees dat julle my hierheen verkoop het nie. Want om lewens te behou, het God my voor julle uit gestuur" (Gen. 45:3-5).

Met Jesus se tweede koms sal Israel se oë geopen word om Hom as die Messias-Koning te herken, wat vroeër deur hulle verkoop en oorgelewer is om gekruisig te word: "Oor die huis van Dawid en die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem" (Sag. 12:10-11). "En as iemand vir hom sê: Watter wonde is daar tussen jou hande? dan sal hy antwoord: So is ek geslaan in die huis van my vriende" (Sag. 13:6). "Hulle sal my Naam aanroep en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! en hulle sal sê: Die Here my God!" (Sag. 13:9).

Nog 'n belangrike besonderheid by hierdie tweede ontmoeting met Josef is die volgende: "En hulle het gaan sit volgens sy bepaling, die eersgeborene na sy eersgeboorte en die jongste na sy jonkheid. Toe kyk die manne mekaar verbaas aan" (Gen. 43:33). As Koning van die Jode ken Jesus ook die stamme uitmekaar, en Hy sal hulle by die koms van sy koninkryk volgens die bepaling van Eségiël 48 vestig. Openlike verbasing sal weer eens op baie gesigte gesien kan word.

Josef hervestig sy hele familie by hom in die land: "Kom af na my, moenie versuim nie! En u kan in die land Gosen woon en naby my wees, u en u kinders en u kindskinders en u kleinvee en u beeste en alles wat u besit" (Gen. 45:9-10). Ná die koms van die Messias sal die res van die verstrooide Jode uit die nasies versamel word om by hulle Koning in die land Israel te woon: "As 'n lieflike geur sal Ek 'n behae in julle hê wanneer Ek julle uit die volke uitlei en julle uit die lande versamel waarin julle verstrooi was, en Ek sal My in julle as die Heilige laat ken voor die oë van die nasies. En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle in die land Israel bring, in die land waar Ek my

hand oor opgehef het om dit aan julle vaders te gee" (Eseg. 20:41-42). Alle profesieë oor die bewoning van die land Israel het net op die Joodse volk betrekking en kan nie op die kerk oorgedra word nie.

Wat doen Josef se broers nadat hulle met hom versoen is? Hulle gaan vertel: "Josef leef nog – en dat hy regeerder in die hele Egipteland is" (Gen. 45:26). 'n Bekeerde Israel sal ná die wederkoms die Here se spesiale getuies wees en aan alle volke verkondig dat Jesus leef en regeer: "In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is" (Sag. 8:23).

## Die Koning wat weer kom

Die dissipels wat wél vir Jesus tydens sy eerste koms as Messias erken het, het nie van die bedeling van wêreldevangelisasie geweet wat ná sy verwerping deur Israel sou aanbreek nie. Hulle het gemeen dat Hy in daardie tyd die troon van Dawid sou oprig en as heerser in die herstelde koninkryk van Israel sou regeer: Die wat bymekaar gekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk van Israel weer oprig? En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde" (Hand. 1:6-8; vgl. ook Luk. 24:46-49).

Die Here Jesus het nie ontken dat Hy weer die koninkryk van Israel sou oprig nie, maar het net gesê dat die tyd daarvoor nog nie aangebreek het nie – eers moet die hele wêreld geëvangeliseer word. Die proklamering van sy Messiasskap en verlossingswerk onder alle nasies is in ooreenstemming met 'n profesie in Jesaja: "En nou sê die HERE wat My van die moederskoot af geformeer het om sy Kneg te wees, om Jakob na Hom terug te bring en dat Israel by Hom versamel mag word – en Ek word geëer in die oë van die HERE, en my God is my sterkte. Hy het gesê: Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde" (Jes. 49:5-6). Paulus verwys in Handelinge 13:46-48 ook na hierdie profesie as die groot rede vir sy sendingopdrag na die nie-Joodse volke.

Jesus het die verwagting van sy onmiddellike aanvaarding van die koningskap van Israel ook in 'n gelykenis weerlê deur duidelik daarop te wys dat Hy ná 'n lang afwesigheid as Koning sou terugkeer: "En terwyl hulle na hierdie dinge luister, vertel Hy daar nog 'n gelykenis by, omdat Hy naby Jerusalem was en hulle gedink het dat die konink-

ryk van God onmiddellik sou verskyn. Hy het dan gesê: ‘n Man van hoë geboorte het na ‘n ver land gereis om vir homself ‘n koningskap te ontvang en dan terug te kom. En nadat hy tien van sy diensknegte geroep het, gee hy hulle tien ponde en sê vir hulle: Dryf handel daarmee totdat ek kom. Maar sy medeburgers het hom gehaat en ‘n gesantskap agter hom aan gestuur om te sê: Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie. En toe hy terugkom, nadat hy die koningskap ontvang het, sê hy dat daardie diensknegte aan wie hy die geld gegee het, by hom geroep moes word, sodat hy kon weet wat elkeen met handel verdien het… Maar daardie vyande van my wat nie wou hê dat ek koning oor hulle sou wees nie, bring hulle hier en slaan hulle voor my dood” (Luk. 19:11-15,27).

Hierdie gelykenis was ‘n duidelike sinspeling op Herodes Archelaüs wat sy vader, Herodes die Grote, as koning van Judea opgevolg en tussen 4 v.C. en 6 n.C. hier geregeer het. Herodes die Grote het ná die geboorte van Jesus die kindermoord gelas (Matt. 2:16) omdat hy Jesus na aanleiding van wat die wyse manne uit die Ooste oor die geboorte van die Koning van die Jode gesê het, as ‘n bedreiging vir sy eie koningshuis beskou het (Matt. 2:1-2). Herodes die Grote is kort ná die gruweldaad van die kindermoord dood. Sy koninkryk is tussen drie van sy seuns verdeel. Herodes Archelaüs sou koning in Judea word, Herodes Antipas viervors in Galilea en Herodes Filippus viervors in die Oos-Jordaangebied.

Keiser Augustus het hierdie testament in Rome bekragtig, ten spyte daarvan dat die Jode ‘n gesantskap agter die erfgename aan na Rome gestuur het om as gevolg van Archelaüs se wreedheid teen sy aanstelling as koning beswaar te maak: “Sy medeburgers het hom gehaat en ‘n gesantskap agter hom aan gestuur om te sê: Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie” (Luk. 19:14). Met sy terugkeer het Archelaüs die manne laat ombring wat teen hom in opstand gekom en sy koningskap teëgestaan het.

Die feit dat Archelaüs ‘n gevreesde man was, word in Mattheus 2:19-23 bevestig. Dit is die groot rede waarom Josef met Maria en die Kindjie, Jesus, nie in Judea gevestig het toe hulle van Egipte af teruggekeer het nie, maar in Galilea: “Maar toe hy [Josef] hoor dat Archelaüs oor Judea koning was in die plek van sy vader Herodes, was hy bevrees om daarheen te gaan. En hy het ‘n goddelike waarskuwing in ‘n droom ontvang en na die streke van Galilea teruggekeer. En hy het gaan woon in ‘n stad met die naam van Nasaret, sodat vervul sou word wat deur die profete gespreek is, dat Hy Nasaréner genoem sou word” (Matt. 2:22-23).

Jesus verwys in hierdie gelykenis na die feit dat Herodes se seun, Archelaüs, nie die werklike koning van die Jode is wat volgens die

profesieë bestem was om in Jerusalem te regeer nie, maar Hy self. Hy is die man van hoë geboorte wat nogtans op 'n uiters nederige wyse in 'n stal in Betlehem gebore is: "En jy, Betlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid" (Miga 5:1).

Jesus het nie tydens sy eerste koms as koning geregeer nie, daarom sê Hy ook in die gelykenis dat Hy die man van hoë geboorte is wat na 'n ver land gereis het om sy koningskap te ontvang. Archelaüs het na Italië gereis en daar is sy status nog van koning na etnarg (heerser) verlaag. Sy bewindstermyn was ook van korte duur. Jesus se reis na 'n ver land dui op sy hemelvaart. Daar ontvang Hy 'n koningskap ná die volbragte versoeningswerk wat Hy tydens sy eerste koms aan die kruis gedoen het. Wanneer Hy van die ver land af terugkom, sal Hy sy koningskap kom beoefen: "Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen" (Hand. 15:16-17).

Wanneer die Messias in heerlikheid na Jerusalem terugkeer, sal sy koms met trompetgeskal aangekondig word: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus [die Messias], en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Op. 11:15).

Tydens die Here Jesus se afwesigheid, tussen sy eerste koms as nederige dienskneg en sy tweede koms as heersende Koning, het sy volgelinge 'n duidelike opdrag om sy koninkryk wêreldwyd uit te brei. Hulle moet sy getuies wees tot aan die eindes van die aarde, en vir hierdie groot taak het Hy die toerusting van die vervulling met die Heilige Gees aan hulle geskenk (Hand. 1:8).

In die gelykenis in Lukas 19 sê Hy dat Hy voor sy vertrek sy diensknegte geroep en aan elkeen 'n pond gegee het met die opdrag: "Dryf handel daarmee totdat Ek kom." Hierdie pond dui nie op redding nie, maar op 'n goddelike werksvermoë. Die diensknegte behoort reeds aan hulle Heer – Hy het hulle met sy bloed gekoop, stel hulle nou in sy diens en gee aan hulle die krag van die Heilige Gees waarsonder hulle nie hulle werk sal kan doen nie.

In die King James-vertaling van die Bybel word die opdrag tot diensbaarheid só gestel: "Occupy till I come." Dit beteken: "Behartig die sake van my koninkryk totdat Ek kom." Die Here Jesus het sy dissipels by 'n ander geleentheid ook duidelik laat verstaan dat hulle gestuurdes is: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook"

(Joh. 20:21). Geen dienskneg van die Here kan hierdie groot opdrag in 'n vyandige wêreld uitvoer sonder dat hy of sy met goddelike krag uit die hoogte toegerus is nie.

Wanneer die Koning terugkom, is die eerste saak op sy agenda 'n ontmoeting met sy diensknegte sodat hulle voor sy regterstoel rekenskap oor die uitvoering van hulle opdrag kan gee (2 Kor. 5:10; Rom. 14:12). Aan diegene wat getrou was, sal genadeloon toegeken word: "Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees" (Op. 22:12). 'n Deel van hierdie beloning sal wees dat die Here Jesus se diensknegte wat getrou bevind is, saam met Hom in sy koninkryk op aarde sal regeer. "En Hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede" (Luk. 19:17).

Wanneer die Koning met sy wederkoms klaar sy diensknegte beloon het, sal Hy Homself in oordeel tot diegene wend wat sy koningskap verwerp het: "Maar daardie vyande van My wat nie wou hê dat ek koning oor hulle sou wees nie, bring hulle hier en slaan hulle voor My dood" (Luk. 19:27). Volgens Openbaring 19:21 sal Jesus Christus se vyande gedood word met die swaard wat uit sy mond gaan. Hy sal net 'n woord spreek wat tot hulle verdelging sal lei.

Uit hierdie gelykenis is die volgorde van die Messias se openbaringsgebeure baie duidelik: eers word sy diensknegte ontbied om voor Hom te verskyn en rekenskap van hulle lewe te gee, daarna sal sy toorn oor sy vyande uitgestort word, en dan begin sy koninkryk.

## Die regte Messiasverwagting

Omdat Israel as volk eers aan die einde van die groot verdrukking die Messias sal aanvaar, sal hulle deur hierdie tyd van groot benoudheid moet gaan om gelouter en gesuiwer te word. Jeremia sê: "Dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word" (Jer. 30: 7). Die Messias het Israel tydens sy eerste koms ook duidelik teen die valse messias en sy meelopers gewaarsku wat hulleself in die eindtyd aan die volk sal bied: "Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! [die Messias] en hulle sal baie mense mislei… want daar sal valse messiasse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn – moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer – moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees" (Matt. 24:4-5,24-27). Elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het, nl. die Joodse volk (Op. 1:7). In dié dag sal sy

voete staan op die Olyfberg wat oos van Jerusalem is (Sag. 14:4-5), dan sal die hele oorblyfsel van Israel gered en onder die vaandel van die Messias se regering verenig word.

Israel moet nie die fout maak om ‘n messias te aanvaar wat op ‘n ander wyse kom en ‘n ander soort vrede aanbied as wat die ware Messias aanbied nie. Die valse messias sal Israel se vyande saam met die volk van God in ‘n valse wêreldgodsdiens onder sy persoonlike leierskap verenig. Diegene wat nie wil saamwerk nie, sal geweldig vervolg en om die lewe gebring word. ‘n Waarskuwing teen só ‘n aanmatigende wêreldmessias wat hom in sy eie naam op groot dinge sal beroem, is deur Jesus aan die Jode gerig: “Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As ‘n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem” (Joh. 5:43).

Die uur van finale beslissing tussen die ware Messias en die valse messiasse van die eindtyd sal weldra in Israel aanbreek. In die uitoefening van ‘n keuse sal hulle in gedagte moet hou dat die ware Messias nooit kompromie met die goddelose heidenwêreld gemaak het nie, en dat Hy ook nie by sy wederkoms brûe van eenheid na die valse godsdienste sal bou nie. Sy vredesaanbod aan alle mense staan nog steeds, maar dit is gebaseer op die streng voorwaarde dat Hy alleen as die Messias en poort na die koninkryk van die hemel erken sal word: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Joh. 14:6).

## Israel se verwerping van die Drie-enige God

Die verwerping van die Messias tydens sy eerste koms, en die geweldige gevolge wat dit vir Israel as verbondsvolk ingehou het, was deel van die uitdruklike verwerping van die Drie-enige God. Met slegs geringe uitsonderings van ‘n oorblyfsel van godvresende manne en vroue, het die volk oor baie jare heen die rug op God gedraai, ‘n hoë muur van sonde tussen hulle en Hom opgebou, en die maat van hulle ongeregtigheid vol gemaak. In die proses het hulle geestelik geweldig verhard en afgestomp geraak.

Dit is duidelik dat Israel die Drie-enige God in drie stadiums verwerp het. Eers het hulle die Vader verwerp, toe die Seun en daarna die Heilige Gees. In die gelykenis van die landbouers (Matt. 21:33-43) verduidelik die Here Jesus aan Joodse volksleiers die eerste twee verwerpings, naamlik hulle verwerping van die Landbouer (God) deur middel van die verwerping van sy gesante, en daarna die verwerping van die Landbouer se Seun, die Messias.

### *Verwerping van die Vader*

Israel is die volk wat deur die Vader vir Homself afgesonder is. Volgens die gelykenis is hulle vir Hom soos ‘n wingerd wat goed bewerk,

omhein en bewaak is, en wat alle geleentheid gehad het om vir Hom veel vrug te dra. In die persone van Moses en die profete het Hy sy spesiale gesante na hulle gestuur om tot eer van sy Naam as geestelike leiers op te tree en sodoende sy doel met Israel te bereik.

Onder die aansporing van goddelose konings en valse profete het die volk egter telkens die gesante van God verwerp, mishandel en selfs doodgemaak. In die tyd van Jesus was hierdie gees van rebellie teen God sterk gevestig, daarom het Jesus die duidelike waarskuwing uitgespreek dat die Vader spoedig rekenskap van hierdie goddelose manne sou eis wat sy profete verwerp en party van hulle doodgemaak het. Rekenskap sal van die afvallige lede van die uitverkore volk oor hulle verkeerde besluite en rebelse houding geëis word:

> Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe, en julle sal sommige van hulle doodmaak en kruisig en sommige van hulle in jul sinagoges gésel en van die een stad na die ander vervolg, sodat oor julle kan kom al die regverdige bloed wat vergiet is op die aarde, van die bloed van die regverdige Abel af tot op die bloed van Sagaria, die seun van Berégja, wat julle vermoor het tussen die tempel en die altaar. Voorwaar Ek sê vir julle, al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom (Matt. 23:34-36).

Die laaste van die profete wat God gestuur het om vir Hom ‘n oes onder sy volk in te samel, was Johannes die Doper. Die volksleiers het hom egter ook verwerp en geen vinger verroer toe Herodes hom laat vermoor het nie. Jesus het hulle sterk verkwalik omdat hulle hierdie groot profeet van God nie geglo en aanvaar het nie: “Die doop van Johannes, waar was dit vandaan, uit die hemel of uit mense? En hulle het by hulself geredeneer en gesê: As ons sê: Uit die hemel – dan sal Hy ons vra: Waarom het julle hom dan nie geglo nie?” (Matt. 21:25). So het hulle dan ook op hierdie profeet die rug gedraai en sy vermoording goedgekeur.

### *Verwerping van die Seun*

Jesus is die eniggebore Seun van God wat in die volheid van die tyd as die beloofde Messias na Israel gestuur is om hulle soos ‘n kudde in die koninkryk van die Vader te versamel. Die volksleiers het Hom egter ook verwerp nadat hulle listig teen Hom raad gehou het: “Toe kom die owerpriesters en die skrifgeleerdes en die ouderlinge van die volk bymekaar in die paleis van die hoëpriester wat Kájafas genoem word, en hou saam raad om Jesus met lis gevange te neem en om die lewe te bring” (Matt. 26:3-4).

Deur hierdie daad van rebellie het die volksleiers ook die tweede persoon in die Godheid, naamlik die Seun, verwerp. Hierdeur het die leiers hulleself by hulle opstandige voorvaders gevoeg wat die profete van God doodgemaak het: “Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete

doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ‘n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaar maak, **en julle wou nie!** Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat! Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" (Matt. 23:37-39).

Die seëngroet van aanvaarding ("Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here" – Ps. 118:26) sal Israel eers uitspreek wanneer Jesus sy voete ná die donker dae van die groot verdrukking op die Olyfberg neersit. Die ware Messias sál dus aanvaar word wanneer Hy vir die tweede keer na Israel toe kom, maar slegs nadat daar groot benoudheid oor die volk gekom het.

As gevolg van die verwerping van die Seun het God wraak op die landbouers (die geestelike leiers van Israel) én hulle misleide volgelinge uitgeoefen. Die Seun het gesien dat die toorn van God onafwendbaar was, en innig jammer vir Jerusalem en sy verblinde inwoners gevoel: "En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween en gesê: …daar sal dae oor jou kom dat jou vyande… jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie" (Luk. 19:41-44).

*Verwerping van die Heilige Gees*

Die Vader het in sy lankmoedigheid en genade die tye van onkunde oorgesien, en aan Israel ná die verwerping en kruisiging van sy Seun nog ‘n paar jaar gegee om die aanbod van sy koninkryk te aanvaar. Dit was tydens die bediening van die Heilige Gees ná Pinksterdag in die vroeë Christelike kerk in Jerusalem. Die finale daad van die verwerping van hierdie aanbod was die steniging van Stéfanus, wat die eerste martelaar van die kerk van Christus was.

In ‘n baie lang rede het Stéfanus die volksleiers aan die jarelange wandade van hul voorvaders herinner (Hand. 6:8–7:60). Hy het hulle saamgegroepeer met diegene wat die profete van die Here én die Messias verwerp en doodgemaak het. Verder het hy hulle daarvan beskuldig dat hulle nou ook die Heilige Gees van God weerstaan en verwerp het: "Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, **julle weerstaan altyd die Heilige Gees;** net soos julle vaders, so ook julle. Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Ja, hulle het dié gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het" (Hand. 7:51-52).

Die volk is deur Stéfanus in die beskuldigdebank geplaas, aan herhaalde rebellie teen God skuldig bevind, en sodoende *as volk* aan verwerping en veroordeling oorgegee. In beginsel het hulle nou die

seël op die verwoesting van Jerusalem en die verstrooiing van Israel geplaas, wat in die jaar 70 n.C. gebeur het.

Warren W. Wiersbe (*The Bible Exposition Commentary, Vol. 1,* 1989, bl. 433) verwys na die drie moorde wat Israel gepleeg het, op grond waarvan hulle die Drie-enige God verwerp en hulle lot verseël het: "Vir Israel het Stéfanus se dood veroordeling beteken. Dit was hulle derde moord. Hulle het **toegelaat** dat Johannes die Doper doodgemaak word; hulle het **gevra** dat Jesus doodgemaak word, en vir Stéfanus het hulle **self** doodgemaak. Toe hulle Herodes toegelaat het om Johannes dood te maak, het die Jode teen God die Vader gesondig wat vir Johannes gestuur het (Matt. 23:28-32). Toe hulle Pilatus gevra het om vir Jesus te kruisig, het hulle teen God die Seun gesondig wat as Verlosser na hulle toe gekom het. Toe hulle Stéfanus gestenig het, het hulle teen die Heilige Gees gesondig wat deur die apostels en die vroeë Christelike kerk in Jerusalem gewerk het. Hierdeur het hulle as volk die oordele oor hulleself gebring."

As gevolg van Israel se rebellie en ongeloof is die taak om God se spesiale getuies in die wêreld te wees, uit hulle hande geneem en op die verwerpte dissipels se skouers geplaas. Deur hulle prediking is die kerk van Christus op aarde gevestig. Dit beteken egter nie dat God sy verbond met Israel verbreek het, en dat die kerk nou die "nuwe Israel" is nie – dit is hoegenaamd nie die geval nie. Ná 'n baie lang tyd van verstrooiing onder die nasies van die wêreld sal Israel fisies én geestelik herstel word. In 'n nuwe, kragtige werk van die Heilige Gees sal hulle as volk met trane van berou na die Messias, wat deur hulle vaders verwerp en gekruisig is, terugkeer (Sag. 12:10).

Huidiglik is die volk nog geestelik verblind, maar ná die komende tyd van benoudheid vir Jakob (die groot verdrukking) sal 'n oorblyfsel van hulle met die Messias versoen en verenig word (Sag. 13:1,9).

## Die Messias as Bruidegom

'n Baie belangrike teken wat in Mattheus 25:1-13 aan eindtydse Israel gegee word dat Jesus die Messias is, sal vervul word wanneer Hy as die hemelse Bruidegom sy bruid tydens die wegraping in die geheim kom haal. Dit sal geestelik in 'n baie donker tydperk van die wêreldgeskiedenis wees wanneer nie net die Messiaanse Jode nie, maar ook evangeliese Christene onder die nasies, aan verwerping en vervolging weens hulle Bybels-gebaseerde geloof in Jesus onderwerp sal word. In daardie tyd sal die gees van die Antichris sterk werksaam wees om die godheid van Jesus te loën, sy opstanding en wederkoms te bevraagteken, die Bybel as die geïnspireerde Woord van God in diskrediet te bring, en ook Bybelse beloftes soos dié oor die wegraping te ontken en as onwerklik voor te stel.

Tydens Jesus se eerste koms was daar ook groot aanvegtinge teen Hom en sy klein groepie ware dissipels. Die nag voor sy kruisiging het Hy egter die volgende gerusstellende belofte aan hulle gemaak: "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:1-3).

Hierdie belofte is na analogie van die tradisionele Joodse huweliksgebruike in Bybelse tye gemaak. Die eerste belangrike stap in die Joodse huwelik was die verlowing, wat die sluiting van 'n huweliksverbond behels het. In die tyd van Jesus was dit gebruiklik dat só 'n verbond gesluit is op grond van die inisiatief wat deur die voornemende bruidegom geneem is. Vir hierdie doel het hy van sy vaderhuis af na die woning van sy voornemende bruid gereis. Daar het hy met haar vader oor die bruidsprys (*mohar*) onderhandel wat hy vir haar moes betaal. Nadat die bruidegom die koopprys betaal het, is die huweliksverbond tussen hulle gesluit. Van daardie oomblik af is die bruid as toegewy of geheilig verklaar, en slegs vir haar bruidegom afgesonder. As 'n simbool van die verbond wat tussen hulle gesluit is, het die bruidegom en die bruid uit 'n beker ongegiste wyn gedrink waaroor die verlowingseën uitgespreek is.

In die bestudering van die analogie is die eerste stelling wat gemaak moet word, dat die geheiligde kerk van Christus sy bruidsgemeente is (Ef. 5:22-33). Net soos die Joodse bruidegom die inisiatief in die huwelik geneem het deur sy vaderhuis te verlaat en na die woning van sy voornemende bruid te reis, het Jesus 2000 jaar gelede sy vaderhuis verlaat en na die aarde gekom wat die woonplek van sy voornemende bruid is. Hier het Hy deur sy kruisdood die volle prys betaal om sy bruid los te koop sodat sy net aan Hom kan behoort. Paulus sê vir die gemeente: "Julle is duur gekoop" (1 Kor. 6:20), en Petrus bevestig ook dat ons losgekoop is deur die bloed van die Lam (1 Pet. 1:18-19). In dieselfde nag waarin Jesus die belofte aan die vroeë dissipels gemaak het dat Hy vir ons plek gaan berei, het Hy die Nagmaal ingestel. Hy het die beker met die wyn aan sy dissipels gegee met die woorde: "Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed" (1 Kor. 11:25). Dit is ter herinnering aan die vaste en ewige verbintenis wat ons deur sy kruisdood met Hom het.

Soos wat die Joodse bruid verklaar is om heilig en slegs aan haar bruidegom toegewy te wees, moet ons ook voorberei word om vlekkeloos voor Christus te verskyn. Hy het voorsiening hiervoor gemaak: "Christus het ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee om dit te heilig… sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel,

verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees” (Ef. 5:25-27).

Nadat die huweliksverbond gesluit is, het die bruidegom die woning van die bruid verlaat en na sy vaderhuis teruggekeer. Daar het hy, afgesonderd van sy bruid, vir twaalf maande gebly. Hierdie periode van twaalf maande het aan die bruid die geleentheid gebied om haar bruidsuitrusting gereed te kry en haar op die getroude lewe voor te berei. Die bruidegom het homself besig gehou met die inrig van woonkwartiere in sy vader se huis, waarheen hy sy bruid kon bring.

Christus het ook ná sy eerste koms en die betaal van die kpopprys vir sy bruid, na sy vaderhuis in die hemel teruggekeer om vir ons plek te gaan berei. In hierdie tyd van afsondering moet ons op die lewe in die hemel voorberei word, getrou aan die Here Jesus bly en die werk doen wat Hy aan ons opgedra het, deur die uitnodiging tot lidmaatskap van sy bruidsgemeente ook aan ander mense te rig. Die gevaar bestaan egter dat ons in hierdie tyd deur Satan en die wêreld verlei kan word om ontrou aan Christus te raak en sodoende uit ons heilige verhouding met Hom te verval.

Paulus sê aan die vleeslike Korinthiërs, wat absoluut traag was om die opdrag tot heiligmaking na te streef en uit te leef (1 Kor. 3:1-17), dat hulle as gevolg van daardie houding ontrou sal raak en die wêreldse gees ten prooi sal val: “Ek is jaloers oor julle met ‘n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind om julle as ‘n reine maagd aan Christus voor te stel. Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus” (2 Kor. 11:2-3). Uit die gelykenis in Mattheus 25 is dit ook duidelik dat vyf van die maagde té min olie in hulle lampe gehad het, wat ‘n aanduiding daarvan is dat hulle nie met die Gees van God vervul was nie en dus nie waardig om voor die Bruidegom te verskyn en Hom na sy vaderhuis te vergesel nie.

Aan die einde van die jaar van afsondering het die Joodse bruidegom sy bruid gaan haal om by hom te kom woon. Dit het gewoonlik in die nag gebeur omdat dit ‘n geheime ontmoeting met haar was. Hy het haar buitekant op die pad ontmoet waar sy hom ingewag het, en by hierdie geleentheid het hy homself nie aan die res van haar gesinslede vertoon nie. Hy, sy strooijonker en ander manlike reisgenote het ‘n fakkeloptog na die omgewing van die bruid se huis onderneem. Hoewel die bruid hom aan die einde van die tyd van afsondering verwag het, het sy nie die presiese nag van sy aankoms geken nie. As gevolg hiervan is die bruidegom se aankoms deur ‘n geroep voorafgegaan. Deur hierdie geroep is die bruid gewaarsku om vir die koms van die bruidegom gereed te wees (Matt. 25:6).

Op ‘n soortgelyke wyse sal die hemelse Bruidegom aan die einde van die kerkdispensasie sy bruid in die geheim kom haal. Hy sal haar buitekant die aarde in die lug ontmoet, en Homself nie by hierdie geleentheid aan die res van die wêreld openbaar nie. Sy koms sal ook met ‘n geroep aangekondig word: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde” (1 Thess. 4:16-18).

Wanneer die huisgenote van die bruid die volgende oggend gemerk het dat sy en haar vriendinne verdwyn het, het hulle geweet dat die bruidegom daardie nag gekom het. Hulle het dan ook as ‘n afsonderlike groep na die huis van die bruidegom vertrek om die huweliksfees te gaan bywoon.

Wanneer die Messiaanse Jode saam met al die ander lede van Jesus se bruidsgemeente skielik tydens die wegraping verdwyn, sal baie van die Jode besef dat die hemelse Bruidegom hulle kom haal het. Dit sal vir hulle ‘n sterk bewys wees dat Jesus die Messias van Israel en Verlosser van die wêreld is, en op grond daarvan sal daar ‘n groot herlewing in Israel wees waarin 144 000 Jode kort ná die wegraping gered sal word (Op. 7:1-8). Die meerderheid van die volk sal egter geestelik verblind wees en met die valse messias ‘n verbond sluit om sodoende deel van sy “bruid” te word. Dieselfde ontdekking sal ook met ‘n groot skok oral in die wêreld gemaak word, waar dit baie opsigtelik sal wees dat sommige mense spoorloos uit hul huise en van hulle werksplekke af verdwyn het (Matt. 24:40-42; Luk. 17:34-36). Hiervoor sal daar net een Bybelse verklaring wees, en dit is dat die hemelse Bruidegom sy bruid kom haal het!

Wanneer die Joodse bruidegom en sy geselskap by sy vaderhuis aangekom het, was sy bruid steeds gesluierd en het hy haar na die bruidsvertrek (*huppah*) geneem waar hulle vir sewe dae lank alleen saam was en die huwelik finaal volvoer is. Intussen het die gaste aangekom en die voltrekking van die huwelik gevier. Ná die sewe dae het die bruidegom sy bruid ongesluierd aan die gaste voorgestel sodat almal van hulle haar kon sien. Dit het tot groot blydskap en uitbundige feesviering gelei.

Op ‘n soortgelyke wyse sal die bruid van die Messias weggeneem en verborge gehou word op ‘n plek waar die res van die wêreld haar nie kan sien nie. Die sewe dae van die *huppa* dui profeties op ‘n jaarweek, wat die sewe jaar is wat sal verloop tussen die wegraping en die sigbare openbaring van Jesus Christus en sy bruid aan die

hele wêreld. Ná die vereniging tussen Christus en sy bruid sal daar inderdaad sewe jaar verloop voordat die bruilofsmaal van die Lam (die onthaal ná die troue) hier op aarde gevier sal word. Jesus en sy bruid sal by sy wederkoms aan die hele wêreld geopenbaar word: "Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word" (Kol. 3:4). Hierna sal die bruilofsfees plaasvind, waar die oorblyfsel van Israel wat eers tydens die Messias se wederkoms gered sal word, onder die gaste sal tel: "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges" (Op. 19:7-8). Sy sal as die bruid van die Lam met 'n vlekkelose kleed voor die Messias verskyn.

In 'n Psalm oor die bruilof van die Messias word hierdie luisterryke geleentheid só beskryf:

> Al u klere is mirre en alewee en kassie; uit ivoorpaleise maak snarespel U bly. Dogters van konings is onder u staatsdogters; die koningin staan aan u regterhand in goud van Ofir… Louter heerlikheid is die Koning se dogter daarbinne; van gouddraad is haar kleding. In veelkleurige gewade word sy na die Koning gelei; jonkvroue agter haar, haar vriendinne, word na U gebring. Hulle word gelei met vreugde en gejuig; hulle gaan in die Koning se paleis in… U sal [u seuns] aanstel as vorste in die hele land (Ps. 45:9-10,14-17).

Ná die bruilofsmaal van die Messias sal sy vrederyk 'n aanvang neem, waarin sy heiliges saam met Hom as konings sal regeer. Met die oog hierop sal hulle Hom in die hemel, nog voor die wederkoms op die Olyfberg, toesing: "U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Op. 5:9-10). As jy deur die bloed van Christus gekoop en 'n geheiligde, diensbare lid van sy bruidsgemeente is, sal jy ook in die heerlikheid van sy toekomstige openbaring deel! Dan sal ons regters wees wat saam met Christus die wêreld sal oordeel (1 Kor. 6:2) en ook konings wat saam met Hom sal regeer.

Nou, in hierdie bedeling, is ons egter nie konings en regters nie, maar soldate van die kruis, diensknegte van God en volgelinge van die lydende Messias wat deur Israel en die wêreld verwerp word. Ons gaan deur vele verdrukkinge in die koninkryk van God in, maar in dit alles is ons meer as oorwinnaars in Hom wat ons liefgehad en sy lewe vir ons afgelê het. As ons nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees (Rom. 8:1), sal ons God behaag deur 'n lewe te lei wat soos dié van sy Seun is, en gereed wees wanneer die hemelse Bruidegom skielik sal verskyn om sy bruid te kom haal!

# 5. Die Valse Messias

Satan is met 'n eeue-oue stryd teen die koninkryk van God op aarde besig. In die Ou Testament was hierdie stryd op Israel as die uitverkore volk van God toegespits, en in die Nuwe Testament is die aanvalle en misleidingswerk van die Bose ook na die Christelike kerk uitgebrei. Die vervolging en geestelike verblinding teen die verstrooide Israel duur egter voort, omdat Satan weet dat Israel volgens God se beloftes in hulle land herstel en geestelik lewend gemaak sal word om in die toekoms nog 'n groot en verhewe rol in die wêreld te speel. Uit die oogpunt van Satan is die einddoel met sy stryd die vestiging van 'n sataniese nuwe wêreldorde wat onder die beheer van 'n valse wêreldmessias (die Antichris) sal staan. Uit die oogpunt van God sal die stryd op die finale oorwinning en verdelging van sataniese magte uitloop, en op die vestiging van die Messiasryk met Jerusalem as die hoofstad van die wêreld. Die mag van die duisternis sal verbreek en al sy aanhangers tot die hel verdoem word.

Hierdie is 'n eeue-oue stryd wat in die paradys reeds begin het toe Adam en Eva deur die duiwel mislei is om aan hom gehoorsaam te wees en teen God te rebelleer. In die duisende jare tot met die koms van Christus was daar tye toe nie net al die heidennasies geestelik deur Satan verblind was om afgode te aanbid nie, maar grootskaalse afvalligheid het ook in Israel as God se volk geheers. Soms het dit gelyk of die hele Israel geestelik oorwin en vernietig sou word in die hewige stryd wat om hulle siele gewoed het. Selfs Elia het in een stadium byna die stryd gewonne gegee en gesê: "Here, hulle het u profete gedood en u altare het hulle afgebreek, en ek het alleen oorgebly, en hulle soek my lewe! Maar wat sê die Godspraak aan hom? Ek het vir Myself seweduisend manne laat oorbly wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie" (Rom. 11:3-4).

Die Here het egter telkens ingegryp en verseker dat 'n gelowige oorblyfsel in Israel in stand gehou word. Ook in die Nuwe Testamentiese kerk is daar die relatief klein groepie ware dissipels van Jesus wat die weg deur die nou poort gevind het en deur die genade van die Here op hierdie pad volhard. Die stryd duur egter voort omdat ons in 'n wêreld leef wat in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19). Satan is die god van hierdie wêreld wat die sinne van die mense verblind (2 Kor. 4:4). Jesus noem hom die owerste van hierdie wêreld (Joh. 14:30). Deur die gees van die valse messias word mense in Israel én

in die kerk van die ware Messias afvallig gemaak (1 Joh. 4:3). In die eindtyd sal die valse messias egter as persoon geopenbaar word en die wêreld sewe jaar lank saam met die valse profeet regeer.

## Die valse messias in Daniël

In Daniël 9:24 tot 27 is daar 'n beskrywing van 70 jaarweke in Israel se heilsgeskiedenis, waarin twee messiasse 'n prominente rol vervul – die ware Messias en die valse messias: "Sewentig sewetalle is oor jou volk (Israel) en jou heilige stad (Jerusalem) bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring… Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors [die Messias] is sewe sewetalle en 62 sewetalle [m.a.w. 69 sewetalle]… dan sal 'n Gesalfde [die Messias] uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes… En hy [die valse messias] sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word" (Dan. 9:24-27).

Die heilsgeskiedenis van Israel van die einde van die Babiloniese ballingskap af tot met die aanbreek van die Messiasryk, word in hierdie gedeelte binne die raamwerk van 70 jaarweke geplaas. 'n Jaarweek (of sewetal) is 'n periode van sewe jaar (Lev. 25:8). Sewentig jaarweke is 490 profetiese jare van 360 dae elk. Dit word in vers 24 duidelik gestel dat aan die einde van dié tyd, die maat van Israel se sondes vol sal wees. Dan sal die goddeloosheid van die volk tot 'n einde kom en ewige geregtigheid vir hulle aanbreek. Ná hierdie 70 jaarweke sal die volk dus volkome, en in sy geheel, met God versoen wees en Hom almal van harte dien (Jer. 31:34; 32:38-40).

Vandat die woord uitgegaan het om Jerusalem te herbou, tot met die uitroeiing van 'n Gesalfde (die kruisiging van die Messias) sou 69 jaarweke verloop (v. 25-26). Daar het inderdaad 69 jaarweke (483 profetiese jare) verloop vandat koning Artasásta in 445 v.C. aan Nehemia toestemming gegee het om Jerusalem te herbou (Neh. 2:1-8), tot met die kruisiging van die Messias in 32 n.C. Al wat hierna in die heilsgeskiedenis van Israel as volk oorbly totdat die Messiasryk aanbreek, is sewe jaar – die sewentigste jaarweek van Daniël, wat deur die volk se verbond met die valse messias ingelui sal word.

Met die geboorte van Jesus hét die Messias gekom, en kon die Messiasryk in beginsel vir Israel aangebreek het indien hulle Hom as hulle Messias-Koning aanvaar het. Dit het egter nie gebeur nie, en

die Gesalfde is “uitgeroei” sonder iets vir Hom (Dan. 9:26). Hy het na sy eie mense (Israel) gekom en hulle het Hom nie aangeneem nie (Joh. 1:11). Deur hierdie daad van verwerping het God se horlosie vir Israel wat hulle heilsgeskiedenis as ‘n volk betref, gaan staan. Die gevolg was dat daar ‘n baie lang tydsgaping tussen die 69$^{ste}$ en 70$^{ste}$ jaarweke ingetree het, waarin die koninkryk van God op aarde hoofsaaklik onder die nie-Joodse volke gevestig is.

Ná sy opstanding het Jesus aan sy dissipels opdrag gegee om die evangelie aan die ganse mensdom op aarde te verkondig (Mark. 16: 15). Dit is die tye van die nasies, nie die tyd van Israel nie, waarin die nie-Joodse nasies ‘n kans sou kry om gered te word. Individuele Jode sou ook in hierdie tyd gered word, maar Israel as volk sou in ‘n verworpe toestand bly voortbestaan. Dit sou so bly tot aan die einde van die kerkbedeling wanneer Jerusalem en Israel herstel is en die laaste geslag verloop het totdat die 70$^{ste}$ jaarweek ‘n aanvang neem: “Jerusalem sal vertrap word deur die nasies *totdat* die tye van die nasies vervul is” (Luk. 21:24; vgl. ook Rom. 11:25).

Ons leef nou in die tyd van die progressiewe herstel van Israel en Jerusalem. Die 70$^{ste}$ jaarweek van die volk se heilsgeskiedenis kan dus enige tyd begin. Volgens Daniël 9:26-27 sal dit ‘n aanvang neem wanneer die vors van ‘n volk wat sal kom (die Antichris, of valse messias) ‘n verbond met Israel én baie ander lande sluit. Sy toetrede tot die wêreldtoneel sal waarskynlik met ‘n ernstige oorlogsituasie verband hou (die Russies-Arabiese inval in Israel – Eseg. 38 en 39), en hy sal die krediet vir die oorwinning opeis. Hy sal dus op ‘n kritieke oomblik as ‘n vredevors tot Israel se redding kom, en ook deur al die nasies geloof word omdat hy ‘n moontlike derde wêreldoorlog afgeweer en ‘n internasionale ekonomiese ineenstorting voorkom het.

Hierdie hoogs dramatiese gebeure sal ‘n verreikende invloed op die Joodse volk, hulle regering en godsdiensleiers hê. Om die opgewondenheid verder te verhoog, sal dié verlosser aanspraak op die troon van Dawid maak en op ‘n misleidende wyse ‘bewys’ dat hy ‘n afstammeling en van Dawid is. Israel sal ‘n verbond met hom sluit waarin hulle hom as die beloofde Messias aanvaar. Hy sal ook aan hulle die reg gee om die tempel te herbou en weer die offerdiens in te stel, omdat dit die voortgesette verwerping van Jesus sal verseker.

Gedurende die feestelikhede wat met die inhuldiging van die valse messias gepaard gaan, sal ‘n geestelike herlewing plaasvind waarin 144 000 Jode hulle van hul regering se verbond met Satan se “engel van die lig” sal distansieer en vir Jesus Christus (Jeshua Ha Mashiach) as die ware Messias aanvaar. Hulle sal openlik standpunt teen die valse messias inneem, en dit sal tot hewige vervolging teen hulle aanleiding gee. Die valse vrede wat die Antichris sal bewerk, sal net

3½ jaar lank hou. In die middel van die jaarweek van sewe jaar sal hy in die herboude tempel se Allerheiligste ingaan en homself daar tot God verklaar (2 Thess. 2:4; vgl. Dan. 11:36). ‘n Beeld van hom sal in die tempel geplaas word, en almal sal gedwing word om hom en sy beeld te aanbid (Op. 13:14-15). Dan sal hy Israel se nasionale godsdiens en offerdiens verbied: “…gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar ‘n verwoester wees” (Dan. 9:27).

Israel sal as gevolg hiervan hulle verbond met die valse messias verbreek en hom as Messias verwerp. Hy sal in woede op hulle toeslaan en ‘n Joodse volksmoord gelas. Op daardie dag sal die Jode vir hulle lewens moet vlug en geen oomblik verloor in hulle poging om van die valse messias se magte af weg te kom nie (Matt. 24:15-22).

Daniël verwys na hierdie tyd van verskrikking wat in al sy felheid oor Israel sal losbars. Paniek sal heers en baie mense sal nie weet wat om te doen nie. Sommige van die Jode sal die valse Messias erken in die hoop om vrede, sekuriteit en ekonomiese voordele van hom te verkry. Die ander sal hom egter verwerp en as gevolg daarvan hewig deur hom vervolg word:

> En deur hom [die valse messias] sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel [‘n beeld van die valse messias] opstel. En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleiery afvallig maak, maar die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree. En die verstandiges onder die volk sal baie tot insig bring; maar hulle sal struikel deur swaard en vlam, deur gevangenskap en berowing, dae lank. En terwyl hulle struikel, sal hulle met ‘n klein hulp ondersteun word; dan sal baie uit listigheid by hulle aansluit [spioene van die valse messias]. En van die verstandiges sal sommige struikel, om onder hulle loutering en reiniging en suiwering aan te bring tot die tyd van die einde – want dit sal nog duur tot op die vasgestelde tyd (Dan. 11:31-35).

## Die valse messias in Openbaring

Ons lees die volgende oor die valse messias in Openbaring:

> **Die valse messias:** En ek het ‘n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ‘n naam van godslastering. En die dier wat ek gesien het, was soos ‘n luiperd, en sy pote soos dié van ‘n beer, en sy bek soos die bek van ‘n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag. En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer? En ‘n mond is aan hom gegee wat groot woorde en

godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen. En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God… Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie… (Op. 13:1-7).

**Die valse profeet:** En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom… En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewend geword het. En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig (Op. 13:11-18).

Die simboliek in Openbaring 13 stem met dié in Daniël 7 ooreen waarin die Babiloniese ryk as 'n leeu, die Medo-Persiese ryk as 'n beer, die Griekse ryk as 'n luiperd en die Romeinse ryk as 'n wreedaardige dier met tien horings op sy kop voorgestel word. Dit beteken dat kenmerke van al hierdie ryke in die valse messias en sy eindtydse ryk sal herleef – dit sal dus nie net 'n herleefde Romeinse ryk wees nie, maar ook 'n herlewing van al die slegte eienskappe van die Babiloniese, Medo-Persiese en Griekse ryke:

- ♦ Die valse messias sal die Babiloniese tradisie van die vergoddeliking van die koning volg. Hy sal homself bo elke god verhef en ook die gesag van die ware God van die hemel uitdaag. Hy sal 'n beeld van homself laat maak en alle onderdane van sy wêreldryk dwing om in aanbidding voor die beeld neer te buig. Elkeen wat 'n ander god aanbid en sou weier om die koning se beeld te aanbid, sal in 'n vuuroond van vervolging en marteling gewerp word. Hy sal ook, soos Nebukadnésar, Jerusalem beleër, die Joodse regeringsleiers om die lewe bring en die volk verdryf en verstrooi nadat hulle teen hom in opstand gekom het.
- ♦ Net soos dit in die Medo-Persiese ryk gebeur het, sal die dier die volke van die aarde onder sy pote vertrap, hulle regerings afskaf en hulle onderdane by sy ryk inlyf. In sy regering sal hy nie die

oppergesag van God erken nie, maar op absolute alleenheerskappy aanspraak maak. Hy sal militêre dekrete uitvaardig en deur middel van die onherroeplike wette van die Meders en die Perse regeer. Hy sal ook, soos koning Ahasveros van ouds, ‘n Joodse volksmoord in sy hele koninkryk gelas.

- Die Griekse ryk is deur Daniël as ‘n luiperd met vier vlerke voorgestel. Hulle het uiters beweeglike leërs gehad wat deur vernuftige krygskuns gekenmerk is, en vinnig en doeltreffend toegeslaan het. Die valse messias sal ook hoogs mobiele taakmagte op die been bring wat feitlik oornag enige plek in die wêreld ontplooi kan word om opstande te onderdruk en sy beleid af te dwing. In die Griekse ryk was goewerneur Antiochus Epifanes ‘n fanatieke Jodehater wat teen hierdie volk oorlog gevoer het. Hy het hulle godsdiens totaal probeer uitwis deur ouers tereg te stel wat hulle kinders laat besny het. Hy het ook ‘n afgodsbeeld van Zeus in die tempel opgerig. Hierdeur het hy tot groot uiterstes gegaan om die Jode godsdienstig afvallig van hulle God te maak en hulle by die Hellenistiese wêreldgodsdiens in te lyf. Al dié eienskappe sal ook kenmerkend van die dier se ryk wees.
- Die Romeinse ryk, wat voorgestel word deur die vierde dier met ystertande en tien horings op sy kop, was hard, skrikwekkend en baie bloeddorstig. Die Romeine het die Joodse provinsies beleër, hulle dorpe en stede een ná die ander ingeneem en verwoes, en honderde duisende mense om die lewe gebring. Jerusalem is vernietig en sy oorlewende inwoners verstrooi en verdryf. Die valse messias sal ook hierdie onbeheerste vernietigingsdrang vertoon. In die middel van die verdrukking sal hy alle Jode probeer uitdelg nadat hulle as gevolg van sy selfvergoddeliking en die ontheiliging van die tempel hulle verbond met hom verbreek het.

Dit is dus duidelik dat die valse messias se ryk nie slegs ‘n herlewing van die Romeinse ryk sal wees nie, maar van al die groot wêreldryke. Dit sal veral sterk Babiloniese eienskappe vertoon. Om hierdie rede is dit verkeerd om net na Europa as die herstelde Romeinse ryk te kyk en te beweer dat die valse messias uit Rome, Frankryk of Engeland moet kom. Sy oorsprong sal uit ‘n land wees wat deel van al hierdie ryke was, naamlik uit die gebied van “die koning van die Noorde” (Dan. 11:36-45). Dit is noord-noordoos van Israel geleë en was in verskillende tye in die geskiedenis as Babilonië, Assirië en Sirië bekend. Huidiglik is dié gebied as Sirië en Irak bekend, maar die hartland daarvan is in Irak. Dit is ook waar die stad Babilon geleë is, wat nou weer herbou word.

Die boek Daniël is van groot hulp om die land van oorsprong van

die valse messias vas te stel, omdat dit veral uit die oogpunt van die Griekse ryk met ‘n groot mate van duidelikheid gedoen word:

- Eers word hy as een uit tien voorgestel (Dan. 7:7-8), wat een van tien lande in die ou Romeinse ryk is. Die Siriese provinsie (wat die huidige Irak insluit) was deel van dié ryk.
- Daarna word hy as een uit vier voorgestel, wat die vier provinsies in die verdeelde Griekse ryk is (Dan. 8:8-9). Sirië (wat die huidige Irak insluit) was een van dié vier provinsies. Die ander drie was Macedonië, Tracië en Egipte, en sluit dus Wes-Europa as ‘n moontlike plek van oorsprong vir die Antichris uit.
- Uiteindelik word hy as een uit twee voorgestel, wat die gebiede van die koning van die Noorde en die koning van die Suide in die verdeelde Griekse ryk ná Alexander die Grote was (Dan. 11). Die noordelike provinsie was Sirië en die suidelike een Egipte. Die historiese stryd tussen hulle word in Daniël 11:2-35 beskryf, en die eindtydse koning van die Noorde (die valse messias) in Daniël 11:36-45. Hy sal dus uit Irak of Sirië kom.

In Jesaja 10 is ook ‘n duidelike profesie oor die herstelde Assiriese ryk van die eindtyd. Dit word binne die konteks van die dag van die Here geplaas (Jes. 10:20), en die valse messias as die koning van Assirië voorgestel: “Maar as die HERE sy werk voltooi het op die berg Sion en in Jerusalem, dan sal Ek besoeking doen oor die vrug van die grootsheid van die hart van Assirië se koning en oor die gepraal van sy hoë oë. Want hy sê: Deur die krag van my hand het ek dit gedoen en deur my wysheid, want ek is verstandig; en die grense van die volke het ek verwyder, en hulle voorrade het ek geplunder; en die wat *op trone* sit, het ek soos ‘n maghebber neergewerp. En my hand het na die rykdom van die volke gegryp soos na ‘n voëlnes, en ék het die hele aarde bymekaargeskraap soos ‘n mens eiers bymekaarskraap wat verlaat is; en daar was niemand wat ‘n vlerk verroer of ‘n bek oopgemaak of gepiep het nie” (Jes. 10:12-14).

Die valse messias sal dus sonder enige moeite die grense tussen die volke verwyder ten einde sy beleid van internasionalisme deur te voer. Hy sal ook maklik beheer oor die wêreldekonomie verkry en daardeur ‘n groot magsposisie bekom. Hiertoe sal hy die volle samewerking van die misleide en insiglose politieke leiers van sy ryk hê: “En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier” (Op. 17:12-13).

Israel én die nasies sal baie swaar verdruk word – soos nog nooit tevore in die wêreldgeskiedenis nie. Hulle sal egter deur die Here se

ingryping by sy wederkoms van die eindtydse Assiriër en sy wêreldmag se wrede skrikbewind verlos word (Jes. 10:23-25; Miga 5:4-6).

## Alleenheerser

In die laaste helfte van die verdrukking, wat *die groot verdrukking* genoem word, sal die Antichris ‘n alleenheerser en militêre diktator op aarde wees wat sy gesag deur geweld sal afdwing. Geen aardse mag sal teen hom kan standhou nie, want “aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie” (Op. 13:7). Daar sal nie ‘n enkele nasie met ‘n soewereine regering wees nie, en almal sal volle uitvoering aan die dier se militêre dekrete moet gee. Politieke dislojaliteit sal nie geduld word nie, en maghebbers wat hulle eie beleid volg, sal van hulle trone afgeruk word (Jes. 10:13).

Die Antichris sal ‘n moderne Nebukadnésar wees en die wêreldburgers van sy tyd na willekeur hiet en gebied. Die eienskappe van ander bekende militêre diktators in die geskiedenis, soos Nimrod, Alexander die Grote, Nero, Hitler en Stalin sal op ‘n oortreffende wyse in sy optrede weerspieël word. Sy militêre veldtogte sal nie slegs op aardse teikens gerig wees nie, want die grootste sametrekking van militêre magte wat die wêreld nóg gesien het, sal in Israel teen ‘n hemelse leër ontplooi word (Op. 19:19). Dit sal tot die veelbesproke slag van Armagéddon lei (Op. 16:14,16).

Wanneer die valse vrede verby is en die 3½ jaar van die groot verdrukking aanbreek, sal dit ook geestelik gesproke die donkerste tyd in die ganse wêreldgeskiedenis wees. Dan sal die sataniese driemanskap van die draak, die Antichris en die valse profeet hulle finale skuif maak om die mag van die Drie-enige God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees, op aarde te probeer beëindig en hulle oorblywende volgelinge te verdelg. Die valse messias sal op die posisie van God aanspraak maak deur homself op ‘n arrogante wyse in die tempel in Jerusalem tot God te verklaar: “...eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thess. 2:3-4).

Daniël het ook teen hierdie eindtydse god-mens gewaarsku wat deur middel van die ergste misleiding homself sal verhef en vir die hele wêreldgemeenskap ‘n koning én ‘n god sal wees wat oor al hulle lotgevalle besluit: “En dié koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike (ongehoorde, verbasende) dinge spreek... En op die gode van sy vaders sal hy nie ag slaan nie... Maar in plaas daarvan sal hy die god van die vestings vereer” (Dan. 11:36-38).

Die valse messias sal homself in die plek van God stel en almal se lojaliteit opeis. Dit sal egter duidelik wees dat hy met bedrog besig is, want hy sal nog steeds 'n mag bokant homself erken, naamlik die god van die vestings, wat Satan is. Dit is Satan wat mense leer om vestings in te neem en hulle politieke en godsdienstige doelstellings deur geweld en intimidasie te bereik.

# DIE VERDRUKKING VAN SEWE JAAR

## (DANIËL SE 70ste JAARWEEK)

**Wegraping**
(Luk. 21:36)

□

*Sewe jaar lange afwesigheid van die bruidsgemeente van Christus op aarde. Voor haar wegname het sy geskyn soos ligte te midde van 'n krom en verdraaide geslag. Die mag van die duisternis sal hierna in die hele wêreld heers.*

**Wederkoms**
(Sag. 14:4-5)

□

| BEWIND VAN DIE ANTICHRIS | |
|---|---|
| **VALSE VREDE (3½ jaar)** | **GROOT VERDRUKKING (3½ jaar)** |
| J Die Antichris word as vredevors geopenbaar en vestig sy universele leierskap op internasionale politieke, ekonomiese en godsdienstige strukture. | J Die Antichris ontheilig die herboude tempel, skaf die offerdiens af en verklaar homself tot God. Israel breek hulle verbond met hom as Messias. |
| J Die nuwe wêreldorde met sy universele regering en wêreldvredesmag word ingestel, en verleen groot magte aan 'n bond van wêreldgodsdienste. | J Die bond van wêreldgodsdienste (die intergeloofsalliansie) word vernietig en deur die verpligte aanbidding van die Antichris as God vervang. |

| | |
|---|---|
| J Die Antichris sluit as valse messias 'n verbond met Israel én alle ander godsdiensgroepe. 'n Wêreldgodsdiens kry sodoende sy beslag. | J Gruwelike vervolging word teen Jode en Christene ingestel wat weier om die Antichris as God te aanbid. Alle oortreders word tereggestel. |
| J Die derde tempel word in Jerusalem langs die Rotskoepel-moskee gebou, en die leuen verkondig dat alle gelowe dieselfde God aanbid. | J Die Antichris word alleenheerser en militêre diktator. Hy beheer 'n kontantlose wêreldekonomie d.m.v. gerekenariseerde 666-verwante nommers. |
| J Babilon word in Irak as die Nuwe Era hoofstad en simbool van wêreldeenheid herbou. Tydelike ekonomiese herstel en 'n valse vrede tree in. | J 'n Ongekende sterftesyfer word deur oorloë, pessiektes en ook natuurrampe geëis. Mobilisasie vind vir die slag van Armagéddon in Israel plaas. |

Openbaring 13:3-4,8 bevestig baie duidelik hierdie godsdienstige magsoorname deur die valse messias, en die feit dat al die misleides wêreldwyd hom sal aanbid en navolg. Deur die bemiddeling van die valse profeet, wat ook groot tekens en wonders sal doen om mense te mislei, sal die dier 'n beeld van homself in die herboude tempel in Jerusalem laat oprig en almal op aarde dwing om hulle eie geloof te staak en net vir hom as God te aanbid (Op. 13:14-15).

Só 'n absolute vorm van godsdienstige slawerny vereis dat die alliansie van valse wêreldgodsdienste wat in die eerste helfte van die verdrukking onder die universele messiasskap van die Antichris sal funksioneer, ontbind en nietig verklaar moet word. Alleen dán sal alle mense gedwing kan word om die dier ook as God te aanbid. Volgens Openbaring 17:16 gaan dit inderdaad gebeur.

Benewens sy politieke en godsdienstige mag, gaan die wêreld se geldmag ook deur die Antichris gebruik word om die mensdom op alle lewensterreine te beheer en te verslaaf. Deur die instelling van 'n gerekenariseerde, kontantlose ekonomie sal alle ekonomies aktiewe mense se koop- en verkooptransaksies beheer word (Op. 13:16-18).

Dit is uit Openbaring 13 baie duidelik dat nommers of kodes aan mense toegeken sal word, waarsonder hulle nie sal kan koop of verkoop nie. Daar sal dus geen kontantgeld meer in omloop wees nie. Die stelsel van elektroniese fondsoorplasing sal ook net toeganklik wees vir mense wat "die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het." Dit beteken dat 'n formele eed van getrouheid aan die Antichris as die god en koning van hierdie wêreld afgelê sal moet word voordat 'n persoonlike identiteitsnommer (PIN) aan aansoekers toegeken sal word. Hierdeur sal hulle egter hulle siele aan die duiwel verkoop, omdat hulle deur die eed wat hulle afgelê het, die Antichris

se politieke, godsdienstige én ekonomiese status sal erken. Hulle sal dus bewustelik aan die dier verbonde wees.

Vir diegene wat ‘n eed van getrouheid aan die valse messias aflê, sy nommer aanvaar en hom aanbid, sal dit vir ewig nag word omdat hulle ook sy oordeel met hom sal deel: “As iemand die dier en sy beeld aanbid en ‘n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie – hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang” (Op. 14:9-11).

Die oorblyfsel van Israel, wat die valse messias verwerp en teëgestaan het, sal tydens die ware Messias se wederkoms met Hom versoen en in hulle land met Jerusalem as hoofstad gevestig word.

# 6. Islam se Stryd Teen Israel

Die gees van die Antichris is nie slegs op die misleiding en geestelike verblinding van Israel ingestel nie, maar ook van die Moslems en alle ander nasies en gelowe op aarde: "Elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld" (1 Joh. 4:3). Hierdie antichristelike gees wat op die ontkenning van Jesus Christus se godheid asook die verwerping van Israel en die evangeliese Christendom ingestel is, is al deur die eeue heen werksaam, maar stuur nou op sy groot einddoel van 'n antichristelike wêreldregering onder die leiding van die Antichris af.

Israel staan vierkantig in die pad van hierdie oorname, omdat die beplande wêreldstaat uit die Midde-Ooste beheer gaan word – onder andere uit die stad Jerusalem. Moderne Israel moet dus uitgewis word om vir Satan se strukture en leiers plek te maak. Die vyand sal hiermee ook 'n verdere doel nastreef, naamlik om die Bybel verkeerd te probeer bewys m.b.t. beloftes oor die volkome herstel van Israel en die toekomstige regering van Jesus Christus uit hierdie stad.

Dit is duidelik dat Islam deur hierdie duistere magte gebruik word om 'n valse godsbegrip in die hele wêreld te bevorder, asook 'n valse Christus wat nie God is nie. Almal wat nie hierdie idees wil aanvaar nie, word deur hulle beveg. Dit sluit ook al die lande in wat vir Israel erken, ondersteun en bewapen. Islam beskryf die staat Israel as *Satan,* maar vir Amerika as die *Groot Satan* omdat hulle agter Israel staan en verhoed dat Islam hierdie landjie verdelg en oorneem.

Die aanvalle wat die Al Qaeda-beweging van Osama bin Laden op 11 September 2001 (9/11) op Amerika gedoen het, het van die Islamitiese *jihad* 'n wêreldwye bedreiging gemaak. Die dryfkrag agter dié terreurveldtog is duidelik in die Moslem-geloof self geleë. Hierdie geloof genereer sterk revolusionêre, anti-kapitalistiese, anti-Christelike en veral anti-Joodse gesindhede. In sy boek, *Muslim Society* (1983) sê prof. E. Gellner: "Van al die wêreldgodsdienste blyk dit dat Islam die grootste politieke ondersteuning in die 20ste eeu geniet. Dit onderskraag 'n aantal regerings wat tradisioneel en baie konserwatief is, maar is ook in staat om intense revolusionêre gesindhede op te wek en met uiterste radikalisme te verenig. As 'n middel vir politieke mobilisasie het Islam Marxisme én alle ander godsdienste verbygesteek."

Die Islamitiese *jihad* het twee doelstellings. Die een is die omver-

werping van "bose" regerings in Moslem-state, omdat die leiers net in naam Moslems is. Dit word as 'n godsdienstige plig gesien om hulle tot 'n val te bring en deur fundamentele Islamitiese regerings te vervang (soos bv. in Iran). Die ander doel is om teen nie-Moslemstate te veg, veral Amerika en sy bondgenote. Israel is as hulle belangrikste teiken geïdentifiseer omdat hierdie land na bewering 'n voorpos vir Amerikaanse, Christelike en Joodse imperialisme in die middel van die Moslem-wêreld is om verdeeldheid en stryd te skep.

Daar is verskeie radikale groepe Palestyne in Israel wat gedurig die vlamme van 'n Islamitiese revolusie aanblaas. Die volgende is 'n voorbeeld hiervan. Scott Shiloh (*Arutz Sheva,* 16 Nov. 2005) sê:

> Moslem radikaliste gebruik die Tempelberg as 'n fokuspunt om die vestiging van 'n wêreldwye Moslemstaat met Jerusalem as hoofstad te beplan en te verkondig. Een van die revolusionêre groepe wat op die Tempelberg aktief is, is Hizab Altahrir (Die Islamitiese Bevrydingsparty). Hulle onderskryf 'n ideologie wat baie soortgelyk aan dié van Al Qaeda is, en het reeds 'n netwerk in die meeste Europese lande gevestig. Die bevordering van Islamitiese propaganda en 'n vaste verbintenis tot 'n *jihad* is bo-aan hulle politieke agenda. Die groep beywer hom vir die onderwerping van die hele wêreld aan die Islamitiese wet (*sharia*), asook die vernietiging van alle nie-Islamitiese nasies en gelowe. Die Islamitiese Bevrydingsparty het Europa vir die aktiewe verspreiding van sy ideologie geteiken...
>
> Sjeik Riyad Salah, die hoof van die Islamitiese Beweging in Israel, verkondig ook aktief die beginsels van 'n Islamitiese revolusie. "Ons is voor die poorte van 'n Islamitiese revolusie," sê hy aan die Arabiere van Israel. "Die wêreldwye magte van boosheid sal in 'n Islamitiese revolusie uitgeskakel en deur 'n Islamitiese wêreldstaat vervang word, met Jerusalem as hoofstad"... Salah se organisasie het bygedra tot pogings om Arabiese moskees op die Tempelberg te restoureer, en ook om Joodse oudhede op die Tempelberg te vernietig. Duisende van die jong Arabiere neem onder die opruiende slagspreuk van *Byeenkomste om Revolusie te Verkondig* aan die party se jeugbeweging deel. Hierdie beweging het onlangs naby die Rotskoepel op die Tempelberg 'n banier gespan met die volgende woorde: *Revolusie is 'n opdrag van Allah*. Die jeuggroep is deur ander partylede begroet met die woorde: "Volgende jaar in Jerusalem, onder die beheer van die Islamitiese Revolusie."

Dave Hunt sê in sy tydskrif (*The Berean Call,* Nov. 2006): "Ons is besig om die oorlog teen Islam te verloor, en sal aanhou om dit verloor totdat die Weste die waarheid erken dat terrorisme wat deur Moslem ekstremiste gepleeg word, nie ons werklike vyand is nie, maar die gewelddadige godsdiens van Islam self... Die Koran, wat Mohammed volgens sy eie aanspraak deur die bemiddeling van die engel Gabriël van Allah af ontvang het, het meer as 100 verse in

waardeur die gebruik van geweld beveel word om mense dood te maak en die wêreld oor te neem. Een daarvan is: 'Maak die afgodedienaars dood [dit is almal wat vir Allah as die enigste god en Mohammed as sy profeet verwerp] waar julle hulle ook al kry... beleër hulle en lê vir hulle hinderlae' (Sura 9:5)."

## Misleiding

Benewens hul militante opposisie teenoor Judaïsme en die Christendom, wend sekere Moslem-groepe ook ekumeniese pogings aan om hierdie twee gelowe onder die banier van Islam in te bring op grond van die valse aanspraak dat Islam die enigste ware monoteïstiese geloof is. Die prys vir hierdie godsdienstige kompromie is dat die godheid van Christus verwerp, God as Allah aangespreek, en erken moet word dat die Bybel baie foute en vervalsings in het wat dit ondergeskik aan die Koran as die sogenaamde "finale openbaring van God" maak. Die Koran moet as die enigste bron van waarheid erken word.

Vasberade pogings word aangewend om Jesus in terme van Islamitiese konsepte te definieer, en Hom sodoende as een van Islam se groot profete voor te hou. Hierdie valse Jesus wat nie God is nie, word 97 keer in die Koran genoem en ook in verskeie boekies gepropageer wat in Riyadh, Saoedi-Arabië, gedruk en wêreldwyd deur talle Islamitiese propagandasentrums versprei word. Die volgende is voorbeelde van hierdie publikasies: *We believe in Jesus* deur Soliman H. Al-But'he, *Qur'anic verses about Christianity* deur Abdullah Al-Saeed, *A brief illustrated guide to understanding Islam* deur I.A. Ibrahim, en *Jesus is coming* deur A.H. Jacob.

In die boekie *Jesus is coming* verwerp A.H. Jacob die Bybel as die onfeilbare Woord van God: "Die Bybel is verdraai, verander en nie meer die Boek van God nie..." (bl. 22). Moslems beskou nie vir Jesus as God of die Seun van God nie (bl. 20,21) en verwerp die Bybelse weergawe van sy kruisiging: "Die Koran leer dat Jesus Christus nie gekruisig of deur die Jode doodgemaak is nie" (bl. 25). Hulle beweer dat iemand anders in Jesus se plek en onder sy naam gekruisig is. Die skrywer sê die volgende oor Jesus se wederkoms:

> God se Boodskapper, Mohammed, het gesê dat Jesus, die seun van Maria, binnekort na ons mense (die Moslems) sal neerdaal (bl. 15). Jesus sal terugkeer om die ware godsdiens, naamlik Islam, te laat herleef... Hy kom terug om die wêreld in geregtigheid deur God se finale openbaring aan die mensdom in die heilige Koran te regeer, wat in ooreenstemming met die godsdienstige tradisies van die profeet Mohammed sal wees. Hy sal die mensdom leer om God binne die verband van Islamitiese monoteïsme te dien – om Hom alleen te aanbid, in die voetspore van Mohammed te volg, en mense teen die ewige gevolge van politeïsme (die aanbidding van baie gode) te waarsku (bl. 17,18).

> Jesus sal die valse leerstellings wat in sy naam verkondig word, vernietig, soos bv. dat daar 'n Drie-enige God is, wat 'n politeïstiese geloof is. Hy sal die feit beklemtoon dat God Een is, 'n absolute eenheid en nie 'n saamgestelde eenheid nie. Jesus sal Homself nie in 'n vader-seun-verhouding teenoor God stel nie, maar sy verhouding teenoor God as 'n meester-slaaf-verhouding beskryf... Hy sal ontken dat hy enige van God se attribute het. Hy het nooit daarop aanspraak gemaak dat Hy God is en ook nooit na homself as die seun van God verwys nie. Hy was net 'n profeet en 'n dankbare slaaf van God (bl. 20,21).
>
> Jesus sal gebede op die regte manier opsê soos wat die Moslems dit doen, die armes help, in die maand Ramadan vas, die Hajj-pelgrimstog na Mekka onderneem en die Umrah onderhou (bl. 23). Hy sal die eet van varkvleis verbied en alle varke laat doodmaak (bl. 27-29).
>
> Jesus kom terug om die valse aanspraak dat die Jode Hom doodgemaak het, te weerlê, asook die oningeligte Christene wat hierdie Jode glo. Hy sal teen die Jode veg en die valse messias doodmaak. Die Jode sal die soldate en volgelinge van die valse messias wees. Tydens sy bewind sal die Jode 'n baie sterk regering hê, maar net totdat Jesus Christus, die seun van Maria, neerdaal. Hy sal dan die valse messias opspoor en hom doodmaak. Daarna sal Jesus en sy Moslem-bondgenote teen die Jode veg totdat die oorblywendes van hulle tussen die klippe sal wegkruip... Hy sal ook die Christene doodmaak wat 'n verering vir die kruis het. Wanneer beide hierdie groepe oorwin en onderwerp is, en die wêreld van politeïsme en ongeloof gereinig is, sal daar vrede en harmonie tussen alle mense op aarde wees (bl. 24).

Hierdie siening word deur die groot groep Soennie-Moslems gehuldig. Hulle sê ook dat Jesus 33 jaar op aarde geleef het, en vir die oorblywende sewe jaar van sy profetiese bediening van 40 jaar moet terugkeer. Hulle sal dus die Antichris as "Jesus" aanvaar wanneer hy vir een week van sewe jaar 'n verbond met Israel en baie ander nasies sluit (Dan. 9:27). Hy sal ook as die universele messias van alle gelowe ten nouste met Islam identifiseer.

Die Sjiïetiese Moslems het 'n sterk verwagting op die koms van die 12de Imam as wêreldmessias. Iran se president, Mahmoud Ahmadinejad, wat gedreig het om Israel van die wêreldkaart uit te wis, sien homself as 'n wegbereider vir die Imam. Tony Pearce (*Light for the Last Days,* Des. 2005) sê die volgende oor hierdie diktator:

> Ahmadinejad sê dat die gety van die Islamitiese revolusie spoedig oor die hele wêreld sal spoel. Hy glo dat die wêreld op 'n botsing van beskawings afstuur waarin Islam die enigste eerbare alternatief vir Westerse oorheersing is. Hy is daarvan oortuig dat Islam kan en sal wen.
>
> Daar is niks wat meer gevaarlik in die wêreld is as 'n godsdienstige fanatikus wat daarna streef om sy idees oor geregtigheid deur geweld op ander af te

dwing nie. 'n Deel van Ahmadinejad se oortuigings spruit voort uit sy geloof in die tweede koms van die 12de Imam. Volgens die Sjiïtiese weergawe van Islam het die 12de afstammeling van Mohammed, wat as die 12de Imam of die Mahdi bekend staan, in die jaar 941, meer as 'n duisend jaar gelede, verdwyn en homself verborge gehou. Die Sjiïete glo dat hy sal terugkom wanneer die wêreld vol onderdrukking en tirannie is. Hulle glo dat hy homself in die put Jamkaran in Iran skuilhou. Moslems onderneem pelgrimstogte na dié put en gooi geskrewe versoeke daarin met die hoop dat die Imam dit sal lees en tot hulle hulp sal kom.

Ahmadinejad sê: "Ons revolusie se hoofdoel is om die weg vir die 12de Imam, die Mahdi, se herverskyning voor te berei." Iran se regering het 'n kabinetsvergadering gehou waarin daar besluit is om 'n verbond met die 12de Imam te sluit... 'n Groot aantal van Ahmadinejad se intieme vriende en bondgenote praat openlik oor voorbereidings vir die herverskyning van die verborge Imam, en verbind hierdie voorbereidings uitdruklik aan Iran se kernprogram... Hulle argument is dat hulle boosheid, tirannie en onderdrukking moet bevorder ten einde die koms van die 12de Imam te bespoedig.

Iran speel 'n groot rol om die weg vir die Sjiïtiese Imam Mahdi se verskyning voor te berei. Volgens die webblad van die Islamitiese Republiek van Iran se Uitsaaikorporasie sal die Mahdi binnekort sy triomfantelike verskyning by die Ka'aba in Mekka maak. Hy sal dadelik 'n weermag op die been bring en Islam se vyande in 'n reeks apokaliptiese veldslae vernietig. Een van sy heel grootste oorwinnings sal teen die Sionistiese vyand en sy bondgenote in Jerusalem wees.

Die Imam sal tot in Irak optrek en sy hoofkwartier in Kufa inrig, wat naby Babilon is. Die webblad berig ook dat die profeet Jesus, die seun van Maria, saam met die Mahdi sal verskyn en met hom sal saamwerk om onderdrukking in die wêreld uit te roei en geregtigheid te laat seëvier. Daaglikse gebede word in Iran opgesê dat Allah die koms van die Mahdi sal bespoedig.

Iran is ook besig om homself tot die tande toe te bewapen, want hulle wil 'n groot rol in die vorming van die Mahdi se leër speel waarmee hy al sy vyande sal onderwerp. Iran, met sy bevolking van 70 miljoen, het 'n groot Islamitiese Revolusionêre Wag wat baie goed opgelei is en oor moderne wapentuig beskik. Dit is 'n spesiale eenheid bo en behalwe die land se weermag. Met hulle gevorderde missiele kan hulle presisie aanvalle doen en feitlik enige teiken in die Midde-Ooste vernietig. Hierdie eenheid sal tot die Imam Mahdi se beskikking gestel word om sy oorloë te voer.

Verwikkelings in Iran (die voormalige Persië) moet in 'n ernstige lig beskou word, omdat hierdie land saam met ander Moslem-lande soos Turkye, Libië en Ethiopië as bondgenote in 'n Russies-Arabiese inval in Israel genoem word (Eseg. 38:1-16). Let veral op Eseg. 38:8

en 16, wat bevestig dat dit ‘n eindtydse oorlog sal wees. Militante Moslems gaan dus Rusland (die antieke land Magog) se steun verkry en op ‘n baie groot skaal uitvoering aan hulle vernietigingsdrang teen Israel probeer gee, maar deur ‘n dramatiese ingryping van die Here sal hulle op die berge van Israel val (Eseg. 39:1-7). Die toneel is vinnig besig om vir hierdie oorlog voorberei te word, omdat Rusland openlik besig is om toenadering by die vyande van Israel te soek.

In sy aanloop na die beplande uitwissingsoorlog teen Israel gebruik Islam die ergste moontlike vorms van misleiding om naïewe Moslems te oorreed om selfmoord-bomaanvalle teen die Jode en Christene te doen. Groot lewensverliese is al hierdeur veroorsaak, en dit skep ‘n voortdurende vrees onder Jode in Israel wanneer hulle op busse of in openbare plekke soos restaurante en inkoopsentrums is.

## Joodse professor se beoordeling

Menahem Milson, emeritus professor in Arabiese Literatuur aan die Hebreeuse Universiteit in Jerusalem, het in ‘n lesing oor Islamisme die volgende oorsig aangebied:

Die terme *ekstremistiese Islam, militante Islam, radikale Islam* en *Islamisme* is sinonieme. Die persone wat hierby betrokke is, verwys slegs na hulleself as *Moslems* of, in sekere gevalle, as *mujahidun* (soldate van die *jihad*). Hulle noem hulle beweging die *Islamitiese ontwaking* of die *Jihad-beweging.* Islamisme, of radikale Islam, wy hulleself aan interne én eksterne doelstellings toe. Intern is hulle op die vestiging van suiwer Moslem gemeenskappe ingestel wat in ooreenstemming met Islamitiese wette (*sharia*) regeer word. Ekstern is dit hulle oortuiging dat elke ware Moslem daartoe verbind is om as eerste prioriteit ‘n *jihad* teen die ongelowiges en vyande van Islam te voer (Christene word as ongelowiges en heidene beskou).

Die interne wreedhede van Islamisme het wél negatiewe reaksies in die Westerse wêreld ontlok, maar word nie juis as ‘n bedreiging vir wêreldvrede gesien nie. Hieronder is die strawwe wat ooreenkomstig Islamitiese wette opgelê word, bv. die steniging van oortreders wat aan owerspel skuldig bevind word, lyfstraf vir diegene wat alkohol gebruik, en diewe se hande wat afgekap word. Terreurdade teen nie-Islamitiese lande, veral dié teen die VSA op 11 Sept. 2001 (9/11), word egter deur die internasionale gemeenskap in ‘n baie ernstige lig beskou en maak van Islam ‘n wêreldprobleem.

Die idee van martelaarskap in die *jihad* wat namens Allah gevoer word, is ‘n wesenlike deel van die stryd. Dit word as die hoogste vorm van selfopoffering beskou om as ‘n martelaar (*shahid*) vir Allah te sterf. Elkeen wat hom- of haarself bereid verklaar om in ‘n selfmoord-bomaanval as ‘n *shahid* te sterf, word geprys. In die Koran word daar

aan elke martelaar loon in die paradys beloof. Dit is nie net direkte toegang tot die paradys sonder die foltering van die graf nie, maar ook die voorreg om aan 70 van jou vriende, vriendinne of familielede toegang tot die paradys te verleen.

Hierdie idee blyk duidelik uit die testament van ‘n Palestynse meisie, Hanadi Jaradat, wat in Oktober 2003 ‘n selfmoord-bomaanval op die Maxim-restaurant in Haifa gedoen het. In haar testament wat na ‘n webblad van die Palestynse Islamitiese *Jihad* gepos is, sê sy baie duidelik dat haar optrede godsdienstig gemotiveer was:

> In the name of Allah, the Merciful and Compassionate, prayer and peace be upon the master of mankind, our master Muhammad, may Allah pray for him and give him peace. The Exalted One said in the Koran: “Do not consider those who died for the cause of Allah as dead, rather as alive, sustained at the presence of their Lord.” Allah’s words are true. Dear family, whom the Lord of the world will reward as He promised us in all His Holy Book... Reckon my sacrifice in anticipation of the reward of Allah to you in the Hereafter. I should not be too valuable to sacrifice myself for the religion of Allah. I have always believed in what is said in the Holy Koran, and I have been yearning for the rivers of Paradise.

Ná die dood van ‘n *shahid* is daar in die gesin se huis feesviering in plaas van rou. Die moeder roep van blydskap uit, soos by ‘n troue, en lekkers word onder die gaste uitgedeel.

Osama bin Laden word deur dieselfde vooruitsig gemotiveer. Op 16 Februarie 2003 is ‘n godsdienstige boodskap wat hy gelewer het, na ‘n Islamitiese webblad gepos. Daarin het hy uit ‘n ou Arabiese gedig aangehaal: “O Allah, when death arrives, let it not be on a bier covered with green shrouds. Rather, let my grave be in the belly of an eagle, tranquil in the sky, among hovering eagles.” Verskeie persone in die Weste het gesê die arende verwys na die vliegtuigaanvalle op die tweetoring-gebou in New York, en ander weer dat die arende na Amerika self verwys. Nadat die hele boodskap vertaal is, was dit egter duidelik dat bin Laden daardeur net sy begeerte uitgespreek het om as ‘n held ‘n martelaarsdood te sterf. Hy wil as ‘n *shahid* op die slagveld sterf en deur ‘n arend gevreet word, wat hom dan hemelwaarts na die troon van Allah sal wegvoer. Die 8ste eeuse Arabier wat die gedig geskryf het, was lid van ‘n militante Moslem sekte.

Westerlinge is steeds nie in staat om die begrippe *jihad* (heilige oorlog) en *istishhad* (martelaarskap) reg te begryp nie. Verskeie kommentators meen verkeerdelik dat Islamitiese terreurdade in Europa toegeskryf kan word aan sosio-ekonomiese faktore soos frustrasie weens die armoede en werkloosheid wat deur tweede en derde geslag Moslem immigrante in Europa ervaar word. Dit is hoegenaamd

nie waar nie, want dié dade spruit in die eerste plek uit ‘n godsdienstige oortuiging oor die stryd teen die vyande van Allah voort.

As ons na die profiele van Moslem terroriste in Europa, Amerika en ander plekke kyk, is dit duidelik dat hulle nie uit die geledere van die armes en verontregtes kom nie. Neem as voorbeeld dié wat vir die Madrid-bomaanvalle op 11 Maart 2004 verantwoordelik was. Die leier wat homself ook opgeblaas het, was ‘n Tunisiese immigrant wat met behulp van ‘n ruim Spaanse beurs aan ‘n universiteit gestudeer het en die eienaar van ‘n eiendomsagentskap was. ‘n Ander lid van die groep was ‘n Marokkaanse immigrant wat ‘n selfoon-besigheid gehad het. ‘n Derde lid was ‘n Marokkaan wat ‘n graad in chemiese ingenieurswese gehad het, terwyl ‘n vierde lid ‘n student uit Bosnië was wat met behulp van ‘n beurs van die Spaanse regering daar gestudeer het.

Daar is geen sprake van gefrustreerde tweede geslag immigrante wat teen hulle omstandighede in opstand kom nie. Dieselfde geld vir al die ander terreurdade deur Moslems. Van die 19 terroriste wat vir die 9/11 aanvalle op Amerika verantwoordelik was, was nie een ‘n gefrustreerde tweede geslag immigrant nie. Almal van hulle was Arabiese studente of professionele lui – 15 uit Saoedi-Arabië, drie uit Egipte en een uit Libanon. Die enigste verklaring vir hulle optrede is die Islamitiese geloof wat van hulle verwag om ‘n *jihad* te voer teen lande wat dit durf waag om Moslem lande aan te val.

Moslem terroriste word wyd in die Moslem wêreld geëer. Ter wille van hulle selfbehoud veg baie regerings van Moslem lande egter teen die terroriste omdat radikale Islam op groter toewyding deur hulle eie regerings aan Islamitiese wette aandring. Die feit is dat die vroeë vaders van Islam geloofwaardigheid aan die *jihad* verleen en ook groot sukses daarmee behaal het. Huidige Moslem regerings word deur ‘n ernstige ideologiese teenstrydigheid gekonfronteer: aan die een kant beveg hulle die jihadistiese organisasies in hulle lande, maar aan die ander kant gaan staatskole en moskees voort om die idee van ‘n *jihad* ter wille van Allah te bevorder (einde van prof. Menahem Milson se uiteensetting).

Israel, as teiken nommer een in die jihadiste se internasionale terreurveldtog, beleef groot benoudheid as gevolg van die voortdurende aanvalle en haatveldtog teen hulle. Hulle het steeds die politieke wil om te oorleef, hoewel hulle eie regering tot die ontsteltenis van godsdiensleiers begin om in ruil vir vrede van hulle godgegewe regte en grondgebied afstand te doen. Hierdeur speel hulle in die hand van die vyand. Israel se heel grootste probleem bly egter hulle geestelike blindheid as gevolg van die voortgesette verwerping van die Messias. Hierdeur plaas hulle hulself ten volle op die pad van ‘n

verbondsluiting met die valse Messias, asook groot benoudheid wat in die komende verdrukking oor hulle sal kom.

# 7. Tyd van Benoudheid vir Jakob

Daar kom beslis 'n tyd van groot benoudheid en verdrukking vir Israel én die hele wêreld, waaruit daar net 'n baie klein oorblyfsel gered sal word. Jeremia verwys soos volg daarna: "Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word" (Jer. 30:7). Hierdie tyd van benoudheid val met die 70ste jaarweek van Daniël saam, wanneer die valse messias met Israel én baie ander nasies 'n sewe jaar lange verbond sal sluit (Dan. 9:27). Hierdie sewe jaar tydperk word duidelik in twee helftes van 3½ jaar elk verdeel. Soms word na die 3½ jaar tydperke as 42 maande (Op. 11:2; 13:5) of as 1260 dae (Op. 11:3; 12:6) elk verwys, en op dié wyse word die letterlikheid van die sewentigste jaarweek se twee helftes ondubbelsinnig bevestig: 42 maande van 30 dae elk is presies 1260 dae, of 3½ profetiese jare an 360 dae elk.

Gedurende die eerste 3½ jaar sal Israel én die nasies die valse messias as die ware Messias aanhang en in die misleidende voordele van sy valse wêreldvrede en -eenheid deel. In hierdie tyd sal Israel ook hulle tempel in Jerusalem herbou – onbewus van die valse messias se bose planne hiermee. Dit sal nie soseer 'n tyd van fisiese verdrukking wees nie, maar van geestelike misleiding soos nog nooit tevore nie. Die tweede 3½ jaar bestaan uit 'n groot verdrukking soos daar van die begin van die wêreld af nog nooit was nie (Matt. 24:21).

## Die 144 000 verseëldes

'n Baie belangrike gebeurtenis wat aan die begin van die 70ste jaarweek net ná die openbaring van die valse messias sal plaasvind, is die redding van 144 000 Jode en hulle afsondering vir die diens van die ware Messias, Jeshua. Die 144 000 is die eerste groep wat deel van die geestelike herstel van die volk Israel sal uitmaak: "En ek het die getal van die verseëldes gehoor: 144 000 verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel" (Op. 7:4).

Daar is geen onduidelikheid in verband met hierdie stelling nie, en dit is eksegeties heeltemal onregverdigbaar om die 144 000 Joodse evangeliste op die kerk of enige ander groep mense buite Israel van toepassing te maak. In hierdie gedeelte word glad nie van simboliese taal gebruik gemaak nie. Die 12 stamme van Israel is 'n bekende historiese feit wat nie 'n simboliese of allegoriese voorstelling van die kerk of enige ander groep mense is nie.

So ook is die getal 144 000 nie simbolies nie, maar letterlik. Die komponente van die getal is nie 3 X 4 X 12 X 1000 soos soms beweer word nie, maar 12 000 X 12 – dit is 12 000 persone uit elkeen van die 12 stamme van die kinders van Israel! Volgens Eségiël 48 gaan die land Israel (die Beloofde Land, wat veel wyer grense as die huidige Israel sal hê) in die vrederyk onderverdeel en aan die twaalf stamme van Israel toegeken word.

Dit is uit ‘n dispensasionele oogpunt ook baie duidelik waarom die 144 000 Jode gered en almal in die diens van die Here gestel gaan word. Wanneer die Here Jesus sy bruidsgemeente kom haal het, sal die dispensasie van die kerk op dié wyse beëindig word. Hy sal dan die geestelike potensiaal van die herstelde Israel benut om sy lig in die donker nag van die verdrukking te laat skyn. Toe Elia weggeraap is, het sy mantel, en daarmee ook sy profetiese bediening, op Elisa geval. In die komende uur van duisternis ná die wegraping, sal die Here vir Homself ‘n groep getuies in die volk Israel opwek.

Openbaring 7:1-8 sluit by ‘n lang reeks profesieë in die Bybel aan waarin die waarborg gegee word dat die Here sy volk Israel nie alleen fisies en staatkundig in hulle land sal herstel nie, maar dat hulle in die laaste dae ook geestelik sal herleef: “Daarom, sê vir die huis van Israel... Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word... En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My ‘n volk en Ek sal vir julle ‘n God wees” (Eseg. 36:22-28).

Daar is tans ‘n groot aantal Jode wat al baie duidelik aan die Nuwe Testamentiese feite omtrent Jesus se Messiasskap blootgestel is, maar wat nog nie ‘n finale besluit daaroor geneem het nie. Nadat die wegraping plaasgevind het en al die Messiaanse Jode (dié wat voor die tyd al vir Jesus as hulle Messias aangeneem het) saam met die bruidsgemeente weg is, sal ‘n ernstige herwaardering van Bybelse feite onder ‘n groep van dié wat agtergebly het, plaasvind. Die Heilige Gees sal volgens Sagaria 12:10 kragtig onder hulle werk, en baie van hulle sal die Here Jesus as Verlosser aanneem.

Uit hierdie herlewing sal 144 000 weergebore Jode na vore kom, wat deur die Here vir ‘n wêreldwye evangelisasietaak afgesonder sal word (Matt. 24:14). Soos Daniël se drie vriende van ouds, sal hulle in die tyd van verdrukking bewaar word sodat hulle hul taak as die Here se uitverkore getuies onder uiters moeilike omstandighede tydens die bewind van die Antichris sal kan voortsit en uitvoer. In die afwesigheid van die kerk sal die evangelisasietaak op hulle skouers rus.

Die redding van die 144 000 vind baie duidelik ná die bedeling van die kerk plaas, omdat hulle godsdienstige posisie direk met hulle volks- en stamidentiteit in verband gebring word. Dit is heeltemal anders as wat gedurende die volk se verstrooiing in die kerkdispensasie die geval was, waar volksverband nie 'n faktor by die redding van mense is nie. Galásiërs 3:28 sê dat daar in Christus nie onderskeid tussen Jood en Griek getref word nie. Ná die kerkdispensasie word daar egter weer spesifiek met Israel in volksverband gehandel. Die fisies en staatkundig herstelde Israel moet dan ook geestelik as die volk van God herleef, sodat die talle onvervulde profesieë wat net op Israel betrekking het, vir hulle in vervulling kan gaan.

Die twaalf stamme van Israel wat in Openbaring 7 genoem word, het 'n baie besondere samestelling, asook 'n ongewone volgorde waarin hulle genoem word. Hulle is: Juda, Ruben, Gad, Aser, Naftali, Manasse, Simeon, Levi, Issaskar, Sebulon, Josef en Benjamin. Van Josef se twee seuns, Manasse en Efraim, wat volgens Génesis 48:5 deur Jakbob as sy eie aangeneem is, word net Manasse genoem. Josef word hier in die plek van Efraim genoem. Gewoonlik word Josef nie in die 12 stamme genoem wanneer altwee sy seuns genoem word nie, soos bv. in Eségiël 48. Levi word gewoonlik ook nie genoem nie, omdat die Leviete nie, soos al die ander stamme, 'n bepaalde grondgebied kry nie. Die Here is hulle erfenis en hulle moet op die heilige grond bly. In Openbaring 7 word Levi egter in die plek van die stam Dan genoem, wat uitgelaat word.

Waarom word Dan in die lys van Openbaring uitgelaat, vergeleke met die lys van name in Eségiël 48? Die rede is omdat Dan moontlik die stam is waaruit die Antichris sal kom. In Génesis 49:17 het Jakob van die stam van Dan gesê: "Laat Dan 'n slang wees op die weg, 'n horingslang op die pad, wat die perd aan die hakskeen byt sodat sy ruiter agteroorval." In die herstelde Israel is daar duidelik nie plek vir die rebellie wat met Dan geassosieer word nie.

Die stamname in Openbaring 7, asook die volgorde waarin hulle verskyn, bevat 'n besondere boodskap. Elke stamnaam het 'n betekenis, en wanneer hulle saam gelees word, sê dit iets oor die 144 000. Die inleidende woorde is in Openbaring 7:4, naamlik: "144 000 verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel." Saam met die daaropvolgende stamname lees hierdie sin só:

> 144 000 verseëlde Israeliete wat **God loof en prys** (*Juda*); omdat hulle **die Seun sien** (*Ruben*) **het hulle oorwin** (*Gad*) en is hulle **gelukkig** (*Aser*); Hy het hulle **worsteling** (*Naftali*) **laat vergeet** (*Manasse*) deur hulle te **verhoor** (*Simeon*); vir hom wat **God aanhang** (*Levi*) **is daar loon** (*Issaskar*) en **inwoning** (*Sebulon*); **mag die Here byvoeg** (*Josef*) deur **die Seun van sy regterhand** (*Benjamin*).

## Die vervolging van geredde Jode

Om begryplike redes sal daar ‘n geweldige polarisasie en stryd tussen die aanhangers van die ware Messias en die valse messias wees. Die aanhangers van die valse messias sal oorheersend wees en onwrikbaar by hulle lank verwagte ‘Messias’ staan. Selfs wanneer hy na ander volke en gelowe uitreik en homself ook as hulle Messias aanbied en daardeur vir Israel in sy alliansie van wêreldgodsdienste intrek, sal die meeste van hulle steeds vir sy misleiding blind wees.

Die Messiaanse gelowiges sal die Antichris met alle mag teëstaan omdat hulle hom as ‘n valse messias sal brandmerk en andere teen hom waarsku. Hulle sal as ‘n groot bedreiging vir sy posisie in Israel gesien word, sowel as vir sy wêreldryk onder alle nasies.

‘n Geweldige vervolging sal teen die Messiaanse Jode ingestel word. Soos Nebukadnésar van ouds gedoen het, sal die Antichris spesiale en uitermate groot strawwe aankondig oor diegene wat nie by sy staatsgodsdiens wil inskakel en hom aanbid en vereer nie. Soos die drie vriende van Daniël, sal die 144 000 verseëldes alle druk wat op hulle toegepas word, teëstaan en summier weier om die knie voor die moderne Baäl te buig. Daniël se drie vriende het só op die verpligte afgodediens van koning Nebukadnésar gereageer: “Ons ag dit nie nodig om u hierop ‘n antwoord te gee nie. As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie” (Dan. 3:16-18).

Die Here sal sy verseëlde getuies in die uur van groot benoudheid onderskraag en uitred soos wat Hy met Daniël se getroue vriende gedoen het, asook met Daniël self in die leeukuil, nadat hy aangehou het om ten spyte van koninklike dekrete die ware God drie maal per dag te aanbid. Die vervolging sal nietemin in felheid toeneem.

In Openbaring 14:1-5 word die 144 000 saam met die Lam op die berg Sion aangetref. Ná hulle aardse bediening sal hulle met Hom verenig word en ‘n baie spesiale plek in sy koninkryk beklee. Van hulle word gesê dat hulle hul nie met vroue besoedel het nie, maar van die begin af sal hulle rein voor die Lam wandel. Dit verwys waarskynlik na geestelike reinheid, wat in die Bybel dikwels as maagdelikheid voorgestel word. Die koninkryk van die hemele word as “tien maagde” voorgestel (Matt. 25:1-13) en die kerk as ‘n “reine maagd” (2 Kor. 11:2). Dit verwys na suiwer, onbesmette, geestelike toewyding aan die Here. Hierteenoor word die valse godsdienste in Openbaring 17:4-5 as onrein vroue voorgestel, en die valse wêreldkerk as die moeder van die ontugtiges. Johannes noem haar: “Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere” (Op. 17:5).

Die 144 000 is ‘n groep wat nooit enigiets met hierdie onrein vroue te doen gehad het nie. Hulle is nie deur valse godsdienste besoedel nie, en kom ook nie uit die vervalle kerk van die eindtyd nie. Hulle sal dus nie skewe en krom teologiese beskouings hê nie. Dit is ‘n nuwe groep wat deur die Here Jesus uit Israel losgekoop word. Hulle sal Hom getrou navolg, en uit die aard van die saak ook geen bande met die valse wêreldgodsdienste van hulle tyd hê nie. As gevolg hiervan sal hulle ook hewig deur die valse wêreldgodsdiens vervolg word. Johannes sê van dié vervolgsugtige organisasie wat die bruid van die Antichris is: “En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus” (Op. 17:6).

## Groot misleiding

Die eerste 3½ jaar van die verdrukking sal Israel en die nasies die slagoffers van grootskaalse misleiding wees en almal saam die valse messias as “die Messias” en spesiale gesant van God aanvaar. As universele messias sal hy die samebindende faktor tussen alle godsdienste in die wêreld wees. Vir die nominale Christene van daardie tyd sal hy die Christus wees, vir Moslems die Imam Mahdi (wat volgens hulle saam met Jesus, seun van Maria, sal optree), vir die Hindoes Krishna, vir die Boeddhiste die Maitreya Boeddha en vir die Jode die Messias. Alle gelowe sal sustergodsdienste wees wat mekaar onderling aanvaar op grond van die selfmisleidende stelling dat hulle dieselfde God aanbid en dus dieselfde wêreldmessias moet navolg.

In hierdie tyd sal Israel hulle tempel herbou as deel van die verbond wat hulle met die valse messias gesluit het. Dit sal in die teken van die voortgesette verwerping van Jesus staan, en daarom sal dit die valse messias soos ‘n handskoen pas. Die hervatting van diereoffers sal ook die uitdruklike verwerping van Jesus as die Lam van God behels, wat Homself vir die sondes van die wêreld geoffer het.

## Die middel van die week

Die derde tempel sal ná 3½ jaar deur die valse messias ontheilig word: “En hy sal een week lank met baie ‘n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou” (Dan. 9:27). Die afskaffing van die Jode se offerdiens in die middel van die verdrukking sal saamval met die tyd wanneer die Antichris sy rol as militêre diktator aanneem, homself tot God verklaar en ook ‘n beeld van homself in die Allerheiligste van die tempel laat oprig. Daar, waar slegs die hoëpriester een maal ‘n jaar mag ingaan om op die verbondsark van die ware God ‘n versoeningsoffer vir die volk te bring, sal die Antichris sý beeld oprig en homself in die plek van God tot God verklaar. Oor hierdie rebelse daad sê Daniël:

> En deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel… En dié koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge [ongehoorde dinge] spreek; en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is (Dan. 11:31,36).

Die Here Jesus het ook na die gruwelike afgodsbeeld van die Antichris in die tempel verwys, wat pas voor die aanbreek van die groot verdrukking (die laaste 3½ jaar van die verdrukking) in die tempel opgerig sal word. Aan die einde van die verdrukking sal Christus se wederkoms plaasvind, waarna Hy alleen deur alle mense in die wêreld aanbid sal word. Diegene wat die slag van Armageddon oorleef het, sal bitter berou hê omdat hulle nie die ware God aanbid het nie:

> Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting [die valse messias en sy beeld] waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom… dan moet die wat in Judéa is na die berge vlug… Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie… En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word… en die kragte van die hemele sal geskud word, En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf (Matt. 24:15-21,29-30).

Paulus noem ook die Antichris se ontheiliging van die tempel in die middel van die verdrukking wanneer hy homself tot God sal verklaar. Hierdie rebel en magshonger diktator word beskryf as “die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thess. 2:4).

In Openbaring 13 word die volle implikasies van die oprigting van hierdie afgodsbeeld in die tempel, asook die gedwonge aanbidding van die Antichris as die selfverklaarde god van hierdie wêreld, uitgespel: summiere doodstraf vir almal wat sou weier om die Antichris as God te aanbid. Die valse profeet sal okkultiese lewe aan die beeld verleen: “En dit is hom gegee om ‘n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie” (Op. 13:15).

Die Antichris sal homself tot God verklaar en nie net die Joodse offerdiens verbied nie, maar ook alle ander godsdienste, omdat hy homself sal groot hou bo elke god. Dit sal ‘n komplot teen alle gelowe wees, sodat die Antichris universeel as die enigste God aanbid kan word. Alle ander vorms van aanbidding sal streng verbode wees en afvalliges met die dood gestraf word.

## Oorlog in die hemel

Satan gaan in die middel van die verdrukking weer ‘n verbete poging aanwend en alles in die stryd werp om Israel as ‘n volk totaal uit te delg. Hy wil verhoed dat ‘n oorblyfsel van Israel in die lewe bly om die Messias by die Olyfberg te ontmoet, geestelik herstel te word en saam met die Messias in sy vrederyk tot hoof van die nasies verhef te word. Dit, weet Satan goed, sal regstreeks ten koste van sy wêreldryk onder die beheer van die Antichris wees. Satan wil God se planne vir die vrederyk verydel deur Israel én alle Christene te verdelg.

Die oorlog wat volgens Openbaring 12 tussen God se ryk en Satan se ryk in die hemel sal uitbreek, sal na ‘n aansienlik verskerpte stryd op aarde lei, waarin Satan buitengewone woede sal openbaar:

> Daar het oorlog in die hemel gekom: Migael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. Toe hoor ek ‘n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God dag en nag… Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het (Op. 12:7-12).

Tot in hierdie stadium was Satan se aandag verdeeld: hy het die volk Israel én die Christene voor die troon van God aangekla, dag en nag, en andersyds het hy sy verleidings- en verwoestingswerk op die aarde gedoen. In die middel van die verdrukking sal hy en sy gevalle engele egter neergewerp word. Dan sal hy geen verdere toegang tot God hê waar hy mense kan aankla en beheer oor hulle lewens opeis nadat hulle gesondig het nie. Satan se volle aandag sal daarna op die aarde toegespits word, waar hy alles moontlik sal doen om wraak te neem deur God se skepping te verwoes, die aarde onleefbaar te maak, die Joodse volk uit te wis en almal wat Jesus se Naam bely, summier deur openbare onthoofding te laat teregstel (Op. 20:4).

Dit sal die tyd wees wanneer die Antichris homself in die herboude tempel in Jerusalem tot God sal verklaar, die verpligte aanbidding van sy beeld sal gelas, deur middel van militêre dekrete sal regeer en nie sal skroom om maksimum geweld te gebruik nie.

## Die vlug na die woestyn

In hierdie tyd sal Satan deur middel van die valse messias ‘n Joodse volksmoord gelas. Hy sal teen ‘n “vrou” en haar nakomelinge oorlog

voer. In Openbaring 12 word Israel as ‘n getroude vrou beskryf wat ‘n seun gebaar het wat alle nasies met ‘n ystersepter sal regeer, en haar seun is weggeruk na God en sy troon. Die Seun is Jesus wat uit Israel gebore is. Israel word dus hier as ‘n getroude vrou beskryf, soos ook in Jesaja 54:4-8, Jeremia 31:3-4 en Hosea 2:15. Hierdie vrou moet glad nie met die kerk verwar word nie, want die kerk word in die Bybel as ‘n verloofde maagd voorgestel (Matt. 25:1-13; 2 Kor. 11:2). In elk geval is Jesus Christus nie uit die kerk gebore nie, maar uit die volk Israel – die kerk is uit Christus gebore. In Openbaring 12 word die volgende oor die eindtydse stryd teen hierdie vrou gesê:

> En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, ‘n tyd, tye en ‘n halwe tyd [3½ jaar]. En die slang het uit sy bek water soos ‘n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier ingesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het (Op. 12:13-16).

Hierdie vlug van Israel na ‘n plek in die woestyn, moontlik Petra in die Negef-woestyn suid van die Dooie See in Jordanië, sal in groot haas geskied. Dit sal wees pas nadat die Antichris homself in die tempel tot God verklaar het, en ‘n groot deel van Israel hom op grond daarvan sal verwerp. Hulle sal dan uit sy sataniese nuwe wêreldorde onttrek, waarby hulle vir die eerste 3½ jaar betrokke was. Wanneer sy beeld egter in die tempel opgerig en almal gedwing word om dit te aanbid, sal Israel baie vinnig moet wegkom omdat die valse messias hulle sal probeer inhaal en uitwis. Die Here Jesus het gesê:

> Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting [die Antichris en sy beeld] waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom… dan moet die wat in Judéa is na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie (Matt. 24:15-22).

Hierdie is baie duidelik ‘n profesie wat op Israel betrekking het, omdat dit daarop gemik is om ‘n oorblyfsel van die volk in die donker dae van die laaste 3½ jaar, m.a.w. in die groot verdrukking, van algehele uitwissing deur die Antichris te bewaar. In elk geval geld die sabbatswette net in Israel. Dan mag daar net ‘n kort sabbatsreis van minder as twee kilometer afgelê word (vgl. Hand. 1:12). In daardie ge-

val sal die Antichris se magte hulle kan inhaal en uitwis. Verder moet eindtydse Jode bid dat hulle reis nie deur winterkoue, verwagtende vroue of vrouens met suiglinge vertraag word nie, want dan sal hulle ook nie vinnig genoeg van hulle agtervolgers af kan wegkom nie.

Die breuk tussen Israel en die valse messias sal só skielik plaasvind, en sy maatreëls vir weerwraak só spoedig daarna ingestel word, dat daar nie eers vir Israeli's tyd sal wees om in te pak of padkos voor te berei nie. Hulle sal inderhaas berge toe moet vlug. Tot in daardie stadium het hulle volgens Johannes 5:43 die Antichris as Messias aanvaar, maar wanneer hy verklaar het dat hy God is, sal hulle skielik agterkom dat hy al die tyd 'n valse messias was. Dan sal hulle uit sy pad moet bly, omdat Israel se optrede 'n besliste bedreiging vir die eenheid van die Antichris se nuwe wêreldorde sal inhou.

Israel sal deur 'n goddelike ingryping gehelp word om nie deur die Antichris en sy duiwelse magte ingehaal en verdelg te word nie. 'n Aardbewing sal voorkom, waarin die aarde oopskeur om die Antichris se opmars oorland te stuit (Op. 12:16). Daar sal waarskynlik ook in daardie stadium op ander plekke in die wêreld opstande teen sy bewind uitbreek, sodat hy verplig sal wees om om te draai en daaraan aandag te gee. Daniël sê: "Gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom verskrik; daarom sal hy met groot woede uittrek om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref" (Dan. 11:44).

Daar staan ook in Openbaring: "En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou" (Op. 12:17). Die valse messias sal ewe fanaties teen die Messiaanse Jode optree omdat hulle hom sal verwerp en die God van Israel deur die ware Messias, Jesus Christus, sal aanbid. Hulle is ook nakomelinge van die vrou, Israel.

Die valse messias se ontheiliging van die tempel in die middel van die verdrukking is die teken wat die Here aan die inwoners van Judea gegee het om haastig vir oorlewing na die berge te vlug. Die tempel wat hulle in die eerste helfte van die week sal bou, en die herinstelling van die offerdiens waardeur hulle die eenmalige offer van die Lam van God weer eens as volk sal verwerp, sal dus kort daarna vir hulle die oorsaak van groot ontnugtering en tragedie word. Vir hierdie volk wag daar nog 'n tyd van misleiding en afvalligheid voordat Daniël 9:24 se maat van die sonde vol is en ewige geregtigheid vir hulle sal aanbreek. As gevolg hiervan sal hulle deur 'n baie moeilike tyd van vervolging en loutering moet gaan.

Jeremia praat hiervan as die tyd van benoudheid vir Jakob (Jer. 30:7). Hierdie benoudheid sal deur die Here gebruik word om Israel na Homself terug te bring: "In hulle nood sal hulle My soek. Kom en

laat ons terugkeer tot die Here; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind" (Hos. 5:15–6:1). Hierdie toekomstige proses van loutering deur lyding is lank gelede al deur Moses aan Israel voorgehou, wanneer hulle in die laaste dae as volk in groot benoudheid sal kom:

> As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die Here jou God terugkeer en na sy stem luister. Want die Here jou God is 'n barmhartige God; Hy sal jou nie verlaat en jou nie in die verderf stort nie; en Hy sal die verbond van jou vaders wat Hy hulle besweer het, nie vergeet nie (Deut. 4:30-31).

## Die slag van Armagéddon

Wanneer die valse Messias op die punt sal staan om die oorblyfsel van Israel uit te wis, sal die dramatiese gebeurtenis van die Messias se koms plaasvind. Dit sal die skielike einde van hom en al sy magte beteken, wat dit gewaag het om teen Jerusalem op te trek:

> Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die Here sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes *tot* 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En julle sal vlug in die dal van my berge – want die dal van die berge sal loop tot by Asal – en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussia, die koning van Juda. Dan sal die Here my God kom, al die heiliges met U! En in dié dag sal daar geen lig wees nie… en dit sal 'n enige dag wees… maar teen die aand sal dit lig word… En die Here sal Koning wees oor die hele aarde… En dit sal die plaag wees waarmee die Here al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond. En in dié dag sal 'n groot verwarring van die Here onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, en die hand van die een hom sal verhef teen die hand van die ander (Sag. 14:2-7,9,12-13).

Die oomblik wanneer die Messias sy verskyning op die planeet aarde maak, sal die Olyfberg in twee gesplit word en 'n groot dal vorm waarin die vlugtelinge skuiling teen die vyand sal soek. Die duisternis van God se oordele sal oordag toesak soos wat dit meer as 2000 jaar gelede gebeur het toe sy oordeel vir die sonde van die wêreld deur Jesus aan die kruis buite Jerusalem gedra is (Matt. 27:45). "Wat sal

tog die dag van die Here vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie… ja, donkerheid sonder ‘n ligstraal” (Amos 5:18,20).

Op die hoogtepunt van sy oordele oor sondaars sal die genade van die Here nog steeds aangebied word aan dié wat hulle toevlug tot Hom neem. Die oorlewende Jode wat deur die magte van die valse Messias omsingel is, sal sien hoedat die Olyfberg in twee verdeel wanneer die Messias kom. Hulle sal in die geopende rotsskeure in die berg vlug terwyl die duisternis toesak. Daar, letterlik aan die voete van Jesus, die Messias, sal hulle veilig wees.

In hierdie beslissende oomblikke sal daar groot verwarring onder die vyande van Israel heers terwyl hulle deur goddelike oordele getref en verdelg word. Hulle sal mekaar ook begin doodmaak. Die valse Messias en die valse profeet, as die twee leiers van die wêreldwye rebellie teen God en sy volk, sal gevang en lewendig in die poel van vuur gegooi word (Op. 19:19-20).

Wanneer dit weer begin lig word, sal die oorblyfsel van Israel vol verwondering en aanbidding voor die Messias neerval. As hulle na Hom opkyk, sal hulle verbasing baie groot wees om wonde in sy hande te sien. Hulle eerste vraag aan Hom sal wees: “Watter wonde is daar tussen jou hande?” Dan sal Hy aan hulle sê: “So is Ek geslaan in die huis van my vriende” (Sag. 13:6).

Hoe verklaar Israel die feit dat die Messias, volgens die profeet Sagaria, wonde in sy hande sal hê wanneer Hy op die Olyfberg neerdaal? Waar het Hy die wonde opgedoen? Dit kan tog nie in die hemel wees nie! Hulle sal opsien na Hom vir wie hulleself, as Joodse volk, deurboor het toe Hy met sy eerste koms Homself as die Lam van God bereid verklaar het om aan ‘n kruis vasgespyker te word en vir die sondes van die hele wêreld te sterf:

> Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos ‘n mens rouklaag oor ‘n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos ‘n mens bitterlik ween oor ‘n eersgebore kind (Sag. 12:10).

Die ontmoeting tussen Israel en hulle Messias sal uiters gevoelvol en hartlik wees. Die volk wat kort tevore nog deur totale uitwissing in die gesig gestaar is, sal in aanbidding aan die voete van hulle Verlosser neerval. Hulle vreugde sal deur trane van berou afgewissel word terwyl elke lid van die oorblyfsel van Israel met Jeshua Ha Mashiach versoen word. Op een dag sal al die skuld van die land uitgewis en ‘n volk weergebore word (Sag. 3:9).

Nadat die verbond tussen Israel en die valse messias verbreek is, sal daar nog 42 maande (1260 dae) verloop voordat die ware Messias sy verskyning op die Olyfberg maak. Wanneer die bestemde tyd

nader kom, sal die Jode van hulle plek van ontvlugting af na Jerusalem terugkeer. Hulle sal vasbeslote wees om op die Groot Versoendag (die *Yom Kippur*) by die Olyfberg te wees. Dit sal met lewensgevaar gepaard gaan omdat die valse Messias steeds met sy verklaarde Joodse volksmoord sal voortgaan. In daardie stadium sal daar 'n baie groot, multinasionale mag in Jerusalem en omstreke ontplooi wees. Hulle sal onder die bevel van die valse Messias staan, met hulle militêre hoofkwartier by Jerusalem (Dan. 11:45).

'n Meer korrekte vertaling van Daniël 11:45a is dat die Antichris "sy paleistente sal opslaan tussen die seë by die berg van die heilige Prag." Sy hoofkwartier sal dus tussen die Middellandse See en die Dooie See by die berg Sion wees. Hier sal die Antichris saam met 'n baie groot mag die ware Christus en sy hemelse leër inwag en gereed maak om by die slag van Armageddon teen God se koninkryk te veg.

Die Jode wat na Jerusalem optrek om die Messias in te wag, sal sterk van sy koms oortuig moet wees omdat die vyandelike magte oral in en om Jerusalem ontplooi sal wees. Soos wat die voortvlugtendes vorder, sal hulle deur die vyand omsingel word. Huise in die stad sal geplunder en geboue vernietig word. In paniek sal die inwoners in die rigting van die Olyfberg vlug omdat hulle hul uitredding daar sal verwag. Sommiges sal in wanhoop uitroep: "Ons verwagting is verlore – dit is klaar met ons!" (Eseg. 37:11). Dan sal die Messias skielik uit die hemel neerdaal en tot hulle redding kom!

## Gevolge van die Messias se koms

Nadat die Messias sy verskyning op die Olyfberg gemaak, sy vyande verdelg en Homself as Redder, Verlosser en Koning geopenbaar het, sal 'n tydperk van verlengde rouklag vir Israel oor hulle sonde, afvalligheid en afgodediens aanbreek. In opregtheid van hart sal hulle dit eerlik bely en volkome daarmee breek:

> In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem… En die land sal rouklaag by geslagte… In dié dag sal daar 'n geopende fontein wees vir die huis van Dawid en vir die inwoners van Jerusalem teen sonde en onreinheid. En in dié dag, spreek die Here van die leërskare, sal Ek die name van die afgode uit die land uitroei, sodat aan hulle nie meer gedink sal word nie (Sag. 12:11–13:2).

Die nasionale rouklag sal waarskynlik 30 dae lank duur, soos wat gebruiklik in Israel was: "En toe die hele vergadering sien dat Aäron gesterf het, het die hele huis van Israel Aäron beween dertig dae lank" (Num. 20:29). "Toe het die kinders van Israel Moses beween in die vlaktes van Moab, dertig dae lank" (Deut. 34:8).

Sagaria vergelyk die dood van die Messias met dié van 'n "enigste seun" en 'n "eersgeborene." Die rou vir sulke persone was buitengewoon groot gewees. Met die dood van 'n enigste seun is die lig van 'n

familie uitgedoof, en met die dood van ‘n eersgeborene is die eer van ‘n familie, die mees geliefde en die eerste geskenk van die Here se seëninge, van hulle af weggeneem.

Die rouklag vir die Messias word verder met dié vir koning Josia vergelyk. Proff. John Walvoord & Roy Zuck (*The Bible Knowledge Commentary,* bl. 1567) sê: “Die toekomstige rouklag van Israel oor die Messias word ook vergelyk met die geween op die dag toe die godvresende koning Josia, die laaste hoop van die kwynende Judese koninkryk, by Haddat-Rimmon in die vlakte van Megiddo gesneuwel het. Die omvang van die rouklag by hierdie laaste uitstorting van die Heilige Gees kan slegs met die rou vir ‘n buitengewone persoon vergelyk word, asook met ‘n nasionale ramp wat die volk getref het.”

In Daniël se skedule van eindtydse gebeure word daar, onder andere, vir Israel se 30 dae van rou ná die koms van die Messias aan die einde van die groot verdrukking voorsiening gemaak deur dit by die 1260 dae van die tweede helfte van die week te voeg: “…dit sal ‘n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat ‘n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word… En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal 1290 dae verloop. Welgeluksalig is hy wat bly verwag en 1335 dae bereik” (Dan. 12:1,11-12).

Die volgende tydsbepaling is uit dié gedeelte duidelik:

- ❖ Van die tyd af dat die valse Messias die offerdiens sal verbied en die tempel ontheilig deur ‘n beeld van homself daarin te plaas, sal 1260 dae verloop totdat die ware Messias sy voete op die Olyfberg sit (Dan. 9:27; Op. 13:5). Ná ‘n verdere 30 dae van rou sal die geestelike vereniging tussen Israel en die Messias voltooi wees. Dan sal daar 1290 baie dramatiese dae verloop het sedert daardie donker dag van openlike rebellie teen die koninkryk van die hemel, toe die valse Messias homself in die tempel in Jerusalem tot God verklaar het.
- ❖ ‘n Verdere 45 dae sal deur die bruilofsmaal van die Lam, die herstel van die troon van Dawid in Jerusalem en die oordeel oor die nasies in beslag geneem word (Op. 19:7-9; Hand. 15:16-17; Matt. 25:31-32). Wanneer die Messiasryk formeel begin, sal 1335 dae verstryk het sedert die aanvang van die valse Messias se skrikbewind toe sy afgodsbeeld in die tempel opgerig is. Jode wat hierdie verskriklike tyd oorleef, sal ná die 1260 dae van die groot verdrukking (Matt. 24:15-22) die koms van die Messias aanskou. Ná 1290 dae sal hulle geestelik met Hom versoen wees, en ná 1335 dae sal hulle die beloofde ryk van die Messias binnegaan. Dan sal ewige geregtigheid vir hulle as volk van God aanbreek terwyl die Messias uit Jerusalem regeer.

Die geredde Israel sal hulle verbly in die Here, Hom van harte dien, en sy lof onder al die nasies verkondig (Jes. 12:3-6 en 40:9). Die Here sê dat Hy vir Israel 'n hart sal gee om Hom altyd te vrees, ook in die opkomende geslagte, en hulle sal nooit van Hom afwyk nie. Die Here sal Homself oor hulle verheug en aan hulle goed doen (Jer. 32:37-42). Dan sal Israel se volheid die rykdom van die nasies wees (Rom. 11:12). "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die Here vasstaan op die top van die berge… en al die nasies sal daarheen toestroom… Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem" (Jes. 2:2-3).

Die nasies wat in die vrederyk deur Israel geëvangeliseer sal word, sal 'n oorblyfsel van die volke uit die huidige bedeling wees. Hulle sal die slag van Armagéddon oorleef, maar nog nie die nommer van die dier ontvang het nie, en derhalwe met Christus versoen kan word. By die wederkoms sal hulle saam met Israel rou bedryf oor hul sonde en vergifnis verkry (Matt. 24:30). Daarna sal hulle die Here dien en ook jaarliks die loofhuttefees in Jerusalem vier: "En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die Here van die leërskare, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die Here van die leërskare, te aanbid nie – hulle sal geen reën kry nie" (Sag. 14:16-17).

Die oorblyfsel van die nasies sal sterflike mense met 'n oorerflike, sondige natuur wees, daarom sal hulle kinders in sonde gebore word en sal elke geslag opnuut geëvangeliseer moet word. Dit sal die taak van die geredde Israel wees.

Israel se toekoms is seker en gewis omdat die God met wie hulle voorvaders plegtige verbonde gesluit het, getrou is. Die ontrouheid van die volk het hulle egter in die loop van die geskiedenis baie duur te staan gekom. In die komende groot verdrukking wag daar op die ongelowige en onbekeerlike Jode die ergste oordele van alle tye. Vir die gelowige oorblyfsel van Israel wat met die Messias versoen word, sal die vreugde van God se wonderlikste beloftes in die vrederyk aanbreek. Die Here Jesus sal weldra kom om self God se heerlikheid aan Israel en die nasies te openbaar:

> Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen (Hand. 15:16-17).

Van hierdie oomblik af sal Jerusalem geweldige prominensie in die wêreld geniet omdat dit die Stad van die Groot Koning sal wees. Wêreldleiers sal daarheen gaan om deur die Here onderrig te word en eer oor sy groot verlossingsdade aan Hom te bring.

# 8. Geestelike Betekenis van Jerusalem

Jerusalem is die stad van die groot Koning (Ps. 48:3), waarmee die Here ‘n ewige doel het. Die heilsgeskiedenis van Jerusalem het 4000 jaar gelede begin toe ‘n Man van God, Melgisédek, die koning van Salem was. In Hebreërs 7:1-3 lees ons van hom:

> Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het; aan wie Abraham ook ‘n tiende deel van alles gegee het – hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede; sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur.

Melgisédek was ‘n tipe van Jesus, of, volgens sommige verklaarders, ‘n Ou Testamentiese verskyning van Jesus. Hy is die priesterkoning van geregtigheid en vrede. Dit is titels van die Here Jesus, want Hy is priester volgens die orde van Melgisédek. Verder is Hy die Koning van die Jode én van die hele wêreld, met sy aardse troon in Jerusalem (Luk. 1:32; Hand. 15:16-17). Hy is ook ons geregtigheid en vrede. Abraham het na Salem gegaan (waar Jerusalem later op die berg Sion en die Tempelberg, Moria, gebou is) om tiendes aan Melgisédek te gee. Só sou Israel én miljoene Christene in die eeue wat kom, na die “huis” van die Here optrek om hulle besittings én hulle lewens aan Hom te offer.

Abraham het later na die berg Moria teruggekeer om sy seun Isak aan die Here te offer. Die Here se opdrag aan hom was duidelik: “Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys” (Gen. 22:2).

Hier, waar die tempel van die Here ‘n duisend jaar later gebou sou word, en baie diere geoffer sou word as heenwysings na die uiteindelike offer van die Seun van God nét buite Jerusalem, moes Abraham sy enigste seun aan die Here offer. Isak was ‘n tipe van die Here Jesus, want hy moes onskuldig geoffer word nadat hy die hout vir die brandoffer op sy eie skouers gedra het. Op die laaste oomblik het die Here ‘n bok aan Abraham gegee om in die plek van Isak te

offer, want Isak was maar net ‘n tipe van die Lam van God wat in die volheid van die tyd vir die sondes van die hele wêreld geoffer sou word (Joh. 1:29; 1 Pet. 1:18-19).

Hierdie plek, waar Melgisédek priester was en waar Abraham sy seun aan die Here moes offer, was baie spesiaal omdat dit deur die Here self uitgekies is om sy Naam daar te laat woon. Vyfhonderd jaar ná Abraham het Moses aan die volk gesê:

> Julle sal deur die Jordaan trek en woon in die land wat die Here julle God julle laat erwe… Dan moet julle na die plek wat die Here julle God sal uitkies om sy Naam daar te laat woon, alles bring wat ek julle beveel: julle brandoffers en julle slagoffers, julle tiendes en die offergawe van julle hand… (Deut. 12:10-11).

Nog vyfhonderd jaar later, m.a.w. ‘n duisend jaar voor Christus, het koning Dawid die stad Jerusalem van die Jebusiete verower en dit toe Jerusalem genoem: dit beteken “Vredebesit.” Die stad is ook “Sion” genoem as gevolg van die berg Sion waarop dit gebou is, en “Die Stad van Dawid.” Koning Dawid was die belangrikste vegtende koning wat ooit in Jerusalem regeer het. Hy het groot oorwinnings vir die Here behaal. Dit was ook uit die geslag van Dawid dat die Messias in die volheid van die tyd gebore is. Dawid wou vir die Here ‘n huis in Jerusalem bou, maar die Here het gesê dat sy seun ná hom die huis sou bou (2 Sam. 7:12-13). Nadat Salomo die tempel gebou het, het die Here gesê: “Ek het hierdie huis wat jy gebou het, geheilig deur my Naam daar te vestig tot in ewigheid” (1 Kon. 9:3). Jerusalem is deur God genoem: “Die stad wat Ek vir My verkies het om my Naam daar te vestig” (1 Kon. 11:36). God se Naam is vir ewig volgens sy eie raadsbesluit aan Jerusalem verbonde.

## Die heerlikheid van die Here

Salomo het die eerste tempel gebou en die heerlikheid van die Here het sy intrek in die gebou geneem. Die Here is hier vereer en aanbid, en Hy het Homself ook deur die diens van die priesters en profete aan die volk geopenbaar. Tye van geestelike verval het egter in Israel ingetree, en tot die verwaarlosing van die tempeldiens in Jerusalem gelei. Godvresende konings het die tempeldiens herstel, waarna verval maar weer ingetree het. As gevolg van die volhardende en wydverspreide goddeloosheid van Israel het die heerlikheid van die Here uiteindelik die tempel verlaat, en het Hy die volk aan hul vyande oorgegee. Die tempel én die stad is deur heidene geplunder en verwoes, en die Babiloniese ballingskap van Israel het daarop gevolg.

Die verwoesting van die stad en die ballingskap van sy inwoners het egter nie die Here se ewige verbintenis aan Jerusalem beëindig nie. Ná sewentig jaar is Israel in hulle land herstel en is Jerusalem en die vervalle eerste tempel weer opgebou. Dit het as die tempel van

Serubbábel bekend gestaan. Weer het goddeloosheid ingetree, wat daartoe gelei het dat die Here sy teenwoordigheid aan die tempel onttrek en ná Maleági vir 400 jaar nie weer ‘n profeet na Israel gestuur het nie. Die volk is ook aan hulle vyande oorgegee en die tempel het uiteindelik heeltemal bouvallig geraak. Geestelike duisternis het in Israel én hulle vervalle heiligdomme in Jerusalem ingetree.

Sedert omtrent 40 v.C. het Herodes die Grote as koning van Judéa regeer. Hy het ‘n nuwe tempel in Jerusalem laat bou om die Jode se guns te wen en ook hulle Messiaanse verwagtings te onderdruk. Dit staan as die tweede tempel, of die tempel van Herodes, bekend. Die tempeldiens is weer ten volle herstel.

## Die koms van Jesus

Die grootste openbaring van God aan Israel én die hele mensdom het egter met die koms van sy Seun, Jesus, na die aarde plaasgevind. Die engel het aan Josef gesê: “Maria, jou vrou… sal ‘n seun baar en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos” (Matt. 1:20-21). Jesus was die opgaande lig uit die hoogte vir ‘n volk wat in duisternis gewandel het. Hy is egter veel meer as dit, want Hy is die lig van die hele wêreld. In ‘n Messiaanse profesie in Jesaja 49 het God van Jesus gesê: “Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot ‘n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde” (Jes. 49:6). Johannes die Doper het na Hom gewys en gesê: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Joh. 1:29).

Die Here Jesus het in Jerusalem, daardie unieke stad van godsopenbaring, die boodskap van die ewige lewe verkondig. Hy het ook in die tempel geleer. Hy én sy boodskap is egter deur die groot meerderheid van die leiers en inwoners van die stad verwerp. Hierdeur het hulle groot ellende oor hulleself gebring. Tydens sy intog in Jerusalem op ‘n esel was die Here Jesus baie bewoë oor die stad en sy geestelik verblinde inwoners (Luk. 19:41-44).

God het Homself deur sy Seun aan Jerusalem se inwoners openbaar, maar hulle het dit ten spyte van talle duidelike Messiaanse profesieë nie raakgesien nie, en Hom verwerp. Jesus is in ‘n proses van beplande verraad gevange geneem, in die stad verhoor, bespot, verneder en onskuldig veroordeel. Die Joodse volksleiers het só sterk op sy skuldigbevinding en kruisiging aangedring dat die Romeinse goewerneur, Pontius Pilátus, daaraan toegegee het.

Die Here Jesus is nét buite Jerusalem by Gólgota, in die steengroewe van Salomo, gekruisig. Hier is die groot soenoffer vir die sondes van ‘n verlore mensdom aan God betaal. Vir ewig sal Gólgota

uitstaan as die uitdrukking van God se neerbuigende liefde en vergewensgesindheid, en as die enigste poort tot die ewige lewe. Daar is geen ander naam onder die hemel gegee waardeur mense gered kan word nie – net Jesus Christus en Hom as die gekruisigde. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie.

Jesus is net buite die stadsgebied van Jerusalem begrawe en het drie dae later uit die dood opgestaan. Op die Sondag van sy opstanding het Hy die eerste boodskap (of preek) van die Christelike bedeling in Jerusalem aan sy dissipels gelewer, en 'n week later die tweede een (Joh. 20:19-29). Veertig dae ná sy opstanding het Jesus van die Olyfberg af na die hemel opgevaar. Nét voor dit het Hy die opdrag van wêreldevangelisasie aan sy dissipels gegee. Dit sou egter eers 'n aanvang neem nadat nóg 'n belangrike heilsgebeurtenis in Jerusalem plaasgevind het:

> En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En julle is getuies van hierdie dinge. En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte (Luk. 24:49).

Dit was die belofte van die uitstorting van die Heilige Gees: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde" (Hand. 1:8). Op pinksterdag, toe die Heilige Gees oor die dissipels uitgestort is, het die proses van wêreldevangelisasie begin. Op daardie dag is drieduisend siele gered en het die kerk van Christus sy geboorte in Jerusalem gehad. Daarvandaan sou die boodskap in die hele wêreld verkondig word, van Jerusalem af en verder…

## Die profetiese rede

Die groot vraag is: Was die rol van Jerusalem as 'n plek van godsopenbaring hiermee vervul en uitgedien? Wat van die Here se besluit dat Hy sy Naam vir ewig in Jerusalem sou vestig (1 Kon. 9:3; 11:36)? Het dit tot 'n einde gekom toe Israel vir Jesus verwerp en laat kruisig het? Allermins! Die langtermyn toekoms van die stad Jerusalem was nog altyd, en is nog steeds, binne God se raadsplan seker en gewis.

Om meer duidelikheid hieroor te kry, moet die profetiese rede van die Here Jesus bestudeer word. Hierin het Hy die eerste én die laaste geslag in die huidige dispensasie tussen sy eerste en tweede koms beskryf. Altwee hierdie geslagte staan direk in verband met gebeurtenisse wat in Jerusalem plaasgevind het, en in die toekoms nog hier sál plaasvind. Hierdie stad se toekoms is rotsvas!

Die eerste geslag is met die verwerping en kruisiging van Jesus deur die inwoners van Jerusalem ingelui, en deur die vernietiging van die stad en die tempel in die jaar 70 n.C. beëindig. Oor sy verwerping as Messias en die gevolglike verwoesting van Jerusalem, het Jesus aan die geestelik verblinde volksleiers gesê dat hulle huis, Jerusalem, totaal verwoes sou word. Hyself, as hulle Koning wat tydens sy eerste koms verwerp is, sou weggaan totdat Israel Hom verwelkom met die begroeting: “Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!” (Matt. 23:35-39). Lukas beskryf ook die verwoesting van Jerusalem en die verstrooiing van Israel en sê: “…daar sal ‘n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk. En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is” (Luk. 21:20-24).

Die eerste geslag het dus begin met die verwerping van Jerusalem se Messias-Koning, en daardie geslag is met die verwoesting van die stad beëindig. Hierna het die lang internasionale verstrooiing van die volk Israel gevolg, waartydens Jerusalem deur die nasies vertrap is. Let egter daarop dat Jerusalem nie onbepaald vertrap word nie, maar *totdat* die tye van die nasies vervul is. Aan die einde van die tydperk van wêreldevangelisasie, wanneer die nie-Joodse nasies die geleentheid het om in die koninkryk van die Here in te kom, sal Israel, hulle land én hulle stad weer herstel word. Paulus sê hieroor:

> Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en die goddelooshede van Jakob afwend (Rom. 11:25-26).

Die eerste formele gebeurtenis in die laaste volwasse geslag was die herstel van Jerusalem as Israel se hoofstad in Augustus 1980. Dit het ‘n proses ingelui wat binne 40 jaar na die volle herstel na Jerusalem sal lei, ook geestelik, as die setel van Israel se Messias-Koning. Jerusalem is in die brandpunt van die stryd tussen die koninkryke van God en Satan, en sal te midde van groot aanvalle deur talle vyande na sy heerlike bestemming voortgaan. Die grootste vyand sal die Antichris wees, wat Jerusalem vir sy eie koninkryk sal misbruik.

Juis omdat Jerusalem die hoofsetel van Christus se wêreldryk sal wees, sal Satan en sy magte alles moontlik doen om die inwoners van die stad geestelik te mislei, die vyande van Israel aan te hits om op die stad aanspraak te maak, en die internasionale gemeenskap ook teen Israel laat draai deur hulle te dwing om die stad te verdeel. Al hierdie faktore gaan daartoe lei dat die Antichris beheer oor Israel sal kry en hulle nog verder sal mislei (Joh. 5:43). Die vyande van

Israel sal twee groot oorloë teen hulle voer, terwyl die ongelowige Israel binne-in Jerusalem in benoudheid gebring sal word sodat hulle die Messias ernstig kan begin soek (Eseg. 22:18-22).

Die Here gaan Israel aan benoudheid en loutering uitlewer, maar hulle vyande swaar straf. Hy sê: "Kyk, Ek maak Jerusalem vir al die volke rondom tot 'n beker van bedwelming, en ook teen Juda sal dit wees tydens die beleëring teen Jerusalem. En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word" (Sag. 12:2-3).

Die vyande van Israel, wat dié volk verdruk, verstrooi en nou ook dwing om hulle land en hoofstad met die vyandige Palestyne te deel, sal in hulle opmars na Jerusalem met die Heilige van Israel te doen kry: "Want kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander, sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het" (Joël 3:1-2). Hulle sal gestraf word omdat hulle nie God se raadsplan oor Israel eerbiedig nie.

Die twee groot oorloë wat teen Israel en Jerusalem gevoer sal word, is die Russies-Arabiese inval in Israel (Eseg. 38–39) en die slag van Armageddon. Eersgenoemde oorlog sal die sewe jaar van die verdrukking inlei, terwyl die ander een dit sal afsluit. Die Antichris sal uit die eerste oorlog as 'n valse vredevors na vore tree en op 'n hoogs misleidende wyse vrede in die Midde-Ooste én die res van die wêreld bring. Op die hoogtepunt van sy mag, in die middel van die verdrukking, sal hy Israel én alle ander nasies dwing om hom as God te aanbid. Jode wat weier om dit te doen, sal vir oorlewing na die woestyn moet vlug, waar hulle 3½ jaar lank sal skuil (Op. 12:6).

Wanneer hulle na Jerusalem terugkeer, sal die groot monstering van troepe vir die slag van Armageddon in Israel aan die gang wees. Die Antichris sal volgens Bybelse profesieë weet dat Christus aan die einde van daardie jaarweek sal terugkom om die oorblyfsel in Israel te red en sy vrederyk op aarde te vestig. As gevolg hiervan sal hy alle magte tot sy beskikking in Israel saamtrek, en spesifiek ook in en om Jerusalem (Op. 16:13-16; 19:19). Wanneer die Messias kom, sal dit tot Israel se redding en die verdelging van hulle vyande lei:

> En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal… Dan sal die Here my God kom, al die heiliges met U!… In dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike [die Dooie See] en die ander helfte daarvan na die Westelike See [die Middellandse See]… En die Here sal Koning wees oor die hele aarde… en

> almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die Here van die leërskare, en om die huttefees te vier (Sag. 14:4-5,8-9,16).

Dit sal die dramatiese hoogtepunt van die laaste geslag in hierdie bedeling wees, wanneer die Messias in mag en majesteit sal kom om alles te verander. Vir dié wat aan Hom behoort, sal ewige heerlikheid aanbreek, maar vir sy vyande 'n nag van verskrikking en oordele. Die Antichris sal verdelg en Satan gebind word, sodat hy die nasies nie meer sal kan verlei nie (Op. 20:2-3). Oorlogvoering en bose dade sal ophou en vrede oral heers (Jer. 3:17; Jes. 2:2-4).

## Jerusalem as wêreldhoofstad

Jerusalem sal verhef word tot die hoofstad van die wêreld. Die Here Jesus sal die Koning van die konings wees, en vrede sal oral op aarde heers: "Baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jes. 2:3-4). Dit sal 'n tyd van absolute en ongekende vrede op die hele aarde wees:

> In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie (Jer. 3:17).

Omdat Satan in daardie tyd gebind sal wees, sal hy die nasies nie tot haat, bandeloosheid, oorlogvoering en ander sondes kan aanhits nie. Hulle sal spontaan die Here se guns in Jerusalem soek, asook dié van sy volk Israel, en in sy weë wandel:

> So sê die HERE van die leërskare: Nog sal volke aankom en die inwoners van baie stede. En die inwoners van die een stad sal gaan na die ander en sê: Kom, laat ons heengaan om die aangesig van die HERE om genade te smeek en die HERE van die leërskare te soek. Ek wil ook gaan! So sal dan baie volke en magtige nasies kom om die HERE van die leërskare in Jerusalem te soek en die aangesig van die HERE om genade te smeek. So sê die HERE van die leërskare: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is (Sag. 8:20-23).

In hierdie tyd sal Jerusalem 'n stad van glansryke heerlikheid wees soos wat dit nog nooit in die geskiedenis was nie. Elke kind van die Here moet reikhalsend na dié tyd van groot heerlikheid en vrede op

aarde uitsien en Jerusalem nou reeds toeroep:

> Ontwaak, ontwaak, beklee jou met sterkte, o Sion, trek jou sierlike klere aan, o Jerusalem, heilige stad! (Jes. 52:1).
>
> Aanskou Sion, die stad van ons feestelike samekoms! Jou oë sal Jerusalem sien as veilige woonplek, as tent wat nie wegtrek nie, waarvan die penne nooit meer uitgeruk word nie en geeneen van sy toue ooit losgeskeur word nie. Maar daar sal die HERE vir ons heerlik wees… Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder, die HERE is ons Koning (Jes. 33:20-22).
>
> Nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang… Jou poorte sal altyddeur oopstaan; hulle sal bedags of snags nie gesluit word nie, om na jou toe aan te bring die rykdom van die nasies en hulle konings in triomftog. Want die nasie en die koninkryk wat jou nie sal dien nie, sal ondergaan, en dié nasies sal sekerlik verwoes word… Die seuns van hulle wat jou verdruk het, sal gebukkend na jou toe trek; en almal wat jou verag het, sal hulle neerbuig by jou voetsole; en hulle sal jou noem: Stad van die HERE, Sion van die Heilige van Israel… Van geweld sal in jou land nie meer gehoor word nie – van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie; maar jy sal jou mure Heil noem en jou poorte Lof (Jes. 60:3,11-12,14,18).

## Gebede vir Jerusalem

Omdat Jerusalem in die vrederyk ná die wederkoms ‘n seën vir die hele aarde sal wees, moet ons nou al in afwagting op daardie tyd saam met Jesaja uitroep: “Ter wille van Sion sal ek nie swyg nie en ter wille van Jerusalem nie stil wees nie, totdat sy geregtigheid uitbreek soos ‘n glans en sy heil soos ‘n fakkel wat brand” (Jes. 62:1). In hierdie donker dae van aanvegtinge teen Jerusalem as die stad van die Groot Koning, moet ons die Here ook voortdurend aan sy beloftes herinner. Hy het gesê: “O Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. O julle wat die HERE herinner aan sy beloftes – moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot ‘n lof op aarde!” (Jes. 62:6-7).

Moet dus nie Jerusalem as ‘n plek van godsopenbaring vergeet nie – nie sy verlede nie, en ook nie sy wonderlike toekoms nie! Dawid sê in Psalm 122:6: “Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe!” Die stryd om Jerusalem is ‘n stryd tussen lig en duisternis. Die Here Jesus kom terug na Jerusalem en Hy gaan die aarde hiervandaan regeer: “In dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê” (Sag. 14:4). Dit is waarom die magte van die duisternis hierdie stad wil oorneem en verwoes.

Kom ons bid vir die vrede van Jerusalem. Laat ons saam met die ballinge van Israel sê toe hulle by die riviere van Babel was en die

heiligdomme van die Here in puin gelê het: "As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet! Laat my tong kleef aan my verhemelte as ek aan jou nie dink nie, as ek Jerusalem nie verhef bo my hoogste vreugde nie" (Ps. 137:5-6).

Jerusalem het 'n ewige toekoms omdat die Here besluit het om sy Naam hier te vestig. Nie net sal dit in die vrederyk die hoofstad van die wêreld wees nie, maar op die nuwe aarde sal ons in die nuwe Jerusalem woon wat die Here Jesus op die oomblik vir ons voorberei. Hierdie wonderstad met sy goue strate en pêrelpoorte sal uit die hemel op die nuwe aarde neerdaal. Daar sal die bruid vir ewig saam met die Lam woon. Johannes sê in Openbaring 21:

> Ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees… En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan (Op. 21:2-4; vgl. Jes. 25:8).

Maak seker dat jy deur die wedergeboorte 'n lid van die bruidsgemeente is, sodat jy in die ewige heerlikheid van God se koninkryk kan deel. Dit wat deur die toedoen van die Here in die aardse Jerusalem gebeur het, moet in die hele wêreld verkondig word omdat dit die poort na die hemelse Jerusalem vir alle mense open.

## Israel se posisie in die vrederyk

Uit Israel se oogpunt is dit om die volgende vier redes baie duidelik dat die beloofde vrederyk nog nie vir hierdie volk aangebreek het nie, en dat Jerusalem derhalwe ook nog nie die seën en heerlikheid ervaar het waarvoor die stad bestem is nie:

1. Volgens die profete sal die Messiasryk ongekende seëninge vir Israel bring. Die volk het nie een van hierdie seëninge die afgelope bykans 2 000 jaar beleef nie. Tydens hulle internasionale ballingskap was daar geen ander volk wat soveel aanhoudende smarte as die Jode ervaar het nie. Selfs in die 40 jaar voor die verwoesting van Jerusalem was die land Israel 'n kookpot van onderlinge twiste, haat en opstande teen die Romeinse owerheid.
2. In die vrederyk sal die Messias benewens sy wêreldwye koningskap ook die Koning van die Jode wees. Die feit is dat die Jode nog nooit vir Jesus as hulle Koning en Messias erken het nie. Hulle het nog nie as volk die geopende oë gehad om vir Hom wat hulle deurboor het, as Messias te herken nie (Sag. 12:10). Indien Jesus reeds die koningskap op die troon van Dawid aanvaar het

(Luk. 1:32; Hand. 15:16-17), dan is Hy as Koning van die Jode ‘n Koning sonder ‘n volk. Om profesieë só te verklaar, kom prakties daarop neer om die Bybel eenkant toe te skuif en deur middel van die vervangingsteologie ander betekenisse daaraan te koppel.

3. In die beloofde duisendjarige vrederyk van Christus sal Jerusalem as die hoofstad van die wêreld hoog en verhewe wees. Die nasies sal hierheen toestroom om in die weë van die Here onderrig te word, en Israel sal deur hulle geëer word. Die afgelope byna 2 000 jaar is Jerusalem egter deur die nasies vertrap.
4. In die komende vrederyk sal Israel hulle doel as die volk van God verwesenlik en die hele wêreld evangeliseer. Tot dusver het hulle as volk nog nie die Messias aanvaar nie en kon dus nog nie sy lof onder die nasies verkondig nie.

Israel se posisie in die komende Messiasryk word dikwels in die Ou Testament beskryf, soos onder meer deur die profeet Jesaja:

> In dié dag sal die HERE van die leërskare wees tot ‘n sierlike kroon en ‘n pragtige krans vir die oorblyfsel van sy volk (Jes. 28:5).
>
> In dié dag sal die Spruit van die HERE wees tot sieraad en heerlikheid, en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel. En wie in Sion oorgebly het en gespaar is in Jerusalem, dié sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem – as die Here die onreinheid van die dogters van Sion afgewas en die bloedskulde van Jerusalem daaruit weggespoel het deur die Gees van strafgerig en die Gees van uitdelging. Dan skep die HERE oor elke woonplek van die berg Sion en oor sy plekke van samekoms ‘n wolk bedags en rook met die glans van vuurvlamme in die nag; want oor alles wat heerlik is, sal daar ‘n beskutting wees (Jes. 4:2-5).
>
> En julle sal in dié dag sê: Dank die HERE, roep sy Naam aan, maak sy dade onder die volke bekend, verkondig dat sy Naam hoog is! (Jes. 12:4).
>
> In die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet, Israel sal bloei en uitbot, sodat hulle die wêreld vol vrugte sal maak (Jes. 27:6).
>
> En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai [verwysende na Jesus, die Messias] wat daar staan as ‘n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees (Jes. 11:10).
>
> In dié dag sal die mens kyk na sy Maker, en sy oë sal sien op die Heilige van Israel (Jes. 17:7).
>
> In dié dag sal hierdie lied gesing word in die land Juda: ‘n Sterk stad het ons; God stel heil tot mure en skanse. Maak oop die poorte, dat die regverdige nasie kan ingaan wat die trou bewaar! (Jes. 26:1-2).

Hierdie en baie ander seëninge sal die kenmerk van die Messias se duisendjarige vrederyk wees wanneer Hy op die troon van Dawid

in Jerusalem regeer. Sy verheerlikte kerk sal saam met Hom regeer en geregtigheid op aarde laat geskied. Israel sal ‘n leidende rol in wêreldsake speel en die Here se getuies onder al die nasies wees. Hulle sal ‘n oes vir die koninkryk van die Here onder al die nasies insamel.

# 9. Jerusalem die Rotsstad

Die Ou Stad van Jerusalem (Sion en die Tempelberg), sowel as die onmiddellike omgewing daarvan, is ten nouste met die verlossingswerk en wêreldhervormende boodskap van Jesus, die Messias, die Seun van Dawid, geassosieer. Die Olyfberg sal ook die toneel van sy spoedige wederkoms wees (Sag. 14:4-5), waarna die troon van Dawid op die berg Sion herstel (Amos 9:11-12; Hand. 15:16-17) en 'n nuwe tempel op die Tempelberg gebou sal word (Eseg. 40–44).

By nadere ondersoek word dit gou duidelik dat daar 'n baie meer intieme verband tussen Jesus en Jerusalem is as wat daar algemeen besef word: selfs elke gebou in die stad getuig van Hom as die Rots wat vir ons geklief is. Die eeue-oue tradisie om in Jerusalem met gekapte klip te bou, verleen 'n unieke voorkoms aan die stad en verbind dit aan sy werklike eienaar en Koning. Hy is nie alleen as die Lam van God en die Koning van die konings bekend nie, maar ook as die Rots, Fondament en Hoeksteen. Laasgenoemde drie beskrywende name is nou met mekaar geassosieer omdat dit die Here Jesus as die Hoeksteen van Israel en sy hoofstad uitbeeld, maar verder ook as die Fondament van elke gelowige persoon op aarde:

## Die Rots

> Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot (Matt. 7:24-27).

Jesus is self die Rots waarop Hy sy kerk bou, soos Hy beloof het (Matt. 16:16-18). Dit is duidelik dat net die lewe van 'n weergebore persoon op die Rots, Jesus, gebou is. Hierdie assosiasie verleen aan só 'n persoon vastigheid en krisisbestandheid sodat hy teen die storms van die lewe staande kan bly. Mense wat nie aan die Rots geanker is nie, het nie die geestelike vermoë om die aanslae teen hulle te oorleef of af te weer nie.

## Die Fondament

Paulus het gesê: "Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus" (1 Kor. 3:11).

Daar is geen fondament anders as Jesus, die Rots wat vir ons geklief is nie. Om jou lewe op ander fondamente te bou, is om op sand te bou en vir seker onder te gaan wanneer die storms in al hulle felheid op jou toeslaan. Selfs al gaan jy volgens jou eie oordeel suksesvol deur die lewe sonder hulp van buite, sal jy nie voor die storm van God se eindoordeel staande kan bly nie. Op daardie dag sal jy in die verderf beland as jou lewe nie op die Rots gebou is nie!

## Die Hoeksteen

> Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Elkeen wat op dié steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel (Luk. 20:17-18).

Volgens Efésiërs 2:20 en 1 Petrus 2:6-7 is Jesus self die hoeksteen van die gebou van God waarin ons tot eer van God as lewende stene ingebou word. Dit is die vervulling van beloftes wat in Jesaja 28:16 en Psalm 118:22 gemaak is. Vir dié wat nie in Hom glo nie, is Hy 'n Rots van struikeling, omdat Hy hulle sal veroordeel en in die hel verderf. Daar is geen middeweg tussen hierdie twee attribute van Hom nie – Jesus is óf die hoeksteen waarop jou lewe berus, óf Hy sal vir jou 'n rots van struikeling wees wat jou in die dag van oordeel sal vernietig. Dit hang af wat jou verhouding met Hom is.

## Die gekliefde Rots

Daar moet in meer besonderhede na die tipologie van Jesus as die Rots gekyk word wat vir ons geklief is. Paulus sê die Israeliete in die woestyn "het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus" (1 Kor. 10:4). In die woestyn het die volk gesmag na water, en die Here het vir Moses gesê: "Kyk, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; dan moet jy die rots slaan, en daar sal water uit kom, dat die volk kan drink" (Ex. 17:6).

Die slaan van die rots dui profeties op die kruisiging van die Messias deur die Joodse volk. Hy sou aan 'n kruishout vasgespyker en sy liggaam vir ons sondes gebreek word. Die gevolg hiervan sou wees dat 'n fontein van lewende water sou ontspring wat die geestelike dors van die hele wêreld kan les. Jesus het gesê: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie" (Joh. 7:37-39).

Dit is dus duidelik dat daar by die gebeure op Horeb ‘n tipologiese uitbeelding van die Drie-eenheid plaasgevind het. Die Vader was daar, want Hy het aan Moses gesê: “Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan” (Ex. 17:6). Die rots wat geklief moes word, stel Christus voor (1 Kor. 10:4), en die water wat uit die gekliefde rots gevloei het, stel die Heilige Gees voor (Joh. 7:38-39). Dit was dus die wil en plan van die Vader om sy Seun te gee om ter wille van ons geslaan te word, sodat die Heilige Gees hierdie heilswerk aan ‘n dorstige en sterwende mensdom kan bedien.

Waarom was dit só ‘n groot oortreding in die oë van die Here toe Moses by ‘n later geleentheid weer hierdie rots geslaan het? Juis omdat die rots ‘n tipe van die Messias is, en Hy net eenmalig vir die sondes van sy volk geslaan is. Net soos wat die Lam van God slegs een maal vir die sondes van die wêreld geslag sou word, moes die rots ook net een maal geslaan word:

> Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit ‘n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. Want so ‘n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het (Heb. 7:24-27).

Moses het dus die tweede maal toe die volk by Horeb gekom het, opdrag gekry om net met die rots te praat en hom nie weer te slaan nie: “En die HERE het met Moses gespreek en gesê: Neem die staf en laat die vergadering byeenkom, jy en jou broer Aäron, en spreek julle die rots aan voor hulle oë; dan sal hy sy water gee. So moet jy dan vir hulle water uit die rots laat vloei... Daarop tel Moses sy hand op en hy slaan die rots twee maal met sy staf; en daar het baie water uitgekom” (Num. 20:7-11).

Dit was ‘n groot en baie ernstige oortreding in die oë van die Here – sodanig dat Moses en Aäron nie die volk die Beloofde Land kon binnelei nie: “Toe sê die HERE vir Moses en Aäron: Omdat julle in My nie geglo het om My voor die oë van die kinders van Israel te heilig nie, daarom sal julle hierdie vergadering nie in die land inbring wat Ek aan hulle gegee het nie” (Num. 20:12).

In die Nuwe Testament leer ons ook dat niemand ooit daaraan moet dink om die Here twee maal te kruisig nie (Heb. 6:6). Hy is een maal gekruisig, en nou kan ons net in gebed met Hom praat om die water van die lewe te ontvang. “As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?” (Luk. 11:13). Ons hoef net in die gebed vir die lewende water te vra, en dit sal

vryelik aan ons geskenk word (Op. 22:17). Die reddende genade van die Here Jesus is tot elkeen se beskikking.

## Die kruisiging van Jesus

Met die kruisiging van Jesus is die Ewige Rots vir jou en my geklief. Dit is betekenisvol dat die Here Jesus buitekant Jerusalem in die steengroewe van Salomo gekruisig is, waar die klippe vir die bou van die tempel gekap is. ‘n Groot gedeelte van hierdie berg is vir boumateriaal uitgekap, tot op ‘n plek waar die rotse bros geraak en nie meer as bouklippe geskik was nie. Daar was ook gate in die grond, wat van ver af soos die oë, neus en mondopening van ‘n skedel lyk. Dit kan vandag nog gesien word, en verleen duidelik aan die bergwand die voorkoms van ‘n skedel.

Die naam *skedelkoppie* is waarskynlik van hierdie bergwand se voorkoms afgelei. ‘n Ander verklaring vir die naam is dat dit van die skedels afgelei is wat in die Romeinse tyd hier rondgelê het. Die Romeine het omtrent 200 misdadigers per jaar hier gekruisig, en hulle net so onbegrawe in die ou steengroewe noord van die stad laat lê.

## Klip vir die tempel

Die klippe wat hier vir die tempel van Salomo gekap is, het ‘n besondere tipologiese heenwysing na die Rots van die Eeu wat later in dieselfde steengroewe geklief is, sodat elkeen van ons tot tempels van die lewende God opgebou kan word.

> En die koning het bevel gegee om groot klippe, kosbare klippe uit te breek om die fondament van die huis met gekapte klippe te lê. En die bouers van Salomo... het dit gekap... en die klippe bewerk om die huis te bou... En toe die huis gebou is, is dit opgetrek van klippe, kant en klaar uit die breekplek: hamers en koubeitels, enige ystergereedskap, is nie gehoor by die huis toe dit gebou is nie (1 Kon. 5:17-18; 6:7).

## ‘n Volmaakte werk

Toe Jesus in die steengroewe van Salomo vir ons geklief is, het Hy ‘n volmaakte en volkome werk gedoen. Daar hoef niks bygevoeg of weggeneem te word nie. Dit geld ook vir sy volmaakte herskeppingswerk. Op die tempelterrein was dit totaal verbode om verder aan die hoeksteen of enige ander bouklippe te kap. Dit moes presies in die regte formaat van die steengroewe af kom.

Ons moet ook na Jesus toe gaan, daar by die kruis waar Hy vir ons geklief is, sodat ons tot lewende stene omskep en gevorm kan word wat geskik is om in die tempel van God ingebou te word. ‘n Klip wat nie vooraf in die steengroewe voorberei en gevorm is nie, was onbruikbaar vir bouwerk. So ook kan geen persoon wat nie eers by

die kruis was, in die koninkryk van God aangewend word nie – hy is nutteloos. Die uitnodiging na die steengroewe van God by Gólgota staan nog steeds – daar waar ons nuut gemaak kan word:

> Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot ‘n geestelike huis, ‘n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus. Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion ‘n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie (1 Pet. 2:4-6).

## Verwerp deur sy volk

Jesus is as hoeksteen egter deur die bouers (geestelike leiers) van die volk Israel verwerp: “Die steen wat die bouers verwerp het, het ‘n hoeksteen geword. Dit het van die Here gekom; dit is wonderbaar in ons oë” (Ps. 118:22-23).

Omdat Israel geweier het om hulle volkshuishouding op die rots Jesus Christus te bou, en ‘n wettiese vormgodsdiens bó Hom verkies het, het hulle in werklikheid op sand gebou. Dit is waarom hulle nie teen die aanslae van die Romeinse Ryk bestand was nie, en as ‘n volk tot ‘n val gekom het.

Die hoeksteen wat hulle verwerp het, het egter die kosbare hoeksteen van die kerk van die Here op aarde geword. Baie individuele Jode het Hom in hierdie hoedanigheid aanvaar en ook hulle lewens op Hom gebou, maar die ortodokse en agnostiese volksleiers verwerp Hom nog steeds. Dit is die rede waarom hulle nog altyd die wind van voor kry, en nou al sedert 1967 sukkel om ‘n hoeksteen van 4½ ton op die tempelberg te lê waar die tempel herbou moet word. Die beweging *Temple Mount and Land of Israel Faithful Movement* onder die leiding van Gershon Salomon beywer hulleself hiervoor.

Die suidelike muur op die Tempelberg het onstabiel begin raak omdat die Moslems ‘n verdere moskee teenaan hierdie muur gebou het. Die muur maak nou ‘n groot boggel en word deur ineenstorting bedreig. Gershon het ‘n ope brief aan die Israelse premier geskryf waarin hy hom versoek het om nie die muur te laat herstel nie, maar eerder toe te laat dat dit val en die moskees vernietig. Hy sê:

> Hierdie godgegewe gebeurtenis is die begin van die val van die mure van geweld en haat teen die volk van God. Dit spel ook die einde van die teenwoordigheid van die Arabies-Islamitiese vyande van God en sy volk Israel in die allerheiligste plek van God en sy volk uit. Die God van Israel is met ‘n eindtydse handeling besig om Israel en die hele wêreld van vreemdelinge te reinig wat die herbouing van die tempel teëstaan. Hierdie is ook die begin van God se oordele teen die vyande wat die Tempelberg ontheilig en vandalisme pleeg deur die oorblyfsels

> van die eerste en tweede tempels te verwoes en die terrein al hoe meer Islamities te maak deur nog meer moskees daarop te bou. Hulle het dit durf waag om die hand teen God en sy volk Israel op te lig deur die ware betekenis van die Tempelberg te ontken, en probeer voorkom dat God sy eindtydse plan met die verlossing van Israel én die wêreld volvoer. Al die vyande van God wat die Tempelberg sedert sy verwoesting in 70 n.C. beset het, het soos stof voor die wind onder die oordele van God verdwyn. 'n Selfs erger lot wag op die huidige vyande van God op die Tempelberg.

Gershon se opsomming van die situasie op die Tempelberg én in die res van Israel is in sommige opsigte heeltemal reg en in ander opsigte totaal verkeerd. Hy is reg as hy na Israel se goddelike mandaat oor hulle land verwys, en dit sluit Jerusalem én die Tempelberg in. Hy is ook reg as hy sê dat God die vyande van Israel swaar gaan straf wanneer hulle teen Jerusalem sal optrek en ook die land wat God aan Israel gegee het, van hulle probeer ontneem. In 'n ander opsig is hy egter heeltemal verkeerd, en dit is sy vertolking van die tempel se hoeksteen. Hy sien die reiniging van die Tempelberg en die bou van die derde tempel as deurslaggewend vir Israel se geestelike herstel. As ortodokse Jood verwys hy nie eers na Jesus Christus nie, en neem ook glad nie die feit in ag dat Hy die ware hoeksteen van Israel is waarna in Psalm 118 verwys word nie. Die voortgesette verloëning van Jesus as Israel se Verlosser en Messias-Koning, baan die weg vir die valse messias (Joh. 5:43) en lei tot die Jode se sterk motivering om die tempel te herbou.

Waarom gaan die ortodokse Jode nie terug na die steengroewe van Salomo waar die hoeksteen vir die eerste tempel uitgekap is nie? Hier sal hulle besliste aanduidings van die ware Hoeksteen kry wat die Vader aan sy volk voorsien het. Etlike duisende Christenpelgrims lê jaarliks hier besoek af, onder andere as 'n teken aan Israel oor wie die Hoeksteen is wat deur hulle leiers verwerp is, en nog steeds verwerp word. Hier naby sal hulle die leë graf vind, wat ook uit soliede rots gekap is. Dit is nog 'n bewys dat die Messias leef, en dat Hy steeds alle mense (ook Israel) roep om na Hom toe te kom waar Hy buitekant die stadspoorte vir almal van ons gely het (Heb. 13:11-13).

Daar is geen plaasvervanger vir die ware en enigste hoeksteen wat die Vader gegee het om die lewens van individue én volkere op te bou nie. Sy koninkryk op aarde word net op hierdie hoeksteen gebou. Vir almal wat Hom verwerp, word Hy 'n rots van struikeling wat hulle vir ewig in die komende oordeel sal vernietig.

## Jerusalem, die rotsstad

Die bepalings oor die bou van die tempel met gekapte klippe, het sekerlik daartoe aanleiding gegee dat die inwoners van Jerusalem

ook hierdie tradisie nagevolg het. Ná die volk se terugkeer uit die Babiloniese ballingskap het hulle oor die herbouing van die tempel in Jerusalem gesê: “Aan die koning word bekend gemaak dat ons na die provinsie Juda, na die huis van die grote God, gegaan het; en dit word van groot klippe gebou” (Esra 5:8). Hierdie boumateriaal is ook deur die inwoners van Jerusalem vir hulle woonhuise gebruik: “...met gekapte klip sal ons bou” (Jes. 9:9; kyk ook Amos 5:11).

Die stad Jerusalem het in 1996 sy 3000ste bestaansjaar gevier sedert dit in 1004 v.C. deur Dawid van die Jebusiete verower is. Ná al die jare is dit nog steeds gebruiklik om net met klip te bou. Dit maak van Jerusalem absoluut ‘n unieke stad in die wêreld, omdat al die geboue van klip gebou is. Daar is ‘n munisipale regulasie tot dié effek in Jerusalem. Geen bakstene mag gebruik word nie. Geboue mag wél van beton gebou word, maar dan moet dit met gekapte klipteëls toegemessel word. Die aansig van só ‘n gebou is dan nog steeds dié van klip. Daar word meesal van rowwe, gekapte klipteëls gebruik gemaak – slegs in enkele gevalle het die klipteëls ‘n gladde afwerking aan die buitekant. Selfs al die terasse in Jerusalem word ook net van gekapte klip gebou.

## My Rots en my Verlosser

Baie mense merk die uniekheid van Jerusalem as rotsstad dadelik op omdat die gryswit kalkklip wat oral gebruik word, baie opvallend is. Die simboliek daarvan as die stad van die Messias wat die gekliefde rots is, word egter deur min mense besef.

Dawid, die eerste Israelse koning van hierdie stad, het die Here in die besonder ook as sy rots en sy Verlosser geken (vgl. Ps. 19:15). Terwyl hy vir Saul gevlug het, het hy dikwels in grotte vertoef en daar skuiling gevind. Hy het ondervind dat die Here vir hom ‘n rotsvesting is, en trouens ook vir sy hele volk. Omdat die rotswande hom omring en beskut het, het hy vir die Here gesê: “Wees vir my ‘n rots om in te vlug, ‘n baie vaste huis om my te verlos. Want U is my rots en my bergvesting” (Ps. 31:3-4; kyk ook Ps. 18:3). Hy het die verband tussen fisiese en geestelike beskutting verstaan en die Here vir sy troue versorging en uitredding gedank.

‘n Persoon wat sy klipwoning in Jerusalem betree, behoort daardeur ook aan die Here herinner te word: “Wees vir my ‘n rots om in te woon, om gedurig in te gaan; U wat bevel gegee het om my te verlos” (Ps. 71:3). Ons moet ook skuiling vind in die Here, want in Hom leef ons, beweeg ons en is ons.

## Hoofstad van die Rotskoninkryk

In die komende Messiasryk op aarde sal die rotsstad, Jerusalem, die hoofstad van die Here se rotskoninkryk wees. Hierdie simboliek kom

uit Daniël 2, waar Jesus tydens sy wederkoms met ‘n rots vergelyk word wat al die aardse koninkryke sal verbrysel en self in hulle plek regeer. Die tydperk van onafhanklike nasies sal dan verby wees:

> U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande ‘n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het ‘n groot rots geword wat die hele aarde gevul het (Dan. 2:34-35).

Die verklaring van die droom van Nebukadnésar dui onteenseglik op die koms van die Messiasryk:

> Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel ‘n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar ‘n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan – net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande ‘n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het (Dan. 2:44-45).

Wanneer hierdie Rots die aardse koninkryke tref, dan sal gebeur wat in Openbaring 11:15 beskryf word: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.”

Hierdie Rots sal groot word en die hele aarde oordek. Hy sal nie net Koning oor Israel wees nie, maar oor die hele wêreld. Sy troon sal in Jerusalem wees, daar waar sy liggaam eens gebreek is sodat Hy vir ons ‘n kosbare hoeksteen kon word. Hy is nou in die hemel, maar ná die donker dae van die groot verdrukking sal Hy sy verskyning op die Olyfberg maak om sy koninkryk sigbaar op aarde te openbaar: “Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen” (Hand. 15:16-17).

## Veilig vir tyd en ewigheid

As ons by die God van Israel skuiling gesoek het en ons lewens op die Rots gebou het, is ons veilig vir tyd en ewigheid. Ons kom nie in die oordeel nie, want ons het oorgegaan uit die dood in die lewe (Joh. 5:24); daarom kan ons ook sing: “Ewige Rots geklief vir my, laat my veilig by U bly!” Nie alle mense het hierdie blye versekering nie, en hulle het alle rede om te vrees oor wat die toekoms vir hulle inhou.

Donker wolke is besig om rondom ‘n goddelose wêreld saam te pak, en weldra sal miljoene mense vir ewig ten gronde gaan omdat hulle lewens nie op die Rots gebou was nie.

# 10. Israel se Feeste

Die jaarlikse siklus van die sewe groot godsdienstige feeste wat volgens Levítikus 23 deur Israel gevier word, werp duidelike lig op die raadsplan van die Here vir Israel én die nasies. Hierin kan ons die heilsweg volg wat by die kruis en die eerste reiniging van ons sonde begin, na die opstandingslewe en die vervulling met die Heilige Gees voortgaan, en daarna deur die lang pad van wêreldevangelisasie tot aan die einde van die kerkbedeling lei. Hierna volg die insameling van die oes, die verdrukking van sewe jaar, die koms van die Messias en die vestiging van die Messiasryk op aarde.

Die Here bevestig in sy Woord dat hierdie feeste nie menslik in oorsprong is nie, maar deur Homself ingestel is om sy heilsweg vir redding en geestelike groei bekend te maak. Om redes van die toekomstige vervulling daarvan, moet die feeste jaarliks in die regte volgorde gevier word. In Levítikus 23:4 sê Hy: "Dit is die feestye van die Here… wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd."

Omdat hierdie feeste op 'n Nuwe Testamentiese vervulling dui, is hulle in hul oorspronklike vorm "'n skaduwee van toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus" (Kol. 2:16-17). Hulle is dus almal Christusfeeste wat ín Hom konkrete gestalte verkry. Tydens sy eerste koms is die pasga, die fees van die ongesuurde brode en die fees van die eerstelingsgerf vervul, en 10 dae ná sy hemelvaart, m.a.w. 50 dae ná sy opstanding uit die dood, die pinksterfees. In die gebeure rondom sy tweede koms sal die laaste drie feeste, wat saam as die oesfees bekend staan, vervul word.

Hoewel ons as Christene nie die feeste in hulle ortodokse, skaduagtige vorm moet vier nie, gee die feeste nogtans vir ons 'n duidelike profetiese aanduiding van toekomstige dinge.

## 1. Die pasga

Die pasga word in Nisan, die eerste maand op Israel se godsdienstige kalender, gevier. Dit is die lentemaand in die noordelike halfrond, wat gedeeltelik met Maart en April oorvleuel. Israel het ook 'n siviele kalender wat met die *Rosh Hashanah* op 1 Tisri in September of Oktober begin. In die godsdienstige kalender is Tisri die sewende maand. Israel se maande is op die maansiklus gebaseer en begin altyd met die nuwemaan. Omdat 12 maan-maande net 354 dae lank is, het Israel dikwels skrikkeljare met 13 maande elk om weer in pas

met die seisoensjare te kom. Dit verklaar die feit waarom hulle feestye, wat volgens die Joodse kalender bepaal word, jaarliks wisselende datums op die Gregoriaanse kalender het.

Die eerste van die jaarlikse feeste begin met die volmaan in Nisan (twee weke ná die nuwemaan is dit altyd volmaan): “In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die pasga van die Here” (Lev. 23:5).

| **☐ OU TESTAMENTIESE SKADUWEE** | **☐ NUWE TESTAMENTIESE VERVULLING** |
|---|---|
| **A Pasga: slag van die paaslam** | **☐ Kruisiging van die Lam van God** |
| **A Ongesuurde brode** | **☐ Begrafnis van Christus** |
| **A Die eerstelingsgerf** | **☐ Opstanding van Christus** |
| Fees van die eerste vrugte: 50 dae | 50 dae tussen die opstanding en Pinksterdag |
| **A Ou Testamentiese pinksterfees (Instelling van die wet)** | **☐ Nuwe Testamentiese pinksterfees (Uitstorting van die Heilige Gees)** |
| Oestyd in Israel | Wêreldevangelisasie: Insameling van God se oes onder die nasies |
| **A Basuingeklank: die oesfees** | **☐ Basuingeklank: die wegraping** |
| Sewe verskriklike dae voor die Groot Versoendag | Verdrukking van 7 jaar onder die Antichris |
| **A Die Groot Versoendag** | |

| | |
|---|---|
| A Loofhuttefees | □ Die wederkoms: Israel gered<br><br>□ Vrederyk van Christus |

**Die chronologie van Israel se feeste.**

Met die instelling van die pasga is die eerste formele riglyne gelê waarvolgens God se verlossingsplan vir die mensdom 1500 jaar later sy finale vervulling in die kruisdood van Jesus Christus sou verkry. Moses het aan Israel gesê:

> Julle moet ‘n lam hê sonder gebrek, ‘n jaaroud rammetjie… En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand. En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel… Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref… Maar die bloed sal vir julle ‘n teken wees… as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees nie (Ex. 12: 5-7,12-13).

Die vervulling van die pasga was met die kruisiging van die vlekkelose Lam van God wat in die volheid van die tyd mens geword het om vir ons sy lewe af te lê. Johannes die Doper het na Hom gewys en gesê: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Joh. 1:29). Petrus het ook na die pryslose offer van hierdie Lam verwys toe hy gesê het: “…julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ‘n lam sonder gebrek en vlekkeloos” (1 Pet. 1:18-19). “In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade” (Ef. 1:7). Sonder bloedvergieting is daar geen vergifnis nie (Heb. 9:22).

Weens die tipologiese aard van die pasga, as ‘n heenwysing na die offer van die Lam van God, was dit duidelik dat hierdie fees tydens een van sy toekomstige vierings vervul sou word. Die Here Jesus is inderdaad op die dag van die pasgaviering gekruisig. Volgens Markus 14:1-2 wou die Jode só ‘n situasie vermy: “En die pasga… sou oor twee dae wees; en die owerpriesters en die skrifgeleerdes het gesoek hoe hulle Hom met lis gevange kon neem en doodmaak. Maar hulle het gesê: Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien ‘n oproer onder die volk kom nie.”

Die Jode kon egter nie daarin slaag om die stiptelike vervulling van hierdie fees te voorkom nie, en Jesus is op Vrydag die $14^{de}$ Nisan (11 April 32) gekruisig. Hy het op die negende uur (3 nm.) die

asem uitgeblaas (Mark. 15:34-37), op presies dieselfde uur toe die lam tydens die eerste pasga in Egipte geslag is. Pilatus was verwonderd dat Jesus so gou gesterf het, en het toestemming vir sy begrafnis verleen (Mark. 15:42-45). Dit is nog voor die Vrydagaand 6-uur afgehandel toe die sabbat sou begin en niemand dan begrawe mag word nie (Luk. 23:52-54; Joh. 19:31).

Ons lees die volgende oor die kruisigingsdag in Markus: “En toe dit aand geword het, omdat dit die voorbereiding was, dit is die voorsabbat, kom daar ‘n vername raadslid… om na Pilatus in te gaan en die liggaam van Jesus te vra” (Mark. 15:42-43).

Proff. John Walvoord en Roy Zuck sê die volgende oor dié teks in hulle kommentaar (*Bible Knowledge Commentary,* bl. 191): “Jesus se begrafnis het amptelik sy dood bevestig. Die uitdrukkings *voorbereiding* en *voorsabbat* is tegniese terms vir Vrydag wat op die dag voor die sabbat dui, soos wat Markus aan sy nie-Joodse lesers verduidelik. Omdat daar geen werk op die Joodse sabbat gedoen mag word nie, is al die voorbereidings daarvoor op Vrydae gedoen. Hierdie verwysing bevestig die feit dat Jesus op ‘n Vrydag gekruisig is.”

## 2. Die fees van die ongesuurde brode

> …en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van die Here; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet. Op die eerste dag moet daar vir julle ‘n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie (Lev. 23:6-7).

Volgens Johannes 19:31 was die sabbat wat direk op Christus se kruisiging gevolg het, ‘n groot dag. Die rede hiervoor was dat dit tegelyk die weeklikse sabbat en die belangrike eerste dag van die fees van die ongesuurde brode was. Vir die ortodokse Jode is die betekenis van hierdie fees in selfondersoek en verootmoediging geleë. Suurdeeg is ‘n beeld van sonde, daarom simboliseer die eet van ongesuurde brood die nastreef van ‘n heilige lewenswandel. Tydens die volle duur van die fees moet suurdeeg, en selfs ook krummels van gesuurde brood, uit hulle huise verwyder en verbrand word (Ex. 12:15). Dit is ‘n teken van heiliging. Mense moet ook geestelik gereinig word deur afstand van hulle sonde te doen.

Die ongesuurde brood moet saam met die vleis van die offerlam én bitter kruie geëet word (Ex. 12:8). Die volk het nie net verlossing deur die bloed van die lam gekry nie, maar moes hulle ook met die vleis van die offerlam voed en versterk om krag te verkry vir die moeilike reis wat voorlê. Die bitter kruie dui op die lyding wat deur sonde veroorsaak is, asook die lyding wat met die offer gepaard gaan. Die volk moes onder die bloed van ‘n onskuldige lam skuil sodat hulle marteling en slawerny aan die sonde beëindig kon word. Die haas

waarin die eet van die offermaal moes geskied, was deel van die voorbereidings vir ‘n bevrydingsreis wat daarna sou volg. Die verloste volk van God vertrek op ‘n reis na ‘n nuwe lewe. Hulle is vreemdelinge en bywoners op aarde, wat onderweg na hulle ewige tuiste is.

Hierdie fees, wat wesenlik deel van die pasgavieringe is, is deur die sterwe en begrafnis van die Here Jesus vervul. Hy is die koringkorrel wat in die grond geval en gesterf het sodat dit veel vrug kan dra (Joh. 12:24). As die volmaakte en sondelose Lam van God is Hy self die ongesuurde brood van die lewe deur wie se krag ons geestelik kan opgroei; daarom kon Jesus sê: “Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee” (Joh. 6:51). Hy verlos ons nie alleen van die slawerny van die sonde nie, maar skenk aan ons ook die geestelike krag om die weg van die verlostes te kan bewandel.

Van ons word verwag om ons só met Christus as die ongesuurde brood van die lewe te vereenselwig, dat ons alle suurdeeg van sonde sal aflê. Paulus sê: “Weet julle nie dat ‘n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle ‘n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuurd is – want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid” (1 Kor. 5:6-8).

Soos die Jode van ouds hulle huise op hul knieë in kerslig deursoek het om elke krummel brood wat met suurdeeg gebak is, uit te werp, moet ons ook op ons knieë in die lig van God se Woord ons lewens deursoek en van alle ondeug en boosheid afstand doen. Bid die gebed van Dawid: “Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my ‘n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!” (Ps. 139:23-24).

Maak ook seker dat jy nie deur ‘n kerk of teoloë mislei word nie. Die Here Jesus het gewaarsku: “Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs” (Matt. 16:6). Hierdie geestelik dooie skrifgeleerdes was dwarsdeur die eeue, tot vandag toe, in verskillende hoedanighede vir godsdienstige dwalings verantwoordelik. Moet hulle nie navolg nie. Jesus het ook gesê: “Pas op dat niemand julle mislei nie” (Matt. 24:4).

Ons moet alle sondes bely en ‘n skoon breek met die verlede maak, sodat ons nie die pad van die Here met ‘n erfenis van onbelyde sondes probeer bewandel nie. Dit sal ons vroeër of later tot struikeling bring. As ons egter alle suurdeeg van ondeug en boosheid uitgewerp het, kan ons met vrymoedigheid na die volgende baken op

die weg van die verlostes voortgaan.

## 3. Die fees van die eerstelingsgerf

Die volgende feeste is almal aan verskillende stadiums van die jaarlikse insameling van die oes gekoppel. Hierdie derde fees staan as die fees van die eerstelingsgerf bekend:

> Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring. En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die sabbat moet die priester dit beweeg (Lev. 23:10-11).

Israel is ‘n winterreënvalgebied en gedurende die lente word die eerstelingsgerf van die gars as ‘n beweegoffer voor die Here gebring. Dit moes uitdruklik op ‘n Sondag geskied (die dag ná die sabbat), en sou ook die besonder gewigtige betekenis hê om die volk vir God welgevallig te maak. Met hierdie fees is dus iets veel meer op die spel as net die jaarlikse insameling van die oes, want iets belangriks moet gebeur wat die volk vir God aanneemlik maak.

Omdat die pasga ook in die lentemaand gevier word, is die fees van die eerste vrugte in sy skedulering én betekenis baie nou aan die pasga verbonde. Tydens die uittog uit Egipte was die gars, wat effens vroeër as die koring ryp word, reeds in die aar (Ex. 9:31). In die lentemaand is Israel uit Egipte bevry en het aan die begin van ‘n nuwe lewe gestaan. ‘n Ontmoeting met die Lam van God wat ons sondes wegneem, is ook vir ons die begin van ‘n nuwe lewe in die Here. Ons word aan sy dood én opstanding gelykvormig.

In die jaar toe Jesus gekruisig is, is die beweegoffer van die eerstelingsgerf op die Sondagoggend gebring toe Hy uit die graf opgestaan het. Dit was die dag ná die sabbat, m.a.w. die eerste dag van die week: “…nadat Hy opgestaan het, vroeg op die eerste dag van die week, het Hy eers verskyn aan Maria Magdalena” (Mark. 16:9).

Die koringkorrel wat in die grond geval en gesterf het, het op hierdie Sondagoggend sy eerste vrug opgelewer. Dit het die oesseisoen ingelui en die hele oes wat daarna ingesamel sou word, geheilig. Net Jesus alleen kon die eerstelingsgerf wees wat aan God geoffer is om die hele oes wat in sy Naam ingesamel word, te heilig en vir God welgevallig te maak. Hy is die eersteling wat uit die dood opgestaan het, en het dit sodoende vir baie mense moontlik gemaak om uit die dood van die ou lewe op te staan en ook ‘n deel van die groot oes vir die koninkryk van die hemel te word:

> En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof… Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eerste-

> ling geword van die wat ontslaap het… Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde; as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms (1 Kor. 15:14,20,22-23).

‘n Verdere belangrike feit is die bepaling dat hierdie fees spesifiek op ‘n Sondag gevier moes word. Dit verteenwoordig profeties ‘n oorgang van die ou verbond na die nuwe verbond. Sondag is die eerste dag van ‘n nuwe week, of dispensasie, in God se raadsplan vir die mens. In hierdie bedeling word die opstanding van Jesus spontaan elke week op Sondae as die dag van die Here gevier. Die fees van die eerstelingsgerf in Levítikus 23 is die vroegste aanduiding in die Ou Testament van ‘n toekomstige Sondagviering as ‘n Christusfees. Op dié dag verkondig ons die boodskap: Hy het opgestaan, Hy leef! Jesus self het op die Sondag van sy opstanding die eerste preek van die nuwe bedeling gelewer, asook ‘n week later, weer op ‘n Sondag, die tweede een (Joh. 20:19-29). Daarna het die dissipels spontaan op Sondae bymekaargekom (vgl. Hand. 20:7 en 1 Kor. 16:1-2), terwyl die uitstorting van die Heilige Gees as die geestelike toerusting vir wêreldevangelisasie, ook op ‘n Sondag plaasgevind het.

Sommige mense het ‘n probleem daarmee dat Jesus nie drie volle dae en nagte (m.a.w. 72 uur) in die graf was nie, en wend pogings aan om sy kruisiging van die Vrydag af na die Woensdag te vervroeg. Die feit is egter dat die Jode inklusiewe tydsberekening beoefen waarin ‘n gedeelte van ‘n dag ook as ‘n volle dag beskou word. Daar is reeds op gewys dat Jesus die Vrydagmiddag, kort voor die aanbreek van die sabbat, begrawe is en vroeg op die eerste dag van die week (Sondag) opgestaan het. Die dag waarop Hy gekruisig is (Vrydag) was dus die eerste dag, Saterdag (die sabbat) was die tweede dag en Sondag (sy opstandingsdag) die derde dag.

Die Emmausgangers bevestig hierdie feite. Die dag toe Jesus opgestaan het (die Sondag) was hulle op pad na Emmaus (Luk. 24: 13). Onbewus daarvan dat Jesus self by hulle aangesluit het, vertel hulle van sy kruisiging en voeg by: “En ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos; maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag vandat dit plaasgevind het. Maar sommige vroue uit ons het ons ook ontstel toe hulle vroeg by die graf was; en toe hulle sy liggaam nie kry nie, het hulle ook gekom en gesê dat hulle ‘n gesig gesien het van engele wat sê dat Hy lewe” (Luk. 24:21-23). Sondag was dus die derde dag sedert die kruisiging van die Here Jesus, wat die vorige Vrydag plaasgevind het.

## 4. Die pinksterfees

Die fees van die eerstelingsgerf en die pinksterfees is saam as die

fees van die eerste vrugte bekend. Hulle word ook die fees van die weke genoem omdat hulle presies sewe weke uitmekaar gevier word. Die volgende bepalings geld hieroor:

> Dan moet julle tel van die dag ná die sabbat, van die dag af as julle die beweeg-offergerf bring – sewe volle weke moet dit wees; tot die dag ná die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan die Here bring. Julle moet uit jul woonplekke twee beweegbrode bring; dit moet van twee tiendes van 'n efa fynmeel wees; gesuurd moet dit gebak word as eerstelinge aan die Here (Lev. 23:15-17).

Dit is betekenisvol dat hierdie fees ook op 'n Sondag gevier word – die dag ná die sewende sabbat. Daar is vyftig dae in hierdie sewe weke. Volgens die reël van inklusiewe berekening is daar agt Sondae omdat beide die eerste en die laaste Sondag getel word. Die fees van die vyftigste dag word die pinksterfees genoem, afgelei van die Griekse woord "pentecoste" wat "vyftigste" beteken.

Op hierdie dag herdenk die Jode die formele begin van die bedeling van die wet. Hulle glo dat die bevryde Israeliete op die 50ste dag ná die viering van die pasga en hulle uittog uit Egipte by die berg Sinai aangekom het waar Moses die tien gebooie ontvang het (Ex. 19:1-3). Dit was vir só 'n ortodokse pinksterfees dat Jode uit verskillende lande in Jerusalem bymekaar was op daardie besondere Sondagoggend toe die Heilige Gees oor die dissipels uitgestort is, soos wat in Handelinge 2 beskryf word.

Die Christelike pinksterfees is dus op die dag waarop die Ou Testamentiese pinksterfees gevier is, vervul. Die 50 dae tussen die beweegoffer van die eerstelingsgerf en die pinksterfees het aan die begin van die Nuwe Testament tussen die opstanding van Jesus en die uitstorting van die Heilige Gees verloop. Ná die Sondag van Jesus se opstanding het 40 dae tot by sy hemelvaart verloop (Hand. 1:2-3), en 'n verdere tien dae tot by die uitstorting van die Heilige Gees. Ná die Donderdag van die hemelvaart het die dissipels hulleself tien dae lank in die bovertrek verootmoedig, waar hulle gebid het om die belofte van die Heilige Gees te ontvang. Op die dag ná die sewende sabbat sedert paasnaweek is die Gees oor hulle uitgestort.

Die ortodokse Jode wat vir hulle pinksterfees van die wet byeen was, het glad nie gemerk dat die wet oorgegaan het in die genade en dat die bedeling van die kerk onder alle nasies op daardie dag begin het nie. Hulle was geestelik verblind omdat hulle nie vir Jesus as die beloofde Messias en Lam van God wou aanvaar nie, daarom het hulle aan die skaduagtige Ou Testamentiese feeste bly vashou en dit voortgesit tot vandag toe. Dit is net die Messiaanse Jode wat die vervulde Christusfeeste vier.

Watter verskil sou dit nie gemaak het as hulle oë vir hierdie groot

waarhede oop was nie! Op Sinai, waar die volk op die 50ste dag ná die pasga die wet gekry het, het 3 000 mense gesterf omdat die wet hulle afgodery rondom die goue kalf veroordeel het. In Jerusalem, waar die Heilige Gees op die 50ste dag ná paasnaweek uitgestort is, is 3000 Jode op een dag gered! Die letter van die wet maak dood, maar die Gees maak lewend (2 Kor. 3:6). Hierdie volmaakte tydsberekening vir die uitstorting van die Heilige Gees dui onmiskenbaar daarop dat die bedeling van genade, wat ook die bedeling van die kerk of die bedeling van die Heilige Gees genoem word, die bedeling van die wet vervang het.

Dit is verder opmerklik dat die pinksterfees nie in isolasie beskou word nie, maar deur middel van ‘n aftelling van 50 dae aan die paasgebeure gekoppel word. Dit is dus nie ‘n losstaande gebeurtenis nie, maar ‘n uitvloeisel van die voorafgaande feeste. Om hierdie rede moet die vervulling deur die Heilige Gees altyd in sy noue verband met die sterwe en opstanding van die Here Jesus gesien word. Daar is vandag baie mense wat nalaat om hierdie eenheidsverband te sien. Hulle lê soveel klem op die Gees, en veral die gawes van die Gees, dat Jesus en sy kruisdood heeltemal in die agtergrond verdwyn. Deur die vervulling met die Heilige Gees word ons nóg meer aan die dood en opstandingslewe van die Here Jesus gelykvormig gemaak (Fil. 3:10; vgl. Joh. 16:14).

Een ander aspek van die pinksterfees wat opvallend is, is die feit dat twee brode wat met suurdeeg gebak is, as beweegoffers aan die Here gebring moes word. Dit is eienaardig, want suurdeeg is altyd ‘n simbool van sonde. Dit is dus duidelik dat hierdie brode nie op Jesus Christus dui nie, omdat Hy die ongesuurde, sondeloos, volmaakte brood van die lewe is, soos voorgestel deur die ongesuurde brode wat tydens die paasfees geëet word. Die twee gesuurde brode dui op die gelowiges uit Israel en die heidendom, m.a.w. op die kerk van Christus wat op hierdie fees sy beslag gekry het. Hoewel hulle ‘n opdrag het om heilig te leef, is hulle nie sondeloos volmaak nie – daarom hierdie besondere wydingsplegtigheid om nie in die vlees te leef nie, maar met die Heilige Gees vervul te word en deur sý krag te leef. Hy laat die beeld van Christus in ons gestalte aanneem.

## Die insameling van die oes

Ná die fees van die eerste vrugte volg daar ‘n onderbreking van vier maande waarin die oes ingesamel word. Aan die einde hiervan, in die sewende maand op Israel se godsdienstige kalender, word die oorblywende drie feeste kort ná mekaar gevier. Die lang periode tussen die twee groepe feeste dui profeties op die bedeling van die kerk, waartydens ‘n oes vir die koninkryk van die hemele ingesamel

word. Dit is ‘n tyd waarin volgehoue arbeid in die oeslande verrig moet word sodat die opgelegde taak binne die toegelate genadetyd afgehandel kan word. Jesus het sy dissipels só tot aksie aangespoor: “Sê julle nie: Dit is nog vier maande dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes” (Joh. 4:35). Is jy by die insameling van die oes betrokke?

By ‘n ander geleentheid het die Here Jesus gesê: “Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in sy oes uitstuur” (Luk. 10:2). In een van sy gelykenisse word na die hele wêreld as ‘n saailand verwys en na die finale insameling van die oes as die voleinding van die wêreld (Matt. 13:38-39).

Hoe lank dit sal duur voordat die oes onder die nie-Joodse volke ingesamel sal wees, blyk onder meer uit die stelling van die Here Jesus dat Jerusalem vertrap sal word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is (Luk. 21:24). Die feit dat die Ou Stad (dit is Bybelse Jerusalem) in Augustus 1980 sy status as Israel se hoofstad teruggekry het, plaas ons binne die raamwerk van die laaste geslag voor die wederkoms van Christus. Oestyd vir die nasies spoed ten einde, en dit beteken dat ons enige oomblik die vervulling van die vyfde fees te wagte kan wees…

## 5. Die Basuin van God

> Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle ‘n rusdag wees, ‘n gedenkdag deur basuingeklank, ‘n heilige vierdag (Lev. 23:24).

Die sewende maand (gewoonlik in September) is die einde van die oesseisoen en dit word ingelui deur ‘n heilige dag van basuingeklank. Die ortodokse Jode blaas op hierdie dag, asook op die 2$^{de}$ Tisri, op verskillende tye van die dag, die ramshoring (*shofar*) in hulle sinagoges. Op die tweede dag, teen die aand, blaas die laaste basuin om die finale insameling van die oes aan te kondig. Hierdie twee dae word op Israel se siviele kalender as die nuwejaarsfees (*Rosh Hashanah*) gevier. Hulle glo dat die Here in die maand Tisri die aarde geskape het, en dit is altyd as die eerste maand gereken totdat die Here tydens die uittog uit Egipte die orde van die maande verander het (Ex. 12:2). Die bedoeling met hierdie reëling was dat die volk hulle verlossing uit die slawehuis van Egipte as ‘n nasionale wedergeboorte en die begin van ‘n nuwe lewe moet sien.

In rabbynse geskrifte word gesê dat die Here op die eerste dag van die sewende maand drie boeke oopmaak. In die eerste is die name van die regverdiges, saam met die seën en gunsbewyse wat hulle van die Here ontvang. Dit sluit geestelike én materiële seëninge in, soos ‘n godvrugtige lewenswandel, goeie gesondheid, voldoende

oeste en oorwinning oor die vyand. In die tweede boek is die name van diegene wat nie volkome regverdig is nie, maar ook nie totaal goddeloos nie. Die meeste mense is in hierdie kategorie. Hulle word aan loutering oorgegee en tot ware toewyding aan die Here opgeroep. In die derde boek is die name van die goddelose mense én die oordele van God wat op hulle rus.

Die vervulling van die fees van basuingeklank sal plaasvind wanneer die Here die oes van die regverdiges in die hemel insamel:

> Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word (1 Kor. 15:51-52).

> Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees (1 Thess. 4:16-17).

Wanneer dít gebeur, kry die regverdiges hulle genadeloon voor die regterstoel van Christus in die hemel (2 Kor. 5:10; Rom. 14:10). 'n Besondere donker tyd van oordele sal dan op aarde aanbreek, wat met die skrikbewind van die Antichris gepaard sal gaan. Israel sal deur 'n louteringsproses gaan, sodat 'n oorblyfsel van die volk gered kan word. Onder die nasies sal daar ook 'n oorblyfsel wees wat die Here sal soek en ten koste van hulle lewe sal weier om 'n bondgenootskap met die Antichris aan te gaan. Die ongeredde vormgodsdienstiges, asook die teruggevallenes en al die geestelik onverskilliges en ongelowiges sal dan finaal moet besluit wie hulle wil dien – die ware Christus of die Antichris. Oor die goddeloses wat 'n verbond met die Antichris sal sluit deur hom te aanbid en sy nommer op hulle regterhand of voorkop te ontvang, sal die oordele van God uitgestort word.

In Israel se feesprogram volg daar ná die 1ste en 2de Tisri die sg. "sewe verskriklike dae" waarin die gelowige Jode hulle verootmoedig, vas, hulle sondes bely en goed aan andere doen sodat hulle die guns van die Here kan wen. Dit word gedoen as voorbereiding vir die groot versoendag wat op die 10de van Tisri gevier word, sodat die Here hulle moet seën en nie verwerp en veroordeel nie. Hierdie sewe dae dui profeties op die sewe jaar van die verdrukking, wat Daniël se 70ste jaarweek is (Dan. 9:27). In tye van groot benoudheid sal Israel en die nasies óf die ware Messias soek, óf tot hulle eie ondergang navolgers van die valse Messias word.

## 6. Die groot versoendag

> Op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. 'n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die Here 'n vuuroffer bring (Lev. 23:27).

Hierdie is die belangrikste godsdienstige feesdag in Israel, en dit was tradisioneel die enigste dag van die jaar waarop die hoëpriester die Allerheiligste agter die voorhangsel kon binnegaan om vir die volk se sondes versoening te doen. Hierdie fees sal profeties vervul word wanneer die Messias met sy wederkoms sy voet op die Olyfberg sit en elke oog Hom sal sien, ook hulle wat Hom deursteek het. Op daardie dag sal Hy met Israel as volk versoen word. Dan sal daar vir hulle, volgens Daniël 9:24, ewige geregtigheid aanbreek. Dit geld net vir Israel in volksverband omdat hulle nog nie deur Jesus met God versoen is nie. Hierdie ontstellende gedagte het die profeet laat uitroep: "Die oes is verby, die somer is ten einde, en óns is nie verlos nie!" (Jer. 8:20). Hosea bevestig egter die uiteindelike geestelike herstel van Israel: "Ook vir jou, o Juda, is daar 'n oes beskik as Ek die lot van my volk verander" (Hos. 6:11).

Die Christene se groot versoendag is die kruisiging van die Here Jesus op Goeie Vrydag. Die toekomstige dag van versoening (*Yom Kippur*) moet dus as 'n Joodse feesdag gesien word wat hoofsaaklik vir Israel van belang is omdat dit na die unieke geleentheid van hulle nasionale bekering verwys. Die Here het oor sy versoening met Israel as volk gesê: "Ek sal die skuld van hierdie land op een dag uitdelg" (Sag. 3:9). In Jeremia 31:34 word gesê dat die hele oorblyfsel van Israel gered sal word, en Sagaria 8:23 bevestig die feit dat hulle daarna as 'n geredde volk deur al die nasies geëer sal word.

Daar sal op hierdie dag ook 'n oorblyfsel uit die nasies gered word wat die groot verdrukking en die slag van Armagéddon oorleef het en nog nie 'n verbond met die Antichris gesluit het nie. In sy profetiese rede sê die Here Jesus van dié dramatiese dag van sy verskyning:

> En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid (Matt. 24:29-30).

Johannes sê in Openbaring 1:7: "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf."

Op hierdie dag van versoening met 'n gelowige oorblyfsel uit Israel en die nasies, sal die Here ook sy vyande in toorn verdelg. Israel

weet uit ervaring in die verlede dat as hulle nie gedurende die "sewe verskriklike dae" voor die groot versoendag guns in die oë van die Here gevind het nie, Hy die hoëpriester se offer kon verwerp en die volk aan hulle vyande oorgee. Met sy wederkoms sal Hy genade bewys aan dié wat in die geloof na Hom opsien, maar vir die goddeloses sal dit 'n dag van goddelike wraak wees wanneer hulle in een oomblik voor die Here se aangesig verdelg sal word (Op. 19:19-21).

## 7. Die loofhuttefees

> Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die HERE… Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is die HERE julle God (Lev. 23:34,42-43).

Hierdie is 'n vreugdefees wat ná die finale insameling van die oes gevier word om die Here vir al sy weldade van die afgelope jaar te bedank, insluitende die oes wat gemaak is. Tweedens het dié fees 'n terugwaartse verwysing na die uittog uit Egipte toe die kinders van Israel in hutte in die woestyn gebly het. Ter herinnering hieraan slaap baie mense nou ook in hutte of onder takskerms in hulle tuine en dank die Here dat Hy hulle voorvaders veilig deur die gevaarlike woestyn gelei en na die Beloofde Land gebring het. Derdens het die fees 'n toekomsgerigtheid deurdat dit duidelik met die koms van die Messias verbind word. Dan sal die oes onder Israel en die nasies ingesamel wees en die Messias op aarde uit Jerusalem regeer.

As gevolg van die sterk Messiasverwagting tydens hierdie fees het Jesus se broers Hom in Johannes 7 versoek om die viering van die huttefees in Jerusalem by te woon en Homself daar as Messias bekend te stel. Daar is baie oor Hom geredeneer, maar die owerstes van die volk het Hom nie as die beloofde Messias aanvaar nie. By sy tweede koms sal hulle dit wél doen. Op die loofhuttefees lees die rabbi's Sagaria 14 in die sinagoges voor. Dit handel oor:

- ✞ die koms van die Here met al sy heiliges (v. 4-5);
- ✞ die koningskap van die Messias (v. 9);
- ✡ die verhoging van Jerusalem (v. 8-11);
- ✡ die vernietiging van die vyande van Israel (v. 12-15); en
- ✡ die verpligte deelname deur ander nasies aan die huttefees in Jerusalem gedurende die Messiasryk (v. 16-18).

In Sagaria 14:16 is daar 'n duidelike bepaling dat lede van nie-Joodse nasies aan hierdie fees sal deelneem nadat die Messias-Koning van Israel gekom en sy ryk op aarde gevestig het: "En almal

wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die Here van die leërskare, en om die huttefees te vier."

Op grond van dieselfde skrifgedeelte het Christene uit verskillende wêrelddele besluit om hulle solidariteit met Israel te bewys deur ook hierdie fees te vier. In 1980, die jaar toe Jerusalem deur 'n voormalige eerste minister, mnr. Menachem Begin, tot die hoofstad van Israel verklaar is, het 'n duisend Christene uit 20 lande in Jerusalem aan 'n huttefees deelgeneem wat hulle self gereël het. Groot was hulle verbasing toe die Joodse leiers hulle met ope arms verwelkom het, en hierdie gebaar in die lig van Sagaria 14 as 'n duidelike teken aanvaar het dat die koms van die Messias naby is. Positiewe publisiteit is hieraan verleen, en die Christene is ook versoek om in 'n ereplek voor die Israeli-weermag aan die Jerusalem-mars deur die stad se strate deel te neem.

Op die laaste dag van die fees is 'n Christenambassade in Jerusalem geopen, wat namens die internasionale Christengemeenskap met die Israeli-regering skakel en hulle Bybelse reg op die land Israel ten volle erken. Hulle help ook met die hervestiging van Jode wat uit ander lande na Israel verhuis, veral die migrasie van duisende arm, Russiese Jode. Verrigtinge by die ambassade word daagliks met gebede vir die veiligheid van Jerusalem begin, soos deur Psalm 122:6 en Jesaja 62:6-7 beveel word: "Bid om die vrede van Jerusalem!"

In 1981 het Christene se bywoning van die fees drasties toegeneem toe daar 3500 persone uit 35 lande was – onder meer 400 uit Suid-Afrika. Teen die draai van die eeu het die getal na sowat 6000 besoekers uit meer as 80 lande gegroei.

Met die koms van Christus sal die loofhuttefees in volle vervulling gaan. Dan sal ons saam die Here loof vir ons verlossing uit die slawerny van sonde, en ook omdat Hy ons in die moeilike dae van ons pelgrimsreis op aarde deurgedra het totdat ons ons ewige tuiste in die hemel bereik het. Eer en danksegging sal aan Hom gebring word vir die groot oes van gelowiges wat ingesamel is.

Hiermee sal die heilsplan van God wat sy oorsprong by die slag van die Paaslam gehad het, tot volvoering gebring word. Die oes onder Israel en die nasies sal dan ingesamel wees, die vyande van God verdelg en die koningskap van die Messias in die vrederyk bevestig wees.

## Persoonlike belewenis

Wat is jou persoonlike belewenis van hierdie Christusfeeste? Elke geredde mens se geestelike pelgrimsreis begin by die Lam wat vir ons geoffer is, m.a.w. by die kruis van Jesus waar die straf vir ons

sonde betaal is. Ná die belydenis en aflegging van ons sondes, staan ons saam met Christus in ‘n nuwe lewe op. Hierna gaan ons voort om deur verootmoediging en ‘n volle oorgawe op die vervulling met die Heilige Gees te wag. Die toerusting met krag uit die hoogte stel ons in staat om getuies vir Jesus te wees en betrokke te raak by die insameling van die oes vir die koninkryk van die hemele. Hiermee wil die Here ons besig vind wanneer die basuin vir die ontmoeting met Hom weldra sal blaas.

Diegene wat agterbly wanneer die Here sy kinders kom haal, sal die grootste verdrukking van alle tye onder die tirannie van die Antichris in die gesig staar. Wanneer die heiliges ná sewe jaar saam met Christus terugkeer aarde toe, word die Antichris se ryk by die slag van Armagéddon verdelg en die Messiasryk op aarde gevestig. Om in die finale triomf van die Here Jesus te deel, moet ons die hele pad met Hom loop en ook ondervind wat dit is om deur die wêreld verdruk en verwerp te word. Dit is slegs as ons saam met Hom ly, dat ons ook saam met Hom verheerlik sal word en saam met Hom sal regeer (Rom. 8:17; Fil. 1:28-29; 2 Thess. 1:5; 2 Tim. 2:12; 1 Pet. 5:10).

Omdat die volgelinge van Jesus ‘n moeilike en smal paadjie moet bewandel, is baie van hulle nie bereid om hulle kruis op te neem en as dissipels van Christus hulle lig in ‘n bose wêreld te laat skyn nie (Luk. 9:23). Hulle skuif liewer die swaarkry, opofferings en lyding eenkant toe en eis nou reeds die voordele van probleemvryheid, koningskap en oorvloed op wat eers in die vrederyk ons deel sal wees. Die waarheid is dat hulle nie regtig die kruis wil opneem waaraan hulle vir die wêreld en die wêreld vir hulle gekruisig is nie. Die koste om die dikwels eensame paadjie van diensbaarheid en stryd saam met die Here Jesus te bewandel, is vir hulle té hoog.

In werklikheid deins die meeste mense heeltemal terug van die kruis, en begin nie eers met hierdie pelgrimsreis deur die sewe feeste heen na ewige heerlikheid nie. Tydens die Here Jesus se aardse bediening was dit ook so. Hy het skares populêre ondersteuners gehad toe Hy genesings en ander wonderwerke gedoen het. Hulle het graag na sy preke geluister en in duisendtalle saamgetrek waar Hy die brode vermeerder het. Met alle geweld wou hulle Hom koning van Israel maak. Toe Hy egter van sy kruisdood spreek, en die feit dat mense ook deel van sy liggaam en bloed moes kry om gered te kan word, het die groot getal opportuniste dit as ‘n harde woord beskou, belangstelling verloor en van Hom af weggegaan. Selfs ook sy gereelde volgelinge, behalwe die twaalf, het nie verstaan wat Hy gesê het nie en Hom om dieselfde rede verlaat (Joh. 6:51-69).

Is dit nie vandag ook nét so nie? Waar genesings en wonderwerke plaasvind en voorspoed vir almal verkondig word, trek groot ska-

res mense saam. Die opwinding staan hulle aan en die boodskap streel hulle gehoor. Verder as dit gaan dit egter nie. Wanneer daar gepraat word van die kruis van Christus, van selfverloëning en die komende oordele, kry hulle gou koue voete en onttrek hulleself. Hulle wil nie soldate van die kruis wees nie, maar soek na die voordele en mag wat deur die koninkryk-nou teologie aan hulle gebied word.

Omdat Israel nie die kruisweg aanvaar het nie, het God se heilsplan – behalwe vir 'n klein groepie Messiaanse Jode – by hulle verbygegaan en is aan die heidene aangebied. In die nie-Joodse wêreld is daar ook maar 'n relatief klein groepie wat die smal pad van Gólgota af na die oop graf, die pinkstersaal en die oeslande van die wêreld volg. Die populêre volgelinge van die Here Jesus wat net op die 'byvoordele' van die Christendom ingestel is, verval gou in geestelike verwarring, verloor hulle visie en raak die spoor totaal byster. Baie van hulle word navolgers van mense en raak by kultusse betrokke wat grootliks van die waarheid afwyk (Matt. 24:4-5).

In Egipte was daar slegs redding vir diegene wat onder die bloed van die lam geskuil het. Hulle het met 'n reis begin wat ná baie toetse en beproewings uiteindelik na die Land van Belofte gelei het. Is jy ook op hierdie reis, en maak jy vordering in jou geestelike lewe? Die jaarlikse feeste is bedoel om tye van verkwikking voor die aangesig van die Here te wees. Dan word jou visie en toewyding versterk en word jy opnuut met krag uit die hoogte toegerus om jou roeping as Christen in 'n bose wêreld te kan vervul.

## Hanukkah

Die godsdienstige karakter van die Joodse feeste bring mee dat hulle in Bybelse tye almal met die tempeldiens verbind was. Selfs feeste wat nie in die Ou Testament voorgeskryf is nie, het ook hierdie tipiese godsdienstige karakter. Een só 'n fees is Hanukkah, wat ook as die Fees van Ligte bekend staan. Dit word vanaf die 25$^{ste}$ dag in die Hebreeuse maand Kislev vir agt dae lank gevier. Dit is in Desember op ons kalender, en ortodokse Jode gebruik hierdie fees as 'n teenvoeter vir Christene se Kersfeesvieringe. Die Hanukkah kandelaar het nege potjies waarin lamppitte of kerse geplaas kan word. Tydens die fees word daar elke aand 'n ekstra kers aangesteek totdat almal van hulle aan die einde van die fees brand.

Hanukkah beteken "toewyding" en is afgelei van die toewyding van die tempel in die Makkabeër tydperk in 165 v.C. Drie jaar vroeër, in 168 v.C., is die tempel deur die Griekse diktator, Antiochus Epifanes, wat koning in Sirië was, verontreinig. Hy het die Jode gedwing om die Griekse afgode te aanbid en het 'n beeld van die afgod Zeus in die tempel ingebring. Hy het die Jode ook gedwing om varkvleis te eet.

In 165 v.C. het Judas die Makkabeër in ‘n oorlog die Griekse en Siriese magte oorwin en uit Jerusalem verdryf. Die tempel is weer gereinig, aan die Here toegewy en die tempeldiens hervat. Dit het op 25 Kislev gebeur. Daar was egter ‘n groot probleem omdat daar net ‘n klein flessie met olie was wat net genoeg was om die kandelaar in die tempel vir een dag te laat brand.

Dit neem ‘n hele paar dae om olyfolie uit te stamp, te verfyn en vir die kandelaar gereed te kry. In Levitikus 24:2 staan daar: “Gee bevel aan die kinders van Israel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die kandelaar moet bring, om gedurigdeur ‘n brandende lamp te hê.” Gedurende die agt dae wat dit geneem het om nuwe olie voor te berei, het die kandelaar in die tempel wonderbaarlik aanhou brand met die bietjie olie wat daarin was.

Hierdie wonderwerk tydens die tempelwyding in 165 v.C. word vandag nog elke jaar tydens Hanukkah, wat die Fees van die Ligte is, herdenk, asook die oorwinning wat Israel oor hulle vyand behaal het. Soos die ander jaarlikse feeste in Israel, dra Hanukkah ook tot die sterk begeerte onder ortodokse Jode by om ‘n nuwe tempel in Jerusalem te bou sodat hulle toewyding aan die Here en die vier van hulle feeste weer aan die tempeldiens gekoppel kan word. Dan, glo hulle, sal groot seëninge van die Here oor hulle neerdaal.

## Kersfeesvieringe

Hoewel dit nie ‘n Joodse fees is nie, is Kersfees ‘n belangrike fees waarop die geboorte van die Messias herdenk word. Daar is steeds groot meningsverskille oor die tyd én die wyse waarop Kersfees gevier moet word. Die feit is dat die jaarlikse Kersfeesvieringe op 25 Desember verkeerd geskeduleer is en op ‘n hoogs gekommersialiseerde wyse deur Christene én nie-Christene gevier word. Die wêreld lê in ‘n toenemende mate beslag op hierdie fees en verdraai die ware betekenis daarvan meer en meer deur dit met heidense gebruike te vermeng. In sommige gevalle word Christus heeltemal uit die fees weggelaat deur sy Naam met ‘n **X** uit te krap en die fees **Xmas** te noem. In hierdie wêreldse feeste is Hy nie regtig welkom nie!

Die besluit om die viering van Jesus se geboortedag van ‘n vorige datum in April na die huidige 25 Desember te verskuif, is in die vierde eeu tydens die bewind van keiser Konstantyn geneem. Amptelike erkenning is toe aan die Christendom gegee, en ten einde dit vir die heidense gelowe meer aanvaarbaar te maak, is ‘n vermenging van die twee tradisies doelbewus toegelaat.

In die voor-Christelike heidenwêreld was 25 Desember die dag waarop “die Fees van die Onoorwinlike Son” (*Invicti Solis*) gevier is. In die Noordelike Halfrond vind die sonstilstand in die middel van die

winter op 22 Desember plaas. Sonaanbidders het dan verskeie rituele uitgevoer om die songod te oorreed om terug te draai. Mense het geglo dat as die son op sy suidelike tog sou voortgaan, die mensdom deur duisternis, koue en dood oorval sou word. Op 25 Desember, wanneer die son weer begin terugdraai, het dit tot groot blydskap en vreugde aanleiding gegee. Mense het rondom groen bome gedans, aan mekaar geskenke gegee, en jolyt en dronkenskap het dikwels hierdie feestelikhede gekenmerk.

Kersfees is na 25 Desember verskuif op grond van die argument dat Jesus die Son van Geregtigheid is. Die onafwendbare gevolg was egter dat die Christelike Kersfees en die Babiloniese Fees vir die Onoorwinlike Son vermeng geraak het. Selfs al word die songod as sodanig nie meer direk vereer nie, word Christus nou saam met twee afgode, nl. Bacchus (die drankgod) en Mammon (die geldgod) vereer omdat geld en drank 'n groot rol in hierdie vieringe speel.

Kyk maar hoe hoog die drankverkope oor Kersfees is, en hoeveel geld aan geskenke vir mekaar (nie vir Christus nie!) uitgegee word. Kyk ook na al die ligsinnige jolyt, en besluit dan vir jouself tot eer van wie hierdie fees gevier word. Vra vir jouself af wie Sinterklaas met sy rooi gewaad is, wat vryelik op Moslems se winkelvensters pryk en ook die winskopies op drankwinkels se vensters aankondig. Staan dit in die teken van die Here Jesus se koms na hierdie wêreld? Beslis nie! Totaal ander doelstellings word hiermee nagestreef.

Bybelse getuienis dui sterk daarop dat Jesus tydens die loofhuttefees gebore is. Dit is in die tweede helfte van Tisri, wat die sewende maand op Israel se godsdienstige kalender en die eerste maand op hulle siviele kalender is, m.a.w. die maand waarin die *Rosh Hashanah* gevier word. Op die Gregoriaanse kalender is dit gewoonlik in September. Die Bybelse feite oor Jesus se geboortedag is die volgende:

'n Belangrike aanduiding is die tyd wanneer Sagaria, 'n lid van die priesterlike familie van Abía, sy tempeldiens verrig het. In 1 Kronieke 24 is daar 'n beskrywing van die twee weke tempeldiens wat deur elk van die 24 priesterlike families verrig moes word: "Dit was hulle ampsorde vir hul diens, om in die huis van die HERE te gaan" (v. 19). Die agtste familie in die groep van 24 was dié van Abía (1 Kron. 24:10).

Die eerste maand in hierdie siklus is Nisan, wat die eerste maand in die godsdienstige kalender van Israel is (Ex. 12:2; Lev. 23:5). Volgens die skedule in 1 Kronieke 24 was die familie van Abía die agtste groep, en was dus die tweede helfte van die vierde maand dienspligtig. Dit was aan hierdie familie dat die priester Sagaria, die vader van Johannes die Doper, behoort het:

> Daar was in die dae van Herodes, koning van Judéa, 'n sekere priester met die naam van Sagaria, uit die afdeling van Abía... En terwyl hy besig was om die

> priesteramp voor God te bedien in die beurt van sy afdeling, het die lot volgens die priesterlike gewoonte op hom geval om in te gaan in die tempel van die Here en reukwerk te brand (Luk. 1:5,8-9).

Terwyl hy hiermee besig was, het ‘n engel aan hom verskyn en gesê: “Moenie vrees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elisabet sal vir jou ‘n seun baar, en jy moet hom Johannes noem” (Luk. 1:13). Die res van die gebeure staan in ‘n noue verband met hierdie aankondiging:

> En ná hierdie dae het Elisabet, sy vrou, ontvang en haar vyf maande lank verberg... En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na ‘n stad in Galiléa met die naam van Násaret, na ‘n maagd wat verloof was aan ‘n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria... En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en ‘n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid... En kyk, Elisabet, jou bloedverwant, het self ook ‘n seun ontvang in haar ouderdom, en hierdie maand is die sesde vir haar wat onvrugbaar genoem is. Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie. En Maria sê: Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord (Luk. 1:24,26-27,30-33,36-38).

Sagaria se ontmoeting met die engel, en die begin van sy vrou se swangerskap, het in die tweede helfte van die vierde maand op die godsdienstige kalender plaasgevind (Junie op ons kalender). Ses maande later, in die tweede helfte van die tiende maand (omtrent die tyd wanneer Kersfees nou gevier word), het Maria se swangerskap begin. Nege maande later, in die tweede helfte van September, is Jesus in Betlehem gebore.

Sedert Sagaria se periode van tempeldiens het daar 15 maande (6+9) tot by die geboorte van Jesus verloop – dit is een jaar en drie maande. Binne die raamwerk van die Joodse godsdienstige kalender was dit die tydperk tussen die tweede helfte van die vierde maand en die tweede helfte van die sewende maand in die daaropvolgende jaar. Dit het dus met die loofhuttefees (September op ons kalender) saamgeval: “Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die Here” (Lev. 23:34).

Daar is ook in die Bybel omstandigheidsgetuienis wat hierdie inligting oor die tyd van Jesus se geboorte bevestig. Die wagters het buite in die veld oornag – iets wat hulle weens die koue nie in die middel van die winter gedoen het nie:

> En daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het. En meteens staan daar ‘n engel van die

Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig. En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here is. En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê (Luk. 2:8-12).

Onder godsdienstige Jode in Israel was dit gebruiklik om tydens die loofhuttefees in die besonder vir die koms van die Messias uit te kyk. Dit is vandag nog steeds die geval. Om hierdie rede het Jesus se broers sterk by Hom aangedring om nie in Galiléa te bly nie, maar die huttefees in Jerusalem te gaan bywoon en Homself daar te openbaar indien Hy wél die Messias was:

Die fees van die Jode, die huttefees, was naby. Sy broers het toe vir Hom gesê: Vertrek hiervandaan en gaan na Judéa, sodat u dissipels ook u werke kan sien wat U doen (Joh. 7:2-3).

Die huttefees het reeds begin, en die Jode was op die uitkyk vir Jesus. Hulle was in hewige argumente met mekaar betrokke of Hy die beloofde Messias was of nie. Ná 'n paar dae het Jesus in hulle midde verskyn: "En toe dit al in die middel van die fees was, het Jesus opgegaan na die tempel en geleer" (Joh. 7:14).

Sy kritici het sy lering verwerp, asook die aansprake oor Hom, maar sommige mense was sterk daarvan oortuig dat Hy die Messias is. Hulle het volgehou dat Hy die krag van God geopenbaar en al die profesieë in verband met die Messias vervul het: "Maar baie van die skare het in Hom geglo en gesê: Wanneer die Christus kom, sal Hy meer tekens doen as wat hierdie man gedoen het?" (Joh. 7:31).

Op die fees was daar elke dag 'n optog van die tempel af na die Gihon-fontein om met 'n goue kruik water te gaan skep wat dan oor die altaar uitgegiet is. Tydens die seremonie het 'n koor Jesaja 12:3 gesing: "Julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil." Die skep en uitgiet van die water moes die Israeliete herinner aan die water wat in die woestyn uit die rots gevloei het (Num. 20:8-11; Ps. 78:15-16). Die Here voorsien ook in die geestelike dors van sy volk.

Op die laaste dag van die fees het Jesus die mense uitgenooi om met hulle geestelike behoeftes na Hom toe te kom. Hy het daardeur aan die feesgangers gewys dat net Hy hierdie besondere gebruik op die huttefees kon vervul. As mense glo dat Hy die rots is wat vir hulle geklief is, sal die Heilige Gees ryklik aan hulle geskenk word:

Op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo (Joh. 7:37-39).

Die loofhuttefees het ‘n sterk toekomsperspektief op die koms van die Messias as Koning, wanneer die oes van geredde mense in die hemelse skure byeengebring sal word. Die fees het egter ook ‘n sterk terugverwysing na die eerste koms van die Messias, toe Hy die deur na die koninkryk van die hemel geopen en arbeiders in die oeslande gestuur het om onder elke volk en stam en nasie ‘n oes vir Hom in te samel. By die finale vervulling van die loofhuttefees sal dank en eer aan God vir die groot oes onder alle nasies gebring word.

# 11. Herbouing van die Tempel

In Openbaring 11 word daar na Israel se tempeldiens en die ontheiliging van die tempel deur die Antichris in die verdrukking verwys. Watter tempel is dit? In die geskiedenis en die profesieë oor Israel word daar na die volgende vier tempels verwys:

1. Die tempel van Salomo. Hierdie tempel is voor die Babiloniese ballingskap verwoes, maar ná Israel se herstel uit die ballingskap herbou. Dit staan as die eerste tempel bekend. Die tempel was ‘n heilige plek, en die Here het Homself deur die tempeldiens aan die volk geopenbaar. Israel het die Here nie van harte gedien nie.
2. Die tempel van Herodes. Hierdie tempel is in die laaste eeu voor Christus deur Herodes vir die Jode gebou. Dit staan as die tweede tempel bekend. Dit was Herodes se doel dat die tempeldiens die Jode só moes besig hou dat dit hulle Messiasverwagting sou onderdruk. Herodes was ‘n tipe van die Antichris omdat hy glad nie vir die Messiasskap en Koningskap van Jesus te vinde was nie, en probeer het om Jesus kort ná sy geboorte dood te maak.
3. Die eindtydse tempel van die verdrukking. Dit is die tempel wat ná ‘n verbond met die Antichris in Jerusalem gebou sal word. Hierna word as die derde tempel verwys. Die Antichris sal die Jode beïnvloed om hulle heil in ‘n ritualistiese offerdiens te soek, homself as die beloofde Messias te aanvaar, en sodoende die Messiasskap en offer van Jesus aan die kruis te verwerp. Hy sal homself ná 3½ jaar in hierdie tempel tot God verklaar en, soos Herodes, die ware Messias probeer doodmaak wanneer Hy kom.
4. Die tempel van die Messiasryk. Hierdie tempel sal ná die koms van die ware Messias in Jerusalem gebou word (Eseg. 40–44). Hierna word as die vierde tempel verwys. Dit sal in die vrederyk die doel dien as ‘n terugverwysing na die offer van die Messias as die Lam van God wat vir die sondes van die hele wêreld geoffer is (Heb. 10:5-12). Dit sal mense in die vrederyk help om die aard van die versoening, toe die vlekkelose Lam van God vir ons sondes geslag is, beter te kan verstaan. Die aktiwiteite in die tempel was ‘n tipologiese heenwysing na die genadewerk van die Messias.

Die volgende verwysing word in Openbaring na die opmeet van die tempel in Jerusalem gemaak, asook die ontheiliging daarvan vir ‘n tydperk van 42 maande gedurende die verdrukking:

> En ‘n riet soos ‘n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap (Op. 11:1-2).

Hierdie profesie is opgeteken 25 jaar nadat die tempel van Herodes (die tweede tempel) in 70 n.C. deur die Romeine verwoes is, en kan dus slegs op ‘n toekomstige, herboude tempel in Jerusalem betrekking hê. Een van die probleme is egter die hoë profiel van Islam op die Tempelberg, waar twee van hulle beroemde tempels gebou is, die Rotskoepel en die Al Aksa moskee, met ‘n derde een wat later ook hier gebou is. Die Moslems beweer dat Mohammed vanaf die rots waaroor die Rotskoepel gebou is, na die hemel opgevaar en weer met ‘n opdrag van Allah teruggekeer het. Vir hulle is dit die derde heiligste plek op aarde ná Mekka en Medina.

Die feit dat die Rotskoepel ten duurste gerestoureer is met nuwe goudbeslag op die koepel, is ‘n aanduiding dat Islam geensins van plan is om van die Tempelberg af pad te gee nie. Die mening wat jare lank gehuldig is, naamlik dat die Rotskoepel op die plek staan waar die tempel herbou moet word, blyk met later argeologiese opgrawings nie die geval te wees nie. Die Joodse tempel kan nét noord van die Rotskoepel gebou word, met omtrent drie of vier meter afstand tussen die twee geboue. Indien die feit in ag geneem word dat die Antichris as die gemeenskaplike Messias van alle gelowe aanvaar sal word, kan verwag word dat die tempel en die moskee inderdaad langs mekaar sal staan. Islam en Judaïsme sal dan, in die tyd van groot misleiding, vir 3½ jaar as sustergodsdienste saam met al die ander gelowe beskou word.

Verskeie organisasies in Israel is met voorbereidings vir die bou van die tempel en die herinstelling van die priesterlike dienswerk gemoeid. Hieronder is die volgende:

## Die Sanhedrin

Die Sanhedrin, ‘n tradisionele Joodse Raad van godsdiensleiers wat die hoogste regsplegende liggaam binne die raamwerk van die *Torah* in Israel was, is in Oktober 2004, ná meer as 1600 jaar, weer in Israel in die lewe geroep. Hulle geniet egter nie amptelike status in die land nie, en word net deur ortodokse Jode erken. Die nuwe Sanhedrin bestaan uit 71 vooraanstaande rabbi’s en ander Joodse geleerdes.

Die stigters van die moderne Sanhedrin sê hulle doen net hulle plig (*mitzvah*) om só ‘n raad saam te stel. Maimonides, ‘n twaalfde eeuse Joodse geleerde, het die stappe beskryf wat tot die instelling van ‘n Sanhedrin sal lei. Gedurende die tyd van die tweede tempel

(die tempel van Herodes in die eerste eeu) was daar ‘n Sanhedrin wat met die hoogste gesag in Joodse regspraak uit ‘n godsdienstige oogpunt beklee was. Die 71 lede van die Raad het in ‘n spesiale vertrek op die tempelterrein in die vorm van ‘n halwe sirkel gesit.

Op byeenkomste van die Sanhedrin word die moontlikheid van die herbouing van die tempel in Jerusalem bespreek. Hulle probeer om die presiese plek vir die bou van die derde tempel te bepaal. Dit is baie moeilik omdat daar nie op dié terrein argeologiese opgrawings gedoen mag word nie, aangesien die Tempelberg onder die beheer van ‘n Moslem-komitee is.

Nadat Israel die Tempelberg in 1967 van Jordanië herower het, het hulle dié terrein aan Moslem-beheer afgestaan weens die teenwoordigheid van moskees wat druk besoek word. Vir Moslems is dit die derde heiligste plek ná Mekka en Medina. Jerusalem word egter nie in die Koran genoem nie, en Moslems gebruik die teenwoordigheid van die Palestyne in Israel net om die Joodse volk te ondermyn en van hulle regte op die land en die stad Jerusalem te beroof. Dit is die rede vir die sterk weerstand van die Moslems teen die herbouing van die Joodse tempel, asook opgrawings op die Tempelberg om die fondasies van die vorige tempel bloot te lê. Die nuwe Sanhedrin het ‘n komitee bestaande uit professore, argeoloë en geestelikes gevorm om die saak van die tempel se ligging en toekomstige herbouing te ondersoek en aan die volle Raad verslag te doen.

Rabbi Chaim Richman, een van die uitvoerende raadslede, het gesê dit is paslik dat die nuwe Sanhedrin met besinning oor die tempel begin, omdat die tempel van groot belang in die kulturele en godsdienstige identiteit van die Joodse volk is. Hy het dit betreur dat die Joodse regering uit sekere gedeeltes van Israel se grondgebied onttrek en sodoende van Israel se droom van volle herstel afgesien het. Die Sanhedrin soek egter na maniere om die wortels van die Joodse geloof te versterk en Israel weer as die uitverkore volk rondom die tempeldiens en die *Torah* te verenig.

Die Sanhedrin erken glad nie die huidige demokratiese regering van Israel nie, en het dit vir hulleself ten doel gestel om vir die land ‘n koning te kies. Dit plaas hierdie ortodokse leiers op ‘n gevaarlike pad, omdat die valse messias homself as ‘n afstammeling van koning Dawid sal voordoen en op Israel se koninklike troon aanspraak sal maak. Hulle terugkeer na die eise van die *Torah* het die Raad vroeg in 2007 daartoe gelei om briewe aan alle regerings te skryf waarin hulle aandui dat die wêreld op ‘n rampspoedige koers is. Hulle stel voor dat die tempel in Jerusalem herbou word sodat God se teenwoordigheid weer ervaar kan word om vrede op aarde te verseker. Om begryplike redes sal die Sanhedrin baie bly wees wanneer die valse messias op

die toneel verskyn, want hy sal homself as die ware Messias voordoen en tot hulle harte spreek deur aan Israel die reg te gee om die tempel te bou. Groot ontnugtering sal egter hierop volg.

## Die Tempelinstituut

Rabbi Chaim Richman van die Sanhedrin is ook hoof van die Tempelinstituut in Jerusalem. Hierdie Instituut is met die versameling en vervaardiging van meubelstukke, altare, spesiale toerusting en kledingstukke vir priesters besig, wat vir die hervatting van die tempeldiens nodig is. Hulle het reeds 'n goue kandelaar en koper waskom laat maak, asook 'n goue kroon vir die hoëpriester. Die kleed en mus van die hoëpriester is gereed, en tans word daar uitrustings vir 120 van die gewone priesters gemaak.

Al hierdie items moet nog gereinig word deur dit met spesiaal voorbereide reinigingswater te besprinkel (vgl. Num. 19:1-9). Hiervoor is dit nodig om eers 'n rooi vers te vind waaraan geen haar van 'n ander kleur is nie. Die vers moet dan geslag en verbrand word, sodat daar telkens 'n bietjie van die as vir die bereiding van heilige water gebruik kan word. Die probleem is egter dat die oorblyfsels van die vorige rooi vers se as eers gevind moet word en ter wille van kontinuïteit bo-op die huidige vers gesit moet word wanneer dit ritueel verbrand word.

Daar word steeds na 'n houer met as uit die tyd van die tweede tempel gesoek, asook na die ark van die getuienis (die verbondsark) wat op 'n onbekende plek versteek is. Indien die as van die vorige rooi vers nie betyds gevind word nie, en daar ook nie in Israel 'n rooi vers gebore word wat aan die voorskrifte van die wet voldoen nie, dan kan die tempeltoerusting nie gereinig word nie. Chaim Richman sê:

> Die tempeltoerusting is in 'n toestand van onreinheid vervaardig, omdat almal van ons tans onrein is. Ons sal ook onrein bly totdat ons 'n rooi vers kry waarvan die as op die wyse wat deur die *Torah* voorgeskryf is, vir reinigingseremonies gebruik kan word. Indien geen rooi vers gevind kan word nie, dan beteken dit dat die hoëpriester op die Groot Versoendag die Allerheiligste in 'n toestand van onreinheid sal moet betree.

Watter groot voordeel het ons nie in die Nuwe Testament nie, om deur die bloed van die Lam gereinig te word wanneer ons deur die geskeurde voorhangsel na die genadetroon van die Here toetree. Ons het nie aardse priesters as middelaars nodig nie, omdat ons 'n groot Hoëpriester het wat vir ons die weg berei het (Heb. 10:19-22).

## Priesterskole

Verskeie persone uit die stam van Levi word as priesters in spesiale priesterskole in Jerusalem en New York opgelei. Daar is 613 Ou Testamentiese wette waarvan hulle kennis moet dra. Van 15 tot 19

Julie 2007 is daar ook 'n groot konferensie vir priesters en Leviete in Jerusalem gehou. Jode met die van Cohen stam almal van die heel eerste priester, Aäron, af en mag dus as priesters opgelei word.

## Herstel van die Tempelberg

Die *Temple Mount and Land of Israel Faithful Movement* is 'n beweging wat getrou aan die Tempelberg en Israel se Bybelse mandaat oor hulle land is. Die leier van die beweging, Gershon Salomon, is baie aktief om Jode in Israel én ook in ander lande, veral Amerika, van die belangrikheid van die bou van die tempel bewus te maak. Hy kry geweldige positiewe reaksie, en op sy laaste Amerikaanse toer het baie Joodse vrouens selfs, soos in Bybelse tye, hulle juweliersware afgehaal en vir die tempelbou-projek geskenk.

Gershon se beweging het ook al etlike pogings aangewend om 'n hoeksteen van 4½ ton vir die bou van die derde tempel op die Tempelberg te lê, maar die Israeli polisie het hulle telkens daarvan weerhou omdat die Tempelberg in 1967 al aan die beheer van 'n Moslemkomitee oorgegee is. Enige pogings om die Joodse tempel op hierdie terrein te bou, sal tot 'n nuwe *jihad* deur militante Moslems teen die Jode aanleiding gee. Israel se regering probeer om dit te verhoed, en onderdruk sodoende ortodokse Jode se ideaal oor die derde tempel.

Sowel Gershon Salomon se groep as die Tempelinstituut propageer die mening dat die herbou van die tempel en die volle eerbiediging van die *Torah* nie net in Israel se belang is nie, maar 'n tydperk van vrede en harmonie vir die hele wêreld sal inlui. Hulle haal gereeld die volgende gedeelte uit Jesaja 2 en Miga 4 aan:

> En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die Here vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Kom, huis van Jakob, en laat ons wandel in die lig van die Here! (Jes. 2:2-5).

Dit is uit 'n ortodokse Joodse oogpunt 'n baie eerbare doelstelling om te hê, en mens kan verstaan waarom die Jode so opgewonde oor die tempelprojek is. Daar ontbreek egter 'n baie belangrike aspek in hulle visie vir Israel en die wêreld, en dit is die feit dat die Torah en al die offers en feeste van die Ou Testament slegs 'n voorbereidende rol op die koms van die Messias vervul het. Dit is alles in die Messias, Jesus Christus, en sy offer aan die kruis vervul.

Dit is dus ‘n totale vergissing om te dink dat die herbouing van die tempel en die instelling van die wet die oplossing vir die wêreld se probleme en verdeeldheid is. Die skaduagtige gebruike van die wet kan nie vir Israel en die wêreld red nie – net die versoeningswerk van die Messias aan die kruis kan dít doen! Eers wanneer Hy van die troon van Dawid af uit Jerusalem regeer en die kennis van die Here die aarde oordek soos die waters die seebodem, sal vrede heers en almal van hulle wapens ontslae raak en landbou-implemente daarvan maak. Israel sal as volk hierdie uiters belangrike ontdekking moet maak voordat dit geestelik én materieel met hulle goed sal gaan. Deur die werke van die wet kan geen vlees voor God geregverdig word nie, omdat die wet net die kennis van sonde bring sonder die werklike reiniging van sonde (Rom. 3:20). Dit is ‘n tugmeester na die Messias toe, omdat net Hy van sonde kan red (Matt. 1:21; Gal. 3:24).


## Simboliek van die tempel

Die tempel self is ook ‘n skadubeeld van toekomstige dinge, omdat die simboliek daarvan op die toekomstige verlossingswerk van die Messias dui. Die hele uitleg en simboliese betekenis van die toerusting en aktiwiteite binne én buite die tempel dui op die kruis van Jesus Christus. In die grondplan van die tempel is daar duidelik twee lyne wat mekaar sny om ‘n kruis te vorm.

Die eerste lyn stel die mens-God-verhouding voor. Hierdie lyn begin by die poort wat na die voorhof lei en loop reguit deur tot in die Allerheiligste by die verbondsark. Dit is die reguit balk van die kruis. Die tweede lyn is in die Heilige tussen die kandelaar en die tafel met die toonbrode. Dit is die dwarsbalk van die kruis en stel die mens-medemens-verhouding voor. Altwee is in Christus vervul.

Kom ons begin op die lang lyn wat by die poort begin. Dit is die toegangspunt na die Here se heiligdomme. Jesus het gesê: “Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word” (Joh. 10:9). Verder op hierdie lyn kom ons eerste by die brandofferaltaar in die voorhof, waar offers vir die versoening van mense se sonde gebring is. Al hierdie offers was heenwysings na die Here Jesus se eenmalige offer vir ons sonde. Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29). “In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade” (Ef. 1:7).

Hierna kom ons by die koperwaskom in die tabernakel, of die afspoelwaentjies in die tempelterrein. Hierin het die priesters hulle hande ná die offers gewas, gevolglik was daar water in wat met bloed gemeng was. Dit was die bewys van ‘n volbragte offer. Nadat Jesus gesterf het, het daar water en bloed uit sy sy gekom, as ‘n bewys dat Hy klaar gesterf en sy lewe vir ons afgelê het.


VERBONDSARK
REUKOFFER-
ALTAAR
KANDELAAR
TAFEL MET TOONBRODE
KOPERWASKOM
BRANDOFFERALTAAR
INGANG NA VOORHOF

Hierna, steeds op dieselfde reguit lyn, word die Heilige in die tempel betree en kom ons by die reukofferaltaar uit. Dit is met goud oorgetrek en word ook die goue altaar genoem. Die priester moes elke oggend en aand speserye hierop aan die brand steek as ‘n voortdurende reukwerk voor die aangesig van die Here. Hierdie lieflike geur aan die Here stel voortdurende gebed voor.

Reg agter die reukaltaar was die voorhangsel wat skeiding tussen die Heilige en die Allerheiligste gemaak het, waar die ark van die Getuienis was. Hierdie ark stel die genadetroon van die Here voor, en is die verste punt op die reguit lyn van die mens-God-verhouding. Net die Hoëpriester alleen kon een dag ‘n jaar, op die Groot Versoendag, hier ingaan om versoening vir die volk se sondes te doen.

Die werklike teenwoordigheid van die Here was dus uitgesluit vir die volk én die gewone priesters, want hulle kon nie agter die voorhangsel ingaan nie. Die skeiding tussen die Heilige en Allerheiligste is egter deur die kruisdood van ons Hoëpriester, Jesus Christus, uit die weg geruim. Ons lees oor die oomblik toe Jesus aan die kruis gesterf het, onder meer in Lukas 23:45: “...en die voorhangsel van die tempel het middeldeur geskeur.”

Dit beteken dat die Ou Testamentiese offerdiens en gebede deur die hoëpriester hier afgeskaf is en dat elke gelowige daarna self in gebed tot by die genadetroon van die Here kan toetree. Paulus sê: “Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen... en ons ‘n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met ‘n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid” (Heb. 10:19-22). Van dié oomblik af het die noodsaaklikheid vir die tempeldiens verval omdat die Here Homself sonder tussengangers aan elke gelowige openbaar.

Die tweede lyn in die tempeldiens sny oor die eerste een wat van die voorhof af tot in die Allerheiligste gaan. Hierdie tweede lyn strek vanaf die goue kandelaar teen die suidelike muur van die Heilige in die tempel tot by die noordelike muur waar die tafels met die toonbrode staan. Die twee lyne vorm sodoende ‘n kruis. Hierdie tweede perspektief stel die mens-medemens verhouding in ons geloofslewe voor. Die kandelaar is Jesus Christus as die lig van die wêreld, en die toonbrode is Christus as die brood van die lewe. Ná sy hemelvaart het die verantwoordelikheid op sy dissipels oorgegaan om die lig van die wêreld te wees (vgl. Matt. 5:14). Hulle moes oral getuies van sy reddende genade onder verlore mense wees, en hulle ook met die brood van die lewe voed, wat die Woord van God is. Ons liefde vir die Here moet dus aktief in liefde vir ons medebroeders én liefde vir ‘n verloregaande wêreld tot uiting kom.

Elke gelowige – ook in groeps- of gemeenteverband – word die tempel van die Here in die Nuwe Testament en het die opdrag om heilig te leef terwyl hy of sy hierdie taak uitvoer. Paulus sê vir die gemeente: “Weet julle nie dat julle ‘n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle” (1 Kor. 3:16-17). Hoe funksioneer die tempeldiens in jou lewe?

Maak seker dat altwee die perspektiewe daarvan tot hulle volle reg kom. In die mens-God-verhouding moet jy deur Jesus Christus in gebed tot die genadetroon nader nadat jy opnuut en voortdurend deur sy bloed van alle sonde gereinig is. Daarna moet jy jouself beskikbaar stel om deur die verkondiging van die evangelie ander mense vir sy koninkryk te wen, sodat hulle ook tot tempels van die lewende God omskep kan word. Só word God se koninkryk op aarde uitgebrei.

Kyk in watter groot dilemma is ortodokse Jode wat nog aan Ou Testamentiese skaduwees van die tempeldiens vashou, net omdat hulle nie wil aanvaar dat Jesus Christus die Lam van God is wat sy lewe vir hulle sondes geoffer en die weg na God se genadetroon geopen het deur die voorhangsel in die tempel te laat skeur nie. Dit is ‘n betreurenswaardige toestand om in te verkeer.

Die teken van die kruis in die grondplan van die tempel dui profeties op die Seun van God wat in die volheid van die tyd gekom het om die wet en die profete te vervul. Hoe wonderlik is dit nie dat daar tóg ‘n dag sal kom wanneer die oorblyfsel in Israel sal opsien na Hom vir wie hulle deurboor het, en bitterlik oor Hom sal ween (Sag. 12:10). Dan sal hulle deur die Messias ‘n nuwe verbond met die Here sluit en Hom nie meer deur die bemiddeling van priesters dien nie.

Dit sal eers gebeur wanneer hulle besef dat die hele wet en die profete in die Messias vervul is: nie net die rituele en offers nie, maar ook die wette oor die sabbatte en feesdae. In Hom gaan alle geredde mense die rus van die Here in en leef slegs uit sy genade. Ons “is nie onder die wet nie, maar onder die genade” (Rom. 6:14). Paulus het vir Judaïseerders in Galásië gesê: “Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid [aan Joodse wette en tradisies] bring nie” (Gal. 5:1). Dit is slegs skaduwees van toekomstige dinge, wat reeds ten volle in die Here Jesus vervul is (Kol. 2:16-17).

As dissipels van Christus word ons tot tempels van God omskep. Sy wet van liefde is deur die Heilige Gees op die tafels van ons harte geskryf (2 Kor. 3:3), daarom het ons in Christus sonder enige verdere rituele en seremonies die wet vervul (Rom. 13:8). Ons opdrag is om volmaak te word in die liefde (1 Joh. 2:5) sodat die wêreld Christus in ons sal kan sien (Joh. 13:34-35).

# 12. Ons Verhouding Teenoor Israel

Negatiewe houdings en selfs openlike haat teenoor Israel is wydverspreid in die wêreld, maar aan die ander kant van die spektrum is daar ook ondersteuners van hierdie volk wat hulle Bybelse mandaat oor die land erken en ernstig vir hulle geestelike herstel bid.

Dit is verblydend dat daar ‘n toenemende aantal Jode is wat vir Jesus as Messias aanneem, hoewel hulle persentasie nog relatief klein is. Hulle word Messiaanse Jode genoem. Om begryplike redes word hulle met groot haat en agterdog deur die ortodokse Jode bejeën. Soos in die eerste eeu, word hulle as ketters beskou wat van die God van hulle vaders afvallig geraak het. Namate die Messiaanse Jode in Israel al hoe meer word, bou die geestelike weerstand van die ortodokses teen hulle op. Dit spel ‘n tyd van ernstige vervolging vir die Messiaanse Jode uit, wat gedurende die tyd van benoudheid vir Jakob (die tyd van oordele en rampe) gered sal word:

> En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiektes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom. Maar voor al hierdie dinge sal hulle die hande aan julle slaan en julle vervolg en oorlewer in die sinagoges en gevangenisse… julle sal oorgelewer word ook deur ouers en broers en bloedverwante en vriende, en hulle sal van julle doodmaak. En julle sal gehaat wees deur almal ter wille van my Naam (Luk. 21:11-17). Ja, daar kom ‘n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy ‘n diens aan God bewys. En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie (Joh. 16:2-3).

Dit is ons taak om vir die jong Messiaanse gemeentes in Israel te bid, sodat hulle in hierdie tyd sterk sal staan in die Here. Die druk wat hulle ervaar, gaan weldra na ander lande ook uitbrei. Die valse godsdienste gaan uiteindelik hande vat om ‘n alliansie van wêreldgodsdienste te vorm wat die Antichris as hulle gemeenskaplike Messias sal erken. Hieronder sal ook die ortodokse Jode wees wat die valse Messias sal aanhang en die reg by hom sal verkry om die tempel te herbou. Daar gaan dus nog diepgaande geestelike verskille tussen die aanhangers van die ware en valse Messias ontwikkel.

## Israel en die nasies

Daar is wyd uiteenlopende houdings deur die nasies teenoor Israel. Dit is ‘n belangrike saak, omdat die oordele van die Here oor Israel se

vyande uitgespreek is, en sy seën oor diegene wat hulle ondersteun. Ten spyte van die geestelike doodsheid van die meerderheid in die Joodse volk, is daar geen regverdiging hoegenaamd om ‘n haatveldtog teen hulle te voer nie. Trouens, dit is naas die verwerping van God een van die mees oneerbare en selfvernietigende dinge om te doen! Om in stryd met God se wil en opdragte te handel, is om jouself met baie smarte te deurboor. Kyk net wat met Israel gebeur het omdat hulle God verwerp het. Dieselfde God waarsku egter die vyande en kritici van Israel wanneer Hy vir Abraham sê: “Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek” (Gen. 12:3). Nasies en individue wat Israel verwerp, vervolg en beveg, bring ‘n vloek oor hulleself. Hulle grawe ‘n put waarin hulle self sal val. Groot wêreldryke is al vernietig omdat hulle Israel probeer uitwis het. Hieronder is die eens magtige Babiloniese, Assiriese en Romeinse ryke wat almal geswore vyande van Israel was.

‘n Term wat lank as sinoniem vir Jodehaat gebruik is, is “anti-Semitisme.” Hitler het hierdie term voor die Tweede Wêreldoorlog gepopulariseer toe die Jode die belangrikste verteenwoordiger van die Semitiese volke was, en die Arabiere (voor die ontdekking van olie) polities en ekonomies as van min belang geag is. Die Arabiere is egter ook Semiete (volke wat van Sem afstam), en hulle tel onder die mees fanatieke Jodehaters in die wêreld vandag. Hulle kan beslis nie as anti-Semiete beskryf word nie, maar wel as Jodehaters. Aangevuur deur die Moslemgeloof, het baie van dié volke al probeer om ‘n uitwissingsoorlog teen Israel te voer. Die Bybel verwys ook na hulle, en die feit dat hulle eintlik ‘n heilige oorlog teen die God van Israel voer. In Psalm 83 word ‘n Arabiese komplot teen Israel beskryf, waarin Israel se bure saamsweer om dié volk heeltemal uit te wis.

Die groot toets vir die nasies se houding teenoor Israel is die huidige stryd om die beheer oor Jerusalem. Diegene wat die stad tussen Israel en die Palestyne wil verdeel, of wat internasionale beheer daaroor bepleit, is lynreg in stryd met Israel se Bybelse reg oor die stad. Hulle haal die toorn van God oor hulleself.

Die swaard van die Here se toorn hang oor die vyande van Israel, en deur hulle dwase optrede verhaas hulle hul eie ondergang. Die nasies van die wêreld wat Palestyne en ander Moslems se kant kies en hulle ook nog help om die land Israel te verdeel of van sy regmatige eienaars te vervreem, grawe hulle eie grafte. Sagaria 14 beskryf in duidelike taal die oordele van God wat oor die nasies sal kom wat dwaas genoeg sal wees om teen Jerusalem te veg. Jodehaat is die ideologie van die Antichris omdat dit ten diepste teen die Messias van Israel, Jesus Christus, gerig is. Dit moet geheel en al deur alle Christene verwerp en teëgestaan word!

## Vervangingsteologie

Daar is ook ander maniere waarop Israel sy identiteit en posisie ontsê word, en van die beloftes van herstel na die land wat die Here aan hulle vaders gegee het, beroof word. Dit word binne die raamwerk van die vervangingsteologie gedoen en lei daartoe dat Israel deur die kerk vervang word. Beloftes aan Israel word vergeestelik en op die kerk van toepassing gemaak, en as gevolg daarvan word heftig ontken dat daar 'n letterlike volk Israel is wat in die eindtyd in hulle land herstel word. Dit kom op 'n miskenning van die ware Israel se identiteit en roeping neer en is 'n teologiese vorm van anti-Israelisme.

Kerke wat hulleself in die plek van Israel stel, en as die "geestelike Israel" of die "Israel van die Nuwe Testament" sien, raak maklik by die dwalings van die koninkryksteologie betrokke. Hulle neem al die beloftes van seën wat vir die komende vrederyk (die koninkryksdispensasie) aan Israel beloof is, en pas dit in die huidige dispensasie op die kerk toe. Na aanleiding daarvan moet die kerk 'n regerende posisie inneem en Christene daarna streef om soos konings te leef wat met mag, rykdom en aansien beklee is. Met hierdie spesiale magte moet tekens en wonders gedoen, herlewingsbewegings op tou gesit, sataniese vestings neergewerp en die wêreld vir die koninkryk van God oorgeneem word. Volgens dié benadering moet die oorname en regering van die wêreld nie eers tydens die wederkoms van Jesus plaasvind nie, maar nóú al deur 'n koninkryksbewuste kerk gedoen word. Die foutiewe aanname word gemaak dat die kerk getaak én bemagtig is om die wêreld só oor te neem en te regeer.

Op hierdie manier verwerp die misleide kerk die idee dat hulle vreemdelinge en bywoners in 'n wêreld is wat in die mag van die Bose lê, en waarin hulle bereid moet wees om vir Christus te ly en deur vele verdrukkinge in die koninkryk in te gaan. In die plek hiervan jaag hulle 'n sigbare koninkryk na en sien hulleself as "Israel."

### *Israelvisie*

Een van die mees ekstreme vorms van die vervangingsteologie word deur die Israelvisie beoefen. Dit word ook Brits-Israelisme of die Wit Teologie genoem. Die aanhangers hiervan beweer dat al die blanke nasies van die sg. "tien verlore stamme van Israel" afstam, en nou die enigste verteenwoordigers van die ware Israel van God is. Volgens hulle het die twee oorblywende stamme van Juda en Benjamin met die Edomiete en ander heidennasies vermeng geraak en speel as "verbasterde Jode" en "samesweerders teen die mensdom" 'n baie ondermynende en antichristelike rol in die wêreld. Daar is 'n groot aantal valse aannames en stellings wat deur hierdie beweging gemaak word, waarvan die volgende net enkele voorbeelde is:

***Stelling 1:*** "Al die blanke nasies stam van die tien stamme van Israel af en die Here het sy verbond net met hulle gesluit."

*Kommentaar:* Dit is nie waar nie. Die groot etniese groeperings van die wêreld kan na die volgende stamvaders herlei word:

Sem: die Semitiese volke (Jode en Arabiere).

Gam: die geel en swart volke (Asiate en Negers).

Jafet: die blanke volke (Europeërs).

Gomer was een van die seuns van Jafet, en het in sentraal-Europa gevestig. Van hom af het die Germane afgestam waaruit baie van die volke van Wes-Europa ontwikkel het. Dit het lank voor die ballingskap van die tien stamme van Israel gebeur, daarom is daar geen aanduidings van enige Semitiese beïnvloeding in die Europeërs se tale en kulture nie. Hulle is nie Israeliete nie en was ook nooit nie!

***Stelling 2:*** "Daar is 'n rigiede onderskeid tussen Jode en Israeliete, omdat hierdie terme na twee verskillende groepe mense verwys."

*Kommentaar:* Dit is ook nie waar nie. Die volk van Israel met sy twaalf stamme was ná Salomo se tyd net vir 250 jaar lank in twee koninkryke verdeel, nl. die tienstammeryk van Israel in Samaria en die koninkryk van Juda en Benjamin in Judea. In hierdie tyd is Israel deur 19 goddelose konings geregeer, terwyl daar in Juda soms groot geestelike herlewings was, veral in die tyd van Asa, Hiskia en Josia. Dit het daartoe gelei dat groot getalle Israeliete permanent by Juda aangesluit het, sodat die koninkryk van Juda spoedig weer verteenwoordigend van al twaalf die stamme was (vgl. 2 Kron. 11:16; 15:9; 34:9). Ná die Babiloniese ballingskap is albei groepe as net een volk na hulle land herstel. Van daardie tyd af tot vandag toe word die terme "Jode" en "Israeliete" afwisselend en alternatiewelik vir dieselfde volk gebruik (*Jode* is van *Juda* afgelei, wat die koninklike stam van Israel is). In die Nuwe Testament word na dieselfde volk 174 keer as Jode en 70 keer as Israeliete verwys. In hierdie stadium was daar lankal geen sprake meer van die historiese verdeling in 'n tweestamme- en tienstammeryk nie. Paulus staan tereg op die hoop wat die twaalf stamme op die koms van die Messias gekoester het (Hand. 26:6-7). Jakobus (1:1) rig sy brief aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing was. In Handelinge 2:5,14,22,36 word die inwoners van Jerusalem sowel Jode as Israeliete genoem. Die Joodse Raad (Sanhedrin) is ook as Israeliete aangespreek (Hand. 4:5-8).

***Stelling 3:*** "Christus het net vir die verlore skape van die huis van Israel gekom, en derhalwe nie vir die heidense nasies nie."

*Kommentaar:* Hierdie stelling wat op Mattheus 10:6 en 15:24 gebaseer is, word verkeerdelik vertolk as 'n bewys dat Christus net vir die tien stamme van Israel gekom het, asook vir hulle afstammelinge (na bewering al die blanke volke van die wêreld), en dus nie vir die

gekleurde heidennasies en vermengde, afvallige Jode nie. Die Messias het inderdaad aanvanklik na sy volk, Israel, gekom, soos Hy self ook gesê het. Nadat hulle Hom egter verwerp het, het Hy ná sy opstanding uitdruklik sy dissipels na alle nasies in die hele wêreld gestuur om die evangelie te verkondig (Matt. 28:19-20; Mark. 16:15; Luk. 24:46-47; Hand. 1:8). Dit sou die vervulling van die belofte aan Abraham wees dat deur een van sy nasate (die Messias) al die geslagte van die aarde (letterlik alle menslike families en stamme op aarde) geseën sou word (Gen. 12:3; Gal. 3:14; Jes. 49:6).

Dit is duidelik dat dieselfde volk wat deur die Here verstrooi is, in die laaste dae weer deur Hom in die land van hulle vaders herstel word (Jer. 31:10). Die Here bevestig ook die feit dat dié volk verenig sal wees en nooit weer in twee volke verdeel sal wees nie (hulle was net tydelik in twee volke verdeel en nooit in baie volke, soos bv. in Europa die geval is nie): "Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land. En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel… en hulle sal nie meer twee nasies wees nie" (Eseg. 37:21-22).

Nie die kerk of enige groep of volk op aarde mag Israel se identiteit van hulle wegneem en dit op hulleself toepas nie, want dit kom op 'n vorm van verwerping van die ware Israel neer. Mense wat dít doen, ontneem hulleself van die belangrikste teken van die eindtyd, naamlik die herstel van Israel en hulle stad, Jerusalem.

## Ons plig teenoor Israel

Ons moet Israel nie net as 'n volk erken met wie die Here 'n verbond gesluit het nie, maar hulle aktief ondersteun. Om oor onsself die seën van die Here te verseker, moet ons Israel seën. Moenie haastig wees om Israel te verdoem omdat hulle Jesus verwerp en gekruisig het nie. Dit was wél 'n daad van ongeloof aan hulle kant, maar dit was deel van God se raadsplan vir die redding van sondaars in die hele wêreld. Sonder die plaasvervangende dood van Jesus sou jy en ek nooit Christene kon word nie, daarom hou Israel se struikeling en wandade tóg vir ons 'n groot seën in:

> Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak. En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie! (Rom. 11:11-12).

Omdat Israel vir Jesus verwerp en gekruisig het, het die saligheid tot ons, die nie-Joodse volke, gekom. Israel is in sy gevalle toestand dus 'n bron van seën vir ons! Die Here sê dat hulle in hul geestelik herstelde toestand nog 'n groter seën vir die wêreld sal wees.

Uit enige oogpunt beskou, is ons nét erkentlikheid, seën, voorbidding en onderskraging aan Israel verskuldig. Ons moet hulle jaloers maak op die wyse waarop ons die God van Abraham, Isak en Jakob deur die Messias, Jesus, dien. Ons moet bid vir die vrede van Jerusalem as ons ook in ons eie land in vrede wil leef (Ps. 122:6).

Die rede waarom alle gelowiges ernstig vir Jerusalem moet intree, is omdat die stad histories én profeties ten nouste met Israel en die Christendom verbonde is. Christus het Homself hier as die Messias geopenbaar, aan die kruis gesterf om versoening vir ons sonde te doen, op die derde dag uit die dood opgestaan en 40 dae later na die hemel opgevaar. Tien dae ná sy hemelvaart is die Heilige Gees oor 120 getroue, biddende dissipels in Jerusalem uitgestort. Dit was die geboortedag van die Christelike kerk. Van Jerusalem af is die boodskap van verlossing na die eindes van die aarde uitgedra (Hand. 1:8).

Dit is ook na Jerusalem, op die Olyfberg, dat die Messias aan die einde van die groot verdrukking sal terugkeer om die oorblyfsel van Israel te red, die nasies te oordeel en sy koninkryk op aarde te vestig. In antwoord op die gebede van die heiliges, en in ooreenstemming met sy heilige wil, sal die Messias Jerusalem tot die wêreldhoofstad verhef – die stad van die groot Koning! (Ps. 48:3). Dan sal die Here Jesus, die seun van Dawid, die wêreld in die vrederyk van die herstelde troon van Dawid af regeer (Luk. 1:32). Bid jy hiervoor en beywer jy jouself vir die aanbreek van hierdie heerlike dag?


> O Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. O julle wat die Here herinner aan sy beloftes – moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot 'n lof op aarde! (Jes. 62:6-7; kyk ook Jes. 52:1-2).

Israel is die teiken vir 'n goed georganiseerde en hoogs venynige veldtog van Jodehaat. Verbete pogings word aangewend om hierdie volk se belange op alle lewensterreine te ondermyn, hulle 'n slegte naam te gee en sodoende die swart skaap van die internasionale gemeenskap te maak. Agter hierdie veldtog is Satan. Hy weet dat die herstel van Israel in die laaste geslag voor die koms van die Messias plaasvind. Hy probeer dus om hulle terugkeer na die Beloofde Land ongedaan te maak, hulle as volk te vernietig en hulle land aan Islamitiese afgodsdienaars oor te lewer. Hy is veral oor die beheer van Jerusalem begaan, omdat dit die hoofstad van die Messiasryk sal wees nadat die Antichris se wêreldryk vernietig is. Alle pogings word aangewend om dié stad van die Jode te vervreem en dit óf te internasionaliseer óf aan die PBO as hulle hoofstad te gee.

In die besonder wil die duiwel nie hê dat Israel beheer oor die Tempelberg en die Olyfberg moet behou nie, omdat dit die terrein is waar die oorblyfsel van Israel tydens die koms van die Messias

geestelik herstel sal word. Die tempelterrein is reeds onder Moslem-beheer, omdat drie van hulle moskees daar staan.

Die Here neem beslis nie genoë daarmee dat Israel so ontsettend gediskrediteer en aangeval word nie, al is die groot meerderheid van hulle geestelik dood. Dit is sy doel en plan dat hulle onderskraag en vir Hom teruggewen moet word. Om hierdie rede gee Hy duidelike riglyne en opdragte in die Bybel oor hoedanig Christene se verhouding teenoor Israel moet wees.




In Openbaring 1:13 word Christelike gemeentes met kandelaars vergelyk. Die kandelaar, wat in Israel 'n *menorah* genoem word, is een van die tempelvoorwerpe. Dit moes gereeld met olie opgevul en brandend gehou word. Net so moet die gemeente van Christus 'n Geesvervulde lewe lei en die lig van hulle getuienis in 'n donker wêreld laat skyn. In 'n besondere opsig moet die kerk se getuienis ook Israel se moeilike pad in 'n bose wêreld verlig.

Baie Christelike groepe en gemeentes het egter hulle geestelike missie in die wêreld verloor en in die beperkende raamwerk van eiebelang en materiële sake vasgevang geraak. Hulle het van die Here Jesus af weggedryf en bewys nog net lippediens aan Hom. Dit is geen wonder nie dat hulle ook afsydig en gevoelloos oor die geestelike behoeftes van ander mense geraak het – in die besonder ten opsigte van Israel. Sulke gemeentes word liefdevol maar ernstig vermaan dat die Here sy Gees van hulle sal onttrek as hulle só aangaan:

> Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou... Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie (Op. 2:4-5).

Die sewe sleutelbegrippe wat die Bybel in verband met ons verhouding teenoor Israel noem, is almal opdragte. Wanneer dit uitgevoer word, bring dit seën vir die gewer én die ontvanger mee. Die doel daarmee is dat die Here sy afvallige verbondsvolk weer na Hom wil terugbring sodat Hy hulle fisies én geestelik kan herstel.

## 1. Seën hulle

Reg aan die begin, toe die Here vir Abraham geroep het, het Hy gesê: "Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Gen. 12:3). Om iemand te seën beteken om God se guns oor hom af te smeek. Om dit ten opsigte van Israel te doen, beteken dat die Here jou óók in guns sal aansien.

Om iemand te vervloek beteken om hom te verdoem en die wens uit te spreek dat rampe en ongelukke hom sal tref. Dikwels word ook vir dié doel van okkultiese magte van Satan gebruik gemaak. Iemand wat dit ten opsigte van Israel doen, grawe 'n put waarin hy self sal val. Wil jy die seën van die Here in jou lewe geniet? Dien Hom dan met jou hele hart en seën sy volk Israel!

## 2. Troos hulle

"Troos, troos my volk, sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is" (Jes. 40:1-2). Israel moet vertroos en bemoedig word, en ervaar dat sy vriende het wat te midde van al die aanvegtinge en vyandigheid by haar staan. Ook moet sy weet dat sy na die Here kan terugkeer, want Hy is vergewensgesind en groot van goedertierenheid. Israel moet weet dat sy nie net die onskuldige slagoffer van haar baie vyande is nie, maar dat sy weens haar geestelike afvalligheid ook die seën van Here verbeur. Hierdie volk kan nie werklik getroos word sonder om hulle na die groot Trooster terug te lei nie, wat alleen in staat is om permanent al die trane van hulle oë af te vee.

## 3. Versorg hulle

Om Israel op 'n betekenisvolle wyse te seën en te vertroos, moet woorde en houdings met praktiese programme van hulpbetoon opgevolg word. Die logistiek hiervan kan verskeie vorms aanneem, deur:

- ✡ vanuit die Bybel én die praktyk inligting oor Israel bekend te maak en praktiese voorstelle oor hulpverlening te doen;
- ✡ diplomatieke ondersteuning aan Israel te gee;
- ✡ die ideologie van Jodehaat te weerlê en teë te staan;
- ✡ die geestelike behoeftes van die volk op 'n baie sensitiewe en korrekte wyse aan te spreek; en
- ✡ finansiële en materiële steun te lewer waar nodig.

Paulus het benewens die verkondiging van die Woord aan mede-Jode, ook praktiese hulpprogramme vir hulle georganiseer: "Maar nou reis ek na Jerusalem in diens van die heiliges. Want Macedónië en Acháje het dit goedgevind om iets by te dra vir die armes onder die heiliges in Jerusalem. Hulle het dit goedgevind, sê ek, en hulle is ook hul skuldenaars; want as die heidene [die nie-Joodse nasies] deel gekry het aan hulle [die Jode se] geestelike voorregte, is hulle ook verskuldig om hulle met stoflike goedere te dien" (Rom. 15:25-27).

Reik jy ook 'n helpende hand na 'n volk in sy nood? Duisende Jode kom feitlik net met die klere aan hulle lyf uit arm lande hier aan.

## 4. Bid vir hulle

Die kern van enige hulpprogram vir Israel is gebedsondersteuning: "Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe!" (Ps. 122:6; vgl. ook Jes. 62:6-7).

Daar moet nie net vir Jerusalem en Israel se huidige behoeftes voorbidding gedoen word nie, maar ook vir die volkome herstel van hierdie land en sy mense. Dít sal gebeur wanneer die Messias kom, want Hy is die Heilige van Israel en Verlosser van sy volk. Voordat Israel met Hom versoen is, sal hulle nie vrede hê nie maar onwrikbaar op die groot verdrukking afstuur. Slegs 'n verloste Israel onder die heerskappy van hulle Messias-Koning sal ware vrede hê.

## 5. Gee volle erkenning aan hulle

Moet nooit Israel se bestaansreg in twyfel trek nie, maar gee erkenning aan hulle as die volk deur wie die Woord van God tot die hele wêreld gekom het: "Wat is dan die voordeel van die Jood? Of wat is die nut van die besnydenis? Groot, in alle opsigte: ten eerste tog seker dat aan hulle die woorde van God toevertrou is. Want wat maak dit as sommige ontrou geword het? Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van God vernietig? Nee, stellig nie!" (Rom. 3:1-4).

Daar was nog altyd ‘n gelowige oorblyfsel in Israel met wie mens geestelik kan identifiseer, terwyl jy steeds met die evangelie na die ongeredde meerderheid moet uitreik. Moet nie die Joodse oorsprong van die Christelike geloof vergeet nie: “Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode? En as die eerstelinge heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook. En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat ‘n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem – dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou” (Rom. 11:15-18).

## 6. Wek hulle op en maak hulle jaloers

Ons moet Israel geestelik opwek deur hulle jaloers te maak! Ons moet die God van Abraham, Isak en Jakob op só ‘n oortuigende en inspirerende wyse deur die Messias, Jesus Christus dien, dat ons die Jode jaloers maak: “Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak” (Rom. 11:11). Het jy al vir Jesus as die vervulling van al die wonderlike Messiaanse profesieë in die Ou Testament aan ‘n Jood verduidelik, en jou ook van die sogenaamde “Christene” gedistansieer wat vyandig en antagonisties teenoor Israel optree en hulle sodoende verder van Christus vervreem?

## 7. Getuig van die Messias

Dit is tragies dat baie Christene nie die vrymoedigheid het om die evangelie van die reddende genade van Jesus, die Messias, aan die Jode te verkondig nie, want hulle wil nie aanstoot gee nie. Paulus het egter gesê: “Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek” (Rom. 1:16).

Met die regte gesindheid van liefde en meegevoel, en ook met die regte benadering vanuit die Ou na die Nuwe Testament, kán daar met vrug onder Jode gearbei word. Dit het in die eerste eeu gebeur, en waarom kan dit nie weer gebeur nie? Dit kan, mits die Woord weer eens met groot vrymoedigheid in Jerusalem verkondig word: “En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en ‘n groot menigte van die priesters het gehoorsaam geword aan die geloof” (Hand. 6:7). Hoe sal hulle tot geloof kom as niemand teenoor hulle van die Messias getuig nie?

Ons moet nooit die fout maak om Israel sonder die Messias salig te spreek, soos wat tans deur sekere groepe Amerikaanse Christene gedoen word nie. Hulle kan nét deur Jesus gered word (Gal. 2:15-16).

## Die belangrike rol van Israel

Daar is ‘n paar dinge omtrent die Jode wat ‘n mens nooit uit die oog moet verloor nie:

- ✡ Dit is ‘n volk wat deur God gekies is om sy saligheidsplan aan die wêreld te openbaar. Romeine 9:5 sê dat Christus na die vlees uit Israel kom. Romeine 3:2 sê dat die woorde van God aan hulle toevertrou is, en voeg by dat selfs al het sommige van hulle ontrou geword, bly hulle nog steeds die volk van God. Daar sal altyd ‘n gelowige oorblyfsel wees.
- ✡ In Johannes 4:22 sê Jesus dat die saligheid uit die Jode is.
- ✡ Sagaria 2:8 sê dat Israel God se oogappel is.
- ✡ By die wederkoms sal die hele oorblyfsel van Israel volgens Sagaria 13:9 vir Jesus as Messias aanneem.
- ✡ In die Millennium sal Israel ‘n voorbeeld vir die hele wêreld wees oor hoe die Here gedien moet word, en die nasies sal hierdie rol met dankbaarheid erken (Jer. 31:34; Sag. 8:22-23).

Waar skaar jy jouself? Aan die kant van die Jodehaters wat ‘n vloek oor hulleself haal, of aan die kant van diegene wat Israel seën en hulleself vir die geestelike ontwaking van hierdie volk beywer? Die vyande van die kruis sal hulle haatveldtog teen Israel onder die aanhitsing van Satan tot aan die einde toe voortsit. Jodehaat sal ook een van die belangrike strydkrete vir die wêreldwye mobilisasie van militêre magte vir die slag van Armagéddon wees. Hulle sal hulleself in Israel versamel om teen hierdie volk en sy Messias te veg.

Die verwerping en vervolging van Israel is implisiet deel van ‘n duiwels-geïnspireerde proses van die verwerping van die God van Israel, wat die God van die Bybel is, en derhalwe ook van die Christendom en van Bybelse morele norme. Regerings en hul onderdane wat dít doen het reeds in hulle gees ‘n verbond met die Antichris gesluit, en sal dit maklik in die praktyk ook doen wanneer hy verskyn.

## ‘n Waarskuwing teen vormgodsdiens

‘n Baie belangrike rede waarom ons van Israel se geskiedenis kennis moet neem, is om God se verlossingsplan beter te kan verstaan, maar ook om teen die gevolge van geestelike afvalligheid en ‘n dooie vormgodsdiens gewaarsku te word. As jy hierdie waarskuwing ter harte neem, dan was die lees van dié boek nie tevergeefs nie.

Israel se bevryding uit Egipte en hulle uittog uit die gebied van hul sondige verlede om die Here te gaan dien, is ‘n duidelike tipe van die Nuwe Testamentiese redding van sondaars en die daaropvolgende afsondering van Christene om die Here sonder enige kompromie met die wêreld te dien. God se verlossingsplan begin by die slag van ‘n

lam. Die paaslam wat in Egipte geslag is, is ‘n heenwysing na die Here Jesus as die vlekkelose Lam van God wat vir die sondes van die hele wêreld geslag sou word. Die verheerlikte kerk sal die Here Jesus rondom die troon toesing: “U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie” (Op. 5:9).

Israel is net fisies uit Egipte verlos, want hulle harte het nie regtig verander nie. Deur die eeue heen het hulle ‘n vormgodsdienstige tradisie ontwikkel waarin hulle net uiterlike, godsdienstige rituele in stand gehou het sonder om met hulle ongeloof en sonde te breek. ‘n Mensgemaakte leerstelling was vir hulle meer aanvaarbaar as ‘n lewende verhouding met die Here. Die Here het gesê: “Hierdie volk kom nader met hulle mond en eer My met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My ‘n aangeleerde mensegebod is” (Jes. 29:13). Honderde jare later het die Messias, Jesus, hulle weer aan hierdie uitspraak herinner (Matt. 15:8-9).

Die Here is glad nie tevrede met dubbelhartigheid en ‘n sondige lewe wat onder ‘n kleed van vormgodsdiens verberg word nie, daarom word die Christendom ernstig teen dieselfde neiging gewaarsku:

> Ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. En wees ook nie afgodedienaars soos sommige van hulle was nie… En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie… En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie… En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie… Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde [tipes] en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het (1 Kor. 10:1-11).

Die genade van God is op ‘n wonderbaarlike wyse aan Israel geopenbaar, maar hulle het, behalwe vir ‘n klein minderheid, nie in die lig daarvan gewandel nie en die toorn van God oor hulleself gebring. Ons moet beslis hierdie waarskuwings ter harte neem, veral aangesien so min “Christene” werklik ‘n getuienis van wedergeboorte het en met volharding en oorgawe die weg van heiligmaking bewandel. Sorg dat jy onder die minderheid (die oorblyfsel) is wat waarlik die Messias ken, dien en liefhet. Bid vir die redding van andere – veral vir húlle van wie af die verlossingsboodskap na jou toe gekom het.